Die dekking van MIV/vigs in die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun*: 'n etiese beoordeling

T. Swanepoel BA (Komm)

10523367

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Kommunikasiestudies aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus

Studieleier: Dr. L.M. Fourie

Medestudieleier: Prof. Dr. J.D. Froneman

Potchefstroom

2005

Voorwoord

Graag spreek ek 'n woord van dank uit teenoor diegene wat dié studie help moontlik maak het:

- Alle eer aan God, my Heer, vir oneindige genade.
- Aan my studieleiers, dr. Lynnette Fourie en prof. Johannes Froneman, dankie vir hulp, waardevolle leiding en kommentaar.
- Aan André, Etienne, Lisa en Kristi: dankie vir eindelose geduld en ondersteuning.
- Aan my ouers, besondere dank vir volgehoue aanmoediging en gebede.
- Aan mev. Bessie Louw, dankie vir noukeurige en puntenerige proefleeswerk.
- Aan Alé Smith, dankie vir baie en waardevolle hulp.

Opsomming

Die media het 'n rol te speel om veral basiese inligting oor MIV/vigs te versprei, om die debat oor die sindroom lewend te hou, en om die persepsies van nuusgebruikers oor MIV/vigs te vorm sodat hulle ingeligte besluite kan neem. Die media vervul hierdie rol deur die prominensie wat aan die onderwerp verleen word. Dit hang nou saam met die agendastellingsfunksie van die massamedia, waardeur hy bepaal waaroor nuusgebruikers dink, en hoe hulle oor hierdie onderwerpe dink.

Die media het sedert die begin van die MIV/vigsepidemie vroeg in die jare 80 van die vorige eeu breedvoerig oor die onderwerp berig. Die nuusdekking is egter wyd gekritiseer, hoofsaaklik deur belangegroepe betrokke by die stryd teen die epidemie.

Min formele riglyne bestaan om joernaliste in hierdie veld te lei. Die bestaande riglyne, voortspruitend uit die leemtes wat belangegroepe in die nuusdekking oor MIV/vigs geïdentifiseer het, is boonop gefragmenteerd. Talle koerante volg die algemene riglyne wat die mediabedryf stel vir etiese nuusdekking. Hierdie riglyne, soos die etiese kode van die Persombudsman van Suid-Afrika, is die gevolg van selfregulering wat ingebed is in die sosiale verantwoordelikheidsmodel wat as ideaal vir Suid-Afrika gesien word. Verskeie bestaande kodes bied riglyne oor professionele standaarde en algemene optrede. Daar is egter net een, naamlik die kode van die nou ontbinde South African Union of Journalists (SAUJ) wat kriteria insluit oor MIV/vigsverslaggewing. Deur riglyne te formuleer, het belangegroepe 'n agendastellingsfunksie en dus ook 'n potensiële invloed op die media en die openbare agenda.

Hierdie studie poog om die belangegroepkriteria vir eties aanvaarbare MIV/vigsverslaggewing te ontleed en stelselmatig op te som teen die agtergrond van die agendastellingsteorie en die sosiale verantwoordelikheidsmodel. MIV/vigsverslaggewing in drie Sondagkoerante (die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport*) word aan die stel riglyne getoets.

Daar is gevind die *Sunday Times* beskou MIV/vigs as 'n nuusprioriteit, terwyl die onderwerp nie hoog op die agenda van die ander twee koerante is nie. Die analise van nuusitems skep die indruk dat joernaliste 'n basiese kennis oor MIV/vigs het. Daar is egter min bewyse van dieper insig in die potensiële uitwerking wat die media op die publiek se persepsie oor die epidemie kan hê.

Bestaande etiese kodes vergelyk goed met die belangegroepriglyne wat algemene professionele standaarde en etiese aspekte betref. Die belangegroepriglyne fokus egter op spesifieke probleme binne die MIV/vigsveld, soos stigma en 'n oordrewe fokus op die negatiewe. Dit is juis in hierdie toegepaste konteks dat sulke kriteria waardevol sal wees.

Trefwoorde: *agendastelling, sosiale verantwoordelikheid, MIV/vigsberiggewing, koerante, etiese kodes, kriteria, belangegroepe, mediakritiek.*

Abstract

The media has an important role to play in providing information to form the perceptions of media users on HIV/Aids. Furthermore, the media has an agenda setting function through which it determines what news consumers think about, and how they think about these topics they are presented with.

Extensive media coverage has been given to the subject of HIV/Aids since the start of the pandemic. The nature of the coverage has, however, been widely criticised, mainly by interest groups actively involved in the fight against the disease.

Few formal guidelines exist to guide journalists in this field. Moreover, the existing guidelines that originated mainly from the gaps interest groups identified in the coverage on HIV/Aids, are fairly fragmented. Many newspapers follow the general guidelines set by the media industry for ethical news reporting. These guidelines, such as the ethical code of the Press Ombudsman, are a result of self-regulation, which is intrinsic to the social responsibility model that is seen as ideal for South Africa. There are several existing codes offering guidance regarding professional standards and general conduct. Only one – that of the now inactive South African Union of Journalists - includes criteria on HIV/Aids reporting. Through formulating guidelines, interest groups have an agenda setting function and a subsequent potential influence on the media and the public agenda.

This paper endeavours to analyse and systematically summarise criteria set by the interest groups for ethically acceptable and accountable HIV/Aids reporting against the background of the agenda setting theory and the social responsibility model. In addition, HIV/Aids reporting in three Sunday papers (the *Sunday Times*, *Sunday Sun* and *Rapport*) is verified against these interest group criteria to ascertain how it measures up, and to determine whether a separate interest group code of ethics is desirable.

It was found that the Sunday Times views HIV/Aids as a news priority, while the topic does not feature very high on the agenda of the other two papers. The analysis of news items created the impression that journalists have a basic knowledge of HIV/Aids. However, there is little evidence of deeper insight into the potential impact the media could have on the public's perception of the epidemic.

Existing ethics codes compare well to interest group guidelines where general professional standards and ethical aspects are concerned. The interest group guidelines, however, focus on specific problems associated with the epidemic, such as stigma and a tendency to focus on the negative. It is within this applied context that such criteria could be useful.

Key words: *agenda setting, social responsibility, HIV/Aids reporting, newspapers, ethical codes, criteria, interest groups, media criticism.*

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe i

Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings 1

1 Inleiding 1
1.1 Belangegroepe 2
1.2 Die rol van die media 4
1.2.1 Gebruikspatrone van die media in Suid-Afrika 14
1.3 Die media en MIV/vigs 15
1.3.1 Agtergrond oor die MIV/vigsepidemie 15
1.3.2 Die aard van MIV/vigsnuusdekking 17
1.3.2.1 Etiese kwessies met betrekking tot MIV/vigsberiggewing 20
1.3.3 Kritiek op mediaberiggewing oor MIV/vigs 20
1.3.3.1 Mediakritiek in den brede 20
1.3.3.2 Kritiek op MIV/vigsdekking 23
1.4 Etiese kodes in die joernalistieke konteks in Suid-Afrika 26
1.4.1 Inleiding 26
1.4.2 Professionele etiese kodes 29
1.4.3 Institusionele etiese kodes 30
1.4.3.1 Institusionele beleid oor MIV/vigsberiggewing 31
1.5 Probleemstelling 32
1.6 Algemene navorsingsvraag 33
1.6.1 Spesifieke navorsingsvrae 33
1.6.2 Spesifieke navorsingsdoelwitte 34
1.7 Rigtinggewende argument 34
1.8 Metode van ondersoek 35
1.8.1 Literatuurstudie 35
1.8.2 Empiriese ondersoek 35
1.9 Struktuur van die studie 36

Hoofstuk 2: Die rol van die media en belangegroepe as agendasteller ten opsigte van MIV/vigs 41

2.1 Inleiding 41
2.2 Agendastelling 41
2.2.1 Wat is nuus? 46
2.2.1.1 Joernalistieke style 50
2.2.1.2 Normatiewe keuses 56
2.2.2 Belangegroepe se agendastellingsrol 58
2.3 Joernalistieke etiek in perspektief 63
2.3.1 Inleiding 63
2.3.1.1 Waarom wil joernaliste eties wees? 65

2.3.1.2	Waar kry 'n joernalis leiding oor hoe hy eties behoort op te tree?	65
2.3.2	Eties aanvaarbare beriggewing in die MIV/vigskonteks	70
2.4	Algemene teoretiese stelling	73
2.5	Belangegroepkriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking	74
Hoofstuk 3: Belangegroepkriteria vir etiese MIV/vigsdekking		**77**
3.1	Inleiding	77
3.2	Belangegroepriglyne	79
3.2.1	Genres en subtemas	79
3.2.1.1	Kritiese en indieptejoernalistiek	79
3.2.1.2	Nuustemas	86
3.2.1.3	Positiewe en opbouende beriggewing	91
3.2.1.4	Spesifieke teoretiese stelling 1	94
3.2.2	Aanbieding	94
3.2.2.1	Nuusrame	94
3.2.2.2	Prominensie	96
3.2.2.3	Grafiese materiaal	97
3.2.2.4	Stereotipering en sensasionalisering in aanbieding	99
3.2.2.5	Goeie smaak	103
3.2.2.6	Spesifieke teoretiese stelling 2	105
3.2.3	Taal- en woordgebruik	105
3.2.3.1	Stigma en diskriminasie in taalgebruik	108
3.2.3.2	Sensasie	114
3.2.3.3	Die taal van MIV/vigs	115
3.2.3.4	Spesifieke teoretiese stelling 3	116
3.2.4	Akkuraatheid	117
3.2.4.1	Inleiding	117
3.2.4.2	Feitelike korrektheid	119
3.2.4.3	Leesbaarheid: helderheid en duidelikheid	121
3.2.4.4	Fokus en konteks	122
3.2.4.5	Nuusbronne	123
3.2.4.6	Balans	129
3.2.4.7	Waarheid, regverdigheid en volledigheid	131
3.2.4.8	Syfers en aansprake	134
3.2.4.9	Spesifieke teoretiese stelling 4	137
3.3	Belangegroepriglyne in perspektief	137
Hoofstuk 4: Metodologie: kwalitatiewe inhoudsanalise en onderhoude		**143**
4.1	Inleiding	143
4.2	Metode van ondersoek	143
4.2.1	Kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe benadering	143

4.2.1.1	Kwalitatiewe inhoudsanalise as wetenskaplike metode	147
4.2.2	Ondersoekmateriaal en –tydperk	151
4.2.2.1	Probleme ervaar met ondersoekmateriaal	154
4.2.2.2	Die *Sunday Times*, *Rapport* en die *Sunday Sun*: agtergrond	154
4.2.3	Ontwikkeling van kriteria	155
4.2.4	Geldigheid en betroubaarheid	156
4.2.4.1	Geldigheid	157
4.2.4.2	Betroubaarheid	158
4.2.4.3	Triangulasie	160
4.2.6	Werkswyse	160
4.2.6.1	Kategorieë	161
4.2.6.2	Datavel	169
4.2.6.3	Werksdefinisies	170
4.2.6.4	Insameling en verwerking van data	171
4.3	Aanbieding van resultate	172
Hoofstuk 5: Kwalitatiewe analise: genres en temas		**173**
5.1	Inleiding	173
5.2	Beskrywing en ontleding	174
5.2.1	Genres	174
5.2.2	Temas	176
5.2.2.1	Wat is die temas van die nuusitem?	177
5.2.2.2	Is die item bloot 'n weergawe van die feite of skryf die joernalis krities deur ook aan konteks aandag te gee?	188
5.2.2.3	Bevat die item polisitewe en opbouende elemente, of fokus dit net op die negatiewe?	193
5.2.2.4	Is paslike nuusbronne gebruik?	196
5.2.2.5	Word nuwe nuushoeke ontgin?	198
5.2.3	Openbare agenda	200
5.2.4	Gevolgtrekking	204
Hoofstuk 6: Kwalitatiewe analise: aanbieding		**205**
6.1	Inleiding	205
6.2	Beskrywing en ontleding	205
6.2.1	Hoe word die MIV/vigsepidemie in die item uitgebeeld?	205
6.2.2	Watter prominensie word aan die item verleen, en hoe word grafiese materiaal gebruik?	208
6.2.3	Is daar sprake van stereotipering?	214
6.2.4	Is daar sprake van sensasionalisering?	215
6.2.5	Is die aanbieding in goeie smaak?	217
6.3	Gevolgtrekking	219

Hoofstuk 7: Kwalitatiewe analise: taal- en woordgebruik 221

7.1 Inleiding 221
7.2 Beskrywing en ontleding 222
7.2.1 Is die item in duidelike en verstaanbare taal geskryf? 222
7.2.2 Word vaktaal en terminologie omskryf, waar nodig? 224
7.2.3 Hoe word mense/groepe/die MIV/vigsepidemie beskryf? 226
7.2.4 Word woorde wat negatiewe emotiewe waarde het, gebruik? 229
7.2.5 Word sensasie geskep deur die taalgebruik? 230
7.2.6 Word mense/groepe gestereotipeer of word daar teen hulle gediskrimineer deur die taalgebruik? 232
7.3 Gevolgtrekking 235

Hoofstuk 8: Kwalitatiewe analise: akkuraatheid 237

8.1 Inleiding 237
8.1.1 Is die item helder en duidelik geformuleer? 238
8.1.2 Is die item duidelik in konteks geplaas, en gefokus? 240
8.1.3 Is 'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik? 243
8.1.4 Is die item volledig en gebalanseerd? 247
8.1.6 Is die item feitelik korrek? 252
8.1.7 Hoe word syfers en statistieke hanteer? 255
8.1.8 Hoe word aansprake hanteer? 257
8.2 Gevolgtrekking 258

Hoofstuk 9: Slotgevolgtrekkings en verantwoording 259

9.1 Inleiding 259
9.2 Gevolgtrekkings 259
9.2.1 Literatuurstudie 259
9.2.2 Empiriese studie 263
9.2.2.1 Inleiding 263
9.2.3 Samevattende gevolgtrekking 272
9.2.4 Moontlike aanpassing van bestaande kodes 273
9.2.5 Verdere navorsing 277

Bronnelys 279

Bylaes I

Bylae A: Datavel I
Bylae B: Verwysingslys van nuusitems V
Bylae C: Spotprent XV
Bylae D: Miracle Muti-advertensie XVII
Bylae E: Perskode XIX
Bylae F: South African Union of Journalists XXIII
Bylae G: Sunday Times-kode XXVII
Bylae H: City Press-kode XXXV
Bylae I: Cadre-riglyne XXXIX
Bylae J: Kode van die Association of Health Care Journalists XLV
Bylae K: Kode van die Society of Professional Journalists XLIX

HOOFSTUK 1

Agtergrond, probleemstelling en doelstellings

1. Inleiding

Die media wêreldwyd het 'n uiters belangrike rol om inligting oor MIV/vigs te verskaf en nuusgebruikers se persepsies oor die epidemie te vorm (Beamish, 2002; Cullinan, 2001; Shepperson, 2000). Wat hiermee saamhang, is dat die media 'n agendastellingsfunksie het waardeur hy[1] bepaal *waaroor* en *hoe* mediagebruikers moet dink (McCombs & Becker, 1979; Serfontein, 1995; Stein, 2002; Searle, 2001).

Uitvoerige mediadekking is in die sowat 25 jaar sedert die ontstaan van die epidemie aan die onderwerp gegee, ook in Suid-Afrika. Daar is egter heelwat kritiek op die aard van hierdie dekking, hoofsaaklik van MIV/vigsdrukgroepe, -organisasies en ander rolspelers (belangegroepe[2]) wat hulle beywer vir die stryd teen MIV/vigs.

Belangegroepe het 'n invloed op die media-agenda (vgl. Dearing & Rogers, 1996:3) en speel dus potensieel 'n belangrike rol in die daarstelling van die media se agenda. Min formele riglyne bestaan egter om joernaliste in die veld te lei en op hierdie manier die media-agenda te beïnvloed. Boonop is bestaande MIV/vigsriglyne, wat grootliks hul oorsprong by die belangegroepe het weens die leemtes wat hulle in nuusdekking raaksien, taamlik gefragmenteer. Talle koerante volg die algemene riglyne vir etiese nuusberiggewing soos gestel deur die Suid-Afrikaanse mediabedryf (vgl. Knoesen, 2003; Retief, 2002; Seloane, 2003).

In die lig van die bogenoemde poog hierdie studie om die kriteria vir aanvaarbare, etiese MIV/vigsberiggewing soos deur die belangegroepe voorgestel, te ontleed en

---

[1] Om die onnodige herhaling van derdepersoonsvoornaamwoorde wat geslag aandui, te voorkom, word in hierdie studie deurlopend verwys na "hy" in gevalle waar die persoon/instelling ook vroulik kon wees, byvoorbeeld 'n joernalis. Waar nodig word die onderskeid wel getref (vgl. Berry, 1994:116; Carstens, 2003:74).

[2] In hierdie studie word daar na al hierdie belanghebbende groepe en organisasies gesamentlik verwys as belangegroepe. Kyk 1.1.1.

nasionale organisasie met die hoofdoel om mense met MIV/vigs te organiseer, mobiliseer en te bemagtig en om hul belange te bevorder deur sorg en steun te verskaf. Die organisasie het tot stand gekom weens die diskriminasie en stigmatisering van mense met die siekte. Napwa versprei ook inligting oor MIV/vigs om sodoende bewustheid onder Suid-Afrikaners oor die epidemie te verhoog (Napwa, 2004).

UNDP, die VN se hoofverskaffer van ontwikkelingsadvies, voorspraak en finansiële steun, sien MIV/vigs geruime tyd reeds as 'n bedreiging vir die samelewing. Die organisasie werk ook saam met die media, NRO's en regeringsorganisasies om vroue- en gendergelykheid te bevorder (AWMC, 2002).

In die MIV/vigsveld in Suid-Afrika is daar heelwat samewerking tussen belangegroepe, al verskil hulle soms hewig van mekaar. Die Soul City-publikasie (Health-e & Soul City: IHDC, 2001) spesifiek vir joernaliste in die MIV/vigsveld is 'n voorbeeld van só 'n samewerkingsinisiatief – in hierdie geval tussen die Soul City Institute for Health and Development Communication (Soul City: IHDC), die South African National Editors' Forum, Health-e en die nasionale departement van gesondheid.

Die Soul City: IHDC is 'n ontwikkelingsprojek wat poog om die gemeenskap te bereik op individuele, gemeenskaps- en sosiopolitieke vlak. Dit is ook Suid-Afrika se enigste "edutainment"-projek. Die organisasie is in 1992 gestig met die doel om gesondheid te bevorder. Deur drama gee die Soul City-reeks 'n gesig aan MIV/vigs in Suid-Afrika (Soul City, 2004).

Die TAC en die ALP werk ook baie met mekaar saam, veral waar dit kom by regskwessies. Ander organisasies wat 'n aktiewe rol speel om die gehalte van MIV/vigsberiggewing te verbeter, sluit in Cadre (Centre for AIDS Development, Research and Evaluation), SAfAIDS Media Unit en die Africa Women's Media Centre (AWMC).

Cadre is 'n Suid-Afrikaanse NRO wat veral werk op die gebied van maatskaplike navorsing, programontwikkeling en kommunikasie in die MIV/vigssfeer. Sy werk sluit in kwalitatiewe en kwantitatiewe sosio-gedrags- en kommunikasiepeilings, die evaluering van MIV/vigsingrypings en kommunikasienavorsing, en die ontwikkeling en bestuur van die African Journal of AIDS Research (AJAR). Journ-AIDS, 'n nuwe

nasionale organisasie met die hoofdoel om mense met MIV/vigs te organiseer, mobiliseer en te bemagtig en om hul belange te bevorder deur sorg en steun te verskaf. Die organisasie het tot stand gekom weens die diskriminasie en stigmatisering van mense met die siekte. Napwa versprei ook inligting oor MIV/vigs om sodoende bewustheid onder Suid-Afrikaners oor die epidemie te verhoog (Napwa, 2004).

UNDP, die VN se hoofverskaffer van ontwikkelingsadvies, voorspraak en finansiële steun, sien MIV/vigs geruime tyd reeds as 'n bedreiging vir die samelewing. Die organisasie werk ook saam met die media, NRO's en regeringsorganisasies om vroue- en gendergelykheid te bevorder (AWMC, 2002).

In die MIV/vigsveld in Suid-Afrika is daar heelwat samewerking tussen belangegroepe, al verskil hulle soms hewig van mekaar. Die Soul City-publikasie (Health-e & Soul City: IHDC, 2001) spesifiek vir joernaliste in die MIV/vigsveld is 'n voorbeeld van só 'n samewerkingsinisiatief – in hierdie geval tussen die Soul City Institute for Health and Development Communication (Soul City: IHDC), die South African National Editors' Forum, Health-e en die nasionale departement van gesondheid.

Die Soul City: IHDC is 'n ontwikkelingsprojek wat poog om die gemeenskap te bereik op individuele, gemeenskaps- en sosiopolitieke vlak. Dit is ook Suid-Afrika se enigste "edutainment"-projek. Die organisasie is in 1992 gestig met die doel om gesondheid te bevorder. Deur drama gee die Soul City-reeks 'n gesig aan MIV/vigs in Suid-Afrika (Soul City, 2004).

Die TAC en die ALP werk ook baie met mekaar saam, veral waar dit kom by regskwessies. Ander organisasies wat 'n aktiewe rol speel om die gehalte van MIV/vigsberiggewing te verbeter, sluit in Cadre (Centre for AIDS Development, Research and Evaluation), SAfAIDS Media Unit en die Africa Women's Media Centre (AWMC).

Cadre is 'n Suid-Afrikaanse NRO wat veral werk op die gebied van maatskaplike navorsing, programontwikkeling en kommunikasie in die MIV/vigssfeer. Sy werk sluit in kwalitatiewe en kwantitatiewe sosio-gedrags- en kommunikasiepeilings, die evaluering van MIV/vigsingrypings en kommunikasienavorsing, en die ontwikkeling en bestuur van die African Journal of AIDS Research (AJAR). Journ-AIDS, 'n nuwe

internethulpbron vir joernaliste, is 'n uitvloeisel van Cadre se werk. Journ-AIDS is daarop gemik om meer indiepte- en analitiese MIV/vigsverslaggewing in Suid-Afrika te stimuleer. Journ-Aids het in samewerking met die Aids Law Project konsep etiese riglyne saamgestel oor MIV/vigsberiggewing vir die Suid-Afrikaanse media. Hierdie riglyne fokus veral op die regte van mense met MIV/vigs, die regte van kinders wat op verskeie maniere deur die epidemie geraak word, en die rolle en verantwoordelikhede van mediapraktisyns wanneer dit kom by dekking van die epidemie (Cadre, 2004a).

SAfAIDS is 'n streek-NRO wat in 1994 gestig is om te help om begrip oor MIV/vigs as 'n ontwikkelingskwessie met wye sosio-ekonomiese implikasies te versterk. Die organisasie se kernfokusareas sluit in menseregte, gender en ontwikkeling. Ná eksterne evaluasie in 1997 is aanbeveel dat SAfAIDS meer met die media op streekvlak skakel om debat aan te moedig, begrip te verbeter en om akkurate dekking en kommunikasie van MIV/vigs te verseker. 'n Program om hierdie aanbevelings te verwesenlik, is in 1998 van stapel gestuur. Daardeur word joernaliste opgelei, inligtingsmateriaal verskaf en advies gegee. Aanvanklik is net joernaliste, redakteurs, mediabestuurders en inligtingsbeamptes betrek, maar meer onlangs is die program uitgebrei om mense met MIV/vigs, inligtingsbeamptes van nie-regeringsorganisasies, opleiers, opleidingsinstellings en ander belangstellendes in te sluit. Die inligtingsmateriaal is ontwikkel ná navorsing in Suid-Afrika, Zambië en Zimbabwe (Stally, 2001). Die SAfAIDS Media Unit skakel op streekvlak met die media om die verskaffing van akkurate inligting en kommunikasie oor MIV/vigs te verseker. Dit sluit opleiding in (SAfAIDS, 2002).

Die ACMC, 'n projek van die International Women's Media Foundation, is in 1997 gestig. Die hoofkantoor is in Dakar, Senegal. Die sentrum word gelei deur 'n advieskomitee van Afrikavroue in die media en is die enigste vastelandwye organisasie wat met en namens Afrikavroue in die media werk. Sedert die sentrum gestig is, het minstens 900 vrouejoernaliste deelgeneem aan 21 programme en seminare van die organisasie (AWMC, 2000).

1.2 Die rol van die media

Die media is 'n kanaal waardeur groot dele van 'n bevolking gelyktydig bereik kan word. Weens hierdie voordeel is die media al dikwels gebruik as 'n manier om

bewustheid te skep oor verskillende epidemiese siektes (Evans, 2004). Deur die media kan mense dus ook die MIV/vigsepidemie krities beskou en ingeligte besluite neem om die verspreiding van die siekte te help stuit, hul eie veiligheid te verseker en ook te verseker dat daar behoorlike sorg en behandeling is vir mense met die siekte (Beamish, 2002). Nuusberiggewing is dikwels die eerste bron van nuwe inligting oor 'n onderwerp. Dit ondersteun telkens die inligting wat mense reeds uit ander bronne ontvang het. Qakisa (2003:46) voeg by dat media-instellings die kwessies waaroor hulle berig, legitimiseer sodat nuusgebruikers dit as relevant beskou.

Beamish (2002), Cullinan (2001) en Shepperson (2000) is dit eens dat die media 'n belangrike kanaal is waarlangs die *basiese* inligting oor MIV/vigs versprei kan word.

Die media kan verder rigting gee aan die diskoers en help om beleid te vorm (Qakisa, 2003:55; vgl. ook Pitts & Jackson, 1993). In Suid-Afrika het drukgroepe soos die TAC byvoorbeeld die media gebruik om druk te plaas op beleidmakers, die regering en wetgewers om medisyne te verskaf vir mense met MIV/vigs (Qakisa, 2003:55). Verder kan die ideaal van die bemagtiging van vroue – een van die belangrikste elemente in die stryd teen MIV/vigs – net bereik word indien die media 'n voorspraakrol speel (Gupta soos aangehaal deur Qakisa, 2003:55).

Galloway (2001:139) sonder die gedrukte media uit en sê dié bron van inligting bly onontbeerlik weens die gebrek aan toegang tot die elektroniese media, veral in die landelike gebiede in Suid-Afrika. Koerante in besonder kan dus 'n belangrike rol speel om inligting (oor MIV/vigs) te versprei. Die skrywer se stelling oor die toeganklikheid van die elektroniese media op die platteland is debatteerbaar. Radio is duidelik die gunstelingmedium in Suid-Afrika: In 'n verslag oor hoe die land se mense se lewenspeil verbeter het sedert 1994, sê SAARF (2001) dat 90% van die plattelandse bevolking radio luister teenoor 79% in 1994. Minstens 90% van volwasse Suid-Afrikaners luister gedurende die week radio (SAARF, 2004c).

Koerante se voordeel bo die uitsaaimedia lê in die konteks van MIV/vigs eerder daarin dat dit nie so vlietend is nie. Dit beteken mense kan die inligting bêre en later weer daarna verwys.

Galloway (2001:19) redeneer dat die pers se belangrikste rol wat MIV/vigs betref dié van agendastelling is deur deurlopend genoeg aandag aan die onderwerp te gee

sodat mense – gesondheidswerkers, die publiek, moontlike beleggers en veral politici en beleidmakers – dit nie kan ignoreer nie. Agendastelling, deel van die teoretiese basis van hierdie studie, is volgens McCombs en Becker (1979:121-126) 'n proses waardeur die massamedia die individu se persepsie oor wat belangrik is, beïnvloed (kyk paragraaf 2.2 *Agendastelling* in hoofstuk 2). Galloway (2001) voer aan dat indien die pers sy MIV/vigsagendastellingsrol deeglik speel, dit nie net die probleem onder die aandag van besluitnemers sal hou nie, maar ook beteken dat heelwat meer hulpbronne aan die bestryding van die epidemie toegeken sal word. Searle (2001:178) sluit hierby aan en sê die media se rol is om te verseker dat die debat oor MIV/vigs voortgaan (vgl. Ekpo *et al.*, 2000). Om dié rol na behore te speel, is eties verantwoordelike beriggewing, 'n gedragskode en feitelike korrektheid egter nodig. Hierdie stelling word in hoofstuk 3 gemotiveer waar die vereistes vir eties aanvaarbare beriggewing in die konteks van belangegroepe se riglyne bespreek word. Deur dié riglyne te stel, vervul belangegroepe ook 'n agendastellingsfunksie (kyk paragraaf 2.2.1 *Belangegroepe se agendastellingsrol* in hoofstuk 2).

Die media het verder 'n rol in die gemeenskap te speel wanneer dit kom by vooroordele en ontkenning (Spadacini, s.j.). Hulle kan òf daarteen te velde trek, òf dit in stand hou en só 'n invloed hê op mense se ingesteldheid teenoor diegene met MIV/vigs. Die media kan ook 'n aktiewe rol speel om die mites rondom die siekte die nek in te slaan en om die publiek in so 'n mate bewus te maak dat hy hom werklik met die knelpunt bemoei (Kidger, 2002). Siyam'kela (2003:12) sluit hierby aan en sê die media behoort deurlopend te wys dat álle groepe vatbaar is vir MIV/vigs. In hierdie verband moet die media meer proaktief wees wat bewusmaking betref en behoort hy versigtig na te dink oor die implikasies van wat hy publiseer.

Die media het sekere basiese rolle wat MIV/vigs-voorkoming betref: hy vorm houdings, het 'n invloed op die breër kwessies van reproduktiewe gesondheid en regte, armoede en maatskaplike gelykheid wat die epidemie op die voorgrond gedwing het (Ekpo *et al.,* 2000; vgl. ook Evans, 2004). Benewens die feit dat die media 'n onontbeerlike kommunikasiekanaal is, word hy al hoe meer self 'n rolspeler. Die media beïnvloed die sosiokulturele en politieke reaksie op MIV/vigs deur openbare debat oor die verwante kwessies te stimuleer. Die media plaas ook die kollig op die epidemie deur ondersoekende beriggewing, en behoort veral in hierdie konteks klem te lê op prestasies, voorkoming en beheermaatreëls. 'n Belangrike punt wat die skrywers opper, is dat geen MIV/vigsvoorkomingsprogram kan hoop om op

die lang duur te slaag indien daar nie samewerking is tussen die media, gesondheidsorgverskaffers, beleidmakers en ander rolspelers nie.

Die impak wat mediadekking op epidemiese siektes soos MIV/vigs kan hê, wissel. Dit hang af van die tipe dekking en van die siektetoestand self, en sal boonop verskil afhangende van die land waar die dekking plaasvind en die groepe mense wat daaraan blootgestel word (Evans, 2004). Die aanname dat die media 'n belangrike rol te speel het om stigma en ontkenning te verminder, en dat hy ook die verantwoordelikheid het om dit te doen, is nie 'n gegewe nie (Cullinan, 2003). Die meeste koerante het 'n kommersiële dryfveer en is gefokus op geld maak. Die begrip openbare belang (die publiek se "reg om te weet" [Retief, 2002:159]) se betekenis hang af van wie dit definieer. Die media is dus nie die waghond[4] wat mense dit so graag wil maak nie. Daar is boonop binne mediakringe nie konsensus oor wat sy rol is in beriggewing oor MIV/vigs nie (Cullinan, 2003). Indien dit dié van waghond is, het die rol eerder betrekking op die doen en late van die regering. Ook daaraan word dus 'n bepaalde interpretasie geheg. Die rol van die media in beriggewing oor MIV/vigs is moeilik om te karakteriseer, omdat dit wat gepubliseer word, so uiteenlopend is. Die joernalis en vigsaktivis Charlene Smith ondersteun Cullinan se standpunt (Smith, 2003). Sy voeg by MIV/vigs het 'n geldmasjien geword vir bedrieërs, besighede en NRO's. In die proses word die media al hoe meer gekritiseer. Die rol van die media is egter om verslag te doen oor dit wat gewone Suid-Afrikaners – ook die wetenskaplikes – bereik het ten einde 'n breër (positiewer) prentjie te skep.

Hoe die media se rol in die algemeen beskou word, word beïnvloed deur die normatiewe raamwerk waarbinne die pers in 'n spesifieke samelewing funksioneer en waarbinne hy daardie rol uitoefen. Siebert, Peterson en Schramm (1956:2-6) beskryf oorspronklik vier modelle, naamlik die outoritêre, die libertynse, die sosiale verantwoordelikheids- (wat deel vorm van die teoretiese begronding van hierdie studie), en die Sowjet-kommunistiese model. McQuail (1987:119-123) voeg die ontwikkelings- en demokraties-deelnemende modelle by. Hierdie normatiewe modelle beskryf die verhouding tussen die samelewing en die pers (McQuail, 2000:153) en het ten doel om te definieer wat die pers in die samelewing behoort te doen (Skjerdal, 2001:3), dus wat sy rol behoort te wees.

[4] "Individue, groepe en/of instellings (insluitend die media self) wat die werksaamhede van die massamedia monitor of beperk." (Du Plooy, 1991:172.)

Die outoritêre is die oudste van die teorieë en het ontstaan in die outoritêre klimaat van die laat Renaissance-tydperk. In daardie samelewing is die pers gesien as 'n "instrument for effecting government policy, though not necessarily government owned" (Siebert *et al*., 1956:2-7). Die owerhede het die pers gebruik om die mense in te lig oor wat (hulle gemeen het) die massas behoort te weet en oor die beleid wat hulle moet ondersteun. Die model van die pers as dienskneg van die staat is algemeen aanvaar in die 16de en 17de eeu en was die grondslag van die meeste persstelsels ter wêreld. Dit het ook in Suid-Afrika gegeld, veral tydens die noodtoestand in die 80's, toe die regering drakoniese beperkings op die media ingestel het (Diederichs & De Beer, 1998:104-105). In lande waar regerings die media streng beheer en beperk wat gepubliseer mag word, kan mense 'n eensydige beeld van heersende kwessies kry (Evans, 2004). Tydens die apartheidsregime is heelwat tekens van dié model gesien. In die jare 80 het joernaliste byvoorbeeld byna op 'n daaglikse basis telekse vanuit regeringskringe ontvang waarop die gebruik van woorde soos boikot verbied is.

In die 18de eeu het hierdie model plek moes maak vir die libertynse teorie, wat ontwikkel het weens die opbloei van politieke demokrasie en godsdiensvryheid (Siebert *et al*., 1956:3). Dit het ingehou dat die mens 'n rasionele wese is wat kan onderskei tussen waarheid en valshede. Die soeke na die waarheid is beskou as die onvervreembare, natuurlike reg van die mens en die pers is gesien as 'n vennoot in die soeke na die waarheid. Die pers moes dus onafhanklik staan van die regering. Hierdie model speel ook 'n rol in die Suid-Afrikaanse persklimaat deurdat joernaliste (en politici) saamstem dat 'n vrye pers nodig is vir demokrasie (Skjerdal, 2001). Binne hierdie raamwerk speel die pers ook die rol van waghond. In dié konteks van 'n vrye pers kan verskillende media egter verskillende oogpunte hê, en is dit ook die geval (Evans, 2004). Verskillende koerante het byvoorbeeld verskillende politieke menings. Indien iemand net aan een tipe media blootgestel is, kry sy of hy dalk net 'n deel van die werklikheid.

Die libertynse model is gevolg deur die sosiale verantwoordelikheidsmodel, oftewel die nuwe libertynse teorie. Hierdie denkrigting het gespruit uit die opbloei van private eienaarskap van die media en hou in dat media-eienaars en –bestuurders besluit "which persons, which facts, which versions of these facts, shall reach the public" (Siebert *et al*., 1956:4) is. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op die media om maatskaplik sensitief te wees, om toe te sien dat alle standpunte verteenwoordig word en dat die publiek genoeg inligting het om besluite te kan neem. Indien die pers

hierdie verantwoordelikheid nie nakom nie, moet iemand anders toesien dat dit wel gebeur (vgl. McQuail, 2000:150; sien ook McHam, 2003b).

Sosiale verantwoordelikheid het in die 20ste eeu in die VSA prominent geraak. Die doel van die media onder hierdie spesifieke vaandel is om in te lig, te vermaak en te verkoop, maar hoofsaaklik om debat te stimuleer (McHam, 2003a). Die media is beheer deur die gemeenskap se mening, die verbruiker se optrede en professionele etiek. Namate die model posgevat het, het Amerikaners begin verwag dat die pers sekere standaarde handhaaf in die uitvoering van sy taak (McHam, 2003b). Die media self het ook al hoe hoër standaarde gestel. Volgens McQuail (2000:150) word binne die raamwerk van hierdie model verwag dat beriggewing waar, akkuraat, regverdig, objektief en relevant moet wees. Hierdie model behels verder dat die verantwoordelikheid deur selfregulering bereik moet word, en nie deur regeringsingryping nie (McQuail, 2000:149; vgl. ook De Beer, 1998:19). Dit geskied deur die navolging van gedrags- en etiese kodes. Aanvanklik was die navolging van hierdie kodes vrywillig en het dit bloot voorstelle aan die hand gedoen. Dit het egter later uitgebrei na individuele nuusorganisasies en is bindend op die mense wat in daardie organisasie werk. Hierdie kodes (dit word in paragraaf 1.4 *Etiese kodes in die joernalistieke konteks in Suid-Afrika* bespreek) is nie regtens afdwingbaar nie, maar spruit uit selfregulering, een van die belangrikste kenmerke van die model. Op dié manier het die media self ook 'n agenda gestel – 'n etiese agenda (kyk paragraaf 2.4 *Joernalistieke etiek in perspektief* in hoofstuk 2). Die model moedig die pers verder aan om krities te wees teenoor die regering. Samewerking tussen die twee partye is dus soms nodig en gewens (Skjerdal, 2001:6).

Terselfdertyd het 'n nuwe soort outoritêre model in die kommunistiese lande ontwikkel, naamlik die Sowjet-kommunistiese teorie (Siebert *et al.*, 1956:5). Dit verskil van die outoritêre model in dié opsig dat die winsmotief wegval en die staat die pers besit.

Volgens De Beer (1998:19) behels die ontwikkelingsmodel, wat in ontwikkelende lande geld, dat die pers sensitief moet wees wat ontwikkeling en opheffing binne 'n nasiebouraamwerk betref; die pers het 'n sosiale verantwoordelikheid, maar is vry om inligting in te samel en te versprei; die staat het die reg om in te gryp en persbedrywighede te beperk, in belang van ontwikkeling. In 'n neutedop moet die media toegewy wees aan ekonomiese, politieke, kulturele, en sosiale ontwikkeling as 'n primêre nasionale taak. Volgens McQuail (1987:120) is 'n deelnemende

kommunikasiebenadering ingebed in hierdie model. Nasiebou is 'n byna oorkoepelende doelwit. Hierdie model is byna uitsluitlik in die ontwikkelingswêreld te vinde waar die media nog nie so ferm gevestig is nie en die infrastruktuur plek-plek gebrekkig is.

Die demokraties-deelnemende model poog om die speelveld in 'n gegewe demokrasie gelyk te maak (Mwangi, 2002). Dit is aanvanklik twee eeue gelede voorgestel deur die Franse filosoof Rousseau, maar is eers in die jare 70 van die 20ste eeu in die kommunikasiewetenskap toegepas in reaksie op die ontwikkelingsteorie. Deelneming en interaksie is die kernelemente van hierdie model. Hierdie model is meestal te vind in ontwikkelde, liberale samelewings, maar daar is raakpunte met die ontwikkelingsmodel, spesifiek wat die klem op die "basis" van die samelewing betref en 'n horisontale pleks van vertikale kommunikasiebenadering (McQuail, 1987:121-122). Die model het ontwikkel uit reaksie teen die kommersialisering en monopolisering van die private media en die burokratisering van openbare uitsaaiers, wat gevestig is ingevolge die norm van sosiale verantwoordelikheid. Voorbeelde van waar hierdie model in die praktyk te vinde is, sluit in mikromedia in landelike gebiede, die ondergrondse media en roofradiostasies.

Daar is heelwat verwarring oor die teorie wat betref die rol van die media en min eenstemmigheid oor die beginsels. Waaroor wel saamgestem word, is dat van die media verwag word om minstens vier doelstellings te bevorder (McQuail, 2000:160):

- Die media behoort gebeure, idees en mense deurlopend dop te hou en deurlopend inligting na die publiek te laat vloei. In die proses moet oortredings van die morele en sosiale orde oopgevlek word.
- Die media behoort onafhanklik van en krities teenoor die gemeenskap en sy instellings te staan.
- Die media behoort soveel moontlik mense die kans gee om hul perspektiewe na die publiek deur te gee.
- Die media behoort by te dra tot die identiteit en samehang van die gemeenskap as 'n geheel, sowel as van die onderskeie groepe (waaruit 'n gemeenskap saamgestel is).

Wat die media se rol in gedragsverandering betref, neem dit heelwat tyd vir mense om gedrag aan te leer en hang dit van heelwat faktore af, maar "[t]he *interaction* of

media exposure and other personal experiences become the critical force in behavior change" (Hiebert *et al.*, Ungurait & Bohn, 1991:550). Wat media-invloed op die lang duur betref, is daar aanduidings dat herhaalde blootstelling "to *some* kinds of content, in *some* kinds of environments, on *some* kinds of audience members leads to *some* kinds of long-term changes in behavior and attitudes" (Hiebert *et al.*, 1991:563). Langtermynveranderings soos burgerregte en gay-bewegings kom wel voor, maar kan nie so maklik gemeet word nie. Die probleem lê daarin dat die invloed van die massamedia nie so maklik geskei kan word van ander kulturele gebeurtenisse in mense se lewens en in die samelewing nie.

In dieselfde konteks kan 'n mens nie sonder meer aanvaar dat iemand wat weet hoe MIV oorgedra word, sy gedrag sal verander nie (Cullinan, 2003). Oor die media se rol in die verandering van gedrag is heelwat studies gedoen. Dit het egter geen eenvoudige antwoord opgelewer nie. Min is bekend oor die impak van die media op die verandering van mense se gedrag as dit kom by MIV/vigs (Qakisa, 2003:45). Benefo en Takyi (2002:92-93) het hierdie kwessie ondersoek. Hulle het wel gevind dat die media 'n groot rol te speel het in die bewusmakingsproses, maar kon nie vasstel in watter mate inligting oor MIV/vigs in die media mense aangespoor het om hul seksuele gedrag te verander nie (vgl. Jooste, 2004). Freimuth (1992:91) voer aan dat MIV/vigsnuusdekking in die VSA beslis bewustheid verhoog het, en haal ter stawing navorsing van Becker en Joseph (1988) aan wat bevind het gedragsverandering is geïdentifiseer onder homoseksuele en dwelmgebruikers, maar nie onder heteroseksuele adolessente nie.

Daar is talle hindernisse op die weg van gedragsverandering, soos geslagsgeweld, die opvatting dat mans "geprogrammeer" is om meer seks te moet hê, baie voor- en buitehuwelikse seks, en die feit dat kondoomgebruik in standvastige verhoudings nie juis 'n plek het nie (Cullinan, 2003). Boonop is MIV/vigs nie die enigste wêreldkrisis nie en gunstige mediadekking sal nie die publiek se persepsie van MIV/vigs verander nie. Trouens, dit is 'n reusesprong van openbare bewustheid tot gedragsverandering (Anon, 1999). Health-e en Soul City: IHDC (2001:20) se standpunt strook met dié van Cullinan hierbo. Die organisasie sit die rol van die media duidelik uiteen en sê joernaliste het 'n baie belangrike rol om te speel deur:

- akkurate inligting oor die siekte te versprei;
- te help om die epidemie te destigmatiseer;

- mense in magsposisies dop te hou en druk op hulle te plaas om genoeg aandag aan die epidemie te gee;
- 'n mensegesig aan die epidemie te gee deur oor Suid-Afrikaanse gebeure te skryf;
- ingelig te debatteer oor moeilike etiese vraagstukke; en
- die openbare mening te beïnvloed téén optrede wat MIV/vigs help versprei.

Dit is uit die voorafgaande uiteensetting duidelik dat daar nie konsensus is oor die rol van die media nie, ook nie wat MIV/vigsdekking betref nie. Die uiteensetting in die paragraaf hierbo (Health-e en Soul City: IHDC, 2001:20) vat die standpunte goed saam en verskaf 'n ondubbelsinnige mening oor wat die media in die konteks van MIV/vigs te doen staan. Teen die agtergrond van die mediamodelle strook hierdie mening met wat van die media verwag word binne 'n sosiale verantwoordelikheidskonteks. Daar is ook raakpunte met die ontwikkelingsmodel, spesifiek wat betref die riglyn dat die media sensitief moet wees binne die konteks van ontwikkeling. As voorbeeld kan genoem word dat die media dus nie problematiese kwessies, soos rassisme, behoort te perpetueer nie. Delate (2003b) voer egter aan dat omdat die media so baie op die biomediese sy van die epidemie konsentreer, die ontwikkelingsaspekte agterweë bly (sien paragraaf 1.4.3, *Die aard van MIV/vigsdekking*; vgl. Aids Foundation of South Africa, 2003). Die Health-e en Soul City: IHDC-mening stem ook ooreen met McQuail (2000:160) se samevatting van die algemene doelstellings wat die media behoort na te streef.

In Suid-Afrika word 'n eklektiese vermenging van die modelle gevind. Die SABC hang byvoorbeeld die ontwikkelingsmodel met sy fokus op nasiebou aan (Froneman, 2004). In sy openingstoespraak tydens die konferensie van regeringskommunikeerders en die bekendstelling van die regering se standpuntdokument oor die Media Development and Diversity Agency (MDDA) op 29 November 2000 in Pretoria, het dr. Essop Pahad (2000), minister in die kantoor van die president, gesê die deelnemende benadering is vervleg in die karakter van die MDDA. Dié agentskap is ingevolge die aanbevelings van Comtask ingestel "to act as a catalyst for the further development and diversification of the entire media industry in this country". Sleutelelemente, volgens Pahad, sluit in steun vir gemeenskaps- en ander niewinsgewende media, asook klein kommersiële mediaondernemings, en deurlopende medianavorsing en voorspraak oor verskeie aspekte van mediaontwikkeling en –diversiteit. In pas met die demokraties-deelnemende

benadering met sy gepaardgaande ontwikkelingselemente veral gefokus op horisontale kommunikasie (McQuail, 1987:122), het Pahad (2000) gesê:

> This participatory approach is embedded in the character of the proposed MDDA, in that its success rests very much on a partnership between government, the private sector and civil society along with donors. We share a common responsibility not only to inform the public but also to engage it in the social, political and economic issues of the day.

Daarteenoor funksioneer populistiese koerante soos *Die Son* en die *Daily Sun*, en tydskrifte soos die pornografiese publikasie *Hustler* binne 'n libertynse raamwerk wat alle vorme van beheer verwerp en 'n vrye pers propageer (Froneman, 2004). Die Engelse pers, daarenteen, onderskryf weer die selfregulerende beginsels van die sosiale verantwoordelikheidsmodel. Froneman sê die feit dat etiese kodes in Suid-Afrika taamlik staties bly, kan toegeskryf word aan die feit dat dit deur die mediamodelle beïnvloed word en dat daar so 'n vermenging plaasgevind het.

Die sosiale verantwoordelikheidsmodel, wat volgens De Beer (1998:19) beskou word as die ideaal vir Suid-Afrika, is die raamwerk waarbinne MIV/vigsberiggewing die beste pas weens die klem op selfregulering en rekenpligtigheid, en hoë professionele standaarde (vgl. McQuail, 1987:117; ook 2000:150). Die stimulering van debat (volgens McHam [2003a] die belangrikste rol van die media binne die sosiale verantwoordelikheidskonteks naas inligting, vermaak en die kommersiële doelwit) is besonder belangrik binne die nuwe demokrasie in Suid-Afrika en veral ook binne die konteks van MIV/vigs. Die kernbeginsels van hierdie model; naamlik maatskaplike sensitiwiteit, gebalanseerde beriggewing (wat alle standpunte weergee), en die verskaffing van genoeg inligting sodat 'n gebruiker ingeligte besluite kan neem; sluit nie net aan by die algemene beginsels van goeie joernalistiek nie, maar ook by die etiese kwessies rakende die epidemie (sien 1.3.2.1 *Etiese kwessies met betrekking tot MIV/vigs*).

Om sy rol binne hierdie konteks na behore te vertolk, verg van die media toewyding, asook begrip vir die kompleksiteite van die onderwerp (insluitende die wetenskaplike en politieke debatvoering) en die impak op die individu en gemeenskappe. Dit sluit ook ontwikkelingsaspekte soos armoede in en die rol wat dit in die epidemie speel. Verder sal koerante moet erken hoe belangrik toeganklike, verstaanbare inligting is

en moet daar begrip wees vir hoe belangrik dit is dat die pers MIV/vigs op die openbare agenda plaas en hou.

Om aan te dui wat die potensiële reikwydte van mediaboodskappe oor MIV/vigs is, word kortliks gekyk na die struktuur en gebruikspatrone van die gedrukte media in Suid-Afrika. Daarna volg 'n bespreking van hoe die media in Suid-Afrika MIV/vigs hanteer teen die agtergrond van die stand van die epidemie in die land. Die algemene aard van MIV/vigsnuusdekking (ook in die buiteland ter wille van kontekstualisering), etiese kwessies daarom en kritiek op die dekking is daarna ter tafel.

1.2.1 Gebruikspatrone van die media in Suid-Afrika

Suid-Afrika het 'n lewendige, diverse massamedia om aan die voorkeure van die reënboognasie te voldoen. Volgens AMPS2003B[5] is daar in die afdeling gedrukte media 18 dagblaaie, 25 weekblaaie – byna almal naweekpublikasies (SAARF, 2004a) en minstens 200 gemeenskapskoerante (Froneman, 2002:2). Die media in Suid-Afrika word grootliks beheer deur vyf groepe: Independent Newspapers (die enigste buitelandse groep), Johnnic Publishing, Media24, New Africa Publications en CTP/Caxton.

Volgens AMPS2003B het die leserstal van dagblaaie in 2003 beduidend gestyg, waarskynlik weens 'n toename in lesers in veral Gauteng (SAARF, 2004b). Die *Daily Sun*, 'n nuwe populistiese koerant wat sedert sy ontstaan in 2002 met rasse skrede bly groei, het in 2003 (die jaar waarin die ondersoektydperk van hierdie studie val) 1,755 miljoen lesers gehad en was hy vinnig besig om *Sowetan*, die grootste Suid-Afrikaanse dagblad met 1,853 miljoen lesers, in te haal. Die leserstal van weekblaaie het in dieselfde tydperk taamlik stabiel gebly. Die *Sunday Sun*, wat saam met die *Sunday Times* en *Rapport* in hierdie studie bestudeer word, het egter heelwat gegroei en het einde 2003 altesame 1,930 miljoen lesers gehad. Die *Sunday Times* is steeds die koerant met die meeste lesers in die land, naamlik 3,440 miljoen, gevolg deur die Sondagkoerant *City Press* met 2,211 miljoen lesers. *Rapport* het 'n leserstal van 1,652 miljoen gehad.

---

[5] Die All Media and Products Survey (AMPS) van die South African Advertising Research Foundation (SAARF) verskaf data oor Suid-Afrikaners, die produkte wat hulle gebruik, en hul mediagebruik (SAARF, 2004b).

Uit die bogenoemde statistieke kan afgelei word dat 'n beduidende getal mense daagliks en weekliks aan boodskappe in die gedrukte media blootgestel word, dus ook wat MIV/vigs betref.

1.3 Die media en MIV/vigs

1.3.1 Agtergrond oor die MIV/vigsepidemie

Die media het 'n verantwoordelikheid om op 'n eties aanvaarbare wyse oor MIV/vigs te berig, meen belangegroepe (sien hoofstuk 3). Beriggewing oor MIV/vigs is een van die ingewikkeldste joernalistieke uitdagings en opsigself 'n spesialisveld – nie net weens die mate van wetenskaplike insig en agtergrondkennis wat dit van 'n joernalis verg nie, maar ook weens die etiese en maatskaplike kwessies wat daarmee gepaard gaan. Konflik soos dié tussen die openbare belang en die individu se belange maak dit 'n nóg meer komplekse kwessie (vgl. Cullinan, 2001; Delate, 2003b:9; Smith, 2003).

Om die bogenoemde te illustreer, is dit nodig om kortliks te kyk na agtergrond oor die epidemie. Op 5 Junie 1981 het die Amerikaanse Centers for Diseases Control and Prevention (CDC) 'n nuwe siekte onder vyf pasiënte – almal homoseksuele mans – geïdentifiseer in 'n verslag in die weeklikse Morbidity and Mortality Weekly Report (Swanepoel, 2001b). Op hierdie manier het die mediese wêreld die eerste keer kennis geneem van die siekte wat 'n jaar later gedefinieer is as die verworwe immuungebreksindroom (*acquired immune deficiency syndrome, Aids*): vigs.

Die mensimmuungebrekvirus (MIV) is in 1983 geïdentifiseer as die oorsaak van vigs[6]. Vandag leef sowat 42 miljoen mense wêreldwyd met dié virus en het vigs reeds 23 miljoen lewens geëis (Aids.com, 2004). In Afrika suid van die Sahara is tussen 25 miljoen en 28 miljoen mense met die MI-virus geïnfekteer (UNAids, 2003). Die eerste gevalle van MIV in Suid-Afrika, die land waar die epidemie die vinnigste ter wêreld groei, is reeds in 1983 gediagnoseer (Walker, Reid & Cornell, 2004:12).

[6] Daar is 'n groot groep wetenskaplikes – die sogenaamde afvalliges – wat meen daar is geen kousale verband tussen MIV en vigs nie. Dit is by dié groep dat pres. Thabo Mbeki hom in 2000 geskaar het en waaroor daar so 'n herrie ontketen is kort voor die 13de Internasionale MIV/vigskonferensie in Durban (Van der Westhuizen, 2000). Wat hierdie studie betref, word die konvensionele opvatting aanvaar dat MIV wel vigs veroorsaak.

Na skatting was sowat 5,3 miljoen Suid-Afrikaners teen einde 2002 besmet[7]. UNAids voorspel dat vigssterftes in die land die volgende vyf jaar steeds met rasse skrede gaan toeneem, wat beteken die ergste lê nog voor. Sowat 1 500 Suid-Afrikaners word daagliks met die virus besmet en nagenoeg 600 mense sterf weens vigsverwante siektes (Walker, Reid & Cornell, 2004:15). Daar is steeds geen kuur vir vigs of 'n entstof teen die MI-virus nie.

MIV/vigs[8] is 'n ingewikkelde toestand en ondanks diepgaande navorsing oor die oorsprong en aard daarvan, is daar nog lank nie sekerheid oor hierdie basiese aspekte nie – wat nog te sê van sekerheid oor presies hoe die virus werk. Dr. Nono Simelela, tot in 2004 hoof van die nasionale departement van gesondheid se vigsdirektoraat, het in 2001 gesê "ons het hier te doen met 'n meestervirus. Ek het nog nooit 'n virus teëgekom wat so muteer (verander) nie" (Swanepoel, 2001b).

Uit die bogenoemde agtergrond is dit duidelik dat MIV/vigsberiggewing wel 'n joernalistieke uitdaging is, maar nie 'n maklike een nie. Galloway (2001:1) sê tereg MIV/vigs bevat al die elemente om dié storie van die laat 20ste eeu te word:

> Touching on so many strongly felt, conflicting, even mysterious, elements, HIV/AIDS should be a science journalist's dream – the chance to break out of the mould and produce penetrating, insightful stories which will be read from start to finish by captivated readers who both need the information to make a difference to their lives and are caught up in the unfolding story – enlightened and enthralled. The chance to step-by-step work alongside virologists, immunologists, clinicians and others as they painstakingly unfold the secrets of and go to battle with the retrovirus. The chance to write stories with the potential to make a difference to people's lives and, indeed, survival.

---

[7] Daar is heelwat teenstrydigheid oor die syfers in Suid-Afrika (vgl. Swanepoel, 2000). Die regering huldig die mening dat UNAids se syfers onrealisties hoog is. Aan die ander kant meen belanghebbendes die regering se syfers is onakkuraat. Die enigste betroubare syfers in Suid-Afrika kom uit die peiling wat jaarliks onder swanger vroue by voorgeboorteklinieke by staatsinstellings gedoen word (die National HIV and Syphilis Antenatal Sero-prevalence Survey in South Africa [Department van gesondheid, 2003]). Dié syfers kan egter ook nie as verteenwoordigend van die hele land beskou word nie (Shepperson, 2000:15).

[8] MIV en vigs is as't ware twee epidemies: wanneer iemand besmet raak, val die MI-virus die liggaam se immuunstelsel aan (Soul City, 2002). Ná 'n tydperk van tot etlike jare is die immuunstelsel so swak dat die liggaam nie meer siektes kan beveg nie. Dit is wanneer MIV-besmetting omskakel in vigs (*Aids*). In Suid-Afrika word aanvaar dat iemand vigs het wanneer sy CD4-seltelling tot onder 200 gedaal het. In hierdie studie word in die algemeen verwys na die breë epidemie as MIV/vigs, tensy daar pertinent na net die virus of die sindroom verwys word.

1.3.2 Die aard van MIV/vigsnuusdekking

Searle het in haar studie (2001:75) gevind dat daar in Suid-Afrika en in die buiteland soortgelyk oor MIV/vigs berig word. (Hoewel die doel van hierdie studie nie is om te ontleed hoe die epidemie in die algemeen in die media gedek word nie, word dit ter wille van kontekstualisering wel kortliks opgehaal.)

Die siekte word dikwels beskryf as 'n "plaag" en as "dodelik". Dieselfde metafore en beelde – dié van oorloë en plae – word gebruik. Daarteenoor word in Suid-Afrika ook vanuit 'n politieke struggle-perspektief na die siekte verwys. Mites speel verder 'n groot rol. Verder kwantifiseer berigte die epidemie deur voorspellings oor hoeveel mense binne 'n afsienbare tyd die siekte gaan hê (Searle, 2001:76). Briewe en hoofartikels het dieselfde trant.

In Brittanje was die dekking in die jare 90 van die vorige eeu breedweg parallel met die ontwikkeling van beleid rondom MIV/vigs. Beharrel (1993) lig die konvensionele perspektief uit, naamlik 'n biomediese uitgangspunt gefokus op ingrypings, navorsing, entstowwe en behandeling, soortgelyk aan beriggewing in Suid-Afrika (Delate, 2003b). Die (Britse) beriggewing was grootliks gemik op die algemene publiek, dit het veiliger seks bevorder sonder om grafiese besonderhede te verskaf, en dit het verpligte MIV-toetsing nie juis duidelik aangemoedig nie. Daarteenoor het ander joernaliste hulle meestal by die heteroseksuele bevolking geskaar en voorspraak gemaak daarvoor dat risikogroepe (soos homoseksuele en dwelmgebruikers) vir MIV getoets word. Verder is die radikale perspektief uitgelig: MIV/vigs is wyer as net 'n gesondheidskwessie gesien ('n standpunt wat in Suid-Afrika alom bepleit word). Hoewel nuusdekking die standpunt van gesondheidsvoorligting gesteun het, het dit die boodskap van veiliger seks[9] gekritiseer. Die beriggewing was ook krities teenoor die gebrek aan geld vir navorsing en sorg, en het die regte van mense met MIV/vigs bepleit. Daarbenewens is gestem vir radikale beleidsveranderings soos skoon spuitnaalde vir dwelmgebruikers en gratis kondome.

[9] Belangegroepe beskou die term *veiliger* seks as meer akkuraat en verkies dit dus bo *veilige* seks. Delate (2003a:4-5) verduidelik dit só: "No sex with a partner is ever completely risk-free, even when using a condom, which can greatly reduce, but never fully eliminate the risk." In hierdie studie word gehou by die aanbevole terminologie.

In die Amerikaanse media is mense met MIV/vigs aanvanklik gestereotipeer. In die jare 80 is die siekte voorgehou as 'n siekte van homoseksuele mans en is daarna verwys as die "mysterious new gay plague" (Dearing & Rogers, 1992:182). Hulle is uitgebeeld as baie siek en met duidelike simptome van die siekte. Dit het die idee versterk dat daar risikogroepe bestaan pleks daarvan om te fokus op risikogedrag (Searle, 2001:30), wat onder enige groep mense voorkom. Omstreeks 1983 het die fokus in die Amerikaanse media verskuif na MIV/vigs as 'n wetenskaplike kwessie en van 1985 tot 1987 is die "human era" betree waar die siekte verpersoonlik is. Tot in 1988 het die fokus verskuif na politieke kwessies.

In Australië het die prentjie ook nie juis anders gelyk nie. Die media het in die 90's van die vorige eeu onderskei tussen "vigsslagoffers", "vigsoorlewendes" en "vigsdraers" (Lupton, 999:37). Die media was in dié tyd besonder simpatiek teenoor "slagoffers", ongeag die wyse waarop hulle besmet geraak het. "Draers", daarteenoor, is gesien as immorele mense wat hulself nie kan beheer nie. Die mediafokus was dus meestal op "slagoffers" wat deur die "draers" "bedreig" is.

In Suid-Afrika is die siekte in die media ook aanvanklik (in die 80's) weergegee as 'n siekte van die hoërisikogroepe, dus mense wie se gedrag hulle meer vatbaar maak vir besmetting (soos gays en sekswerkers). Namate MIV/vigs al hoe meer begin kop uitsteek het onder heteroseksuele mense, het die fokus verskuif na hoërisikogedrag. Ná 1990 het MIV/vigs 'n prioriteit geword in die land en is AIDS Training and Information Centres (ATICS) en 'n MIV/vigsprogram gevestig (Grundlingh, 2001:13). Die mediafokus het verskuif na individuele gedrag en voorkomingspogings gegrond op voorligting eerder as om te kyk na die maatskaplike konteks of wyer gesondheidskwessies (Grundlingh, 2001). Daniel Schechter (2000), uitvoerende direkteur van MediaChannel, sê dat die media MIV/vigs hoofsaaklik as 'n siekte en mediese probleem hanteer, nie as 'n maatskaplike en ekonomiese krisis wat miljoene lewens wêreldwyd raak nie. Daar word byvoorbeeld gefokus op die debat oor medisyne en voorkoming, en nie op die nood van die weeskinders nie (kyk ook Delate, 2003b).

Faktore wat in Suid-Afrika telkens 'n rol speel in mediadekking, is dramatiese gebeure en bekende persoonlikhede (Searle, 2001:156). Voorbeelde hiervan is beriggewing oor pres. Thabo Mbeki en sy verbintenis en die sogenaamde MIV/vigsafvalliges (*dissidents*) en die voortspruitende debat oor die kousale verband tussen MIV en vigs (dus of MIV vigs veroorsaak; kyk voetnoot 6); die MIV-positiewe

Regter Edwin Cameron en sy uitsprake oor die siekte en die regering se hantering daarvan; beriggewing oor die jong Nkosi Johnson se stryd teen MIV/vigs; die presidensiële woordvoerder Parks Mankahlana en Peter Mokaba se dood, vermoedelik weens vigs; en Zackie Achmat, hoof van die TAC, se weiering om antiretrovirale middels (ARM)[10] te neem tot dit in die eerste helfte van 2004 in Suid-Afrika se staatsgesondheidsektor beskikbaar geraak het (vgl. Anon, 2001; O'Connor, 2004; Sapa, 2002b; Swanepoel, 2002; Van der Westhuizen, 2000).

Dit is volgens Searle (2001:28) duidelik dat mediabelangstelling in MIV/vigs stelselmatig begin taan het. Vigs het vervelig geword. Die dekking was kollerig en is nie oor lang tye volgehou nie. Openbare gesondheid *per se* het egter 'n bra onbelangrike plek op die media-agenda (Media Tenor, 2000). Van Februarie tot September 2000 was die onderwerp tiende op die ranglys van temas waaroor daar die meeste berig is. Sport en misdaad was bo-aan die lys (altesame 76 640 items in 5 dagblaaie, 6 weekblaaie en 5 televisienuusprogramme is ontleed).

MIV/vigsdekking het egter weer 'n hupstoot gekry met die 13de Internasionale MIV/vigskongres in Durban in 2000. In Julie 2000 het altesame 478 items oor MIV/vigs in 5 dagblaaie, 6 weekblaaie en 5 televisienuusprogramme verskyn teenoor 497 van Januarie tot Junie daardie jaar (1 358 items oor MIV/vigs is ontleed; Media Tenor, 2000). In skerp teenstelling het die Suid-Afrikaanse media min aandag gegee aan die daaropvolgende 14de Internasionale MIV/vigskongres in Barcelona, Spanje – ondanks die feit dat die land deur talle van sy vooraanstaande wetenskaplikes verteenwoordig is en die regering ook tientalle afgevaardigdes gestuur het. Wat wel baie aandag gekry het – buitelands en binnelands – is omstrede uitsprake van dr. Manto Tshabalala-Msimang, minister van gesondheid (Garrett, 2002; IFS, 2002; Pienaar, 2002; Sapa, 2002a). Dit ondersteun die uitgangspunt dat MIV/vigs in Suid-Afrika 'n politieke kwessie geword het en dat die ander knelpunte om die epidemie tweede viool bly speel (sien 1.3.4.2 *Kritiek op MIV/vigsdekking*). Verder is daar aan die begin van hierdie eeu baie gefokus op die nasionale diskoers (Delate, 2003b). Só is in 2002 geskryf oor die oordrag van die MI-virus van ma na baba tydens geboorte, en in 2003 oor behandeling en ARM en entstowwe.

[10] Middels teen retrovirusse soos MIV (Atis, 1999). (Retrovirusse gebruik die liggaam se eie selle om te vermeerder.) Hierdie middels word gewoonlik in 'n kombinasie van twee of drie geneem.

1.3.2.1 Etiese kwessies met betrekking tot MIV/vigsberiggewing

Om eties aanvaarbaar oor MIV/vigs te berig, behels kennis van en insig in die etiese vraagstukke verwant aan die epidemie. Hierdie vraagstukke behels volgens Health-e en Soul City: IHDC (2001:21-23) dat media-instellings en joernaliste:

- sal waak teen sensasionalisering;
- nuusbronne, veral mense met MIV/vigs, met respek sal hanteer;
- vertroulikheid ten opsigte van inligting en die identiteit van bronne sal handhaaf, met spesiale verwysing na kinders;
- aanvaarbare taal sal gebruik om stigmatisering en die handhawing van 'n klimaat van vrees te verminder; en
- sal waak teen nuusbronne wat die agenda wil manipuleer.

Baie van die kritiek teen medianuusdekking van MIV/vigs setel in hierdie etiese kwessies. Hierdie aspek kry aandag in die hieropvolgende paragraaf, en word volledig in hoofstuk 3 bespreek. Die breër teoretiese agtergrond oor waarom 'n joernalis eties behoort te wees, is ter tafel in paragraaf 2.4 *Etiese nuusdekking* in hoofstuk 2.

1.3.3 Kritiek op mediaberiggewing oor MIV/vigs

1.3.3.1 Mediakritiek in den brede

Voordat kritiek op die media se dekking van MIV/vigs spesifiek bespreek word, word 'n historiese perspektief oor mediakritiek in die breë as agtergrond geskets.

Mense gebruik die media om gebeure en gevolge te verstaan sodat hulle hul eie menings kan vorm en toepaslik reageer (Hiebert *et al.*, 1991:569). Kritiek teen die media en hoe hy die publiek egter nie altyd dien nie, is beslis nie nuut nie.

Koerante word al sedert hul ontstaan gekritiseer (DeFleur & Dennis, 1991:103). Dit is dikwels 'n geval van groot maatskappye en individue wat meen die media het onregverdige dekking aan hulle gegee. Mediakritiek in die VSA het byvoorbeeld in die jare 70 en 80 'n hoogtepunt bereik met die ontevredenheid van groot maatskappye soos Mobil Oil oor sogenaamde bevooroordeelde joernalistiek. Verder

val minderheidsgroepe die media aan (onder meer) omdat daar nie groot genoeg gewag na hul sin van hulle gemaak word nie (DeFleur & Dennis, 1991:104-107). Baie kritici in die VSA het dit teen die mediamonopolieë, wat so fokus op hul eie mag dat hulle nie meer hul gemeenskappe dien nie (Hiebert *et al.*,1991:64) het.

Instellings en individue was deur die jare oor drie basiese kwessies ontevrede: geloofwaardigheid, objektiwiteit en selektiwiteit. Die media is ook dikwels van regeringskant gekritiseer. Die media is ook gekritiseer oor hy mense se privaatheid skend, smeerveldtogte voer, mense mislei, regerings en sakeleiers onnodig kasty, slegte nuus verkies bo goeie nuus, gerugte en skindernuus publiseer, konflik van belange skep, en in gebreke bly om foute tydig en prominent reg te maak (Agee *et al.*, 1991:207-208). Wat MIV/vigs betref, was die Suid-Afrikaanse media al male sonder tal onder skoot oor van die wyse waarop hy pres. Thabo Mbeki en sy standpunt oor die siekte (of gebrek daaraan) uitbeeld (vgl. Pahad, 2002), tot die manier waarop hy mense se MIV-status "uitbuit" (Altenroxel, 2001).

DeFleur en Dennis (1991:603) voer aan dat dit mediakritiek was wat media-etiek deur die jare bevorder het. Die kritiek het media-instellings mettertyd genoop om te kyk na hul openbare beeld. Dit het gelei tot die vestiging van verskeie fora en ander formeler prosedures vir mediakritiek, soos persrade en 'n persombudsman. In 1986 het dit uiteindelik in die VSA gelei tot 'n voorstel dat koerante etiese kodes invoer waarin leiding verskaf word oor vraagstukke soos die identifisering van nuusbronne, openbare belang teenoor individue se reg op privaatheid, en joernalistieke beginsels soos akkuraatheid, billikheid en regverdigheid opnuut beklemtoon word (Agee *et al.*, 1991:209) (etiese kodes word bespreek in paragraaf 1.4).

In Suid-Afrika het die media beslis ook nie kritiek vrygespring nie. Trouens, in die verlede is verskeie kommissies van ondersoek ingestel om probleme te ondersoek. Die eerste, die Van Zyl-kommissie, is in 1950 geskep (Diederichs & De Beer, 1998:106). Hierdie kommissie, onder die leiding van Regter J.W. van Zyl, is deur die Nasionale Party-regering ingestel kort nadat hy aan bewind gekom het (Louw, 1999). Die doel daarvan was om die "concentration of control and monopoly tendencies, the activities of stringers and foreign correspondents and the accuracy and responsibility" van Suid-Afrikaanse joernaliste te ondersoek. Dit was egter 'n rookskerm om veral die Engelstalige pers by te kom oor hy glo onpatrioties was en onakkurate inligting oor Suid-Afrika die wêreld sou ingestuur het. Een van die voorstelle was dat 'n

statutêre persraad ingestel word om beheer uit te oefen en 'n wakende oog oor joernalistieke gehalte te hou.

Die Van Zyl-kommissie is gevolg deur die Potgieter-kommissie in 1979, die omvattende Steyn-kommissie in 1980 en 1982, Comtask in 1996, en die Waarheids- en Versoeningskommissie se ondersoek na die pers in die apartheidsjare in 1996/97. Die Steyn-kommissie het ondersoek ingestel na of die Suid-Afrikaanse media die gemeenskap se belange gedien het (Diederichs & De Beer, 1998:106-109). Die kommissie het alle vorme van staatsbeheer oor die pers verwerp, maar maatreëls vir selfregulering voorgestel, soos 'n register vir joernaliste. Sy voorstelle is nooit geïmplementeer nie.

Om dreigemente van direkte staatsbeheer te systap, is die Suid-Afrikaanse Mediaraad op 1 September 1983 as 'n vrywillige beheerliggaam geskep. Die liggaam sou klagtes oor kwessies soos die skending van privaatheid, onbillike kommentaar en onakkuraathede hanteer. Die raad se naam is in 1995 terugverander na die Suid-Afrikaanse Persraad. Dit is in 1997 ontbind en die Persombudsman en 'n heelwat kleiner raad is aangestel (Froneman & De Beer, 1998:311). Hierdie liggaam het ook die bestaande Perskode hersien en ingevoer. (Sommige individuele koerante het ook hul eie ombudsmanne, soos *Die Burger* en *The Citizen*.)

In 1998 het die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) 'n ondersoek na rassisme in die media van stapel gestuur nadat die Black Lawyers Association (BLA) en die Association of Black Accountants of South Africa (ABASA) hom gevra het om rassisme aan die kant van die *Mail & Guardian* en die *Sunday Times* te ondersoek (Berger, 2002:3). In aansluiting hierby sê Retief (2002:ix) die Suid-Afrikaanse media word dikwels beskuldig van partydigheid, lae standaarde en onverantwoordelikheid. Die SAMRK se ondersoek het die opvatting versterk dat die media nie te vertrou is nie. Die redes hiervoor sluit in 'n "blatant indifference" (Retief, 2002:ix) teenoor verantwoordelike joernalistiek, oningeligtheid, 'n gebrek aan etiese kodes in sekere mediakringe, en te min literatuur in Suid-Afrika oor die joernalistiek.

Etiese kodes soos die Perskode het ten doel om die media in sy selfreguleringstaak te rig oor kwessies wat probleme veroorsaak. Buiten wetgewing en die kodes van professionele mediaverenigings, het individuele koerante, radio- en televisiegroepe hul eie stelle standaarde ontwikkel (etiese kodes word in paragraaf 1.4 bespreek).

1.3.3.2 Kritiek op MIV/vigsdekking

In 2002 het MIV/vigs meer mediadekking gekry as onderwys, gesondheid in die algemeen en omgewingskwessies (Delate, 2003b). Die knelpunt is egter nie soseer *of* daar oor die onderwerp geskryf word nie, maar *hoe* daaroor geskryf word. Heelparty studies wêreldwyd het die inhoud van koerantberiggewing oor MIV/vigs ontleed en talle raakpunte is gevind. Dié bevindings stem ooreen met die knelpunte wat belangegroepe in Suid-Afrika opper en sluit in klagtes oor sensasionalisering, onakkuraatheid, en opruiery (vgl. Parker & Kelly, 2001; Beamish, 2002; Gysae & Øverland, 2002).

Breedweg hou die kritiek teen MIV/vigsberiggewing die volgende in:

- 'n gebrek aan agtergrondkennis oor MIV/vigs onder joernaliste, veral oor die intrinsieke wetenskaplike sy van MIV/vigs;
- 'n gebrek aan kennis oor die etiese implikasies;
- die gebruik van stigmatiserende taal en onoordeelkundige woordkeuse;
- 'n gebrek aan geloofwaardige bronne; en
- belangrik – 'n gebrek aan kritiese en indiepteberiggewing.

Verder word min aandag gegee aan die maatskaplike probleme wat met die epidemie verbind word; soos armoede, werkloosheid en die gepaardgaande probleme; en die kulturele, ekonomiese en politieke konteks waarbinne MIV/vigs woed (vgl. Cullinan, 2001; Delate, 2003; Shepperson, 2000; Parker & Kelly, 2001; Kidger 2002; Stally, 2002; Mukwita, 1999).

In haar oorsig oor die stand van Suid-Afrikaanse verslaggewing oor MIV/vigs sê Galloway (2001) daar is 'n gebrek aan gesaghebbende verslaggewing oor die epidemie. Swak verslaggewing kan skade doen, omdat so baie Suid-Afrikaners min of geen wetenskaponderrig op skool gehad het nie. Sy meen verder daar is 'n behoefte aan beter beplanning van nuusdekking pleks van die nuusgedrewe gebeurlikheidsdekking. Mense met MIV/vigs, hul gesinne en gemeenskappe het 'n behoefte aan inligting en aan 'n mondstuk. Boonop word min MIV/vigsberigte geskryf deur kundige verslaggewers. Galloway (2001:69) merk ook op dat daar te min

werklik wetenskaplike stories is, en veral 'n gebrek aan indiepteverslaggewing[11] oor hierdie onderwerp.

Wat sekerlik bydra tot die probleme, is dat die gehalte van joernalistiek in Suid-Afrika weens faktore soos die juniorisering van die nuuskantoor verswak het. Leemtes wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef) se joernalistiekoudit in 2001 uitgewys het, sluit in 'n gebrek aan basiese joernalistieke en taalvaardighede, en gebrekkige algemene kennis en kennis van en verbintenis tot mediareg en –etiek (Steyn & De Beer, 2002) (kyk ook paragraaf 2.6 *Belangegroepe se kriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking* in hoofstuk 2).

Die feit dat maatskaplike sake, soos kinders wat wees gelaat word omdat al meer mense weens vigs sterf, nie genoeg aandag kry nie, kan toegeskryf word daaraan dat die media in Suid-Afrika die MIV/vigsepidemie steeds as 'n gesondheidskwessie en nie as 'n ontwikkelingskwessie beskou nie (Delate, 2003b). Dit is gevolglik hoofsaaklik gesondheidsverslaggewers wat oor die kwessie skryf. Delate (2003b) bepleit die integrering van MIV/vigs in ander genres, soos sport, onderwys, die politiek en omgewingsake, omdat hy meen dat die impak wat die epidemie op die ontwikkeling van die land het, dan meer akkuraat weergegee sal word.

Die etiese vraagstukke waarmee joernaliste te kampe het, soos mense se reg op privaatheid wanneer 'n koerant byvoorbeeld moet besluit of hy bekend behoort te maak dat 'n bekende persoonlikheid MIV-positief is, het vervaag terwyl die epidemie al hoe meer verpolitiseer het (Delate, 2003; Searle, 2001). MIV/vigs het 'n knelpunt geword wat die demokratiese aard van die Suid-Afrikaanse samelewing sou toets. Die epidemie en die debat oor of MIV vigs veroorsaak, wat vroeg in 2000 gewoed het, het talle politieke vrae laat ontstaan. Dit het veral te doen gehad met idees oor demokrasie en die reg om vir en oor ander te praat (Searle, 2001:78). Daar was fel kritiek teen die regering: sy onwilligheid om hom te skaar by die tradisionele wetenskaplike opvattings oor die siekte, asook sy oënskynlike onwilligheid om iets vir sy mense wat reeds siek geword het, te doen. MIV/vigs het 'n stok geword waarmee

[11] Indiepteverslaggewing plaas volgens Nel (1999:35) klem op die agtergrond van 'n storie. Dit sluit in kontekstuele plasing en in 'n mindere of meerdere mate kommentaar oor of ontleding van die gebeure, afhangende van die onderwerp en die doel van die artikel. Indiepteverslaggewing neem gewoonlik die vorm aan van 'n heelwat langer artikel as die gewone nuusberig, of 'n artikel en enkele meegaande berigte oor verwante sake (*sidebars*). Inligtingsgrafika, wat grafiese materiaal en teks kombineer om vir die leser 'n nog meer volledige prentjie te bied, word dikwels daarmee saam gebruik.

politici en Jan en alleman die regering hard kon slaan. Galloway (2001:5) beskryf dit baie raak wanneer sy sê MIV/vigs het 'n "political hot potato" geword.

Die debat rondom die kousale verband tussen MIV en vigs het uiteindelik daartoe gelei dat die vigskongres in Durban in 2000 oorheers is deur die sogenaamde Durban-Deklarasie, 'n dokument wat deur duisende internasionale en plaaslike wetenskaplikes onderteken is en waardeur hulle hul opnuut tot die tradisionele wetenskaplike standpunt verbind het. Die verband-debat het egter meer probleme as voordele tot gevolg gehad: die grootste hiervan was dat dit die epidemie nog meer verpolitiseer het. Dit het 'n politieke speelbal in die plaaslike verkiesings aan die einde van 2000 geword en uiteindelik erge vyandigheid tussen die media en die regering veroorsaak. Dié stand van sake het MIV/vigs-beriggewing nóg meer bemoeilik (Cullinan, 2001). Die debakel rondom die kousale verband tussen die MI-virus en vigs in 2000/2001 het egter ook 'n positiewe uitwerking gehad, meen Cullinan (2001). Hierdeur is joernaliste aangemoedig om die wetenskap rondom die siekte te bestudeer.

Die negatiewe opvatting oor die media se reaksie op die epidemie kan hoofsaaklik aan twee redes toegeskryf word. Enersyds integreer MIV/vigsjoernalistiek nie die perspektiewe van die mense met MIV/vigs; die groter kulturele, ekonomiese en politieke konteks wat aan die epidemie vorm gee; en die wetenskap van MIV nie (Shepperson, 2000:5). Andersyds skram joernaliste weg van proaktiewe optrede deur MIV/vigsvoorspraak onder die voorwendsel dat hulle "onbetrokke" moet bly en van 'n afstand af kommentaar oor die vraagstuk lewer.

Die tendens om te fokus op die negatiewe rondom die epidemie, is 'n groot knelpunt. Aulora Stally, mediabestuurder van SAfAIDS, meen dat mediawerkers in Suider-Afrika sedert die eerste MIV/vigsitem gepubliseer is, sukkel om 'n positiewe benadering te ontwikkel tot beriggewing oor die epidemie. In 'n onderhoud met *The Monitor Online Edition* sê sy dat die tendens van die media om van MIV/vigs 'n "doom and gloom"-onderwerp te maak, dit laat lyk of 'n lewe met MIV/vigs sinoniem is met die dood (Mukwita, 1999).

Wat met die bogenoemde saamhang, is taalgebruik wat volgens belangegroepe onsensitief is. Om na MIV/vigs te verwys as dodelik en onvermydelik, het tot gevolg dat mense 'n fatalistiese ingesteldheid daarteenoor ontwikkel (Searle, 2001:75). Mense neem nie persoonlik verantwoordelikheid nie en is geneig om ander mense of

omstandighede te blameer vir hul eie gedrag namate MIV/vigs onvermydelik en onvoorkombaar word. Aan die ander kant redeneer Searle dat hoewel dit 'n verkeerde opvatting is omdat die virus inderwaarheid swak is en moeilik oordra, verseker dit tog dekking oor die siekte en verhoog dit die prominensie van die onderwerp in die media.

Wat die frekwensie van nuusdekking oor die epidemie betref, wys Kok (2003) daarop dat die Afrikaanse media heelwat minder fokus op MIV/vigs as die anderstalige media. In 'n peiling deur die organisasie Media Tenor is gevind kultuursake (7,6%) kry meer aandag in die Afrikaanse media as MIV/vigs (5,2%). Taalverwante kwessies beslaan 32,7% van die kultuurdekking in *Beeld* en 42,2% in *Rapport*. Kok sê dat hoewel die media 'n pluimpie verdien vir sy bydra tot die stryd teen MIV/vigs deur volgehoue, gebalanseerde verslaggewing oor alle MIV/vigsverwante kwessies, hy moet waak teen konserwatisme en sorg dra dat hy nie die kultuur van negering, wat volgens Kok in sommige regeringtopstrukture gewortel is, onderhou nie.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat MIV/vigsberiggewing nie strook met die vereistes wat belangegroepe daarvoor stel nie. Die leemtes is egter nie eie aan Suid-Afrika nie, soos blyk uit die bespreking oor die aard van MIV/vigsberiggewing in paragraaf 1.3.2. Dit stem ooreen met probleme wat elders in die streek gevind is. In Afrikalande soos Nigerië is soortgelyke leemtes geïdentifiseer (Anon, 2003).

Die leemtes dui daarop dat daar 'n behoefte is aan leiding oor die onderwerp van MIV/vigsdekking. In hierdie verband kan belangegroepriglyne 'n definitiewe rol speel.

In die konteks van leiding aan die media word daar vervolgens gekyk na etiese kodes in die algemeen, en ook bestaande kodes in Suid-Afrika. Die doel is om uiteindelik 'n afleiding te kan maak oor of 'n kode spesifiek vir MIV/vigsnuusdekking werklik nodig is.

1.4 Etiese kodes in die joernalistieke konteks in Suid-Afrika

1.4.1 Inleiding

Etiese kodes vir die media speel dekades lank al wêreldwyd 'n rol. Hoewel dit nie noodwendig daartoe gelei het dat joernaliste se etiese optrede in die algemeen

verbeter het nie, het dit bygedra daartoe om spesifieke standaarde te stel vir daardie joernaliste wat ingestel is op die sosiale en morele verpligtings van die media.

In hierdie afdeling word gekyk na algemeen geldende etiese kodes in Suid-Afrika, en ook na die institusionele kodes (indien van toepassing) van die betrokke publikasies in hierdie studie ter sprake, naamlik die *Sunday Times, Rapport* en *Sunday Sun*.

Etiese kodes se teoretiese grondslag lê in die sosiale verantwoordelikheidsteorie wat definieer wat die pers in die samelewing behoort te doen (Skjerdal, 2001:3) (die onderwerp word volledig bespreek in paragraaf 2.3 *Sosiale verantwoordelikheid* in hoofstuk 2). Die algemene beginsel is dat professionele integriteit die hoeksteen is van 'n joernalis se geloofwaardigheid en dat toegewyde joernaliste van alle media daarna streef om die publiek deeglik en eerlik te dien (vgl. McHam, 2003[c]; Retief 2002:237-252). Dit hou verder in dat die media 'n verantwoordelikheid teenoor die samelewing het om waar, akkuraat, regverdig, objektief en relevant te berig, én om die relevante gedrags- en mediakodes na te volg (McQuail, 2000:150). Etiese kodes in die media is as 't ware 'n vorm van selfsensuur en daarom aanvaarbaar binne die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel. Dit bied riglyne aan instellings en joernaliste oor hoe hulle behoort op te tree en te skryf binne die raamwerk van eties aanvaarbare joernalistiek.

Media-etiek is oorspronklik aangevuur en bevorder deur mediakritiek. Die joernalistieke etiek het in twee rigtings ontwikkel: eerstens het nuusinstellings etiese kodes en riglyne[12] aanvaar, en tweedens het verslaggewers hulle ook verbind tot riglyne wat hul verantwoordelikheid teenoor die samelewing uiteensit (Mencher, 1997:620) het (sien paragraaf 2.4.1.2 *Normatiewe keuses* in hoofstuk 2 vir 'n meer breedvoerige bespreking).

Etiese kodes, hoe stewig ook al, lei egter nie outomaties tot verantwoordelike joernalistiek nie, omdat dit bloot riglyne is. Trouens, daar is 'n ingesteldheid van "blatant indifference" teenoor verantwoordelike joernalistiek in die Suid-Afrikaanse media (Retief, 2002:ix-x). Hierdie kodes is egter heelwat van hulp wanneer mediapraktisyns leiding soek oor etiese besluite (Froneman & De Beer, 1998:310).

---

[12] 'n Lys van die magdom joernalistieke etiese kodes in die wêreld is beskikbaar op die webwerf van die International Journalists' Network by http://www.ijnet.org/FE_Article/CodeEthicsList.asp?UILang=1

Hiebert *et al.* (1991:530-535) is dit met die bogenoemde skrywers eens en sê die meeste kodes bevat bepalings oor waarheid, regverdigheid, konflik van belange en goeie smaak. Dit bied egter geen eenvoudige resep wat die besluitnemingsproses in hierdie verband makliker maak nie. Wat van besondere belang is, is dat baie van die kodes ruimte laat vir 'n breë interpretasie. Dit is onmoontlik om 'n kode te skryf wat elke situasie ondubbelsinnig dek. Daarbenewens het breedvoerige en baie spesifieke kodes dié nadeel dat dit deeglike besinning oor probleme onnodig maak omdat kommunikeerders bloot die bepalings navolg sonder om na te dink oor *hoekom*. Dit sou egter 'n fout wees om etiese kodes as onsinnig af te maak. Die kodes stel ideale daar waarna die media en kommunikeerders moet strewe, en lig die spesifieke kwessies uit waarvoor hulle sensitief moet wees.

Retief (2002:237) onderskei tussen institusionele (kodes wat gebruik word deur 'n groep media-organisasies) en professionele kodes (kodes wat deur spesifieke media-organisasies gebruik word). In hierdie studie word Froneman (2002:28) se standpunt aanvaar, naamlik dat institusionele kodes dié is van 'n spesifieke media-instelling, en professionele kodes dié kodes is wat die beroep geld. Elke publikasie (of koerantgroep) het ook 'n stylgids wat mettertyd ontwikkel is met die doel om eenvormigheid binne die instelling te skep wat taalgebruik en spesifieke skryfwyses betref. Dit is veral vir jong verslaggewers van groot hulp (Froneman, 2002:28).

In Suid-Afrika is enkele professionele en institusionele etiese kodes in plek om mediapraktisyns te lei (sien 1.4.2 *Professionele etiese kodes* en 1.4.3 *Institusionele etiese kodes*). Professionele kodes sluit in dié van die Persombudsman van Suid-Afrika, wat vrywillig deur die gedrukte media toegepas word. Dit staan algemeen bekend as die Perskode[13] (vgl. Froneman & De Beer, 1998:311) en dien as 'n basiese, breë riglyn wat problematiese situasies in die joernalistiek betref. Dié kode se Amerikaanse eweknie is die Society of Professional Journalists se Code of Ethics[14] (Agee *et al.*, 1991:212). Daar is verder die kode van die South African Union of Journalists (SAUJ) wat van toepassing is op lede van dié organisasie; en die kode van die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika, wat geïmplementeer word kragtens die Uitsaaiwet (no. 4 van 1999). Institusionele kodes sluit dié in van die SABC, *The Star, Die Burger* en die *Sunday Times*. Tot 95% van die media in Suid-Afrika val onder die kode van die Uitsaaiklagtekommissie, of, wat die gedrukte media betref,

[13] Sien Bylae E.
[14] 'n Afskrif van hierdie kode is te vind in Bylae K agter in hierdie studie.

onder die Ombudsman se kode. Die media aanvaar dus die selfreguleringsbepaling van die sosiale verantwoordelikheidsmodel (Froneman, 2004).

Die plaaslike kodes wissel van kort, bondig en vaag (die Perskode – volgens Froneman [2004] doelbewus vaag sodat dit wyd in die plaaslike media toepasbaar is) tot uitgebreid (*The* Star). *Buiten dié van die SAUJ maak geeneen melding van MIV/vigsberiggewing nie. 'n Belangegroepkode kan dus in hierdie konteks 'n belangrike leemte vul.* Aanbevelings in hierdie verband word in hoofstuk 9 bespreek.

1.4.2 Professionele etiese kodes

Die belangrikste professionele etiese kode in Suid-Afrika is dié van die Persombudsman van Suid-Afrika. Dit het dié van die Suid-Afrikaanse Persraad in 1997 vervang toe die raad ontbind het. Die eerste (en tot nog toe enigste) ombudsman is mnr. Ed Linington, oudredakteur van die Suid-Afrikaanse Persvereniging (Sapa) (Retief, 2002:237). Die eerste twee paragrawe lê volgens Froneman en De Beer (1998:311-312) die eerste gebooie neer van enige etiese joernalis. Die skrywers voeg tereg by dat die vereiste dat nuus "objectively" oorgedra moet word, egter vervang behoort te word met die meer realistiese vereiste dat joernaliste daarna moet streef om gebalanseerd berig te doen:

> 1.1 The press shall be obliged to report news truthfully, accurately and fairly.
>
> 1.2 News shall be presented in context and in a balanced manner, without an intentional or négligent departure from the facts whether by:
>
> 1.2.1 distortion, exaggeration or misrepresentation;
>
> 1.2.2 material omissions; or
>
> 1.2.3 summarisation

Nóg 'n belangrike kode in die konteks van hierdie studie is dié van die South African Union of Journalists (SAUJ)[15], Suid-Afrika se oudste media-unie. Dit onderskryf dieselfde beginsels as die Ombudsmankode, maar is die enigste wat spesifieke riglyne het met betrekking tot MIV/vigsberiggewing. Die kode is van toepassing op alle joernaliste wat lid is van die organisasie. In 2004 was 521 stemgeregtigde lede geregistreer (Sapa, 2004)[16]. 'n Stylgids is aangeheg wat riglyne verskaf oor

[15] Sien Bylae G vir 'n afskrif van die volledige kode.

[16] In Mei 2004 het die meerderheid van die SAUJ se lede gestem dat die organisasie ontbind en het die organisasie onderneem om die saak met sy lede te bespreek (Sapa, 2004). Dit is

taalgebruik. Die MIV/vigsriglyne het spesifiek betrekking op die riglyne in die algemene etiese kode wat verwys na akkurate en regverdige beriggewing en diskriminasie (sien paragraaf 3.3 *Belangegroepriglyne in perspektief* vir 'n meer volledige uiteensetting).

Retief (2002:37-38) sonder buiten dié twee kodes ook die etiese kodes van die Johannesburgse dagblaaie *The Star* en *Sowetan,* dié van die Sondagkoerant *Sunday Times,* en die kode van die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika as die belangrikstes uit[17]. Hy het die kodes met mekaar vergelyk en tien gemene delers gevind. Sy waarnemings (2002:38-45) kulmineer in 'n kort etiese kode, wat hy die "tien gebooie" noem (2002:44-45). Dit hou in dat die media akkuraat sal wees in teks en konteks en foute spoedig sal korrigeer, regverdig en onbevooroordeeld sal wees, gebalanseerd sal berig, nuusbronne sal beskerm, konflik van belange sal vermy, die privaatheid van individue sal respekteer, nie inbreuk maak op mense se private gevoelens nie, stereotipering sal vermy, en verantwoordelik sal wees wat kwessies soos geweld, godslastering en seks betref.

1.4.3 Institusionele etiese kodes

Van die drie koerante wat in hierdie studie ter sprake is, het net die *Sunday Times* 'n eie etiese kode. Hierdie kode, en dié van die SABC en *The Star,* is beskikbaar op Sanef se webwerf[18] nadat hierdie instellings hulle tydens Sanef se Skills Indaba in 2002 daartoe verbind het om gedragskodes en etiese kodes beskikbaar en openbaar te maak. Die navorser kon nie vasstel of die mediagroep wat die *Sunday Times* besit, Johnnic Publishing, ook 'n kode het nie.

Die koerant se taamlik breedvoerige etiese kode[19] is verdeel in verskeie seksies, onder andere spesifieke beleid oor geskenke en "freebies", en 'n gedragskode vir personeel wat handel oor kwessies soos ras, godsdiens en kultuurverskille. Die kode bevat verder uittreksels uit die Ombudsmankode, die akkuraatheidsnagaanlys (Anon, 2004) wat alle joernaliste moet invul en, aanvullend tot laasgenoemde, 'n nagaanlys met spesifieke verwysing na rassekwessies. Die beginsels stem ooreen met algemene etiese beginsels oor regverdige en eerlike verslaggewing, redigering en

---

onduidelik wat die uitkoms was. Pogings van die navorser om met die organisasie in Johannesburg in verbinding te tree, was onsuksesvol.

[17] Hierdie etiese kodes is vervat in Retief, 2002:237-252).

[18] www.sanef.org.za

[19] Kyk Bylae G.

aanbieding van inligting, met inbegrip van die diversiteit van Suid-Afrikaners. Daar is in geeneen van die afdelings 'n verwysing na MIV/vigs nie.

Mondli Makhanya (2005), redakteur van die *Sunday Times*, sê in 'n mededeling dat die vraag oor 'n aparte etiese kode vir MIV/vigs'n ingewikkelde een is en hy neem nie duidelik standpunt in nie. Volgens hom is daar heelwat sensitiewe kwessies, soos dié van openbaarmaking en die etiese vraagstukke rakende kinders. Deur 'n kode op te stel en MIV/vigs so as 't ware 'n eie status te gee, word volgens hom bygedra tot die stigma wat steeds aan die siekte kleef. Aan die ander kant word joernaliste en nuusbestuurders elke week gedwing om besluite te neem oor hierdie sake. Dit gaan waarskynlik ook vererger namate meer prominente mense siek word. Knelpunte word individueel gehanteer, sê hy.

Media24, eienaar van *Rapport* en *Sunday Sun*, het nie 'n algemene etiese kode wat byvoorbeeld nagevolg kan word deur koerante wat nie hul eie kode het nie. Tim du Plessis (2005), redakteur van *Rapport*, het in 'n mededeling gesê die koerant volg die Ombudsmankode na. Du Plessis meen dit is onnodig om 'n aparte etiese kode van watter aard ook al vir MIV/vigs te skep, omdat daar ander ewe ernstige sake bestaan. Volgens hom behoort koerante MIV/vigs in pas met die algemene beginsels van goeie joernalistieke praktyk te hanteer, maar moet terselfdertyd sensitief wees dat stereotipes nie geskep of geperpetueer word nie.

Die *Sunday Sun* is nou verbonde aan sy susterskoerant *City Press* en onderskryf die etiese kode van dié koerant, wat nog nie voltooi is nie. Buiten dié dokument is daar geen formele riglyne nie, volgens Mike Vink, adjunkredakteur (2005). Knelpunte word, soos by die *Sunday Times*, individueel bespreek en gehanteer.

Aanvullend tot die etiese riglyne wat in kodes verskaf word, het individuele publikasies ook stylgidse wat veral rigting bied wat taalgebruik en terminologie betref. Nie een van die koerante se stylgidse bevat egter riglyne spesifiek oor MIV/vigs nie (Du Plessis, 2005; Makhanya, 2005; Vink, 2005).

1.4.3.1 Institusionele beleid oor MIV/vigsberiggewing

Nuwe navorsing toon daar word op redaksionele vlak nie juis gedink aan beleid oor MIV/vigsberiggewing nie. Besluite hieroor is hoofsaaklik *ad hoc*, reaktief en word

grootliks gegrond op individuele gevalle en nuuswaardigheid. Terselfdertyd hou In gebrek aan hulpbronne, tyd en kapasiteit in dat die meer ingewikkelde aspekte van MIV/vigs – soos die kulturele, psigologiese en sosiologiese sy, minder aandag kry (Finlay, 2003a).

Finlay (2003a) het verder gevind dat belanghebbendes buite die media meen die media het 'n sosiale verantwoordelikheid om in te lig, op te voed en die verskillende fasette van die epidemie deur diepteverslaggewing te ontgin. Dit is 'n verantwoordelikheid wat die media self geredelik erken, ondanks sy kommersiële ingesteldheid. Daar heers 'n algemene opvatting in nuuskantore dat die hoeveelheid dekking wat aan MIV/vigs verleen word, bepaal word deur wat die leser wil hê. Die opvatting dat lesers MIV/vigsvoos is, het tot gevolg dat minder nuusdekking daaraan verleen word (Finlay, 2003a). Daar word algemeen erken dat meer verslaggewing oor die epidemie nodig is, maar weinig kreatiewe denke kom na vore oor hoe dié ideaal bereik kan word. (Die SAUJ het wel MIV/vigsbeleid en –riglyne wat op sy webwerf[20] beskikbaar is.)

1.5 Probleemstelling

Uit die agtergrond wat in hierdie hoofstuk geskets is, is daar duidelike leemtes in MIV/vigsberiggewing in Suid-Afrika. Op een na verskaf geen bestaande professionele of institusionele etiese kodes leiding aan joernaliste oor aanvaarbare MIV/nuusdekking nie. Uit die klaarblyklike leemtes in die nuusdekking oor MIV/vigs het enkele instellings formele riglyne saamgestel om joernaliste te help, in pas met wat in Afrikalande soos Nigerië gedoen word[21] (vgl. Akosile, 2003; Anon., 2003). Die riglyne is nie net op die joernalistieke praktyk gerig nie, maar ook op die etiese aspekte verbonde aan beriggewing oor die epidemie. Dit hou in breë trekke in dat die media te alle tye die regte van mense met MIV/vigs in ag moet neem, hul reg op vertroulikheid moet respekteer en hulle moet uitbeeld op 'n waardige en akkurate wyse (vgl. Beamish, 2002; Delate, 2003; Gysae & Øverland, 2002; Stally 2001). Hoewel heelparty belangegroepe ook informeel kriteria stel, word daar vir die doel

[20] www.sauj.org.za

[21] Die benadering van die Nigeriese media jeens MIV/vigs het die laaste jare geswaai van dié van nuusverspreiding tot 'n deelnemende benadering in die stryd teen die siekte. Die media word beskou as 'n belanghebbende in die pogings om MIV/vigs te beheer en te voorkom, in pas met die kenmerke van die ontwikkelingsmodel. Daar is ook verskeie programme om joernaliste te help om leemtes in beriggewing uit te wis (hulpbronne vir joernaliste word kortliks in hoofstuk 9 bespreek) (Ekpo *et al.*, 2000).

van hierdie studie net gekonsentreer op riglyne wat gepubliseer is (kyk paragraaf 2.6 *Belangegroepe se kriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking* in hoofstuk 2 vir 'n samevatting van die riglyne).

In hierdie studie word vrae gevra oor die nuusdekking oor MIV/vigs in drie koerante aan die hand van hierdie belangegroepriglyne met die doel om 'n afleiding en aanbevelings te kan maak oor of 'n kode spesifiek vir MIV/vigsnuusdekking nodig en wenslik is.

1.6 Algemene navorsingsvraag

In die lig van die bogenoemde kan die volgende algemene navorsingsvraag soos volg geformuleer word:

> **In watter mate voldoen die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* aan die kriteria / riglyne wat belangegroepe stel vir aanvaarbare, etiese mediadekking oor MIV/vigs?**

1.6.1 Spesifieke navorsingsvrae

Verskeie spesifieke navorsingsvrae kom na vore uit die agtergrondstudie asook uit die bogenoemde algemene navorsingsvraag:

1.6.1.1 Watter rol speel die media en belangegroepe in die daarstelling van 'n openbare agenda rakende MIV/vigs?

1.6.1.2 Watter kriteria stel belangegroepe vir etiese mediadekking oor MIV/vigs en hoe verskil dié kriteria van die algemene kriteria wat die Suid-Afrikaanse mediabedryf vir etiese nuusdekking stel?

1.6.1.3 Wat is die aard en prominensie van die *Sunday Times*, *Rapport en Sunday Sun* se dekking van MIV/vigs?

1.6.1.4 In welke mate voldoen die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* aan bogenoemde kriteria?

1.6.1.5 Is 'n kode spesifiek met betrekking tot etiese MIV/vigsnuusdekking nodig en wenslik?

1.6.2 Spesifieke navorsingsdoelwitte

Met verwysing na die navorsingsvrae is die spesifieke doelwitte van hierdie studie om vas te stel:

1.6.2.1 Watter rol die media en belangegroepe speel in die daarstelling van 'n openbare agenda rakende MIV/vigs.

1.6.2.2 Watter kriteria belangegroepe vir die aanvaarbare mediadekking van MIV/vigs stel en hoe dié kriteria verskil van die algemene kriteria wat die Suid-Afrikaanse mediabedryf stel vir etiese nuusdekking.

1.6.2.3 Wat die aard en prominensie is van die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* se dekking van MIV/vigs.

1.6.2.4 In welke mate beriggewing oor MIV/vigs in die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* aan die belangegroepkriteria voldoen.

1.6.2.5 Of 'n kode spesifiek met betrekking tot etiese MIV/vigsnuusdekking nodig en wenslik is.

1.7 Rigtinggewende argument

Belangegroepe speel potensieel 'n belangrike rol in die daarstelling van die media se agenda wat betref die eties aanvaarbare wyse waarop berig behoort te word met betrekking tot eties sensitiewe kwessies soos MIV/vigs. In hierdie konteks vind dit onder meer neerslag in riglyne wat in die literatuur gestel word vir aanvaarbare, etiese beriggewing oor MIV/vigs. Enkele nou verwante vertrekpunte hou hiermee verband. Dit sluit in die onderskeid tussen tipes etiese kodes (binne die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel), en die formulering (formeel sowel as informeel) van kodes deur belangegroepe om die media se agenda te probeer beïnvloed. Wanneer laasgenoemde plaasvind, tree die keersy van die agendastellingsmunt in werking. (Kyk 2.4 vir die algemene teoretiese stelling asook 3.2.1.4, 3.2.2.6, 3.2.3.4 en 3.2.4.9 vir die spesifieke teoretiese stellings.)

Die formulering van nuwe riglyne oor MIV/vigs-beriggewing word deur bogenoemde argumente in 'n breër joernalistieke gesprek geplaas.

1.8 Metode van ondersoek

1.8.1 Literatuurstudie

'n Uitgebreide literatuurstudie met die fokus op boeke, artikels in tydskrifte en koerante, voorleggings en voordragte, en internetbronne is onderneem. Die doel van die literatuurstudie was om vas te stel watter kommentaar gepubliseer is oor die dekking wat die Suid-Afrikaanse media verleen aan MIV/vigs met die spesifieke doel om riglyne/kriteria te identifiseer. Daar bestaan heelparty Suid-Afrikaanse studies wat die inhoud van koerantitems in die breë ontleed, maar heelwat meer gefokusde navorsing is nodig om die joernalistiek en koerantpraktyk te ontleed en daarvoor begrip te skep (Parker & Kelly, 2001; Delate, 2003b).

Die volgende bronne is geraadpleeg: EBSCOhost, Nexus, Media24, Independent Newspapers, Ferdinand Postma Katalogus, SA Media, MCB Emerald en verskeie internetbronne.

Hoewel daar, sover vasgestel kon word, geen soortgelyke studie gedoen is nie, het die literatuurstudie genoeg inligting oor die media en MIV/vigsberiggewing in den brede opgelewer om hierdie studie uitvoerbaar te maak. In hierdie verband kan Cadre se navorsing oor nuusberiggewing in die algemeen in Suid-Afrika (vgl. Shepperson, 2000; Stein, 2002), en die ontwikkeling van riglyne (Delate, 2003) uitgesonder word. Wat tendense in die Suid-Afrikaanse joernalistiek en die frekwensie van MIV/vigsberiggewing betref, is die navorsing van Media Tenor ter sprake (vgl. Media Tenor, 2000).

1.8.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese deel van die studie konsentreer op beriggewing oor MIV/vigs in die hoofkoerant[22] van die *Sunday Times*, *Rapport* en die *Sunday Sun* van 1 Januarie 2003 tot 30 Junie 2003. Die drie koerante is gekies omdat hulle die grootste deel van die totale Sondagpersleserskorps verteenwoordig. (Hierdie studie poog egter nie om die hele mark te dek nie. Daarvoor is die mark te kompleks.) Omdat al drie Sondagkoerante is, kan dit beteken dat daar meer ruimte is vir die ontwikkeling van

[22] Die hoofkoerant is dié gedeelte van 'n koerant waarin die aktuele sake, oftewel nuus van die dag, berigmatig gehanteer word.

die onderwerp (MIV/vigs) vergeleke met dagblaaie wat hoofsaaklik op harde nuus konsentreer en waar spasie beperk is. 'n Mens sou dus kon aflei dat die koerante meer ruimte beskikbaar sou hê om 'n bewusmakingsrol te speel.

Die tydperk is gekies omdat daar in die eerste ses maande van 2003 geen opspraakwekkende gebeurtenis (*event-driven media-splurge*) aan die MIV/vigsfront was nie. Dit beteken dat deursnitberiggewing deurgaans bestudeer kan word, waardeur geldigheid verhoog word.

Elke item sal geklassifiseer word as harde nuus, agtergrondartikel, *feature, r*edaksionele kommentaar, spotprent, advertensie- en promosiekopie, hoofartikel of brief, en die prominensie van die item is beskryf. Die items sal elkeen kwalitatief ontleed word aan die hand van die gestelde kriteria (soos uiteengesit in 1.6) (vgl. Jensen, 2002a; Gunter, 2002).

In die lig van die navorsingsvraag vir hierdie studie is die kwalitiewe metode die mees informatiewe, omdat die inhoud van 'n teks beoordeel word. Die metode is reeds deur navorsing as waardevol bewys vir die beoordeling van tekste waar betekenis ter sprake is (Hatch, 2002:9; Silverman, 2000).

Ten einde betroubaarheid te verhoog, is persoonlike onderhoude na afloop van die inhoudsanalise met senior verteenwoordigers by die koerante gevoer.

1.9 Struktuur van die studie

Die studie bestaan uit nege hoofstukke. Dit word soos volg uiteengesit en aangebied:

- **Hoofstuk 1**

a) Opskrif: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings.
b) Die agtergrond, probleemstellings en doelstellings, asook die verband in die breë joernalistieke konteks word uiteengesit.
c) Die rol van die media in MIV/vigsberiggewing word onder meer uitgelig.

- **Hoofstuk 2**

a) Opskrif: Die rol van die media en belangegroepe as agendasteller ten opsigte van MI|V/vigs.
b) Die rigtinggewende argumente word uiteengesit.
c) Daar word gepoog om die eerste navorsingsvraag te beantwoord, naamlik: **Watter rol speel die media en belangegroepe in die daarstelling van 'n openbare agenda rakende MIV/vigs?**

- **Hoofstuk 3**

a) Opskrif: Belangegroepkriteria vir etiese MIV/vigsberiggewing.
b) Kriteria wat deur belangegroepe saamgestel is om nuusdekking oor MIV/vigs te evalueer, word volledig uiteengesit.
c) Die tweede navorsingsvraag is ter sprake, naamlik: **Watter kriteria stel belangegroepe vir etiese mediadekking van MIV/vigs en hoe verskil dié kriteria van die algemene kriteria wat die Suid-Afrikaanse mediabedryf vir etiese nuusdekking stel?**

- **Hoofstuk 4**

a) Opskrif: Metodologie: kwalitatiewe inhoudsanalise en onderhoude.
b) 'n Breedvoerige bespreking van die metode van ondersoek.

Om die leesbaarheid van die studie te verhoog en die omvang te beperk, word die resultate van die kwalitatiewe inhoudsanalise in vier hoofstukke aangebied. Vir dié doel is die kriteria (soos saamgevat in paragraaf 2.6 *Belangegroepe se kriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking*) in vier breë kategorieë verdeel. Hoofstuk 5 tot 8 verskaf waarskynlike antwoorde op die derde navorsingsvraag, naamlik: **Wat is die aard en prominensie van die *Sunday Times*, *Rapport en Sunday Sun* se dekking van MIV/vigs?**

- **Hoofstuk 5**

a) Opskrif: Kwalitatiewe analise: genres en subtemas.

b) Die nuusdekking word beoordeel volgens riglyne wat verband hou met sake waaroor die media skryf, soos:
   i. Maatskaplike kwessies en gebeure op grondvlak;
   ii. Positiewe en opbouende elemente; en
   iii. Kritiese en indieptejoernalistiek.

- **Hoofstuk 6**

a) Opskrif: Kwalitatiewe analise: aanbieding.
b) Riglyne oor byvoorbeeld sensasionalisering en prominensie kry aandag.

- **Hoofstuk 7**

a) Opskrif: Kwalitatiewe analise: taal- en woordgebruik.
b) Vraagstukke soos stigmatisering, diskriminering en sensasionalisering in taalgebruik en woordkeuse word ondersoek.

- **Hoofstuk 8**

a) Opskrif: Kwalitatiewe analise: akkuraatheid.
b) Riglyne oor kwessies soos die gebruik van meer as een geloofwaardige bron, feitelike korrektheid, kontekstualisering, en die hantering van statistieke en aansprake kom hier aan die orde.

- **Hoofstuk 9**

a) Opskrif: Slotgevolgtrekkings en verantwoording.
b) In die slothoofstuk word die vierde navorsingsvraag beantwoord, naamlik: **In welke mate voldoen die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* aan bogenoemde kriteria?**
c) Daar word verder aandag gegee aan in hoeverre die algemene doelstellings bereik is (sien 1.6.2).
d) Wanneer die gevolgtrekking gestel word, word die laaste navorsingsvraag ook beantwoord, naamlik: **Is 'n kode spesifiek met betrekking tot etiese MIV/vigsnuusdekking nodig en wenslik?**

Bylae tot die studie

Die bylae sluit in afskrifte van sommige etiese kodes wat in Suid-Afrika gevolg word en wat in hierdie studie ter sprake is, soos die Perskode en die kode van die *Sunday Times*.

HOOFSTUK 2

Die rol van die media en belangegroepe as agendasteller ten opsigte van MIV/vigs

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar in breë trekke gekyk na die agendastellingsteorie en agendastellingsfunksie van die media en hoe dit neerslag vind in beriggewing oor MIV/vigs. Omdat die media ook beïnvloed *hoe* mediagebruikers dink, het hy 'n verantwoordelikheid om eties aanvaarbaar oor MIV/vigs te berig. Dis in hierdie konteks dat die sosiale verantwoordelikheidsteorie ter sprake kom. Vir die doel van hierdie studie word agendastelling as 'n gegewe beskou. Die studie poog dus nie om die effek daarvan te bepaal nie.

Die doel van hierdie uiteensetting is om die eerste spesifieke navorsingsvraag te beantwoord, naamlik:

Watter rol speel die media en belangegroepe in die daarstelling van 'n openbare agenda rakende MIV/vigs?

2.2 Agendastelling

Agendastelling is 'n proses waardeur die massamedia die individu se persepsie oor wat belangrik is, beïnvloed. Volgens die agendastellingshipotese skryf die media dus (deur die prominensie wat hy aan sekere gebeure, onderwerpe of kwessies gee) as 't ware vir die publiek voor *waaroor* om te dink. Uiteindelik word die nuusprioriteite van die media ook die prioriteite van die lesers (McCombs & Becker, 1979:121-126; Du Plooy, 1991:2).

Deur sy agendabepalingsfunksie bepaal die media egter nie net *waaroor* mediagebruikers moet dink nie, maar ook *hoe* hulle moet dink (McCombs & Becker,

1979:121; Serfontein, 1995:21-41; Stein, 2002; Searle, 2001). Agendastelling is gegrond op twee aannames (Du Plooy, 1991:2):

(i) dat die massamedia optree as hekwagters[1]; en
(ii) dat ontvangers 'n deurlopende behoefte daaraan het om georiënteer te word oor watter maatskaplike, kulturele of politieke gebeure buite hul persoonlike ervaringsveld die moeite werd is om hulle mee te bemoei.

Ingevolge die agendastellingsteorie redeneer Agee *et al.* (1991:319) dat mediadekking die publiek se opvatting van watter probleme aandag nodig het net soveel raak soos wat persoonlike ondervinding dit beïnvloed. Volgens die skrywers is die agendastellingskapasiteit van die media egter beperk, omdat net 'n paar kwessies op 'n gegewe tydstip die publiek se aandag kan hou. Onderwerpe beweeg dus hoër op die media-agenda ten koste van ander knelpunte. Die kwessies self ding gevolglik mee om publieke aandag. Hoe meer persoonlike ondervinding 'n individu egter van 'n spesifieke saak het, hoe minder waarskynlik is dit dat die media daardie persoon se agenda sal stel.

Serfontein (1995:20-21) voer tereg aan dat die media wel meer kan doen as om net bloot strydpunte uit te lig. In *hoe* hy 'n knelpunt aanbied, openbaar hy 'n bepaalde standpunt, en stel hy gevolglik die agenda op 'n spesifieke manier. Die media het dus ook die vermoë om nuus binne 'n spesifieke waardeperspektief aan te bied. Só skep hy 'n mediarealiteit, oftewel 'n spesifieke beeld van die werklikheid (Fourie, 2001a:304). In hoeverre dié beeld ´n ware weerspieëling van die werklikheid is, is debatteerbaar. Die probleme wat in die media beklemtoon word, is nie noodwendig dié wat in die werklikheid die botoon voer nie (Severin & Tankard, 1992:227; vgl. ook Dearing & Rogers, 1996).

Dit bring weer die vraag oor die media se verantwoordelikheid na vore. Die besluitnemingsproses (oor wat nuus is) hou dikwels in dat die balans tussen 'n individu se reg op privaatheid en die publiek se reg en behoefte om te weet, geëvalueer moet word (Hausman, 1990:3). Normatiewe en etiese kwessies kom dus reeds ter sprake op besluitnemingsvlak (kyk paragraaf 2.2.1 *Wat is nuus?*). Aan die

[1] Hekwagters is die mense by 'n koerant wat besluit watter nuus geselekteer en watter verwerp word, en/of hoe om die vorm en substansie van 'n boodskap te verander. Die redakteur het gewoonlik die finale sê oor wat geplaas word, maar hy word bygestaan deur senior redaksielede (Du Plooy, 1991:30; Froneman, 2002:25).

ander kant is dit so dat die media ook 'n agenda stel in soverre hy kwessies ignoreer. Hoewel die epidemie vinnig versprei het, het dit byvoorbeeld vier jaar geduur voordat MIV/vigs 'n openbare kwessie in die media geword het. Op dié manier het hy te kenne gegee dat hy dit nie as belangrik beskou nie. Dearing en Rogers (1992:181) sê:

> HIV/AIDS provides an excellent example of the power of media to keep a sexually related topic off the agendas of both the public and policymakers. Because the disease initially was thought to affect only homosexuals and intravenous drug users, groups deemed to be outside the "mainstream" by many editors and reporters, very few stories on HIV/AIDS appeared until mid-1985, four years after the Centers for Disease Control had reported more than 350 deaths. THE NEW YORK TIMES, an influential agenda setter for both other media and policymakers, was especially slow in covering the topic.

In pas met die bogenoemde standpunt en die argumente van McCombs en Becker (1979:121-126) voer McQuail (2000:455) aan dat daar ooreenstemming is tussen die mate van prioriteit wat die media aan kwessies heg en die mate van prioriteit wat die publiek en politici aan dieselfde knelpunte heg.

In aansluiting by die bogenoemde is dit duidelik dat mediadekking oor MIV/vigs en die agenda wat in hierdie verband gestel word, nie net mense se leefstylkeuses raak nie, maar ook 'n invloed het op hul ingesteldheid teenoor die regering en sy sensitiwiteit vir mense se behoeftes. Gegewe die omstredenheid om pres. Thabo Mbeki se standpunt oor MIV/vigs, die TAC se veldtogte vir bekostigbare antiretrovirale middels (ARM) en ander kwessies, sou mediadekking van die gebeure sekerlik heelwat bydra tot Suid-Afrikaners se ingesteldheid teenoor die epidemie en die regering se hantering daarvan (Hickey, 2002:53). 'n Peiling van Media Tenor in 2000 het inderdaad getoon dat Suid-Afrikaners die regering se optrede nie goedkeur nie. Teen einde 2000 het Mbeki se gewildheid 'n nuwe laagtepunt bereik. Net 38% van Suid-Afrikaners het aangedui dat hulle die wyse waarop die ANC-regering die MIV/vigskwessie hanteer, goedkeur (Media Tenor, 2000).

McQuail (2000:457) som die agendastellingshipotese soos volg op:

- Openbare debat vind neerslag in 'n stel pertinente (*salient*) strydvrae.
- Die agenda spruit uit die openbare mening en voorstelle van (politieke) leiers.

- Mededingende belangegroepe wil hul spesifieke vraagstukke bevorder.
- Die massamedia besluit watter prominensie daar aan nuusitems verleen gaan word op grond van verskeie faktore, veral druk van belanghebbendes, die openbare mening en werklike gebeure.
- Die uitkoms in die media (dus die relatiewe graad van prominensie van kwessies) gee openbare erkenning aan die bestaande agenda en het ook verder ´n uitwerking op die openbare mening.

Dearing en Rogers (1996:3) onderskei, soos McQuail indirek ook, tussen drie agendas en omskryf agendastelling as 'n inherent politieke proses. Wat op die spel is, is die relatiewe aandag wat die *media*, die *publiek* én *beleidmakers* aan sekere kwessies gee eerder as aan ander.

Wat hiermee saamhang, is die beginsel van omraming (*framing*) - die invloed van die nuushoeke wat joernaliste kies, op die publiek het (Fourie, 2001a:305). Dié skrywer beskryf 'n nuushoek as die manier waarop die media in die algemeen of 'n enkele medium 'n mens, instelling of onderwerp uitbeeld of daaroor skryf. Kies die media om net oor die negatiewe berig te doen, word die gehoor net aan die negatiewe aspekte van daardie spesifieke mens, onderwerp of instelling blootgestel. Hulle vorm dus van meet af aan 'n ongebalanseerde beeld. As 'n medium MIV/vigs byvoorbeeld voorhou as 'n "swart" of "gay" siekte, kan mense wat nie in hierdie groepe val nie, verkeerdelik aanneem dat hulle nie 'n risiko loop om die siekte te kry nie. Terselfdertyd diskrimineer só 'n nuushoek teen die betrokke groepe, 'n probleem wat belangegroepe ten alle koste wil stuit (vgl. Cullinan, 2001; Spadacini, s.j.; Fourie, 2001a:452-458). In dié verband het berigte oor die akteur Rock Hudson, wat sy homoseksualiteit geheim gehou het tot sy dood; en Fabian Bridges, 'n manlike prostituut wat aanhou werk het nadat hy met MIV gediagnoseer is, sekerlik wel die publiek meer bewus gemaak van die siekte. Dit sou egter nie veel doen om mense te oortuig dat dit ´n virus is wat hulle kan besmet indien hulle nie voorsorg tref nie (Reardon & Richardson, 1991).

Dearing en Rogers (1996:4), daarteenoor, gebruik die voorbeeld van rook en sê die negatiewe ingesteldheid teen rook (in die VSA) het aanvaarbaar geword weens mediavoorspraak en die strategiese gebruik van die massamedia om ´n openbare beleidsinisiatief te bevorder. Blootstelling in die media het dus die potensiaal om van 'n maatskaplike probleem 'n kwessie (*issue*) te maak.

McCombs en Becker (1979:120-123) beskryf drie perspektiewe op die reaksie van die publiek op nuusdekking. Die eerste het betrekking op die tipe reaksie. In hierdie verband sê die skrywers nuusdekking kan 'n emosionele, 'n intellektuele of 'n bewuswordingsreaksie ontlok. Hulle meen dat daar dikwels te veel klem op die emosionele reaksie gelê word. Die meeste mediaboodskappe het egter 'n ander doel, naamlik om in te lig. Mense leer dus van die media. Die skrywers sê verder navorsing het bewys dat die nuusmedia besonder vaardig is wanneer dit kom by die skep van wydverspreide bewustheid oor 'n spesifieke idee of onderwerp (vgl. Severin & Tankard, 1992:227). Hoeveel egter tot dusver in die Suid-Afrikaanse media gedoen is om spesifiek bewustheid rondom MIV/vigs te verhoog, is sover vasgestel kon word nog nie in besonderheid nagevors nie. In een van die eerste "HIV news reception studies" in Suid-Afrika is 'n "overwhelming need" egter onder respondente gevind vir meer inligting oor MIV/vigs, veral nuus oor gewone mense, en "coverage which is an authentic depiction of the harshness of disease amidst poverty" (Jooste, 2004).

Daar is ook nie uitsluitsel oor die impak van die media op die verandering van mense se gedrag ten opsigte van van MIV/vigs nie (kyk 1.2 **Die rol van die media**). Mediaboodskappe ontlok selde 'n onmiddellike verandering in gedrag (McCombs en Becker, 1979:122). As mense egter oor 'n lang tyd aanhoudend oor 'n bepaalde onderwerp lees en dit nie met hul diepste oortuigings bots nie, sal hulle dit mettertyd aanvaar en ook begin navolg - mits die media die saak deurlopend op min of meer dieselfde wyse aanbied en die interpretasie daarvan hoofsaaklik dieselfde bly (De Fleur & Dennis, 1991:559-561). Die skrywers noem hierdie uitgangspunt die akkumulasieteorie (vgl. Hiebert *et al.*, 1991:131). Die media kan veral 'n groot invloed uitoefen indien die gehoor niks nie of min van die onderwerp af weet (vgl. ook Froneman, 2002:2). Hierdie opvatting sluit aan by McCombs en Becker (1979:122) se tweede perspektief, naamlik dat die tydsduur van die uitwerking van mediaboodskappe kort of lank kan wees. Hulle meen die uitwerking is soms eers na jare sigbaar.

Hierdie akkumulasiestandpunt kan ook van toepassing gemaak word op die gebruik van MIV/vigsterminologie. Indien daar deurlopend dieselfde terminologie gebruik word wanneer 'n publikasie oor 'n onderwerp berig doen, sal die lesers naderhand daardie terminologie begin gebruik. Só is toe MIV/vigs in die jare 80 van die vorige eeu net bekend geword het, ook in die Afrikaanse media na die sindroom verwys as Aids (*acquired immunodeficiency syndrome*) en na die virus as HIV (*human*

immunodeficiency virus). Daar is eers heelwat later oorgeskakel na die Afrikaanse vertalings, naamlik vigs (verworwe immuniteitsgebreksindroom) en MIV (mensimmuungebrekvirus). Dié terme word nou wyd gebruik en het ook in die volksmond neerslag gevind.

2.2.1 Wat is nuus?

Hoe 'n publikasie die begrip nuus beskou en definieer, het ook 'n invloed op hoe hy sy agenda stel. Dit kan byvoorbeeld sy aanbieding van 'n item wesenlik beïnvloed. Trouens, hoe 'n publikasie nuus definieer, sal bepaal of 'n onderwerp sy media-agenda sal haal.

Om die begrip nuus te omskryf, is egter nie so eenvoudig nie. Daar is nie 'n enkele definisie nie. Wat vir een mens of gemeenskap nuus is, is nie vir die volgende een nuus nie (vgl. Nel, 1999:35); nuus is nuut, maar nie alles wat nuut is, is nuus nie.

Die media bepaal nie outonoom wat nuus is nie (Dearing & Rogers, 1992:174-175). Die optrede van media-organisasies en hul werknemers word beperk deur verskillende verhoudings, intern en ekstern. Die skrywers onderskei tussen eksogene (eksterne) en endogene (interne) invloede op die bepaling van wat as nuus beskou word, en dus op die uiteindelike agenda. Die nuuskriteria (bespreking volg) wat gebruik word om die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis te bepaal, is 'n voorbeeld van endogene bepalers, só ook 'n redakteur se ingesteldheid teenoor 'n bepaalde onderwerp. Die aantal protesoptredes wat gehou word oor 'n saak is weer 'n voorbeeld van eksterne invloed op die definisie van nuus.

Nuus kan ook dit wees waarop die redakteur van ´n spesifieke publikasie op 'n spesifieke dag besluit (vgl. Hausman, 1990:9). Oosthuizen (2001:448) is dit met Hausman eens wanneer hy sê: "Newsmedia are telling their version of the news about events they have selected as newsworthy." Dit moet iets wees wat nou op 'n bepaalde tyd en plek gebeur en dit moet verskil van gebeure in die verlede.

Hicks (2002:7-14) sê dit is maklik om nuus te definieer: dit moet net feitelik, nuut en interessant wees – minstens vir jou spesifieke gehoor. Snyman (1971, soos aangehaal deur Oosthuizen, 2001:447) sluit hierby aan: "News is knowledge about

new, topical and contingent events that differ in the relevance and meaning they have for people."

Leiter *et al.* (2000:38; vgl. ook Sheridan Burns 2002:49-51) kom waarskynlik die naaste aan 'n omskrywing wat die saamgestelde aard van die begrip nuus weergee met die volgende definisie:

1. News is an account of man's changing relationships.
2. News is an account of events that disrupt the status quo or have the potential to cause disruption.
3. News is an event of community consequence.

Die volgende twee algemene riglyne maak die begrip nog duideliker (Mencher, 1997:58):

1. News is information about a break from the normal flow of events, and interruption in the expected.
2. News is information people need to make sound decisions about their lives.

Nel (1999:35) voeg ´n verdere dimensie by met sy beskrywing van nuus:

> News ... whatever else it may be, is in the eyes of the beholder: reporters, editors and readers.

Wanneer 'n mens kyk na wat nuus is, is dit verder belangrik om die aandag daarop te vestig dat nie alle stof geskik is vir publikasie nie. Nuus is dus eerstens altyd 'n proses van seleksie, wat 'n direkte invloed het op die agenda wat die media stel. Aan die een kant beskou die hekwagter sekere onderwerpe as besonder nuuswaardig en aan die ander kant ignoreer hy ander (McCombs & Becker, 1979:12). Dit het uiteraard 'n invloed op die media-agenda. Daarbenewens gee die media net tussen 15% en 20% van beskikbare inligting deur na die leser in sy verslaggewing (McCombs & Becker, 1979:12; Smith, 2003).

Keuses word egter gemaak aan die hand van nuuskriteria[2] (vgl. Sheridan Burns, 2002:49-62; Greer, 1999:31-44; Froneman, 2002: 49-64; Hausman, 1990:13-15; Leiter *et al.*, 2000:30-44; Mencher, 1997:55-70; Nel, 1999:19-32). Veral sewe faktore wat die nuuswaardigheid van gebeure, mense en idees bepaal, word algemeen in die literatuur aangehaal, naamlik:

(i) tydigheid (onmiddellikheid);
(ii) impak (gebeure wat ´n groot groep mense kan beïnvloed);
(iii) prominensie (bekende mense/instellings);
(iv) afstand (gebeure wat geografies of emosioneel na aan die gehoor is);
(v) konflik (tussen mense of instellings);
(vi) die ongewone; en
(vii) aktualiteit.

Nel (1999:22,24) voeg die volgende by:

(viii) gevolge (hoe die leser deur die gebeure geraak word;
(ix) die nuuspakket (die verskeidenheid van nuus op ´n spesifieke dag); en
(x) visuele aantrekkingskrag.

Leiter *et al.* (2000) en Greer (1999) plaas ook klem op rampe en vooruitgang, die mens-element (*human interest*) en seks.

Sheridan Burns (2002:52) sluit relatiwiteit in by haar lys van basiese nuuskriteria. Sy beskou dit as die ingewikkeldste en mees subjektiewe nuuskriterium. Relatiwiteit het te doen met waarom ´n berig wat elke nuustoets deurstaan, soms tog nie die koerant haal nie. Volgens Sheridan Burns word dit beïnvloed deur die soort medium (sommige nuusgebeure is byvoorbeeld meer visueel en sal eerder op televisie aard as in die gedrukte media).

[2] In teenstelling met talle skrywers in die veld wat die onderwerpe waaroor die pers skryf, in Engels as *news values* (nuuswaardes) tipeer, onderskei Froneman (2002:57-62) tussen nuuswaardes en nuustemas. Hy redeneer dat ´n waarde ´n normatiewe aard het en wil op dié manier verwarring vermy. Hausman (1990:13-14) verwys ook na die riglyne aan die hand waarvan bepaal word of inligting nuus is, as nuuskriteria en na die "gewig" wat dit dra, as die nuuswaarde. Ek verwys in hierdie studie ook na nuuskriteria as die bepalers wat gebruik word om nuusitems se selekteer en te prioritiseer, en na nuustemas as dit kom by die onderwerpe waaroor die media skryf.

Fourie (2001a:455, aan die hand van Fowler, 1991) beskou die gevolg van die toepassing van die nuuskriterium prominensie (wat verwys na bekende mense, soos oudpres. Nelson Mandela) as gevaarlik. Terwyl die media so behep is met mense wat in simbole verander word (om identifisering, empatie of afkeur te bevorder), bly ernstige besprekings en verduidelikings van die onderliggende maatskaplike en ekonomiese faktore agterweë (kritiese en indieptejoernalistiek kom in paragraaf 3.2.1.1 *Kritiese en indieptejoernalistiek* in hoofstuk 3 onder die loep).

Wanneer ´n mens kyk na hoe nuuswaardig ´n gebeurtenis is, meet jy dit aan die omvang van die ontwrigting van *status quo,* die getal mense betrokke of geraak deur gebeure; hoe na aan jou gehoor die gebeure is (afstandsdimensie); hoe tydig die gebeure is; wat die omvang/belang van gevolge daarvan is; en hoeveel van die nuuskriteria ter sprake is.

Gemeet aan die bogenoemde, is MIV/vigs op die oog af deurlopend nuuswaardig. Daar is elke dag nuwe ontwikkelings, of dit nou in die navorsing is of op die gebied van voorkoming en sorg, tendense in die epidemie, of hoe MIV/vigs mense en die samelewing raak (Beamish, 2002:ch-4690; Parker & Kelly, 2001:6). Die kriterium tydigheid (onmiddellikheid) is hier van toepassing. Beamish (2002:ch-4690) gebruik die volgende voorbeeld om die nuuskriterium afstand te illustreer: 'n storie oor 'n spesiale sitting van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies oor MIV/vigs sal waarskynlik meer byval vind by 'n joernalis se gehoor indien hy hul land of gemeenskap byhaal. Die joernalis kan byvoorbeeld berig oor wat dit vir die spesifieke land beteken dat meer geld vir die stryd teen die siekte bewillig is.

Stein (2001:11) sê egter MIV/vigs voldoen nie dikwels aan die standaardkriteria vir harde nuus (*breaking news*)[3] nie, omdat dit 'n "slow-moving disaster" is: "Journalism, on the other hand, thrives on speed and novelty and therefore reserves its attention for events that are novel, violent and intense."

Dearing en Rogers (1992:181) ondersteun hierdie standpunt:

> The mass media appetite is primed for quick-onset issues that can be reported, categorized, understood, and forgotten just as the next news issue arises. AIDS

[3] Hausman (1990:10) beskryf harde nuus soos volg: "Hard news is traditionally taken to mean breaking news, something out-of-the-ordinary that is happening currently of happened recently, such as a fire. Note that the definition of hard, breaking news intrinsically implies the concept of timeliness."

> did not fit this pattern. The disease was difficult to report, it defied easy categorization, it was little understood (even by scientists), and it would not go away.

Hoewel MIV/vigs dus voldoen aan die (meeste) nuuskriteria, skets die werklikheid 'n ander prentjie. Dit moet dikwels plek maak vir nuus van 'n meer dramatiese aard en word net boaan die agenda geplaas wanneer daar iets werklik opspraakwekkends gebeur het. Dit was juis die dood van die akteur Rock Hudson en veral die vooroordeel van die gemeenskap teen die MIV-positiewe skoolseun Ryan White in Kokomo, Indiana, in 1985 wat redakteurs van die massamedia MIV/vigs as 'n belangrike nuusonderwerp laat sien het (Dearing & Rogers, 1992:182-183). Hierdie gebeurtenisse het die epidemie vermenslik en aantreklik gemaak vir die redakteurs (kyk ook Lambeth, 1992:84).

Wat belangrik is, is dat weens die aard van nuus, die manier waarop joernaliste dit skep en die invloede wat nuus en nuusorganisasies as maatskaplike instellings in die samelewing absorbeer, is nuus nie 'n spieëlbeeld van die werklikheid nie (Fourie, 2001a:465). Dit is eerder 'n venster wat net 'n deel van die werklikheid kan weergee, projekteer of selfs skep.

2.2.1.1 Joernalistieke style

Die manier waarop die media skryf – dus joernalistieke style, is besonder belangrik as dit kom by hoe berig word oor 'n onderwerp. Stories kan in verskeie algemene style geskryf word en steeds dieselfde basiese inligting bevat. Talle van hierdie style het deur die jare in die joernalistiek ontwikkel. Sommige word wyer as ander gebruik, maar elk was by tye die gewildste en het sy merk gelaat. DeFleur en Dennis (1991:387-392) beskryf enkele style, wat ter agtergrond in hierdie studie opgehaal word. Dit word vervolgens kortliks saamgevat en in die huidige joernalistieke konteks geplaas.

- ***Sensasionele joernalistiek***

Hierdie styl het van die laat 1800's tot omstreeks 1920 hoogte gevier. Dit het klem gelê op skokkende detail, bisarre gebeure, en soms selfs "appalling transgressions of the social norms". Koerante in daardie tyd het gedy onder die skandale en sondes van veral hooggeplaastes. As moord byvoorbeeld gepleeg is, is dit tot in die fynste

besonderhede beskryf en bespreek. Suggesties van ongeoorloofde seks en spekulasie oor die verraderlikheid van die moordenaar is bygebring. "Objektiwiteit" en balans het nie veel aandag gekry nie.

Hierdie styl is vandag nog wyd van toepassing in veral die Britse en Amerikaanse geelpers. Daar is ook tekens van te sien in die populistiese pers in Suid-Afrika, veral in die publikasie *Die Son*. Froneman (2002:37-44) beskryf koerante wat die sensasionele styl toepas en ernstige onderwerpe oppervlakkig hanteer, as populistiese publikasies wat vir lesers gee wat hulle wil hê (teenoor ernstige koerante, wat alle onderwerpe ernstig aanpak; en middelmootkoerante wat daarop gemik is om 'n breë spektrum van lesers gelukkig te hou deur iets vir alle smake te probeer bied).

Verskeie nuwe populistiese koerante, waaronder die *Daily Sun*, die *Kaapse Son* en *Die Son* (in die noorde) het die laaste paar jaar uit die stal van Media24 verskyn. Die *Sunday Sun*, wat in hierdie studie ontleed word, is 'n populistiese koerant. Die *Sunday Times* en *Rapport* is albei middelmootkoerante, dit wil sê blaaie wat 'n verskeidenheid van lesers met ernstiger en triviale berigte bedien.

- ***"Objektiewe" joernalistiek***

Sensasionalisme het plek gemaak vir "objektiwiteit", wat hoogty gevier het tot omstreeks die helfte van die vorige eeu. Joernaliste en verbruikers het jare lank gedink dié soort joernalistiek is 'n groot verbetering op die sensasionele joernalistiek van vroeër. "Objektiewe" joernalistiek het drie hoofkenmerke gehad:

(i) Feite en menings is van mekaar geskei
(ii) Die nuus is op 'n onemosionele wyse aangebied
(iii) Joernaliste het gestreef na regverdigheid en balans deur alle kante van die saak volledig te stel

In die jare 60 van die vorige eeu het 'n hele paar kritici begin aanvoer dat dit onmoontlik is om feite en menings van mekaar te skei. Hulle het gesê dit is vir geen mens moontlik om werklik objektief te kan wees nie (die kwessie word in groter besonderhede bespreek in 2.3). Joernaliste is aangemoedig om *regverdigheid* eerder as 'n maatstaf te beskou (sien 2.3.5.9). Die kritici het gemeen Amerikaanse joernalistiek was sonder fut – onemosioneel en nie in staat om groot maatskaplike

probleme aan te spreek nie. Hulle was in 'n groot mate reg. Gedurende die eerste helfte van die eeu het die pers die benarde situasie van swart mense, ander minderheidsgroepe, die armes en die opbloei van frustrasies oor burgerregte byna geïgnoreer. (In die jare 60 het die pers dié debatte egter weer help heropen.)

Wanneer die pers gekritiseer is, het hy maklik gesê "ons rapporteer net die nuus". Kritici het dit al meer gesien as 'n manier om klagtes te omseil: mediakritiek in die 1960's was as gevolg hiervan besonder fel. Dit het ook gelei tot die ontwikkeling van alternatiewe style.

"Objektiwiteit" speel vandag steeds 'n groot rol in die joernalistiek en word veral deur mediakritici as 'n stok gebruik om die pers mee te slaan. Verskeie skrywers maak groot gewag daarvan dat daar nie so iets is soos objektiwiteit nie (vergelyk veral Lombaard, 2002:8, 16-17, 49, 100). Thami Mazwai, voorsitter van die South African Chapter of the African Renaissance (Sacar) en uitvoerende hoof van Mafube Publishing, en andere wat 'n ontwikkelingsbenadering in die joernalistiek voorstaan, verwerp ook die konsep van objektiwiteit (Sapa, 2003).

Alle handelinge binne die joernalistiek is egter subjektief, omdat dit vanuit 'n spesifieke perspektief geskied (kyk ook 3.2.2.1 *Nuusrame*). 'n Joernalis kan hom nie losmaak van sy verwysingsraamwerk nie. Hierdie faktor speel ook 'n rol wanneer dit kom by agendastelling, omdat dit 'n direkte invloed op byvoorbeeld 'n redakteur se siening van die definisie van nuus het. Dit is nodig dat die media die begrip òf heeltemal verwerp, òf duidelik herdefinieer om die meer toepaslike maatstawwe soos regverdigheid en billikheid onder die publiek se aandag te bring.

- ***Nuwe joernalistiek***

Die eng raamwerk van "objektiwiteit" en tradisionele formate het joernaliste negatief gestem en daar is na 'n ander manier gesoek om berigte vanuit 'n nuwe hoek te benader. Die nuwe joernalistieke styl het hierdie leemte gevul. Joernaliste wat gemeen het die tradisionele maniere van skryf het nie die essensie vasgevat van die "great social movements of the day or the changes in life style" nie, het ook verandering nagestreef. Hul bedoeling was om te bly steun op die mening van amptelike bronne (hoofsaaklik staatsamptenare), en om omslagtige beskrywings te bly vermy. Dit het hulle egter verhinder om die groot veranderings van die jare 60 bevredigend weer te gee.

Nie almal het saamgestem nie. Die meeste joernaliste het "objektiwiteit" en die tradisionele standaarde bly verdedig. Tog het 'n paar jong skrywers met nuwe tegnieke, hoofsaaklik instrumente wat deur fiksieskrywers gebruik word, begin eksperimenteer. Hulle het heelwat beskrywende byvoeglike naamwoorde gebruik om die leser die gevoel te gee hy is op die toneel; lang stukke dialoog aangehaal; soms toegelaat dat die ingesteldhede en waardes van hul bronne hul stories oorheers; en selfs saamgestelde karakters geskep wat die kenmerke van verskeie bronne verpersoonlik eerder as om alle bronne by die naam aan te haal.

Die nuwe joernaliste het gesê dié manier van skryf het 'n beter prentjie van die werklikheid geskep. Hulle het boonop die mening gehuldig dat die boodskapper die boodskap noodwendig sal verander. Volgens hierdie groep is dit dus meer aanvaarbaar dat die leser of kyker van meet af aan weet wat die vooroordele van die boodskapper is en bewus is daarvan dat hy net een siening van die saak kry. Op dié manier sou die leser/kyker in 'n beter posisie wees om 'n oordeel te vel oor die gebeure. Om dit te vermag, het talle joernaliste in die eerste persoon geskryf (Hiebert *et al.*, 1991:416). In Suid-Afrika het dit selde voorgekom, maar in enkele gevalle tog wel.

Nuwe joernalistiek is nie net in die pers gebruik nie, maar ook in die uitsaaiwese en teen die jare 80 was die tegnieke algemeen in tydskrifte te sien. Niefiksienovelles was gewild en nuusberiggewing in die algemeen was minder strak.

Die invloed van die nuwe joernalistiek was meer subtiel en indirek. Dit is vandag nog veral te sien in *features* en *human interest*-stories (sien paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë* in hoofstuk 4 vir 'n bespreking van hierdie genre).

- ***Voorspraakjoernalistiek***

Die joernalis en die storie neem standpunt in en ondersteun 'n spesifieke saak. In teenstelling met redaksionele kommentaar is dit nie net 'n eenvoudige uitspreek van mening nie. Dit word veral in rubrieke gebruik en is 'n vorm van nuusberiggewing, maar met 'n sterk standpunt.

Dis in hierdie opsig dat dit verskil van tradisionele nuusberiggewing en selfs ondersoekende beriggewing. Voorspraakjoernaliste steur hulle gewoonlik nie aan

balans en regverdigheid nie. Dié soort joernalistiek word nie wyd in Suid-Afrika beoefen nie.

- ***Gemeenskapsdiensjoernalistiek (burgerlike joernalistiek)***

In sommige stede in die VSA het die konsep van "public journalism" in die jare 90 van die vorige eeu posgevat waar joernaliste as 't ware die openbare agenda "bestuur" (Mencher, 1997:72-75; vgl. ook Dearing & Rogers, 1996:3). Tradisionele nuusbeats[4] (nuusrondes) is vervang deur spanne wat na kwessies wat gewone mense raak, kyk, soos openbare veiligheid. Dié kwessies word aangepas vanuit die oogpunt van die inwoners van 'n plek en op hierdie manier beïnvloed die openbare agenda die media-agenda. Dit is egter hoofsaaklik die joernaliste wat besluit wat nuus word. Hulle sê hulle ken hul gemeenskap se "head and its soul" en kan hierdie nuusbesluite reflekteer (Mencher, 1997:72-75).

Sommige joernaliste gaan selfs verder: hulle bepaal aktief 'n nuusagenda vir hul gemeenskappe. Hierdie joernaliste kan beskryf word as "advocates of an activist journalism". Hulle kyk na die "undercurrents and the hidden activities of those in power" (Mencher, 1997:72-75). Hierdie joernaliste skep as 't ware nuus, dek dit nie net nie. Hulle werk in die tradisie van die gemeenskapsdiensjoernalistiek (*public service journalism*), een van die belangrikste rolle wat 'n joernalis kan speel. Gemeenskapsdiensjoernaliste plaas kwessies op die publieke agenda wat volgens hulle optrede vereis. Wanneer vanuit die perspektief van mediamodelle na die rol van hierdie joernaliste gekyk word, pas dit binne die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel. Die skrywer meen egter dat daar 'n mate van 'n outoritêre ingesteldheid te bespeur is in soverre die joernaliste 'n kwessie bevorder wat volgens hulle belangrik is. Wanneer die gemeenskap se rol in hierdie besluitnemingsproses genegeer word, is daar nie sprake van samewerking nie.

- ***Akkuraatheidsjoernalistiek***

Hierdie styl (*precision journalism*) word al hoe meer belangrik. Dieselfde metodes om inligting te versamel en te analiseer soos in die akademiese navorsing word gevolg. Die styl het twee vorme:

---

[4] Nuusbeats is die temas waaroor koerante berig. 'n Spesifieke joernalis word gewoonlik aangewys om die nuusonderwerpe binne 'n sekere beat te dek, soos misdaad, onderwys of sport.

(i) *aktiewe* akkuraatheidsjoernalistiek: die joernalis onderneem peilings of ander navorsingsprojekte; en

(ii) *reaktiewe* akkuraatheidsjoernalistiek: die joernalis gebruik voltooide verslae van regeringsagentskappe, universiteite en private instellings en ontwikkel berigte en artikels gegrond op die data in die verslae.

Die basiese doel van hierdie vorm van joernalistiek is om verstaanbare ontledings te doen gegrond op kwantitatiewe inligting wat verband hou met aktuele sake. Tradisionele joernaliste sal byvoorbeeld 'n informele peiling doen onder mense om Jan en alleman se mening oor 'n kwessie te bepaal. Akkuraatheidsjoernaliste sal 'n meer verteenwoordigende steekproef van mense doen gegrond op die reëls van wetenskaplike steekproewe om 'n meer akkurate idee te kry van wat 'n gemeenskap dink.

Joernalistieke style is belangrik binne die konteks van MIV/vigs. Die afleiding kan gemaak word dat MIV/vigsberiggewing in Suid-Afrika binne die raamwerk van verskeie van hierdie style geskied. Daar is byvoorbeeld tekens van die sensasionele styl in die populistiese koerant die *Sunday Sun* deurdat hy die onderwerp oppervlakkig aanpak (vgl. Froneman, 2002:37-44; Vink, 2005).

Objektiwiteit word dikwels geopper in mediakritiek, en daar is tekens van nuwe joernalistiek in feature-artikels en beriggewing met 'n menselement oor MIV/vigs. Beriggewing oor die onderwerp leen hom by uitstek tot voorspraakjoernalistiek, omdat dit 'n baie emosionele saak is waarby joernaliste maklik betrokke kan raak. Hoewel sommige MIV/vigsbelangegroepe in Suid-Afrika ten gunste daarvan is dat die media 'n groter voorspraakrol inneem oor die epidemie, is sommige hewig daarteen gekant (vgl. Stally, 2001; Beamish, 2002:cd-4684).

Akkuraatheidsjoernalistiek is 'n styl wat bepleit kan word binne die konteks van MIV/vigs, omdat dit sal bydra tot beriggewing van 'n hoë joernalisteke gehalte. Veral reaktiewe akkuraatheidsjoernalistiek word van tyd tot tyd in Suid-Afrika binne die konteks van MIV/vigs beoefen.

Dit vervang nie tradisionele style nie, maar maak die nuus meer akkuraat wanneer kwantitatiewe inligting belangrik is.

2.2.1.2 Normatiewe keuses

Keuses word egter nie net aan die hand van nuuskriteria gemaak nie, maar ook op ´n normatiewe grondslag. Die fokus van media-etiek val hoofsaaklik op drie vlakke (DeFleur & Dennis, 1991:606):

(i) akkuraatheid en billikheid wat beriggewing betref;
(ii) die optrede van joernaliste, hoofsaaklik wat betref die verhouding met hul bronne van inligting; en
(iii) die vermyding van konflik van belange.

Dis hier waar "objektiwiteit"[5] veral ook ter sprake kom.

Daar is in die literatuur uiteenlopende menings oor objektiwiteit in die konteks van MIV/vigsverslaggewing. Beamish (2002:ch-4692) stel dit onomwonde dat 'n nuusstorie objektief gedek moet word: "[A] news story must be covered objectively – the journalist needs to remain emotionally detached from the event, and refrain from taking sides. News should be based on facts, not emotions." Daarenteen meen Froneman, Van Rooyen en Gerber (2003:12) die joernalistiek is nie 'n neutrale aktiwiteit nie. Dit oriënteer en vermaak die leser deur middel van inligting, interpretasie en kommentaar.

Hoewel daar al verskeie stemme opgegaan het teen objektiwiteit, is daar steeds heelwat steun vir ´n "neutrale" joernalistiek. Twintig jaar gelede is joernaliste aangemoedig om objektief te wees wanneer hulle nuuskeuses maak (en ook wanneer hulle skryf). Op dié manier is hul mag as 't ware deur sosiale verantwoordelikheid "afgewater" (Sheridan Burns, 2002:63). Die skrywer wys egter tereg daarop dat die probleem met objektiwiteit is dat dit waardevry is, terwyl joernaliste se besluite altyd ´n prioritisering van waardes is (vgl. ook Lombaard, 2002:19-26). Joernaliste maak keuses vanuit ´n spesifieke verwysingsraamwerk wat van kindsbeen met hulle saamkom en deurentyd aangevul word deur invloede van buite. Elke besluit is dus in wese subjektief[6] en het 'n invloed op agendastelling - of dit nou die nuushoek is of die woorde wat die joernalis gebruik om die gebeure te beskryf. Joernaliste kan hulle nooit heeltemal van hul werk skei nie. Hul emosies en

[5] Die HAT (2000:751) omskryf *objektief* soos volg: "Onbevooroordeeld; nie gekleur deur persoonlike gevoelens nie … sonder om jou deur eie gevoel of voorkeur te laat beïnvloed".
[6] "Sterk persoonlik; vanuit die eie gesigspunt; nie objektief nie." (HAT, 2000:1 116.)

menings beïnvloed hul persepsies van feite in gebeure (Hiebert *et al.*, 1991:416). Boonop sien geen joernalis ooit enige situasie in sy geheel nie. In die gejaag om spertye te haal, word die implikasies en kompleksiteite van 'n storie dalk vereenvoudig om slegs die hooffeite weer te gee.

Die joernalistiek help mediagebruikers om hulle te oriënteer in ´n "baie deurmekaar en veranderende wêreld" (Froneman, 2002:52-54). Die aard van die inligting wat die media verskaf, kan mense dus help om beter (of swakker) keuses uit te oefen, maar dit hang daarvan af of die media sy agenda op 'n eties verantwoordbare wyse stel. Froneman doen enkele algemene normatiewe riglyne aan die hand, wat die verantwoordelikheid van die joernalis duidelik maak en in ´n MIV/vigsomgewing met vrug gebruik kan word. Dit sluit goed aan by kriteria wat die belangegroepe stel vir aanvaarbare, etiese MIV/vigsberiggewing (sien paragraaf 2.3 *Joernalistieke etiek in perspektief*). Die riglyne sluit in dat joernaliste alle mense (en hul privaatheid) respekteer; dat hulle inligting insamel op ´n omvattende, deeglike en onbevooroordeelde wyse; dat hulle omvattend berig doen oor alle fasette van die lewe; tydige, betroubare en akkurate nuus bied op ´n verstaanbare wyse; en dat hulle krities dink terwyl hulle steeds poog om ook positiewe, opbouende nuus aan die leser te bring.

Joernaliste wat oor MIV/vigs skryf, kom te staan voor talle uitdagings: hulle moet inligting inwin, tegniese data korrek interpreteer, vars en interessante hoeke vir hul stories vind, onderhoude voer met van politici tot beleidsmakers en mense met MIV/vigs, moeilike gesprekke met laasgenoemde en hul gesinne hanteer, en boonop sin maak uit ´n magdom inligting (Beamish, 2002:4681[7]).

Verder het MIV/vigsskrywers te make met talle ingewikkelde etiese kwessies, soos menseregte, privaatheid en diskriminasie. Daar kleef nog so ´n erge stigma aan MIV/vigs in Suid-Afrika dat mense huiwerig is om hul status bekend te maak. Dit kan hul lewens in gevaar stel. In hierdie verband geld die voorbeeld van Gugu Dlamini (36). Dlamini, ´n gesondheidswerker van KwaMancinza naby Durban, is dood nadat sy haar MIV-status bekend gemaak het. Sy is aangerand nadat sy daarvan beskuldig is dat sy haar buurt se naam skade berokken het (Kortjaas & Msomi, 1998). Só erg is

[7] *Reporting on HIV/AIDS in Africa: a manual* is beskikbaar op die internet (www.awmc.com). Om verwysings na die onderskeie hoofstukke te vergemaklik by gebrek aan bladsynommers, word die nommer vir elke "hoofstuk", soos aangedui aan die einde van elke betrokke internetadres, gebruik.

die stigma dat Dlamini se familie nie tydens die geregtelike ondersoek na haar dood wou getuig nie uit vrees vir hul lewens (Sapa, 2001). Op 21 Augustus 2000 is Mpho Motloung (25), ´n jong onderwyseres, in Meadowlands in Soweto vermoor. Langs haar lyk is ´n boodskap gevind met die woorde: "HIV Positive Aids". Haar man, Singer Motloung, het nadat hy sy vrou vermoor het, ook sy skoonma vermoor, sy skoonpa ernstig gewond en homself toe om die lewe gebring. Hy was ook MIV-positief (Geffen, 2000).

Laurie Garrett, veelbekroonde Amerikaanse joernalis en skrywer, het tydens Aids2000 in Durban vertel hoe sy eerstehands met die stigma wat in Afrika aan MIV/vigs kleef, te doen gekry het. Sy het tydens ´n byeenkoms in 1988 hulde gebring aan ´n Keniaanse kollega, hom by die naam genoem as ´n moedige, onafhanklike eweknie wat nuus oor MIV/vigs versprei buite die staatsbeheerde inligtingstelsel. Hy is dieselfde dag in hegtenis geneem (Garrett, 2000).

2.2.2 Belangegroepe se agendastellingsrol

Dit is tradisioneel die professionele nuusmense wat besluit oor watter onderwerpe nuus is en waaroor redaksionele kommentaar[8] geskryf sal word. In die jare 90 het 'n nuwe besluitnemer egter die toneel betree: die publiek (Mencher, 1997:74). Mense in die gemeenskap speel nou 'n sleutelrol in die bepaling van die nuusagenda. Die skrywer verwys na verskeie Amerikaanse koerante wat op gereelde grondslag met leiers of verteenwoordigers in die gemeenskap vergader om insig te kry oor wat mense dink nuus is.

Dit is ook waar in die Suid-Afrikaanse konteks, volgens Mia Malan (2004), wat langer as vyf jaar die SABC se nasionale gesondheidskorrespondent was voor sy in 2003 aangesluit het by Internews en die Local Voices Project in Kenia. Hierdie organisasie bied opleiding en steun aan radiojoernaliste, aanbieders en platejoggies oor MIV/vigs. Malan skryf:

> In South Africa, AIDS is a highly politicized issue, and one that AIDS activists consistently make sure is on the media agenda ... If journalists overlooked a story,

[8] Ook bekend as hoofartikels: nuusitems waarin die koerant oor 'n spesifieke aktuele saak standpunt inneem. Dit staan gewoonlik apart van gewone nuus, word geskryf deur die redakteur of seniors skrywers met genoeg insig om oor 'n kwessie kommentaar te kan lewer. Koerante lewer meestal kommentaar om die lesers te probeer beïnvloed (Froneman, 2002:124).

> strong activist AIDS nongovernmental organizations (NGOs) would inform them about it. NGOs set the agenda for the South African media, and make it their mission to convice reporters to cover the issues they are fighting for – such as access to antiretrovirals and adequate government policies on HIV/AIDS.

Belangegroepe het dus self 'n potensieel beduidende agendastellingsfunksie en gevolglik 'n invloed op waaroor die media skryf. ´n Spesifieke belangegroep moet egter deurlopend proaktief optree as hy wil hê sy betrokke knelpunt moet as belangriker as dié van 'n ander groep gesien word (Dearing & Rogers, 1996:3). Mense of groepe mense wat voorbrand maak daarvoor dat 'n spesifieke kwessie aandag kry, help om die plek van hierdie kwessie op die media-agenda te bepaal – soms ten koste van ander (belangriker?) kwessies. Deur byvoorbeeld riglyne te stel oor hoe nuusdekking behoort te lyk soos MIV/vigsbelangegroepe gedoen het, het 'n groep potensieel 'n direkte invloed op *hoe* berig word. Die beskikbaarheid van ruimte in koerante is voortdurend 'n probleem (Dearing & Rogers, 1996:3), wat tot gevolg het dat onderwerpe moet meeding om 'n plek op die media-agenda. As 'n spesifieke kwessie aandag kry – hetsy van mediamense, die publiek of beleidmakers – is dit 'n teken van die mag van sekere individue of organisasies om die besluitnemingsproses te beïnvloed, meen die skrywers.'n Joernalis dalk só beïnvloed deur 'n regeringsamptenaar wat ontevrede is oor iets wat in sy departement gebeur dat hy oor die betrokke saak berig. In die proses word die joernalis 'n kampvegter (*issue proponent*).

Die storie word ook dalk weens goeie grafiese materiaal daarby só prominent gebruik dat dit hoër op die prioriteitslys skuif as wat aanvanklik beplan is. Binne enkele weke word 'n aanvanklik taamlik netelige kwessie 'n groot saak en klim dit na die top van die media-agenda namate ander media die saak opvolg. (Só stel die media ook 'n agenda vir die ander media.) Die kwessie kan die aandag hou, maar dit hang af van die rol wat ander kwessies en hul voorstanders begin speel. Die betrokke saakvoorstander en sy vermoë om aan te hou om nuus oor die onderwerp te genereer en dit sodoende sy nuuswaarde te laat behou, speel verder 'n rol in die proses.

Die dinamiek van agendastelling, meen Dearing en Rogers (1996:4), is dus 'n proses van invloed, mededinging en onderhandeling, soos uitgevoer deur die voorstanders. Eers kom 'n saak op die media-agenda, dan die openbare agenda en daarna op die

beleidsagenda, vanwaar dit kan lei tot beleidsverandering. Die proses is egter interaktief, en kan dus ook andersom geskied.

Die waarde wat aan 'n kwessie op die media-agenda geheg word, bepaal hoe die openbare agenda gevorm word, wat op sy beurt weer 'n invloed het op die kwessies wat deur beleidmakers oorweeg word (Dearing & Rogers, 1996:8). Dít is uiters belangrik in die veld van MIV/vigs waar die hoofdoel van medici en aktiviste is om uiteindelik die koers van die siekte om te keer.

Die TAC se volgehoue, byna meedoënlose voorspraak het baie daarmee te doen gehad dat die kwessie van antiretrovirale behandeling vir Suid-Afrikaners met MIV/vigs hoog op die media-agenda beland het. Dit het taamlik lank gevat, maar het uiteindelik in November 2003 'n beleidsverandering teweeg gebring (Jordaan, 2003). Daar is op 1 April 2004 begin met die invoering van die beleid in Gauteng - maande nadat die besluit geneem is en nadat die TAC reeds gedreig het met 'n hofgeding as gratis antiretrovirale middels (ARM) (beskrywing in voetnoot 10 in hoofstuk 1) vir Suid-Afrikaners nie gou, in pas met ´n nasionale teenvigsbehandelingsplan, in die staatsektor beskikbaar is nie (Brümmer, 2004).

Malan (2004) beskryf 'n ander voorbeeld waar die NRO's se optrede beleidsverandering tot gevolg gehad het. In die vroeë 90's is die ontslape kinderaktivis Nkosi Johnson toegang tot die Melpark Primary School in Johannesburg geweier op grond van sy MIV-positiewe status. Binne 'n week het sy aanneemma, ondersteun deur verskeie vigsaktiviste, op die voorblaaie van elke nasionale koerant in die land verskyn om die saak te stel. Weens die druk was die skool verplig om Nkosi te aanvaar. Daarbenewens het die skool ook 'n MIV/vigsbeleid aanvaar wat uiteindelik die model vir skole in Gauteng geword het.

Severin en Tankard (1992:221) sluit by DeFleur en Dennis aan wanneer hulle sê dat tydsverloop besonder belangrik is vir mediapraktisyns (en ook belangegroepe in hierdie konteks). Praktisyns wat met inligtingsveldtogte werk, kan beter beplan indien hulle weet hoe lank dit ´n kwessie neem om in die openbare bewussyn 'n plek te vind. Dis nie oornag nie, maar beslis ook nie 'n kwessie van jare nie. Agee *et al.* (1991:54) haal in hierdie verband 'n studie op wat in 1988 gedoen is oor hoe kumulatiewe dekking die belangrikheid van 'n saak in 'n agendastellingskonteks beïnvloed. Hierdie studie van Salwen (1988:100) het bevind dat die eerste bewyse dat die publiek die media-agenda (soos gestel deur die gedrukte media) aangeneem

het, het ná vyf tot sewe weke van blootstelling sigbaar geraak. Gebruikers van elektroniese nuusdienste neem die agenda egter heelwat vinniger aan. Tydsverloop is egter nie die enigste faktor wat die aanneem van die media-agenda beïnvloed nie. Salwen (1988:106) verwys ook na die hoeveelheid dekking en die prominensie wat items in die media geniet as faktore wat 'n rol speel.

Die verhouding tussen die media en die nuusbron (in hierdie konteks die belangegroepe) beïnvloed ook die media-agenda. Daar is 'n mate van afhanklikheid tussen organisasies. Indien 'n organisasie/nuusbron van 'n ander (joernalis/medium) afhanklik is om sy doel te bereik, het dié verhouding 'n definitiewe invloed op die wyse waarop nuus aangebied word (Serfontein, 1995:41). Delate (2003c) stem hiermee saam: "We have to buy into the logic of the media." (Vgl. ook Stein, 2001:10; Galloway, 2001:125.) Die samewerking het besonder goed gewerk vir die TAC. Delate (2003c) merk egter op dat die vraag gevra moet word hoe toegewyd ander belangegroepe is tot hierdie soort samewerking.

Daar het in talle gevalle 'n wedersydse ondersteuningsverhouding ontwikkel tussen die TAC en die MIV/vigsverslaggewer (Finlay, 2004). In die lig van die gebrek aan redaksionele beleidsbesluite oor die onderwerp, was dit dikwels hierdie joernaliste wat 'n voorspraakrol in die nuuskantoor gespeel en grootliks bepaal het wat die aard en omvang van MIV/vigsnuusdekking sou wees (sien ook paragraaf 1.4.3.1 *Institusionele beleid oor MIV/vigs* in hoofstuk 1).

Malan (2004) skryf die lae prioriteit wat MIV/vigs op die media-agenda in Kenia kry in 'n groot mate toe aan die swak verhouding wat MIV/vigsorganisasies met die media het. Personeel van dié NRO's in Kenia het min kennis van hoe die media werk en beplan gebeurtenisse waarin verslaggewers nie belang stel nie. Die NRO's is boonop bang om regeringsbeleid openlik te kritiseer. In teenstelling met wat in Suid-Afrika gebeur, is MIV/vigs in Kenia nie 'n politieke kwessie nie, maar "just another 'disease'".

Om goeie samewerking te verseker, en dus ook die potensiële kloof tussen die media- en die openbare agenda nouer te maak, behoort 'n opbouende tweerigtingvennootskap tussen organisasies, kundiges en die media aandag te kry pleks van voortdurende kritiek. Dit hou in dat belangegroepe akkurate inligting aan

die media verskaf en daarom behoort NRO's ingelig te word oor die invloed wat hulle op die media-agenda kan hê (Galloway, 2001).

Finlay (2003a) haal die TAC se beskrywing van die manier waarop hy met die media werk, soos volg aan:

> Our media strategy is driven by common sense. We try to co-operate with journalists as much as possible. We don't treat them with disrespect (unlike many senior members of government). We make a point of explaining things as clearly as possible without spin. We keep our messages clear and we always try to be reasonable. A lot of activist groups make the mistake of coming across so aggressively and antagonistically that they alienate ordinary people.

Volgens Finlay (2004) is die TAC vergelyk met die United Democratic Front en het die groep 'n besliste voorligtings- en sensitiseringsrol in die nuuskantoor gespeel. Hy sê egter verder dat hoewel dit algemeen aanvaar word dat die TAC 'n "effective media-savvy advocacy campaign" het deurdat hy gebeurtenisse skep wat selfs die mees basiese nuusagenda nie kan ignoreer nie, dit ook sy toeganklikheid en sy "appeal to a 'human exchange'" is wat die groep se rol in die nuus gevestig het.

Om seker te maak dat die media omvattend en akkuraat oor MIV/vigs – veral die verskaffing van ARM – skryf, moet belangegroepe nie net met joernaliste skakel nie, maar ook met die hekwagters soos nuusredakteurs[9] en hoofsubredakteurs[10] (Cullinan, 2003).

Mense met MIV/vigs moet op hul beurt toegerus word om met die media te skakel (Malan, 2004). Baie joernaliste word wel opgelei om met mense met MIV/vigs te praat, maar die personeelomset in die joernalistieke bedryf is baie groot en hierdie vaardigheid is dus nie noodwendig 'n blywende faktor in 'n nuuskantoor nie (Cullinan, 2003). As 'n organisasie daarin kan slaag om nuusmense op bestuursvlak te betrek, kan die probleem omseil word. Jong joernaliste sal ook kan baat vind daarby indien 'n koerant byvoorbeeld 'n beleid of riglyne het oor MIV/vigsdekking wat

[9] Die nuusredakteur is 'n sleutelpersoon in die nuuskantoor. Hy lei die span nuusverslaggewers en is gewoonlik 'n ervare joernalis met 'n goeie nuussin. "Sy kerntaak is om die nuus van die dag te identifiseer en te ontgin," sê Van Deventer (1982:25). "Saam met die nuusredakteur vorm die verslagspan die oë en ore van die koerant."

[10] Die hoofsubredakteur lei die span subredakteurs in 'n koerant se subkantoor. Dis hier waar die kopie persklaar gemaak word.

in pas is met dit wat belangegroepe verlang. Dit spreek vanself dat die beleid dan deurlopend toegepas moet word.

Tog kan dit op die duur meer voordelig wees om mense met MIV/vigs en werkers in NRO's te bemagtig om met die media te kan skakel. Finlay se navorsing (2003a) toon dat die volgende faktore 'n rol speel in die media se houding jeens belanghebbendes[11]:

- Die historiese (slegte) verhouding tussen die media en die regering[12];
- Die rol van die miv/vigsverslaggewer;
- Die kompleksiteit van besluitneming op regeringsvlak;
- Die kommunikasiepatrone van regeringskommunikasiebeamptes en die TAC; en
- Die feit dat verskeie bekende en geloofwaardige figure, veral oudpres. Nelson Mandela, die belangegroepe se standpunte onderskryf.

Faktore wat negatief op die verhouding inwerk, kan deur beter samewerking aangepak word.

Selfs buite die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel, wat in Suid-Afrika 'n rol speel, plaas die agendastellingsfunksie en gepaardgaande potensiële invloed op die publiek 'n groot verantwoordelikheid op die media. Wanneer die funksie binne die raamwerk van sosiale verantwoordelikheid uitgeoefen word, is die verantwoordelikheid des te groter. (Die mediamodelle is bespreek in paragraaf 1.2 *Die rol van die media in hoofstuk 1*.) Hierdie verantwoordelikheid het 'n sterk etiese begronding. Hierdie onderwerp kom vervolgens aan die beurt.

2.3 Joernalistieke etiek in perspektief

2.3.1 Inleiding

Herbert (1998) definieer die joernalistiek soos volg:

[11] Finlay (2003a) verwys hier spesifiek na vigsaktiviste, soos die TAC.
[12] Finlay (2003a) verwys hier na die *Sarafina II*-debakel in 1996, die Virodene-sage ´n jaar of wat daarna en die kwessie rondom pres. Thabo Mbeki en die vigsafvalliges.

> Journalism is all about news and information. Journalists discover news and report it. Journalism consists of gathering facts, deciding how to assemble them, making important decisions about which facts to include, and which to omit. It is about talking to people, being curious, thinking clearly, and being able to translate difficult ideas into simple ones so that everyone can understand them. Journalism is about analysing and interpreting events; knowing how government, politics, business, industry and modern society works; and being able to make interesting stories out of all kinds of events. Journalism therefore consists of practical skills and a wide intellectual foundation which gives credibility to the reporting.

In die beoefening van die joernalistiek soos in die bogenoemde definisie beskryf, het die media 'n potensiële invloed op die publiek. Die mens het kennisvorming as 'n taak enersyds omdat hy kan ken, en andersyds omdat hy hom in die wêreld moet oriënteer. Om sy pad in die wêreld te vind en op hoogte van sake te bly, moet hy aan nuus blootgestel word (Snyman, 1990:63). Froneman (2002:1-2) sluit hierby aan en sê die mens het 'n bepaalde behoefte aan nuus, selfs slegte nuus. Dit veroorsaak dat die mens ontvanklik is vir die invloed van die media, en plaas terselfdertyd 'n etiese verantwoordelikheid op die media.

Media-etiek verwys op die eenvoudigste vlak na die morele gedrag van mediamense en die werk wat hulle doen. Dit word dikwels net in 'n joernalistieke konteks gesien, waarskynlik omdat die nuusmedia en sy werkers 'n hoë profiel handhaaf en as belangrik geag word omdat hulle inligting na die publiek bring (DeFleur & Dennis, 1991:613).

Etiek is egter nie 'n stelletjie reëls wat joernaliste blindelings kan navolg sonder om te dink nie. Media-etiek is 'n uiters ingewikkelde onderwerp, en wel om die volgende redes (Retief, 2002:4-5):

- Etiek kom selde of ooit neer op 'n blote keuse tussen reg en verkeerd.
- Etiese beginsels kom dikwels in konflik tydens die besluitnemingsproses.
- Etiese besluite is uiteraard kontekstueel.
- Elke etiese besluit is subjektief.

Etiek is 'n sistematiese, berekende benadering gegrond op beginsels. Daarteenoor verwys moraliteit na die mens se gedrag (Froneman & De Beer, 1998:292). Die

skrywers onderskei verder tussen beginsels en norme. Eersgenoemde is 'n onderliggende, basiese grondreël wat te alle tye en op alle plekke geld, soos die beginsel dat 'n mens jou naaste moet liefhê. Norme, daarenteen, is 'n veranderende gedragsreël wat op 'n beginsel gegrond is (vgl. ook Snyman, 1990:54).

2.3.1.1 Waarom wil joernaliste eties wees?

Die vraag wat allereers hier geopper moet word, is: *Waarom wil joernaliste eties wees?* Die antwoord lê in die fundamentele aard van die mens (vgl. Snyman, 1990:56), en in die sosiale verantwoordelikheidsmodel as raamwerk waarbinne die joernalistiek in Suid-Afrika ideaal gesproke funksioneer. Dit spruit uit die verantwoordelikheid wat hy ingevolge die model teenoor die publiek het (vgl. McQuail, 2000:150). Dit impliseer egter nie dat joernaliste wat buite die modelraamwerk funksioneer, nie eties is nie.

2.3.1.2 Waar kry 'n joernalis leiding oor hoe hy eties behoort op te tree?

Nóg 'n vraag wat hieruit spruit, is: *Waar kry 'n joernalis leiding oor hoe hy eties behoort op te tree?* Groter kennis oor die etiek sal joernaliste help om beter etiese besluite te neem. Die besluite en optrede van joernaliste is dalk òf goed, òf sleg, maar hulle het gewoonlik nie die tyd of die ingesteldheid om intens te fokus op die etiese implikasies van wat hulle doen nie (Snyman, 1990:44). Joernaliste kweek 'n sensitiwiteit vir die etiese sy van die lewe en sy normatiwiteit (deontiek) tydens akademiese opleiding, maar die mens het ook voorwetenskaplike kennis (Snyman, 1990:45). Hy sê die mens ontwikkel van geboorte 'n sin vir die etiese deur interaksie met ander. Akademiese opleiding is dus nie 'n voorvereiste vir etiese optrede of etiese besluite nie. Nie alle mense dink egter dieselfde wanneer dit kom by etiek nie. Snyman sê dat elke etiese handeling of besluit geskied binne 'n spesifieke raamwerk ("visie of siening of opvatting") wat op sy beurt verband hou met 'n spesifieke sosiale en kulturele agtergrond. Dit verduidelik waarom een groep mense byvoorbeeld kannibalisme as normaal sien terwyl "dit in 'n ander kultuur as iets afskuweliks beskou word". Eweneens beskou een groep dit as normaal dat die openbare kommunikasiemedia lieg om spesifieke oogmerke te bereik, en ander nie, meen hy.

Norme kan net vanuit 'n mens self of van 'n bron buite daardie persoon kom, soos uit die Bybel (Froneman & De Beer, 1998:293). Die skrywers onderskei tussen outonome etiek (beginsels word deur die individu bepaal), heteronome etiek ('n

liggaam soos 'n politieke party, die staat of die kerk bepaal die beginsels), en die teonome etiek (God se wette geld). Omdat van die etiese beginsels binne die Christelike raamwerk ook in ander godsdienste te vinde is, moet verder onderskei word tussen deontologiese en teleologiese etiese teorieë, wat in die klassieke etiekteorie gegrond is (Lambeth, 1992:12).

Volgens die deontologiese vertrekpunt bepaal 'n mag of iets anders soos godsdiens, werkgewer of eie intuïsie (nie blote gevolge nie) watter etiese optrede aanvaarbaar is. Die deontologiese etiek is egter baie formalisties. Plig is in hierdie konteks belangrik: "... a media person who adheres to this maxim will try to tell the truth because it is expected of him, and because he believes that it is the right thing to do." (Froneman & De Beer, 1998:294). In lande waar godsdiens belangrik is, word hierdie beginsel wyd aanvaar. Mense wat dit navolg, kry leiding oor etiese optrede vanuit bronne soos die Bybel, wat baie kriteria bied wat in die Christen-etiek op kommunikasiegedrag toegepas kan word. Die negende gebod hou byvoorbeeld in dat mediamense ander nie sal belaster nie, leuens sal vermy, onbevooroordeeld sal wees, en mense se waardigheid sal respekteer.

Laasgenoemde skrywers redeneer verder dat die beginsel om jou naaste lief te hê, die fondament van 'n media-etiekstelsel kan wees. Dit sluit aan by Snyman (1990:50) se beskrywing van H.G. Stoker se "belangwekkende vonds" dat "die sedelike in beginsel *persoonsbehartiging* is":

> Die handeling van 'n *persoon* (as volle uitdrukking van sy menswees) as *persoonsbehartiging* behoort die persoon van homself of van die ander so te erken, te eerbiedig, so tot sy reg te laat kom en so te bevorder dat dit beskryf kan word as 'n *liefdevolle persoonsbehartiging*. Persoonsliefde, sê Stoker, is die grondnorm vir die etiese.

Die antwoord op die vraag waarom 'n mens eties wil wees, lê dus deels in *menswees* (Snyman, 1990:56): "Die mens wat hom soos 'n dier gedra, en diegene wat hom soos 'n dier of 'n ding behandel, doen af aan sy fundamentele aard as mens." (Kyk ook Johannesen, 1975:31.) Die mens moet dus optree en getrou wees aan sy menslike aard. Dit maak hom rekenpligtig en verantwoordelik. Potensiële etiese kwessies in mensegedrag spruit uit twee kriteria, naamlik die moontlike impak wat gedrag op ander mense kan hê, en die kriterium van doelbewuste besluitneming. Indien die mens se gedrag nie onmiddellik of op die duur 'n noemenswaardige

impak op ander mense het nie, word etiek as minder relevant gesien. Potensiële etiese kwessies is inherent in enige voorbeeld van kommunikasie tussen mense (Johannesen, 1975:11). Liefdevolle persoonsbehartiging vereis dat die keuses wat in die joernalistiek gemaak word, rekening hou met die belange van die lesers, luisteraars en kykers (in die gedrukte en uitsaaimedia, onderskeidelik). Wanneer 'n kommersiële norm egter 'n publikasie se besluite bepaal, verwaarloos hy sy lesers se belange (Snyman, 1990:66).

Binne die Grondwet het elke landsburger die *plig* om ander mense se menswaardigheid te handhaaf (Froneman, 2004). Dit is die deontologiese benadering en behels die toepassing van die basiese beginsels. Elke situasie verskil egter (vgl. Retief, 2002:4-5) en die gevolge van die toepassing van die reëls moet dus ook in gedagte gehou word. Die uitkoms is dalk nie gewens nie, wat spanning tussen die reël en die gevolg teweeg bring. Daarom moet die etiek ook vanuit 'n teleologiese perspektief beskou word (Froneman & De Beer, 1998293).

Hierdie perspektief gebruik die gevolge van 'n handeling en gebruik dit as 'n maatstaf om te bepaal of die handeling eties reg of verkeerd sal wees. Hierdie soort etiek staan bekend as etiek van gevolge (Froneman & De Beer, 1998:295-296). Dit val ook uit in drie benaderings:

- **Die nuttigheidsoogpunt (utilitarisme):** die einddoel is die grootste voordeel vir die grootste groep mense. Mediamense wat die nuttigheidsbenadering volg, sal die standpunt handhaaf dat die nuttigheid van die gevolge van optrede bepaal of 'n handeling eties is of nie. Só sal hulle poog om die grootste balans te vind tussen plesiere en pyn. Belangegroepe met hierdie uitgangspunt kan (in die konteks van MIV/vigs) dus byvoorbeeld die nood van mense met die siekte vergroot sodat hulle uiteindelik groter beleidsverandering kan teweeg bring.
- **Hedonisme:** plesier is die enigste doel in die lewe. Kommersiële wins speel verder 'n belangrike rol.
- **Die geluksaligheidsleer (eudaimonisme):** morele verpligting moet opgeweeg word teen die behoefte van persoonlike welstand. Die skrywers noem die volgende voorbeeld: solank die bevordering van 'n bepaalde televisieprogram my en ander wat daarna kyk gelukkig maak, is dit eties aanvaarbaar, al vind ander

mense dit onaanvaarbaar. Hierdie uitgangspunt is duidelik te sien in die populistiese media.

Lambeth (1992:12) se beskrywing verskil van dié van Froneman en De Beer in dié sin dat hy die teleologiese etiek in twee benaderings verdeel, naamlik etiese egoïsme en die nuttigheidsbenadering. Eersgenoemde hou volgens die skrywer in dat besluite gegrond word op wat die beste vir die individu is. Dit sluit egter goed aan by die kenmerke van die hedonisme en die geluksaligheidsleer, soos beskryf deur Froneman en De Beer (1998:295-296).

Sheridan Burns (2002:66-68) voer aan dat lojaliteit die sterkste van alle morele aandrywers is en gaan selfs so ver om te sê dat 'n joernalis se werk per definisie bestaan uit teenstrydige lojaliteite. Dit sluit in lojaliteite as mens, wat inhou dat ´n joernalis mense met waardigheid en respek behandel, openlik is en hulle nie opsetlik benadeel nie. Die betrokke skrywer sonder verder professionele lojaliteit uit. Dit behels lojaliteit teenoor die werkgewer, wat inhou dat die joernalis goeie kopie lewer en spertye in ag neem; en om goeie joernalistiek te besig, om aan jou gehoor te gee wat hy wil hê, en "to make the world a better place". Die laaste twee stellings hou verband met die nuttigheidstelling. Die stelling om aan jou gehoor te gee wat hy *wil* hê, strook egter nie met wat die navorser onder goeie joernalistiek verstaan nie. Dit strook eerder met die ingesteldheid van populistiese koerante. Daarteenoor is ernstige koerante daarop ingestel om inligting aan hul lesers te verskaf wat hulle *behoort* te kry (vgl. Froneman, 2002:37-39).

Die klassieke etiese teorieë kan nie sonder meer op die joernalistiek toegepas word nie (Lambeth, 1992:18). Oor etiese egoïsme sê dié skrywer tereg: "It is difficult to see how journalism, which is supposed to serve the public, can embrace such an ethic." (Hierdie standpunt geld ook die hedonistiese en eudaimonistiese siening.) Die nuttigheidsoogpunt het ook leemtes, omdat 'n mens nie kan weet dat 'n spesifieke besluit uiteindelik die grootste voordeel vir almal betrokke sal inhou nie (Lambeth, 1992:19-20). Etiese joernaliste behoort die gevolge van hul dade in gedagte te hou om laster en die skending van privaatheid te vermy. Hierdie oogpunt vereis egter dat die uitwerking van 'n handel baie sekuur voorspel en opgeweeg moet word, en die meeste joernaliste is nie hiertoe in staat nie. Daarbenewens kan joernaliste hulself strem in die soeke na die waarheid indien hulle behep raak met die gevolge en voordele wat hul werk inhou.

Die deontologiese standpunt het ook leemtes (Lambeth, 1992:20). Daar is nie so iets soos 'n morele stelsel wat nie selfs in 'n geringe mate aandag aan gevolge ook skenk nie. Froneman (2004) se standpunt strook met dié van Lambeth. Hy sê die media het die plig om basiese etiese en regsbeginsels toe te pas, maar behoort ook na die uitkoms te kyk om 'n middelweg tussen die uitweg en die streng reël te vind. Daar is spanning tussen die twee standpunte: "Joernaliste kan nie een kies en die ander ignoreer nie."

Lambeth (1992:21) staan die sogenaamde "mixed deontology" as etiese benadering voor. Dit heg waarde aan die vastigheid wat beginsels en die gepaardgaande konkrete reëls bied, maar skenk terselfdertyd aandag aan die moontlike gevolge. Hy verwoord sy standpunt só (Lambeth, 1992:22):

> To consult consequences and then choose among one, two, or more principles, or to find a way that respects each principle to some significant extent, is to exercise the moral imagination. It is an act of both judging and valuing, of making a value judgment ... Moreover, when the public interest is significantly at issue, both journalism and the public gain when ethical judgments are discussed openly.

Omdat die media so 'n geweldige invloed het, is dit uiters belangrik dat die joernalistiek op 'n rekenpligtige en verantwoordelike wyse gebesig word (Retief, 2002:5). Laasgenoemde skrywer noem vier gevolge van onverantwoordelike (en dus onetiese) optrede deur die media:

- Onnodige skade aan mense;
- 'n Verlies aan geloofwaardigheid (aan die kant van die media);
- Die media se noodsaaklike rol as waghond verswak; en
- Die welstand van die demokrasie ly.

Die persoonsbehartiging in beriggewing kan goed of sleg wees "in soverre die joernalis sorg vir genoeg, tydige, betydse, betroubare, onverdraaide, juiste, verstaanbare, boeiend aangebode nuus, of onvoldoende, vertraagde, onbetroubare, verdraaide, onjuiste en onverstaanbare en saai aangebode inligting" (Snyman, 1990:66). In aansluiting hierby beskou Longstaff (1993) die volgende as belangrike kenmerke van 'n etiese joernalis:

- Toegewydheid om binne die gees van openbare diens op te tree;
- Rekenpligtigheid;
- Waagmoed, veral morele waagmoed;
- Onafhanklikheid;
- Integriteit;
- Respek vir ander mense;
- Geloofwaardigheid; en
- Eerlikheid.

Die bogenoemde uiteensetting kulmineer uiteindelik in 'n antwoord op die vraag hoekom joernaliste eties moet wees. Volgens Snyman (1990:70): "Inligting moet die toerekenbare, verantwoordelike, selfbepalende en selfbeslissende teregvinding van mense dien." 'n Etiese media moet mense dus so inlig dat hulle self keuses kan maak en hierdie besluite kan uitvoer, "anders word hy (die mens) gemanipuleer om nie idioargies sy en ander se belange na behore te behartig nie". Etiese joernalistieke standaarde moet, soos Kasoma (1994:33)[13] tereg sê, "life-time professional convictions" wees.

2.3.2 Eties aanvaarbare beriggewing in die MIV/vigskonteks

Voordat spesifiek gekyk kan word na etiese MIV/vigsberiggewing, is dit nodig om vas te stel wat in die algemeen verstaan word onder eties aanvaarbare beriggewing.

Volgens Rabe (2003:11) is die basiese elemente van goeie verslaggewing die volgende: akkuraatheid, balans, onafhanklikheid, verskeidenheid van bronne, bondige en duidelike formulering, helderheid, en kontekstuele plasing (sien paragraaf 3.2.4 *Akkuraatheid* in hoofstuk 3). Kasoma (in Nel, 1999:264-265) sê verder dat verantwoordelike joernalistiek behels dat joernaliste ag slaan op etiese probleme wat tussen hulle en die nuusbronne aan die een kant en die algemene publiek aan die ander kant ontstaan. 'n Joernalis wat verantwoordelik (dus ook eties aanvaarbaar) skryf is verder iemand wat omgee oor die uitwerking van die nuus op die samelewing en op die individue oor wie hy skryf.

---

[13] Kasoma se artikel fokus spesifiek op die vraag of etiek in die joernalistiek afdwingbaar moet wees. Sy opmerkings is egter ook in die konteks van joernalistiek in die breë toepaslik.

Die behoefte aan eties aanvaarbare joernalistiek kan ook vanuit 'n sosiale verantwoordelikheidsperspektief verduidelik word. Hierdie behoefte, oftewel vereiste in hierdie konteks, spruit uit die verantwoordelikheid wat die media teenoor die publiek het. Hierdie verantwoordelikheid manifesteer in hoë of professionele standaarde van informatiwiteit, waarheid, akkuraatheid, objektiwiteit en balans (McQuail, 1987:117), dus die basiese elemente van die joernalistiek.

Eties aanvaarbare beriggewing binne die konteks van MIV/vigs skep nie sensasie nie; hanteer alle nuusbronne met respek; handhaaf vertroulikheid; gebruik aanvaarbare taal om stigmatisering te vermy; en waak teen nuusbronne wat die agenda wil manipuleer.

Dit is ewe belangrik *hoe* koerante oor die epidemie skryf as dat daar wel daaraan aandag geskenk word (Galloway, 2001:2,18):

> Media representation defines AIDS, and the way in which the 'problem' AIDS is defined determines the solution. This definition has the power to worsen the epidemic by creating a distorted picture.

Die media staan egter voor 'n groot dilemma: ignoreer hy die epidemie, dink mense dis nie belangrik nie. As hy fokus op MIV/vigs onder homoseksuele mense, dink die heteroseksuele groep dalk hy is nie in gevaar nie. Indien joernaliste net skryf oor MIV-positiewe ma's by voorgeboorteklinieke, kan die indruk geskep word dat dit vroue is wat die epidemie versprei en dat mans hulle teen vroue moet beskerm. Indien die pers onderskei tussen "onskuldige" en "skuldige" mense met MIV, bevorder hy stereotipes, diskriminasie en stigma. En as MIV/vigs net as 'n wetenskaplike en mediese probleem voorgehou word, kan leke dink dis nie hul probleem nie en dat dit in elk geval te moeilik is om te verstaan (Galloway, 2001:18).

"Vrywillige, selfregulerende stelsels van etiek"; soos mediarade, ombudsmanne en etiese kodes, is aanvullend tot rekenpligtigheid (Retief, 2002:5). Dit geld ook in die konteks van MIV/vigs. Dit is uiters belangrik dat alle ernstige joernaliste hulle vergewis van die etiese kwessies rondom MIV/vigs (Retief, 2002:176-177).

Een van die groot dilemmas waarvoor die media byna daagliks te staan kom, is die kwessie van mense se privaatheid, ook wat openbare figure betref (Du Preez, 1994:121). Laasgenoemde skrywer vra die vraag: "Het ons die reg om Winnie

Mandela se liefdesbriewe te publiseer "net omdat sy 'n openbare figuur is en glo 'n verhouding met 'n man het met wie sy nie getroud is nie? In al dié gevalle sou ek sê die maatstaf is in watter mate die openbare belang swaarder weeg as private belange." Dit is egter nie so maklik nie, omdat daar dikwels druk op redakteurs is om wel hierdie besonderhede te publiseer, selfs al is dit nie in die openbare belang nie. Hierop sê Du Preez (1994:122): "Die basiese dilemma is dat redakteurs moet besluit wie weeg die swaarste: die gemeenskap of die eienaars … partykeer, het meer as een redakteur al aan my gesê, moet jy op die korttermyn die belange van jou uitgewersmaatskappy kies net om te kan oorleef sodat jy daar is om later weer die belange van die gemeenskap te dien."

Retief (2002:176-177) haal die voorbeeld aan van die Amerikaanse tennisspeler Arthur Ashe, wie se besluit oor die bekendmaking van sy MIV-status letterlik uit sy hande geneem is deur die publikasie *USA Today.* Ashe het dit besonder duidelik gemaak dat sy privaatheid hierdeur geskend is en was veral bekommerd oor die uitwerking van die publisiteit op sy dogter. Oukrop (2002:133) vra die volgende vrae voortspruitend uit die Ashe-voorval: Moes joernaliste wat maande lank geweet het hy het MIV dit geheim gehou het? Sou die saak enigsins verander indien Ashe aan terminale longkanker gely het? Indien hy besmet geraak het deur homoseksuele aktiwiteite, sou dit deel van die storie moes wees? Sy vra verder of die Ashe-voorval enigsins verskil van byvoorbeeld die verkragting van 'n bekende. Watter belang het die publiek daarby om te weet Ashe het MIV? Skakel daardie belang sy reg op privaatheid uit?

Ná die debakel het Stovall en Cotter (1992:105) gaan ondersoek instel na hoe ver die media behoort te gaan wanneer dit kom by die bekendmaking van sogenaamde private inligting. Die navorsers het tot 'n drieledige gevolgtrekking gekom, naamlik dat:

- sommige mense meen alle inligting oor regeringsamptenare behoort bekend gemaak te word;
- 'n digotomie bestaan tussen inligting wat as amptelik geklassifiseer moet word en inligting wat as privaat beskou moet word; en
- die publiek nie 'n enkele mening huldig oor of die inligting bekend gemaak moet word of nie.

Hulle het gevolglik aanbeveel dat hierdie aspek van die joernalistieke etiek verder ondersoek moet word.

Nóg 'n besonder netelige kwessie in die konteks van MIV/vigs is die media se hantering van kinders (Delate, [2003b]). Gewoonlik is die toestemming van 'n voog nodig wanneer oor 'n kind berig word, maar wat gebeur wanneer 'n kind wees gelaat is? Dit kan vir kinders erge gevolge inhou indien hulle geïdentifiseer en blootgestel word (vgl. Health-e & Soul City: IHDC, 2001).

Dit is opvallend dat bitter min joernalistieke handboeke en handboeke oor die massamedia – plaaslike en internasionaal – enigsins melding maak van MIV/vigs en die eiesoortigheid van die onderwerp. In die gevalle waar wel na die siekte verwys word, is dit meestal binne die konteks van reklame (vgl. DeFleur & Dennis, 1991:341-341). Dit is daarom des te meer bemoedigend dat Retief (2002) dit nie net meld nie, maar 'n ernstige pleidooi lewer dat joernaliste hulle van die kwessies rondom MIV/vigs moet vergewis.

Die bogenoemde bespreking maak dit duidelik dat etiek, veral in die konteks van MIV/vigs, inderdaad nie 'n eenvoudige kwessie is nie. Die menings van die kenners hierbo aangehaal toon dat eties aanvaarbare joernalistiek kom uit die pen van 'n joernalis wat hom steur aan die gevolge van sy pennevrug. Dit sluit aan by 'n teleologiese etiese benadering, en ook by die verantwoordelikheid wat die sosiale verantwoordelikheidsmodel én die beginsel van liefdevolle persoonsbehartiging op die joernalis plaas. Só 'n media se optrede lei uiteindelik tot eties aanvaarbare beriggewing, wat voldoen aan hoë standaarde wat akkuraatheid betref.

2.4 Algemene teoretiese stelling

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking oor agendastelling en die gepaardgaande etiese verantwoordelikhede wat op die media rus, kan die volgende algemene teoretiese stelling geformuleer word:

> ***In die vervulling van sy agendastellingsfunksie en uit hoofde van sy sosiale verantwoordelikheid, behoort die media 'n groot rol te speel om openbare bewustheid oor MIV/vigs te verhoog; en stereotipering, diskriminering en stigmatisering te***

verminder deur eties aanvaarbare beriggewing oor die onderwerp. Belangegroepe kan die nuusagenda beïnvloed deur riglyne en eties aanvaarbare inligting te verskaf om die media te help om eties aanvaarbaar te berig.

2.5 Belangegroepkriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking

Kritiek teen beriggewing oor MIV/vigs is gegrond op verskeie faktore, soos die feit dat mense die media nie vertrou nie, en ook op die manier waarop daar in die verlede berig is (Qakisa, 2003:47; vgl. Retief, 2002:ix). Die publiek meen oor die algemeen dat die media ongeloofwaardig en sensasioneel is en voortdurend fokus op die negatiewe. Qakisa is self besonder krities en sê die media het mense met MIV gestigmatiseer, onder meer deur te onderskei tussen "skuldige" en "onskuldige" slagoffers. Die media het boonop homofobie rondom die siekte bevorder. Omdat stories oor MIV/vigs in Suid-Afrika hoofsaaklik te make het met die mediese of regssy van die epidemie, steun die media swaar op amptelike mediese en politieke bronne van inligting (nuusbronne word volledig bespreek in 2.3.5.7).

Die feit dat die gehalte van die joernalistiek in Suid-Afrika die laaste jare heelwat verswak het (vgl. Sanef, 2003), bemoeilik die situasie. Verskeie faktore het 'n invloed op die gehalte van die joernalistiek. Mensehulpbronne – veral joernaliste met ondervinding, word al hoe skaarser. Mathatha Tsedu, redakteur van *City Press*, het in 'n onderhoud gesê 15 jaar gelede het 80% van joernaliste in Suid-Afrika tien en meer jaar ondervinding gehad. Deesdae het 80% minder as vyf jaar ondervinding – dit terwyl vraagstukke in Suid-Afrika al hoe meer kompleks geword het (Ferreira, 2002).

Smith (2003) meen die feit dat die media in Suid-Afrika al hoe meer buitelandse eienaars het, skep 'n probleem omdat hulpbronne nie in nuuskantore teruggeploeg word nie (vgl. Searle, 2001:24-27). Nuuskantore word al hoe kleiner en joernaliste werk toenemend vir verskeie publikasies in die betrokke groep. Talle koerante steun boonop swaar op kopie van nuusagentskappe. Swak salarisse is ook ´n knelpunt. Smith (2003) is dit met Tsedu eens dat die feit dat die joernalistieke korps so jonk is, ernstige struikelblokke teweeg bring. Boonop is daar te min spesialisskrywers en min leiding of sprake van ´n mentorstelsel binne nuuskantore.

Die vernaamste leemtes wat die joernalistiekoudit van die Suid-Afrikaanse Redakteursforum (Sanef) uitgewys het, is volgens die Sanef-verslag (Steyn & De Beer, 2002):

- 'n Gebrek aan basiese skryf- en verslaggewingsvaardighede.
- 'n Gebrek aan taalvaardigheid en die vermoë om te kontekstualiseer (insluitend 'n nypende tekort aan algemene kennis).
- Te min leefstylvaardighede, en 'n gebrekkige kennis van (en verbintenis tot) mediareg en -etiek.

Dit kom daarop neer dat joernaliste sukkel met die nuusinsamelingsproses, die skryf van die finale projek, en dat akkuraatheid in al sy fasette gevolglik daaronder ly. Daar is ook 'n gebrek aan formele opleiding. Joernaliste gaan mank aan die basiese vermoë en agtergrondkennis om 'n storie behoorlik te kontekstualiseer.

In die praktyk veroorsaak dié leemte dat stories dikwels nie perspektief geplaas word nie en gebeure dus as 't ware in die lug bly hang. Daar is boonop 'n gebrek aan insig oor hoekom dit belangrik is om 'n berig in konteks te plaas. Konteks dra immers daartoe by dat die leser begryp waarom daar aan die spesifieke kwessie aandag gegee word. Wat feitelike korrektheid betref, is dit onder omstandighede waar van junior verslaggewers verwag word om die werk te doen van verslaggewers met heelwat meer ondervinding, te verstane dat die beriggewing nie van dieselfde gehalte sal wees nie.

Nóg 'n klagte is dat joernaliste dikwels net een bron gebruik wat tot gevolg het dat die beriggewing nie altyd regverdig of gebalanseerd is nie. Sanef merk op dat daar ´n groeiende tendens is om berigte vanuit net een perspektief aan te bied, soos in die elektroniese media. Dit het tot gevolg dat die leser aan net een perspektief blootgestel word. Dit kan uiteindelik 'n verdere vervlakking in die gehalte van die joernalistiek in die gedrukte media tot gevolg hê, veral te midde van die kultuur van "dumbing down" deur "trivialisation and over-simplification" wat reeds heers (vgl. Slier, 2003; Omar, 1999).

Nel (1999:29) se opmerkings oor die veranderende perspektief op nuus hou verband. Hy voer aan dat koerante die kuns vervolmaak het om inligting saam te stel en aan die leser te verskaf en dat hulle (die koerante) hulself oortuig het dat dít die

hooffunksie van 'n koerant is. Dié uitgangspunt is beperkend. 'n Koerant se missie behoort te wees om nie net inligting te versprei nie, maar om mense nader aan mekaar te bring. Die klem moet verder lê op bruikbare nuus – nuus wat die leser se aandag trek en hom aanspoor om op te tree (Nel, 1999:30-31).

As gevolg daarvan dat baie jonger en heelwat minder ervare subredakteurs in subkantore aangestel word, word bogenoemde kwessies (soos eensydige beriggewing) al hoe makliker oor die hoof gesien. Daar bestaan byna nie meer 'n leeskultuur nie, wat tot gevolg het dat selfs subredakteurs, wie se taak dit is om die koerant tegnies te versorg wat taal, styl en uitleg betref, nie weet wat in hul eie en ander koerante staan nie. Op dié manier bly die konteks dikwels agterweë. (Hulle het meer dikwels geen erg daaraan nie, ook weens die koerant se tradisionele beperking van min ruimte.)

Verder is baie joernaliste volgens die Sanef-ondersoek nie sensitief vir knelpunte in die Suid-Afrikaanse konteks nie, en ook nie vir mensekwessies nie. Die Sanef-verslag stel voor dat joernaliste bewus gemaak word daarvan dat wedersydse respek nodig is wanneer 'n mens met iemand 'n onderhoud voer, veral oor die telefoon. Joernaliste moet ook leer dat nuus nie in 'n vakuum plaasvind nie. Hulle moet dus wyer lees en proaktief inligting insamel.

Hierdie gebreke het uiteraard ook 'n invloed op MIV/vigsnuusberiggewing, benewens die ander leemtes wat nuusdekking in hierdie veld spesifiek raak (kyk paragraaf 1.3.4. *Kritiek op mediaberiggewing oor MIV/vigs* in hoofstuk 1).

Uit die leemtes in nuusberiggewing oor MIV/vigs het enkele belangegroepe en individue gemoeid met die onderwerp formele riglyne geformuleer om joernaliste te help. Op dié manier speel belangegroepe potensieel 'n belangrike rol in die daarstelling van die media se agenda deur spesifiek aan te dui *hoe* daar berig behoort te word.

In die volgende hoofstuk word hierdie riglyne bespreek, gekategoriseer en word enkele spesifieke teoretiese stellings afgelei.

HOOFSTUK 3

Belangegroepkriteria vir etiese MIV/vigsnuusdekking

3.1 Inleiding

Belanghebbendes, wat insluit MIV/vigsdrukgroepe, -organisasies en regeringsdepartemente met 'n belang by die epidemie (die begrip belangegroepe soos dit in hierdie studie van toepassing is, word uiteengesit in paragraaf 1.1.1 *Belangegroepe* in hoofstuk 1), stem saam dat die media 'n groot rol te speel het om veral basiese inligting oor MIV/vigs aan die publiek oor te dra. Uit die literatuurstudie soos in hoofstuk 2 uiteengesit (kyk spesifiek paragraaf 2.2 *Agendastelling* en 2.2.2 *Belangegroepe se agendastellingsrol*) kan afgelei word dat wanneer die media oor MIV/vigs berig, hy sy agendastellingsfunksie uitoefen deur aan nuusgebruikers te toon dat hy die onderwerp as belangrik beskou en ook debat daaroor wil stimuleer. Deur die manier waarop hy berig, skryf hy ook voor *hoe* nuusgebruikers oor die kwessie moet dink (vgl. (McCombs & Becker, 1979; Serfontein, 1995:21-41; Stein, 2002; Searle, 2001).

In die vervulling van sy agendastellingsfunksie en voortspruitend uit sy sosiale verantwoordelikheid behoort die media volgens belangegroepe, soos die Treatment Action Campaign (TAC) 'n groot rol te speel om openbare bewustheid oor MIV/vigs te verhoog. Deur eties aanvaarbaar oor alle aspekte van MIV/vigs te skryf, kan hy ook stereotipering, diskriminering en stigmatisering wat steeds die epidemie in Suid-Afrika kenmerk, verminder. Belangegroepe het op hul beurt 'n invloed op die media-agenda. Deur eties aanvaarbare inligting of riglyne te verskaf, kan hulle die media lei om eties aanvaarbaar te berig. Uiteindelik beïnvloed dit die manier waarop (dus *hoe*) nuusgebruikers oor MIV/vigs dink en praat (vgl. Dearing en Rogers (1996:4). Agendastelling is dus 'n interaktiewe proses.

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die manier waarop belangegroepe hul agendastellingsfunksie uitoefen deur voorstelle te maak oor hoe die media sy

agenda oor MIV/vigs behoort te stel. Dit spruit uit die algemene teoretiese stelling, soos in hoofstuk 2 gestel (sien paragraaf 2.4 *Algemene teoretiese stelling*).

Die spesifieke navorsingsvraag wat gevolglik in hierdie hoofstuk onder die loep kom, is:

> **Watter kriteria stel belangegroepe vir etiese mediadekking van MIV/vigs en hoe verskil dié kriteria van die algemene kriteria wat die Suid-Afrikaanse mediabedryf vir etiese nuusdekking stel?**

In 'n poging om die eerste gedeelte van dié vraag te beantwoord, word in die eerste deel van hierdie hoofstuk indringend gekyk na kritiek van belanghebbendes oor die media se hantering van MIV/vigs (kyk ook paragraaf 1.3.4.2 *Kritiek op MIV/vigsdekking*). Om die tweede deel van die vraag te kan beantwoord, is die riglyne soos aan die einde van hoofstuk 2 gestel, vergelyk met bestaande institusionele en professionele kodes (sien paragraaf 3.3 *Belangegroepriglyne in perspektief*).

Daar word dus eerstens in besonderheid aandag gegee aan riglyne vir aanvaarbare dekking oor MIV/vigs soos dit in die literatuur gestel word. Vir hierdie doel is die beskikbare literatuur wat MIV/vigsdekking in Suid-Afrika ondersoek, bestudeer. Dit is in hoofstuk 1 en 2 aan die orde gestel, en kulmineer in die stel riglyne soos weergegee in paragraaf 2.5 *Belangegroepkriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking*.

Deur die riglyne te stel, oefen die belangegroepe hul agendastellingsfunksie uit deur vir die media 'n aanduiding te gee oor *hoe* hy sy MIV/vigsagenda behoort aan te pak, asook *waaroor* hy behoort te berig. Die uiteindelike doel in hierdie studie is om te bepaal hoe die *Sunday Times, Rapport* en die *Sunday Sun,* die koerante wat in hierdie studie ondersoek word, se beriggewing oor die onderwerp opweeg teen belangegroepe se riglyne.

Die riglyne is in vier breë kategorieë verdeel, naamlik:

- Genres en subtemas;
- Aanbieding;

- Taal- en woordgebruik; en
- Akkuraatheid.

3.2 Belangegroepriglyne

3.2.1 Genres en subtemas

Onder hierdie opskrif kom kritiek met betrekking tot die sake *waaroor* die media skryf, soos maatskaplike kwessies en gebeure op grondvlak, kritiese en indieptejoernalistiek, en die positiewe en opbouende onder die loep. Die spesifieke kriteria hier ter sprake, is:

- Soek nuwe nuushoeke en gee veral ook aandag aan maatskaplike kwessies en dit wat op grondvlak gebeur (2.5.8);
- Beoefen kritiese en indieptejoernalistiek (2.5.6); en
- Fokus ook op die positiewe en opbouende (2.5.10).

Daar is talle studies wêreldwyd wat koerantinhoud oor MIV/vigs geanaliseer het en daar is 'n paar tendense uitgewys (kyk ook paragraaf 1.3.4.2 *Kritiek op MIV/vigsdekking* in hoofstuk 1). Dit sluit in sensasie, alarmisme, onakkuraatheid, disinformasie en blaam (Parker & Kelly, 2001:2). 'n Groot knelpunt egter is dat sekondêre kwessies wat mense se nuuskierigheid bevredig eerder aan die groot klok gehang word as die sleutelkwessies in die maatskaplike epidemiologie van MIV/vigs. Daar is ook gevind dat nuuskriteria daartoe kan bydra om die onderliggende, belangrike, kwessies te verdwerg.

3.2.1.1 Kritiese en indieptejoernalistiek

Parker en Kelly (2001:3,6) het gevind dat hoewel die media gereeld op sekere kwessies verwant aan MIV/vigs fokus, daar nie veel ontleding plaasvind nie. Boonop word die stories dikwels ook nie opgevolg of verder ontwikkel nie. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die Suid-Afrikaanse media hoofsaaklik onkrities skryf (dus bloot die feite weergee sonder om enigiets te bevraagteken of dieper te ontgin, en sonder om dit in konteks te plaas en gevolglik betekenis daaraan te gee) oor die onderwerp en nie opvolgwerk doen nie. Hierdie soort joernalistiek ignoreer die etiese verantwoordelikheid wat op die media rus om die lesers só in te lig dat hulle

uitvoerbare keuses kan maak en sonder dat daar betekenis aan nuus gegee is, sal 'n leser dit nie kan doen nie. Dit grens aan die skryfstyl van populistiese koerante, wat bloot op die oppervlak oor sake skryf sonder om die erns daarin raak te sien en dit te ontgin (sien die bespreking van sensasionele joernalistiek in paragraaf 2.2.1.1 *Joernalistieke style* in hoofstuk 2).

Die skrywers noem as voorbeeld beriggewing oor die behandeling van swanger vroue met MIV om die oordrag van die virus van ma na baba te verhinder wat dikwels verwys na die koste van die behandeling sonder om konkrete data te verskaf. In gevalle waar die data wel ontleed is, is geen aandag gegee aan verdere koste-implikasies nie, soos die vasstelling van watter vroue wel MIV het, berading van MIV-positiewe vroue, die voorkoming van verdere MIV-besmetting ná behandeling, en die versorging van ma's ná behandeling. Akkuraatheidsjoernalistiek sou byvoorbeeld vereis dat daar gesteun word op die wetenskaplike data, wat weer die gehalte van beriggewing verhoog (kyk die paragraaf oor hierdie soort joernalistiek in hoofstuk 2, 2.2.1.1 *Joernalistieke style*)

Die navorsers sê verder die media het groot gewag gemaak van die stigting van die regering se MIV/vigsraad (vroeg in 2000), maar die kwessie nie opgevolg deur te kyk na die raad se doelstellings en strategieë nie. In die navorsingstydperk (September/Oktober 1999 – Januarie/Februarie 2000) is ook nie gekyk na die uitkomste wat vir die raad se bedrywighede gestel is nie. Insgelyks het Cosatu se aankondiging in dié tyd dat sy leierskap vir MIV getoets gaan word, opslae gemaak, maar die media het volgens Parker en Kelly die kwessie nie opgevolg nie en ook nie gekyk na die vakbond se breër MIV/vigsstrategie nie. Hulle skryf die verskynsel toe daaraan dat joernaliste meestal gebruik maak van mediaverklarings en woordvoerders as bronne en ook sterk steun op agentskapkopie[1] (sien die bespreking van nuusbronne in paragraaf 3.2.4.5 *Nuusbronne*).

Daar is heelwat bewyse van die impak van die media se analise[2] en interpretering van nuusgebeure in van redaksionele kommentaar (*editorials*) tot rubrieke oor onderwerpe soos nuwe wetgewing, politieke gebeure en onregverdighede. Goed ingeligte burgers het nuus, inligting, analise en interpretasie nodig. Hulle behoort hul feite – en die waarheid oor die feite – uit so 'n wye verskeidenheid van bronne

[1] Nuusitems wat verkry word van nuusagentskappe, soos die South African Press Association en African Eye News Service plaaslik, en die Associated Press en Reuters in die buiteland.
[2] "Skeiding in dele om die samehang te kan begryp…" (HAT, 2000:45)

moontlik te kry om soveel moontlik menings in te win. "Otherwise, they will be like the blind men who touched only one part of the elephant and falsely interpreted it as the whole," meen Hiebert *et al*. (1991:445.)

Waar die joernalis nie meer net by die blote feite hou nie maar ook die betekenis van die gebeure vir die leser interpreteer, beweeg 'n mens na die veld van die interpreterende joernalistiek (Nel, 1999:284-285). Dit is volgens Agee *et al*. (1991:91) een van die drie fundamentele funksies van die kontemporêre koerant. (Die ander twee is om lesers "objectively" in te lig oor wat in die gemeenskap, land en wêreld gebeur, en om 'n kanaal te skep waardeur mense wat goed of dienste wil verkoop, hul ware kan adverteer.) (Vgl. Ook die bespreking van "objektiewe joernalistiek" in paragraaf 2.2.1.1 *Joernalistieke style* in die vorige hoofstuk.)

Lambeth (1986:174) sluit by bogenoemde aan wanneer hy tereg sê kritiese denke behoort deel van die joernalistiek in al sy vorme te wees:

> Except in its most rudimentary forms, journalism requires a capacity for detachment, deliberative thought, and reflective scrutiny of events, people, and circumstances. Such critical thinking inheres in the mechanics of serious news work as well as in the ethical and value judgments made in gathering and disseminating news, information, and opinion useful to the citizenry.

Nuusbronne gee egter dikwels min aandag aan die *hoe* en die *hoekom* agter gebeure wanneer hulle inligting verskaf (in byvoorbeeld mediaverklarings) en dan kan dit gebeur dat (minder ingeligte) joernaliste 'n (onvolledige) verduideliking gee op grond van die feite wat hulle wel kry (Nel, 1999:284-285). Die kritici van interpreterende joernalistiek (Nel gee nie 'n aanduiding van wie dié kritici is nie) het dit daarteen dat die joernalis dalk die verkeerde mening huldig. Daarteenoor meen die voorstanders dat dit onregverdig is om die feite te verskaf sonder om ook vir die leser te sê wat die dieper betekenis is of die relevansie van die feite in hul lewens. Die kritici sê verder interpreterende joernalistiek is gevaarlik in 'n omgewing waar baie nuusgebruikers ongeletterd is, omdat dié mense menings as feite kan beskou. Daarteenoor is die opvatting binne die raamwerk van die ontwikkelingsmodel dat kwalik geletterdes juis nodig het dat iemand vir hulle verduidelik wat die nuus beteken (dus vertolk) en dit in konteks plaas (vgl. McQuail, 1987:121). Die standpunt sluit ook aan by die verantwoordelikheid van die media binne die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel.

Dit is belangrik om te onderskei tussen formele redaksionele kommentaar (wat die mening van die publikasie weergee oor 'n kwessie), rubrieke en meningsartikels (wat die mening van die betrokke skrywer inkorporeer), en kritiese en indiepteverslaggewing. Hiebert *et al.* (1991:432) omskryf "analysis and interpretation" só:

> [T]o put facts into perspective, to tell what an event means, to explain, to argue, to persuade, to express expert opinion about what happened, and to provide a forum for the expression of conflicting opinions.

Die skrywers sê dit is egter soms moeilik om te onderskei tussen kommentaar en feite. Basiese beginsels in die joernalistiek behels dat 'n joernalis net onpartydig verslag doen ("impartial presentation of news", volgens Agee *et al.*, 1991:90) oor wat gebeur het en nie idees, menings en gevoelens uitspreek oor die gebeure nie. Die nuus word op die kommentaarblaaie geïnterpreteer (vgl. ook McQuail, 1987:149). In sommige Europese lande, daarenteen, word dit egter van joernaliste verwag om die nuus waaroor hulle skryf, te interpreteer (Hiebert *et al.*, 1991:432-433). Daar is joernalistieke genres spesifiek vir die doel van analise en interpretering – "forms of communication that allow a mirror to be held up to society in a way different from reporting".

Om te skryf, het 'n joernalis goeie feite, aanhalings en 'n paar anekdotes nodig. 'n Berig het egter meer substansie nodig as gewoon inligting oor die onderwerp en die menings van mense met wie die verslaggewer oor die onderwerp onderhoude gevoer het. 'n Berig moet ook insig bring (Sheridan Burns, 2002:149).

Krities skryf spruit uit die vermoë om akkuraat te werk, maar dit behels nie bloot die wil om foutloos te skryf nie (vgl. Mencher, 1997:33-34). Krities skryf beteken nié dat 'n joernalis sy mening oor alles uitspreek nie. Volgens Nel (1999:34, 44) hou dit egter in dat 'n joernalis ag sal slaan op die agtergrond agter 'n storie en sluit dit uiteraard ook ontledings in. Leiter *et al.* (2000:103) bring kontekstuele plasing in verband met kritiese beriggewing en sê die joernalis moet sorg dra om alle vrae te beantwoord wat die leser kan hê. Hy moet dus 'n aanduiding gee van die omvang en/of erns van die probleem en wat dit kan beteken en/of die invloed wat dit kan hê. Interpretering is die sleutel tot die meeste stories, selfs roetineberigte. Die leser wil weet wat het gebeur, hoekom dit gebeur het en wat dit beteken. Die verslaggewer moet hierdie

inligting weergee in 'n taal wat die leser verstaan. Interpretering hou verder in dat die joernalis syfers, statistiek en tegniese besonderhede sal verduidelik (Leiter *et al.*, 2000:387) (sien ook paragraaf 3.2.4.8 *Syfers en aansprake*).

Dit is veral nuttig om in gedagte te hou dat alle gebeure 'n oorsaak of oorsake en gevolg(e) het. Dié inligting kan interessante en nuuswaardige idees oplewer om 'n storie te ontwikkel (Mencher, 1997:28).

Gevolg (*consequence*) is 'n kwessie wat mense se lewens beïnvloed volgens (Beamish, 2002:ch-4690). (Dit is ook 'n nuuskriterium.) 'n Gebeurtenis of knelpunt kan 'n goeie storie word indien die joernalis kan aantoon in hoe 'n mate dit die gehoor raak, of wat die implikasies daarvan vir die gehoor is. Wat MIV/vigs betref, is die uitwerking van die epidemie op gesinstrukture en verhoudings, gemeenskappe, onderwys en sakebedrywighede 'n goeie voorbeeld. Dit sluit aan by die teleologiese benadering binne die etiek, wat die gevolge van 'n handeling as maatstaf gebruik om te bepaal of die handeling eties reg of verkeerd sal wees. Wanneer 'n leser nie inligting oor die moontlike gevolge van byvoorbeeld 'n beleidsbesluit kry nie, kan dit sy besluit oor of hierdie beleid aanvaarbaar is of nie, beïnvloed. In hierdie konteks gebruik die leser dus ook die gevolge as maatstaf. Hierdie perspektief het dus 'n direkte invloed op die media se verantwoordelikheid om hierdie inligting te verskaf.

Joernaliste wat nie krities skryf nie en net konsentreer op dit wat op die oppervlak lê, doen hul lesers 'n onreg aan, volgens Mencher (1997:48):

> That kind of journalism, with little predictive capacity, is unable to fulfill journalism's role of supplying people with information on which they can make decisions.

In die Amerikaanse media word redaksionele kommentaar (sien [e] onder die opskrif *Kategorie 1: genre* in paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë* in hoofstuk 4 vir 'n omskrywing van die begrip) en nuus geskei. In Suid-Afrika word dit ook meestal op dié manier hanteer deur aparte bladsye, bekend as die hoofartikelblad, aan redaksionele kommentaar (insluitend die spotprent), rubrieke en briewe (ook 'n vorm van kommentaar – van die leser) af te staan. Harrower (2002:10) meen die kommentaar moet duidelik van die nuus geskei word. Hoe gaan die lesers andersins weet waar die feite eindig en die debat begin?

Hiebert *et al.* (1991:446) meen die analise- en interpreteringsfunksie van die massamedia word al hoe belangriker (hoewel dit volgens hulle 'n kleiner rol speel as nuus en inligting of vermaak), omdat die moderne lewe al hoe meer ingewikkeld word. Talle studies het getoon dat feite gemanipuleer en die nuus verdraai kan word. Die media het dus 'n verantwoordelikheid om 'n breër interpretasie van die waarheid te gee. Leiter *et al.* (2000:393) sluit hierby aan met die volgende stelling: "Complete reporting is expected of the reporter as a public service." Deur genoeg inligting te verskaf sodat 'n leser 'n ingeligte besluit oor 'n saak kan neem, vervul die media nie net sy agendastellingsrol nie, maar kom hy ook sy verantwoordelikheid na.

Hoe wyd strek die agenda? 'n Mens sou kon redeneer hoe meer gebeure verduidelik en geïnterpreteer word, hoe duideliker is die media-agenda. Negrine (1996:6-9) en Curran (1991:30-31) sluit hierby aan. Hierdie skrywers huldig die standpunt dat die media die publiek se toegang tot die openbare sfeer verbreed deur nie bloot in te lig nie, maar ook te interpreteer. Hoewel albei skryf binne die konteks van politieke sake, is hierdie standpunt ook in die breë joernalistiek en dus MIV/vigs van toepassing.

Soms is blote tydsverloop die rede waarom inligting weer opgehaal en verduidelik moet word sodat die nuusitem sin maak. Gebeure volg nie altyd direk op mekaar nie, trouens, daar kan soms heelwat tyd verbygaan voordat gebeure 'n punt bereik. Daar het byvoorbeeld bykans vier jaar verloop sedert druk oor antiretrovirale behandeling in 2000 ernstig begin oplaai het tot die regering vroeër in 2004 programme begin invoer het. Om 'n leser dus nie oor hierdie agtergrond in te lig nie, laat hom in die duister, ook oor hoe gewigtig 'n saak is.

Die bogenoemde het 'n historiese aanloop. Joernaliste het hulle ten tyde van die Koue Oorlog begin afvra of hulle 'n verantwoordelikheid het om verder te gaan as om bloot weer te gee wat mense sê en doen (Mencher,1997:48). Elmer Davis, 'n radiojoernalis, het aan Mencher gesê die beginsel van "objektiwiteit" hou in dat 'n koerant of ander medium alle perspektiewe rondom 'n omstrede kwessie weergee, maar die leser self laat besluit. Mencher skryf Davis het gewonder of die lesers gewoon die nodige agtergrond oor die onderwerpe gehad het. Die mens kan tog net ingelig 'n besluit neem indien hy wel die nodige kennis het. Hierdie standpunt is beslis van toepassing op MIV/vigs.

Mencher (1997:49) sê verder Davis en sy eweknieë in die gedrukte media het "objektiewe" verslaggewing uitgebrei (die styl en die navorser se standpunt daaroor word kortliks uiteengesit in paragraaf 2.2.1.1 *Joernalistieke style* in hoofstuk 2). Hulle het begin sien hoe hulle insigte kan verskaf aan nie net die publiek nie, maar ook aan beleidmakers en het begin verslag doen met meer aandag aan konteks en die storie agter die storie. Op hierdie manier het hulle hul agenda uitgebrei. Mencher (1997:49-50) sê joernaliste kan hierdie voorbeeld volg deur meer aandag te begin gee aan die eenvoudige beginsel van die ontwikkeling van nuusidees deur te fokus op oorsaak en gevolg.

Is kritiese joernalistiek gelyk aan ondersoekende joernalistiek? Hiebert *et al.* (1991:422) sê ondersoekende joernaliste maak nuus deur onder die oppervlak te gaan soek na die werklike oorsaak of doel van 'n gebeurtenis.

Opspraakwekkende gebeurtenisse soos die Watergate-skandaal het die opvatting versterk dat ondersoekende joernalistiek net gaan oor "scoops"[3] en ongerymdhede. Dit is nie noodwendig so nie. 'n Joernalis wat 'n agtergrondartikel (sien [c] in *Kategorie 1: genre* in 4.2.6.1 *Kategorieë* in hoofstuk 4) oor 'n onderwerp skryf en navorsing daarvoor doen, is ook besig met 'n ondersoek (Ansell, 2001). Ondersoekende joernalistiek gaan tog daaroor dat jy wyer vrae as die voor-die-hand-liggende vra en nie net oppervlakkig berig doen nie (vgl. Hiebert *et al.*, 1991:421-423). Dit sluit myns insiens nie net "scoops" in nie.

Ondersoekende verslaggewing gaan wel heelwat verder as die tipiese nuusstorie of feature-artikel en op hierdie gebied kan joernaliste veral 'n verskil in die MIV/vigsepidemie maak, sê Beamish (2002:cd-4696). Sy verduidelik die standpunt soos volg:

> As one frequent reporter on HIV/AIDS put it, "reporters need to be the watchdogs of the public interest." One are (sic) where there is a great need for journalists to investigate the issues in depth, she points out, involves "following the money" that foundations, donor agencies, and national governments are committing, in sizable proportions, to fighting HIV/AIDS in Africa. ... another are (sic) that presents an extroaordinary opportunity for investigative journalis (sic) involves the goals that governments have set for themselves for combating HIV/AIDS.

[3] 'n "Scoop" is volgens Nel (1999:63): "A piece of news made public by a news organisation or by a reporter before its rivals."

Verantwoordelike joernalistiek vra van 'n joernalis om ingelig te skryf. 'n Mens kan nie krities staan sonder dat jy ingelig is nie. Omdat so baie joernaliste egter deesdae bloot in die loop van hul dagtaak ook oor MIV/vigs moet skryf, sou dit onregverdig wees om van hulle te verwag om volledig ingelig te wees oor alle aspekte van die epidemie. 'n Verantwoordelike joernalis behoort egter dubbeld seker te maak van die feite wanneer hy in 'n veld staan waar hy hom nie tuis voel nie, en kennis en agtergrond in te win sover tyd dit toelaat sodat hy die nodige vrae kan vra en die betrokke taak behoorlik kan afhandel.

Sheridan Burns (2002:ix) sê: "... being mindful is exactly what good journalism is about". Dit beteken elke joernalis moet die verantwoordelikheid wat met die potensiaal van die media om mense se lewens te beïnvloed, gepaard gaan, erken en aanvaar:

> Professional integrity is not something you have when you are feeling a bit down at the end of a long week. It is a state of mindfulness that you bring to everything you write, no matter how humble the topic.

3.2.1.2 Nuustemas

Uit hoofde van hul universele aard, skryf koerante oor 'n wye spektrum van temas. 'n Goeie koerant sal trouens doelbewus soveel onderwerpe moontlik dek (Froneman, 2002:50). 'n Mens kan dié stelling uit 'n etiese oogpunt verder uitbrei deur te sê dat koerante die verantwoordelikheid het om soveel moontlik temas te dek, én dat daardie temas so deeglik moontlik ontgin moet word, soos in die paragraaf hierbo oor kritiese en indieptejoernalistiek verduidelik is. Dit hou in dat daar nie net op een onderwerp gefokus word nie. Hierdie aspek hou ook verband met die akkuraatheid van beriggewing, wat onder meer behels dat balans gehandhaaf behoort te word (sien paragraaf 3.2.4 *Akkuraatheid*).

Galloway (2001:2) sê tereg dat die onderwerp van MIV/vigs talle uitdagings bied vir die wetenskap- of gesondheidsjoernalis wat as tussenganger optree tussen kundiges en diegene wat hul inligting nodig het en dit moet begryp sodat hulle hul leefstyl kan aanpas en hulself teen besmetting kan beskerm. Dit beteken egter dat koerante (redakteurs en joernaliste) hulle daartoe moet verbind om ruimte af te staan aan die onderwerp – nie net wanneer harde nuus (die begrip word omskryf in [a] in

Kategorie 1: genre in paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë*, hoofstuk 4) breek of wanneer daar 'n internasionale kongres plaasvind of met die oog op Wêreldvigsdag (op 1 Desember elke jaar) nie, maar deurlopend. Trouens, sy bepleit deegliker beplanning sodat dekking deurlopend kan plaasvind en nie net gebeurtenisgedrewe is nie.

MIV/vigs was tradisioneel wel net 'n gesondheidstorie, maar dit is deesdae heelwat wyer. Beamish (2002:cd-4690) beskryf dit só: "It is [also] political, economic, social and cultural. It is local, national and global. It is about individuals, communities, regions, nations and the world." Indien 'n joernalis die wye aard van die onderwerp in gedagte hou, sal hy nooit 'n tekort hê aan storie-idees nie (Beamish, 2002:ch-4696; vgl. Anon, 1999).

Talle nuusitems bevat 'n element wat die mens se belangstelling prikkel, naamlik *human interest*. Dit is 'n bestanddeel wat in die literatuur beskou word as onontbeerlik vir goeie joernalistiek (Mencher, 1997:51), omdat mense graag oor die doen en late van ander lees. Om seker te maak mense lees 'n storie, moet die joernalis die gebeure so weergee dat dit die drama van persoonlike belewing vervang. Een van die maniere is om die storie uit hierdie oogpunt te vertel. Verslaggewers verpersoonlik en dramatiseer die nuus deur die mense wat by die gebeure betrokke is, uit te sonder.

Dié nuuskriterium word in die literatuur op verskeie maniere vertolk. Hiebert *et al.* (1991:415) sê dit beskryf gebeure en sake wat die leser se aandag hou bloot weens die fisieke en emosionele reaksie wat dit ontlok. Die faktore wat *human interest* verskaf, sluit in avontuur en konflik, humor, patos en batos, seks, die ongewone en sake waarby die leser persoonlik 'n belang het. Heelwat van elke dag se nuus dra hierdie kenmerke.

Leiter *et al.* (2000:37) verskil in 'n mate van die bogenoemde skrywers. Volgens hierdie skrywers lyk baie berigte wat verskyn met die eerste oogopslag nie soos nuus nie, omdat dit nie voldoen aan die tradisionele nuuskriteria (sien paragraaf 2.2.1 *Wat is nuus?* vir 'n beskrywing van hierdie kriteria) nie. Hierdie items word volgens hulle *human interest*- of *feature*-stories genoem. Die skrywers se mening dat 'n *feature* aan *human interest* gelyk gestel kan word, kan bevraagteken word. Waar laasgenoemde 'n nuuskriterium is, is 'n *feature* 'n nuusgenre, dus 'n vorm van beriggewing. Dit bevat egter meestal die element *human interest*. In hierdie studie

word die term *feature* gebruik om 'n (gewoonlik langer) artikel te beskryf wat in die verteltrant geskryf is en waar die menslike sy van die onderwerp die nuushoek is.

Al voldoen stories met hierdie mens-element as kern nie aan die tradisionele nuusvereistes nie, beteken dit nie dat dit nie substansie het nie. Inteendeel. Hierdie items vind ook by 'n breë gehoor byval. Groot gebeurtenisse bring dikwels heelparty van hierdie soort stories mee. In die konteks van MIV/vigs sê Beamish (2002:ch-4690) die mens-element is die epidemie se mensegesig. Die statistiek, politiek en ekonomie van MIV/vigs moet geïllustreer word deur mense wat deur die epidemie geraak word en met wie lesers hulle kan vereenselwig. 'n Paar voorbeelde van mense wie se ondervindings 'n goeie mens-hoek kan verskaf, is onderwysers, ma's met MIV, getroude paartjies, pioniers in die veld van MIV/vigs, en vigswesies.

Sleutelpersoonlikhede val ook in die bogenoemde kategorie. Dit is so dat name nuus is en groot name nóg groter nuus (Leiter *et al.*, 2000:34). 'n Prominente persoon doen dalk net 'n plek aan op pad na byvoorbeeld 'n konferensie en dit is 'n storie werd.

Wat 'n prominente persoon egter sê of doen, is dikwels nuus weens die *gevolge* daarvan, meen die skrywers. Só word oudpres. Nelson Mandela se kritiek op die Mbeki-regering se hantering van MIV/vigs beskou as besonder nuuswaardig, word die uitsprake van regt. Edwin Cameron – self MIV-positief – byna sonder uitsondering aangehaal, en was daar besondere belangstelling in die ontslape jong vigsaktivis Nkosi Johnson. Mense soos wyle prinses Diana se betrokkenheid by MIV/vigs was ook telkens in die nuus.

Die mees doeltreffende joernalistiek met betrekking tot MIV/vigs integreer drie elemente, naamlik die perspektiewe van mense met MIV/vigs, die groter kulturele, ekonomiese en politiese konteks wat die epidemie vorm, en die wetenskap van MIV (Stein, 2001:7). MIV/vigsdekking in Suid-Afrika fokus egter byna uitsluitlik op die politieke dimensies van die epidemie, terwyl die onderliggende probleme wat die epidemie aanvuur, optrede in die gemeenskap en mense met MIV/vigs (dus die maatskaplike kwessies) nie juis veel aandag kry nie (Delate, 2003b; vgl. Parker & Kelly 2001:3; Stein, 2001:7,11).

Onderwerpe vir beriggewing oor MIV/vigs is volgens belangegroepe bykans onbeperk. Dit sluit in dekking oor:

(i) **optrede** (soos stories oor berading en sorg; politiek en beleid - verkragting, MTCT, kwessies in die werkplek; voorligting en bewusmaking [voorkoming]; oordrag en risiko; konflik en politiek);
(ii) die **impak** van die epidemie (byvoorbeeld statistiek en ander syfers; ekonomiese impak, maatskaplike kwessies soos armoede en vigswesies; en regskwessies);
(iii) wetenskaplike en maatskaplike **navorsing**; en
(iv) dekking oor **behandeling** (soos nuwe middels; toetse; kure en entstowwe).

- ***Konflik en politiek***

Talle media-instellings meen hulle het hul deel gedoen indien hulle af en toe iets oor MIV/vigs publiseer – en dan gewoonlik uit 'n politieke of konflikhoek (Cullinan, 2001). Politiek as tema en konflik as nuuskriterium speel dus 'n groot rol in MIV/vigsberiggewing.

Finlay (2003b) sê in sy studie oor konflik en MIV/vigs in die Suid-Afrikaanse pers dat navorsing oor 2001 en vroeër toon dat die politieke konflik rondom die regering se MIV/vigsbeleid 'n invloed gehad het op die MIV/vigsnuusagenda – dalk tot die nadeel van 'n meer gesofistikeerde en omvattende reaksie op die uitwerking wat die pandemie op die land het. Hy gaan selfs so ver om te sê dat konflik Suid-Afrikaners se begrip van MIV/vigs sedert die middel 90's bepaal het. (Dit bied insig in die media-agenda oor MIV/vigs in daardie tydperk, en wel in dié mate dat hy konflikstories as belangriker as ander temas oor die epidemie beskou.) In 1994 was dit die konflik rondom die regering se omstrede MIV/vigsplan, en in 1996 het die debakel rondom die *Sarafina II*-MIV/vigsblyspel van R14,2 miljoen gevolg. In die laat jare 90 is gefokus op die herrie oor MIV/vigsbehandeling om die oordrag van die virus van ma na baba te keer; in 2000 was die fokuspunt pres. Thabo Mbeki, die afvalliges en die debat oor of MIV vigs veroorsaak. Meer onlangs, sedert einde 2003, is dikwels berig oor die stryd om gratis antiretrovirale behandeling vir Suid-Afrikaners met vigs te verseker namate belangegroepe hieroor druk op die regering verhoog het.

Te midde van 'n omgewing waarin 'n nuwe demokratiese regering sy voete probeer vind het, het die MIV/vigsepidemie in die land al hoe groter afmetings begin aanneem. Finlay beskryf die situasie soos volg (2003b):

> AIDS was a particular kind of story, with personal, political, and social dimensions, that required a particular, perhaps even careful, kind of reporting. It was, above all, a 'chronic' lead story, that would not go away overnight, yet, beyond the initial statistics and descriptions of someone living with AIDS, with few obvious angles to pin a headline to.

Konflik, sleutelpersoonlikhede en die regering se standpunt het egter grootliks die kwessies gebly wat nuusprioriteite beïnvloed as dit kom by MIV/vigs. Dit is in pas met tradisionele nuustemas (Finlay, 2003b), maar ten koste van ander onderwerpe, wat in die konteks selfs as belangriker gesien kan word. In dié verband kan maatskaplike kwessies opgehaal word.

- ***Maatskaplike knelpunte***

Sake wat verband hou met die epidemie, soos maatskaplike knelpunte en genderongelykheid[4] – een van die sleutelkwessies in die verspreiding van die epidemie, word afgeskeep. Qakisa (2003:46) is dit met Cullinan eens en sê die meeste verslaggewers fokus eerder op regeringsbeleid as op hoe mense met MIV/vigs kan oorleef. Vroue word of as slagoffers, of as oordraers van die virus uitgebeeld. Die media gee voorkeur aan opspraakwekkende kwessies rakende MIV/vigs tot die nadeel van mense met die sindroom. Dit help nie om inligting oor MIV/vigs aan arm mense te verskaf sonder om vir hulle te vertel waar hulle kan hulp kry nie. In ontwikkelende lande soos Suid-Afrika moet inligting oor die toestand omvattend wees en kwessies insluit soos mediese sorg, behuising, behandeling vir dwelmmisbruik, onderwys, opleiding en regsdienste (Qakisa, 2003:61).

Parker en Kelly (2001:7) sê: "We need to begin perpetuating an understanding of what are the meaningful areas of response within the HIV/AIDS epidemic." In hierdie verband noem hulle die kondoomknelpunt. Bewusmakingsprojekte die laaste jare het 'n groot behoefte aan die beskikbaarheid van kondome veroorsaak, maar die stelsels

[4] Die woord gender pleks van geslag word algemeen in die media gebruik om te verwys na kwessies wat veral met vroue te doen het. Die woord beteken egter nie dieselfde as geslag nie en die onderskeid word in hierdie studie gerespekteer. Geslag verwys na die biologiese verskille tussen mans en vroue. Gender verwys na die differensiële sosiale rolle wat vroue en mans binne 'n spesifieke kulturele konteks definieer. Genderrolle verskil baie tussen verskillende samelewings en kulture, die rolle is buigsaam. Genderbewustheid erken die beduidende bydra wat vroue in die samelewing maak (Eurochambres Women Network, 2004).

waardeur kondome versprei word, werk nog nie glad nie. Dit het groot implikasies vir pogings om MIV-besmetting te voorkom, maar die media het hierdie hoek nog nie naastenby goed ontgin nie. Dieselfde geld die monitering en invoering van ingrypings wat betref vrywillige berading en toetsing; toepaslike sorg in gesondheidsorginstellings in veral die staatsektor; en steun aan vigswesies.

Die Nelson Mandela/RGN-studie (HSRC, 2002:102) beveel aan dat die nuusmedia meer aandag skenk aan onderwerpe soos navorsing, mites en wanopvattings, en dat bande gebou word met MIV/vigsdiensorganisasies wat op gemeenskapsvlak werk. Stappe moet gedoen word om basiese inligting te verskaf volgens die behoefte van die betrokke gehoor. Dit sluit aan by die vereistes wat gestel word binne 'n sosiale verantwoordelikheidsmodel, maar stem ook ooreen met aspekte van die ontwikkelingsmodel (die klem op die gemeenskap), en die demokraties-deelnemende model (wat betref die bou van bande op grondvlak) (mediamodelle word bespreek in paragraaf 1.2 *Die rol van die media* in hoofstuk 1).

Ander temas wat nog te min aandag in die media gekry het, is genderongelykheid (Stein, 2001:13); en algemene tendense (Beamish, 2002:ch-4690). Epidemiologiese, ekonomiese en maatskaplike tendense toon hoe MIV/vigs mense se lewens verander.

Nuwe syfers oor infeksiekoerse of oor spesifieke bevolkingsgroepe wat die meeste deur die epidemie geraak word, bied 'n ryk bron van inligting. Syfers is egter 'n onderwerp wat in die Suid-Afrikaanse media heelwat aandag geniet, ten koste van baie ander sake rondom MIV/vigs. Een moontlike verklaring is dat dit "tasbare" inligting en bewyse oor die epidemie verskaf. Maatskaplike kwessies kan moontlik as te vaag gesien word en redakteurs wat nuus met slaankrag soek, gaan hierby verbykyk – tensy joernaliste daarin slaag om die inligting só aan te bied dat dit die aandag vasvang.

3.2.1.3 Positiewe en opbouende beriggewing

Froneman (1997:8) is 'n voorstander van positiewe en opbouende beriggewing in die algemeen. Hy voer aan dat die gesegde dat slegte nuus goeie nuus is, nie hoef te geld nie. Dit is duidelik van toepassing op beriggewing oor MIV/vigs. Binne hierdie konteks hou positiewe beriggewing in dat berigte gepubliseer word wat mense inspireer en die gemeenskap opbou.

Wat kortkom in nuusdekking oor die epidemie, is 'n boodskap van hoop. Dit is egter so dat die media in Suid-Afrika 'n stadium bereik het van versadiging en finansiële redakteurs het byvoorbeeld gesê geen items oor die onderwerp sal gebruik word tensy dit in die finansiële veld belangrik is nie (Smith, 2003).

Agendastelling kom hier ter sprake. Talle joernaliste sal dalk redeneer dat dit nie hul plig is om die rol van "social change-agent" te speel nie (Stein, 2001:7), maar min sal ontken dat media-aandag maatskaplike verandering kan bevorder. Om dus positiewe aspekte van die epidemie te beklemtoon, help om 'n klimaat te skep waarbinne sulke konstruktiewe optrede kan plaasvind. Smith (2003) sluit hierby aan en sê daar is steeds te veel fokus op MIV/vigs as 'n "ramp" en dat belangegroepe moet sorg dat daar balans is. Die ramp-aspek kan nie geïgnoreer word nie, maar joernaliste moet fokus daarop dat daar mense is wat voortgaan met hul lewens, ondanks MIV/vigs (vgl. ook Siyam'kela, 2003:12). Koerante wat balans op hierdie manier handhaaf, doen ook berig binne die etiese verantwoordelikheid wat op hulle rus deurdat hulle aan hul lesers nie net 'n eensydig negatiewe perspektief bring nie, maar ook die positiewe uitlig.

Die feit dat lesers vooroordeel sien in die manier waarop die media oor negatiewe nuus berig, dra by tot die beeld van lae geloofwaardigheid wat die media onder 'n groot deel van die publiek het (Leiter *et al*., 2000:64).

'n Mens kan selfs sover gaan soos om te sê dat die media mense soms mislei wanneer dit kom by MIV/vigs, veral indien net een perspektief aandag kry. As 'n mens kyk na hoe die media soms twyfelagtige wetenskaplike deurbrake (soos Virodene) uitbasuin, sou jy kon verwag dat goeie nuus oor die koers van die epidemie op dieselfde wyse beklemtoon sal word. Ongelukkig is daar nog nie veel gefokus op goeie nuus oor die koers van die epidemie nie. Inteendeel, die slegste scenario's word meestal beklemtoon. Schwartz en Murray (1996) bied 'n logiese verklaring vir hierdie stand van sake:

> Humanitarian sentiments, such as the desire to increase compassion and research money for victims, may motivate reporters and researchers alike to emphasize the horrors of this truly horrifying ailment. But however laudable their motives, they have ignored or downplayed some encouraging developments of genuine importance.

Dis 'n algemene tendens in massakommunikasie om te dreig of vrees by die gehoor te veroorsaak (Severin & Tankard, 1992:157-158). Dié skrywers haal navorsing aan van Janis en Feshbach waarin egter bevind is dat die boodskap met die kleinste vreeselement die meeste daarin geslaag het om gedrag om te keer – in dié betrokke geval navorsing oor mondhigiëne. MIV/vigsbelangegroepe het dit teen die vreeselement in talle nuusitems oor die epidemie, omdat hulle meen dat dit negatiewe beriggewing is. Parker, Kelly en Stein (2001:7) meen daar is nie veel waarde in alarmisme nie, maar dit is nie baie prominent in die Suid-Afrikaanse pers nie. Sulke vreesappèlle dien nie juis 'n doel anders as om by te dra tot die skep van mites nie, met 'n gevolglike negatiewe impak om die manier waarop mense die epidemie begryp.

Hill (1988:35), daarenteen, het die uitwerking van vrees in kondoomadvertensies om MIV/vigs te voorkom, bestudeer. Hy het gevind mense is meer positief ingestel teenoor 'n boodskap wat *matig* vrees inboesem, maar dat een wat sterk op vrees aanspraak maak én 'n "non-fear appeal" mense negatief stem.

Hill (1988:36) spekuleer egter dat geen vrees onvanpas kan lyk in die MIV/vigskonteks, maar dat 'n sterk vreesinslag te dreigend kan lyk wanneer dit gekombineer word met die individu se bestaande vrees vir MIV/vigs. Hill (1988:36) voeg by dat die blote volume inligting wat daardie tyd reeds oor MIV/vigs beskikbaar was, die vermoë het om mense te verwar. Boonop verstaan bitter min mense die wetenskaplike en tegniese aard van baie van die inligting. Hierdie standpunt is vandag des te meer van toepassing, omdat die sindroom mense in alle vlakke van die samelewing raak en die inligting selfs meer wetenskaplik is as 16 jaar gelede toe Hill die artikel geskryf het. 'n Mens sou dus kon verwag dat die media uit hoofde van sy verantwoordelikheid teenoor die publiek (binne die raamwerk van sosiale verantwoordelikheid) en binne die raamwerk van die etiek 'n ewewigtige beeld skep. Dit sluit in dat op die positiewe ook gekonsentreer word. Dit is immers deel van die werklikheid.

In die lig van die voorafgaande kan die volgende teoretiese stelling geformuleer word:

3.2.1.4 Spesifieke teoretiese stelling 1

Om aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs te verseker, moet die media krities oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe berig lewer, en ook aandag gee aan die positiewe en opbouende.

3.2.2 Aanbieding

Die manier waarop die nuuspakket (die inhoud van byvoorbeeld 'n koerant) aangebied word, is nie bloot lukraak nie. Dit verg fyn beplanning en die opweeg van nuus en grafiese materiaal. Die manier waarop nuus oor MIV/vigs, en veral oor mense, aangebied word, en die wyse waarop mense met MIV/vigs in koerante uitgebeeld word, is 'n groot bron van kommer onder belangegroepe.

Die spesifieke kriterium wat in hierdie afdeling onder die loep kom, is:

- Vermy sensasionalisering wat woordgebruik, inhoud en plasing betref (2.5.1).

3.2.2.1 Nuusrame

Nuus gee aan die publiek inligting wat hy moet weet, wil weet en behoort te weet (sien paragraaf 2.2.1 *Wat is nuus?* vir 'n bespreking van wat nuus is). In die proses skep die nuusmedia 'n raamwerk waarbinne mense gebeure bespreek, 'n kwessie wat nou verband hou met die media se agendastellingsfunksie. Die aard van die debat hang af van die beskikbare inligting. In die proses versprei die media nie net inligting nie, maar vorm hy ook die kennis wat nuusgebruikers oor die spesifieke onderwerp het. Deur die inligting, die perspektief (nuushoek) wat ingeslaan word, én deur dit wat uitgelaat word skep die media 'n spesifieke realiteit of beeld eerder as dat hy bloot 'n stukkie van die werklikheid weergee (Tuchman, 1978:ix, 1-12; Entman, 1993:54).

Entman (1993:52) beskryf die ramingsteorie soos volg:

> Framing essentially involves *selection* and *salience*. To frame is to *select some aspects of a perceived reality and make them more salient*[5] *in a communicating*

[5] *Salience*: "... making a piece of information more noticeable, meaningful, or memorable to

> *text, in such a way as to promote a particular problem definition, causal interpretation, moral evaluation, and/or treatment recommencation* for the item described.

Die raam bepaal hoe mense 'n kwessie sal begryp en onthou, evalueer en kies of hulle daarop gaan reageer of nie. Nuusrame het dus potensieel 'n groot uitwerking op nuusgebruikers. Pickle, Crouse en Brown (2002:441) sê gegewe dié situasie kan die media en gesondheidswerkers heelwat nouer saam werk teen MIV/vigs as 'n enorme maatskaplike probleem.

Fourie (2001a:452) argumenteer aan die hand van Hartley (1982:5) dat mediagebruikers help om die realiteit te skep deur die belang daarvan te interpreteer in dié mate waarin hierdie realiteit ooreenstem met die verwagtings wat die nuus by hulle skep. Hy noem as voorbeeld dat mense wat lees oor politieke ontwikkelings in die land, gelei word deur die kodes en konvensies wat die koerante gebruik. Die potensiële invloed van koerante op die leser se persepsie van die werklikheid vergroot dus indien hy lees oor iets waarvan hy niks weet nie. Entman (1993:54) sluit hierby aan wanneer hy sê dat 'n nuusgebruiker se reaksie duidelik beïnvloed word indien hy inligting oor een interpretasie van 'n saak kry maar nie veel weet van alternatiewe nie (sien ook paragraaf 3.1.4.6 *Balans* vir 'n bespreking van balans in beriggewing). Dit is veral belangrik in die konteks van MIV/vigs, omdat daar ondanks indringende pogings om bewustheid op te skerp, steeds heelwat onkunde bestaan – veral oor die fyner detail oor die toestand wat belangrik is as 'n mens byvoorbeeld die kwessie van behandeling met ARM (antiretrovirale middels) wil begryp. Publikasies wat net een kant van 'n saak uitlig, kom boonop nie hul verantwoordelikheid teenoor die publiek na nie.

Belangegroepe het dit veral teen beriggewing wat spesifieke beelde (nuusrame) skep van MIV/vigs, soos oorlogbeeldspraak of deurlopende verwysing na die epidemie as 'n ramp. Die nuusraam wat geskep word, word egter soms vooruitgeloop deur die belangegroepe – regeringslui verwys byvoorbeeld dikwels na die epidemie as 'n "scourge"[6] .

---

audiences." (Entman, 1993:53.)

[6] Volgens Eksteen (1997:1288) beteken *scourge* "gesel, roede, dictator, wrede heerser, kastyding, teistering, besoeking, (wrede) straf". Webster's Third New International Dictionary (1993:2038) gee ook die volgende, meer neutrale, verklaring aan: "a cause of widespread or

Daar word dikwels gesê dat die media oorlogstaal moet vermy. Hoekom, as die MIV/vigsorganisasies dit deurentyd self doen, vra Delate (2003b:18): "One just has to listen to speech by Stephen Lewis, the UN Special Envoy for HIV/AIDS in Africa. Lewis repeatedly uses the imagery and rhetoric of war in his speeches. And Lewis is not alone, almost every AIDS organisation uses this language."

Wat belangrik is, is dat weens die aard van nuus, die manier waarop joernaliste dit skep en die invloede wat nuus en nuusorganisasies as maatskaplike instellings in die samelewing absorbeer, is nuus nie 'n spieëlbeeld van die werklikheid nie (Fourie, 2001a:465). Dit is eerder 'n raam of venster op die werklikheid wat net 'n deel van die werklikheid kan weergee. Belangegroepe behoort dit ook in ag te neem.

3.2.2.2 Prominensie

Deur die prominensie wat aan 'n nuusitem verleen word, kry die leser 'n aanduiding oor hoe belangrik 'n kwessie (in die koerant se oë) is. (Dit is die kern van die agendastellingsfunksie.) In teenstelling met sensasionele beriggewing wat daarna neig om 'n nuusitem heelwat meer prominent aan te bied as die aandag wat dit inderwaarheid verdien, meen sommige belanghebbendes dat koerante nuusitems oor MIV/vigs dikwels nie prominent genoeg gebruik nie.

Die aanbieding van nuus (hier met verwysing na die inhoud van 'n item) is 'n instrument wat joernaliste gebruik om gebeure in nuus om te skep deur spesifieke kodes te gebruik (Fourie, 2001a:458). Mediagebruikers leer mettertyd hierdie kodes verstaan, wat hulle meer mediageletterd maak . Op hierdie wyse leer hulle die "taal" van die media ontsyfer (vgl. Swaim, 2002; Walsh, 2005). Dit dra ook by tot hoe hulle die nuus interpreteer. Hoe die storie vertel word, voeg egter nie net betekenis toe nie, maar kan dit ook beperk indien dit minder prominent aangebied word as wat dit verdien. Dit beklemtoon net weer dat nuus nie die volle werklikheid reflekteer nie: "Only a small part of reality and what is going on in a society are covered, with a definite emphasis on specific subjects and spheres." (Retief, 2001:459).

Nóg 'n joernalistieke "kode" wat koerante gebruik, is bladuitleg. Volgens hierdie kode is die grootte van 'n opskrif, die posisie van die item op die blad en of daardie item 'n

---

great affliction ... a wasting disease that affects a large area". 'n Mens sou bloot kon spekuleer watter van die betekenisse in die konteks van MIV/vigs aan die woord geheg word.

foto by het of nie 'n aanduiding vir die leser van die nuuswaarde (dus hoe belangrik) daardie spesifieke item is. Só leer 'n leser gou dat 'n lang berig met 'n stewige opskrif (kop) boaan 'n blad belangriker is as 'n kort berig met 'n kleiner opskrif onderaan. Lesers volg dus nie net die nuus nie, maar leer ook hoe om die realiteite te interpreteer deur die kodes en konvensies waarmee hulle in die nuus te doene kry (Fourie, 2001a:452-453).

Joernalistieke etiek geld die joernalistieke én die grafiese aanbieding van nuus (dus die bladuitleg) (Garcia, 1993:36). Verantwoordelike joernalistiek hou in dat inligtingsgrafika[7] akkuraat is en dat versigtig geoordeel word wanneer foto's en grafiese materiaal gekies word. Dit behels ook dat 'n item nie sensasioneel aangebied word nie, wat beteken dat dit nie meer prominensie kry as wat dit werklik verdien nie. Garcia voeg by dat 'n goeie oordeel stereotipering en swak smaak vermy. 'n Voorbeeld in hierdie verband is foto's wat mense met MIV/vigs uitbeeld as uitgeteer en swak en hulle as sodanig stereotipeer.

3.2.2.3 Grafiese materiaal

Grafiese materiaal verhoog die prominensie van 'n nuusitem. In hierdie studie word die gebruik van grafika net in die konteks van prominensie en in die mate waarin dit daartoe bydra om 'n spesifieke beeld te bevorder, geanaliseer.

Woods (1999) voer aan dat grafika woorde maklik kan oorskadu en 'n boodskap kan uitstuur wat in pas of teenstrydig is met die joernalis se bedoeling: "Images shape impressions, and their effects, positive and negative, are long-lasting."

Die manier waarop mense met MIV/vigs deur foto's in die media uitgebeeld word, versterk die mites dat hierdie mense maer en hulpeloos is; dat Afrika 'n "sick, backwards and dying continent" is, wat bydra tot stigmatisering en diskriminering. Daarteenoor verskaf die positiewe uitbeelding van mense met MIV/vigs rolmodelle aan ander mense met die virus – 'n heelwat meer akkurate voorstelling van die werklikheid van die wêreld waarin ons leef (Delate, 2003b:3).

---

[7] Die aanbieding van statistieke (en ander inligting) op 'n grafiese manier (Garcia, 1993:280). Dit is deesdae 'n gewilde metode om syfers wat 'n berig andersins te lank en lomp sou maak, "weg te werk".

Smith (2003) sluit hierby aan. Sy is veral bekommerd oor wat sy noem "*Aids pornography*": buitelandse joernaliste wat in Afrika na uitgeteerde mense met MIV/vigs kom soek. Hulle soek mense wat lyk soos "*stick people*", mense wat miserabel lyk en ooglopend nie die mas opkom nie. Om die epidemie op dié manier uit te beeld, dra by daartoe dat die publiek weerstand opbou teen MIV/vigsberiggewing. Belangegroepe het egter ook 'n rol gespeel in die toedrag van sake deur toe te laat dat foto's van mense met MIV/vigs wat glimlag, taboe was (Smith, 2003).

Grafiese materiaal wat reg gebruik word, beeld 'n verskeidenheid van mense uit en bied 'n verskeidenheid van perspektiewe, en wel op 'n sensitiewe, gebalanseerde en regverdige manier.

Aan die ander kant kan grafika stereotipes help vorm of versterk en mense so skade aandoen (Woods, 1999). Op dié manier kan die publiek ook mislei word. Die beelde van uitgeteerde mense wat volgens Smith (2003) dikwels in die buiteland voorgehou word as die gesig van MIV/vigs in Afrika, is 'n voorbeeld van dié soort misleiding. Dit beteken egter nie dat joernaliste moet wegskram van negatiewe nuus nie. Inteendeel. 'n Goeie joernalis kom sy verantwoordelikheid na deur gebalanseerd berig te doen en alle kante van die saak te stel (sien paragraaf 3.2.4.6 *Balans* vir 'n bespreking van balans in beriggewing). Dit geld ook die gebruik van grafiese materiaal.

Delate (2003b:15) is vurig in sy verwerping van die manier waarop buitelandse media soms te werk gaan:

> I recall while working for UNAids, a producer entered my office with a request to film a person in the final stages of their life and to then film the funeral. My response to the man was, "I am not God I cannot decide when someone dies." Indeed try reasoning with the international media to show people living with HIV/AIDS in Africa living productive and healthy lives, it does not match their conception of a continent that is "dying", it does not match their impression of a continent "ravaged" by disease, death and ultimately destruction. They will tell you honestly, my audience does not relate to that. The question has to be asked: in order for the audience to relate, should the media continue to pander to stereotypes?

Selfs toonaangewende joernaliste en publikasies is nie vry te pleit nie. Die Amerikaanse joernalis Mark Shoofs[8] het in 2000 die Pulitzer-prys gewen vir sy reeks artikels oor MIV/vigs in Afrika, *AIDS: The agony of Africa*. Hy verwys soos volg na die epidemie (Shoofs, 1999):

> As the death toll from AIDS recedes in America, Africa is reeling from an epidemic of Biblical proportions. South of the Sahara, AIDS is worse than anywhere else in the world, and this catastrophe is transforming the continent forever.

Vertroulikheid is 'n groot kwessie in die dekking van MIV/vigs en dit is dikwels nodig om iemand se identiteit te beskerm. Maar sommige stories kan net nie sonder 'n foto staan nie en daarom gebruik baie media maniere om iemand onherkenbaar te maak, insluitend die manipulering van foto's.

Smith (2003) sê egter sy "haat" gesigte met skadu's bo-oor en stemme wat verander word (in die oudiovisuele media). Dit viktimiseer die mens waarop gefokus word. Daar is ander maniere waarop 'n joernalis te werk kan gaan sonder om mense te identifiseer, byvoorbeeld Kabuki-teater agter 'n laken, meen sy. Boonop praat kinders soms baie meer doeltreffend deur hul prente of die speelgoed waarmee hulle speel. Dit is die joernalis se probleem om die kwessie van identiteit op te los, maar belangegroepe kan die aanbieding verbeter deur konstruktief voorstelle te maak. Daar kan heelwat aan die situasie verander word indien belangegroepe die media help eerder as net kritiseer (Smith, 2003).

3.2.2.4 Stereotipering en sensasionalisering in aanbieding

Volgens Webster's Third New International Dictionary (1993:2238) is 'n stereotipe 'n "standardised mental picture held in common by members of a group and representing an oversimplified opinion, affective attitude, or uncritical judgment (as of a person, a race, an issue, or an event)". Fourie (2001a:469) definieer stereotipering[9] soos volg: "... stereotypes are a reflection of or the nature of people to think in terms of oppositions and differences and to think in terms of socially conditioned beliefs."

Die mens(e) wat gestereotipeer word, kry dus as 't ware 'n etiket om die nek – gewoonlik is dit nie baie vleiend nie en hoofsaaklik fiktief. Maar dit bly besonder

---

[8] Mark Shoofs is 'n joernalis by *The Village Voice*, 'n weekblad in New York (Pulitzer, 2000).
[9] Vir 'n volledige bespreking van die herkoms van stereotipering, sien Fourie 2001a:469-487.

werklik en het baie negatiewe gevolge vir die groep en die individu wat gestereotipeer word (Fourie, 2001a:478). Die gevolg van stereotipering is 'n maatskaplike realiteit wat die indruk wek dat die stereotipes heeltyd akkuraat was.

DeFleur en Dennis (1991:578) sê stereotipes is trosse negatiewe betekenisse wat baie mense oor minderheidsgroepe of ander groepe mense in ons samelewing huldig. In die algemeen maak sulke negatiewe betekenisse dit vir die dominante segmente van die samelewing moontlik om minderheidsgroepe en vroue in onderdanige posisies te hou. Die skrywers verwys na die stereotipering van Afri-Amerikaners as "intellectually inferior, lazy, oversexed, criminally inclined". Om hul mag en prestige te behou, het dominante groepe stereotipe oor talle religie-, etniese en rassegroepe laat voortbestaan. Só is Afri-Amerikaners byvoorbeeld in rolprente uitgebeeld as of bediendes, of "bafoons", is Italianers uitgebeeld as rampokkers, Asiërs as skelm en wreed, en Indiane as slinks. Nadat aktiviste en ander belanghebbendes hul stem hierteen laat hoor het, het die Amerikaanse media sulke uitbeeldings dramaties verminder. Talle soorte stereotiperings het egter oorleef en deur die massamedia leer mense steeds betekenisse aan wat lei tot vooroordeel teenoor verskeie groepe mense.

Talle stereotiperings bestaan in die MIV/vigsveld, soos byvoorbeeld dat dit 'n swart of gay siekte is, of dat alle mense met MIV/vigs – veral dié in Afrika – uitgeteer en hulpeloos is. Volgens Siyam'kela (2003:3) word stigma en stigmatisering gesien as 'n sosiale proses wat 'n sleutelrol speel in die skep en onderhouding van verhouding van mag en beheer binne sosiale stelsels. Dit word daarom verbind met sosiale ongelykheid. In die konteks van MIV/vigs beïnvloed stigma die gemeenskap se reaksie op die epidemie. In hierdie proses het mense met die sindroom die teikens geword van blaam en straf, wat hul weerloosheid vererger het. Dit maak dit vir hulle moeilik om produktiewe lewens te lei. Vanuit 'n etiese benadering gesien, tree mense – en die media – wat stigma vererger, strydig op met hul verantwoordelikheid en rekenpligtigheid en kom hulle nie die beginsels van liefdevolle persoonsbehartiging na nie (sien paragraaf 2.3.1.2 *Waar kry 'n joernalis leiding oor hoe hy eties behoort op te tree?* in hoofstuk 2). Daarbenewens voldoen publikasies wat binne die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel funksioneer, dan ook nie aan die beginsel wat binne hierdie benadering vir agendastelling gestel word nie, naamlik dat mense waardig behandel moet word.

Vroue word dikwels gestereotipeer. MIV/vigsdiskoerse oor vroue fokus hoofsaaklik op die normatiewe begrip van seksualiteit: prostitute word uitgebeeld as "indiscriminate in their sexuality and dangerous and polluting to men" (Sacks, 1996:70). In werklikheid is die besmettingskoers onder hierdie vroue in die algemeen oordryf en staan hulle eerder die kans om self besmet te word as om iemand te besmet. Hierdie weerloosheid kry egter min aandag. Die kans is eerder groter dat heteroseksuele mans met vigs as slagoffers uitgebeeld word. Prostitute word ook selde as individue uitgebeeld. Hulle word eerder gesien as in 'n ander kategorie as "normale" vroue. Ander vroue op wie baie dikwels in MIV/vigsdekking gefokus word, is swanger vroue met MIV. Die kwessie wat in hierdie geval byna uitsluitlik ter sprake is, is die oordrag van die virus van ma na baba (Sacks, 1996:71). (Vergelyk ook Gysae & Øverland, 2002:3-5.)

Beamish (2002:ch-4693) sê om die instandhouding van stereotipes te vermy, behoort joernaliste oor mense te skryf met wie die gehoor hom kan vereenselwig. Voorbeelde sluit in 'n getroude, middelklas ma, gemeenskapsleiers, gewilde sportmense, ander bekendes en politici. Sy beskou dit as 'n groot uitdaging om te werk met mense wat MIV/vigs het of daardeur geraak word. Verantwoordelike joernaliste behoort hierdie mense se privaatheid te beskerm, nie vertroulike inligting bekend te maak nie, blaam en die instandhouding van stereotipes te vermy, en mense met die toestand nie soos slagoffers te behandel nie.

Mense met MIV/vigs is soms in die media gebruik om paniek oor die sindroom te vererger. Daarteenoor hou etiese en doeltreffende joernalistiek in dat hierdie mense se reg op privaatheid, hul waardigheid en gevoelens gerespekteer word. Deur te vra hoe 'n persoon MIV/vigs gekry het, kan die indruk skep dat iemand te blameer is vir die stand van sake. Dit toon boonop dat die joernalis bevooroordeeld en onsensitief is (Beamish, 2002:ch-4693).

Mense met die toestand of wat daardeur geraak word, moenie uitgebeeld word as onverantwoordelik nie, omdat dit dikwels nie waar is nie. Mense met MIV/vigs is ook nie slagoffers nie. Deur hulle so uit te beeld, skep die indruk dat hulle hulpeloos is en nie in staat om hul eie besluite te neem nie. In werklikheid is daar mense met MIV/vigs in alle vlakke van die samelewing en in alle beroepe. Hulle leef produktiewe lewens en kan jare lank gesond bly. Beamish (2002:cd-4693) sê dit is belangrik dat hierdie rolmodelle in MIV/vigsdekking uitgebeeld word. Dit is bloot eerlik omdat hulle deel is van die werklike prentjie van MIV/vigs.

Juis omdat die media 'n groot invloed kan hê op mense se ingesteldheid, moet joernaliste houdings jeens die epidemie ontleed en blootlê. Fourie (2001a:481) sluit by hierdie standpunt van Beamish aan en maan dat mediapraktisyns ook hul eie ingesteldheid en vooroordele in oënskou moet neem (vgl. ook Stally, 2001; Mukwita, 1999).

In aansluiting hierby word gewaarsku teen die skep van 'n onderskeid tussen "hulle" en "ons" en word inklusiewe taal bepleit (Delate, 2003b:17). Vroeë nuusdekking oor MIV/vigs het gefokus op spesifieke hoërisikogroepe, soos homoseksuele mans en sekswerkers. Hierdie eng manier van berig het 'n eiegeregtige ingesteldheid van "us versus them" geskep, wat geïnsinueer het dat mense met MIV/vigs hul verdiende loon gekry het (Beamish, 2002:ch-4693). Hierdie soort onderskeid kan verdeeldheid in die samelewing gemeenskap veroorsaak (Fowler, 1991, soos aangehaal deur Fourie, 2001a:455). Dit word ook gebruik om sekere gebeure as negatief – buite die algemene konsensus – uit te beeld (Fourie, 2001a:460). Siyam'kela (2003:3) wys verder daarop dat hierdie vorm van "othering" gevaarlik wees omdat dit daartoe kan lei dat groepe wat nie 'n hoë risiko loop om die virus op te doen nie, hul vatbaarheid geheel en al negeer.

Sensasionalisering[10] kan stereotipes boonop versterk. Volgens Webster's Third New International Dictionary (1993:2067) is sensasionalisme "sensational (arousing or suited or designed to arouse a quick, intense and usually superficial emotional response ... capturing attention or interest: ARRESTING, SPECTACULAR) subject matter or treatment of subject matter or the use of such matter or treatment ... the effect of such subject matter or treatment". Sensasionele publikasies konsentreer op minder belangrike onderwerpe (soos bekendes se lewens) en hanteer ernstige onderwerpe net bolangs (Froneman, 2002:40). Joernaliste kan ook sensasie skep deur 'n nuusitem aan te dik. Die gevaar bestaan dat die feite so verdraai word en dit tas die geloofwaardigheid van die skrywer en die publikasie aan. Sensasie is egter nie noodwendig "gemaak" nie en ook nie noodwendig oneties nie. Soms is die feite sensasioneel omdat dit so ongewoon, skokkend en opsienbarend is – soos die feite van MIV/vigs. Dan moet die koerant net sorg dat hy die berig op 'n eties verantwoordbare manier aanbied deur akkuraat en gebalanseer te berig en die feite binne die korrekte konteks te plaas (Froneman, 2002:103).

---

[10] "sensasioneel, sensasiewekkend … Wat sensasie veroorsaak; opsienbarend." (HAT, 2000:968.)

Dit is egter nie net die inhoud van beriggewing wat sensasioneel kan wees nie. Die manier waarop dit aangebied word in die koerant, kan ook die saak uit verband ruk. Soms gebeur dit dat die verslaggewer 'n aanvaarbare berig skryf, maar dat 'n sensasionele opskrif in die subkantoor geskryf word of dat die berig baie meer prominent gebruik word as wat dit werklik werd is (Froneman, 2002:103). Volgens dié skrywer is dit nie genoeg dat 'n berig se opskrif die feite weerspieël nie, omdat die feite binne 'n bepaalde konteks staan. Dié konteks moet behoue bly. 'n Minder belangrike feit moet veral nie ter wille van sensasie uitbasuin word nie (Froneman, 2002:140). Dit is veral in stil tye wanneer daar nie veel aan die nuusfront gebeur nie, dat die gevaar ontstaan dat nuusberigte meer prominensie kry as wat die saak verdien. Die leser word terselfdertyd ook mislei, omdat hy die berig uit hoofde van die aanbieding as belangriker as ander ag. Froneman sê (2002:64) deur 'n storie as 'n hoofberig op 'n blad te gebruik, word die agendastellings- en hekwagtersfunksie uitgeoefen: "... so word aan die lesers 'n agenda voorgehou van wat as die belangrikste geag word."

Sensasie voeg nie waarde tot die joernalistiek toe nie. Gelukkig – volgens Parker en Kelly (2001:6) – is dit nie té prominent in die Suid-Afrikaanse pers nie. Maar selfs geïsoleerde gevalle kan begrip verdraai en mites help skep. Sensasie verkoop koerante en is deel van die nuuspraktyk. Die skrywers sê hulle kan nie daarop aandring dat hierdie benadering nie gevolg word nie, maar beklemtoon dat die voor- en nadele van die sensasionele benadering in die konteks van MIV/vigs duidelik begryp word.

Stein (2001:7), daarenteen, meen die drama-element is net so aanwesig in Suid-Afrikaanse mediadekking oor MIV/vigs as elders. Dit manifesteer in die gebruik van sensasionele verslaggewing in die vorm van "flashy" opskrifte, die "trite" ontleding van ontluikende skandale, en beelde van uitgeteerde mense na wie dikwels verwys word as slagoffers en lyers wat sterf weens vigs.

3.2.2.5 Goeie smaak

Smaak is die waardeoordeel wat 'n groep of klas mense huldig oor sake soos gedrag, maniere of die kunste (Mencher, 1997:606). Dit help om die orde in 'n samelewing te handhaaf en beskerm dit teen skielik, dalk skadelike, verandering. Eties aanvaarbare beriggewing is uiteraard in goeie smaak.

Die waardes wat besluite oor smaak beïnvloed, verander voortdurend, afhangend van tyd, plek en konteks. Die neiging deesdae om meer eksplisiet te wees, is 'n regstreekse uitvloeisel van die MIV/vigsepidemie. Waar die media aanvanklik huiwerig was om direkte taal en grafiese beskrywings te gebruik, besef hulle nou die werklikheid van MIV/vigsberiggewing. Mencher (1997:606) beskryf dit só: "They dropped the euphemism *safe sex* and spoke and wrote about *condoms*. They replaced vague allusions to *sexual practices* and used *anal* and *oral intercourse* in describing how the disease can be transmitted." Die konteks en plek speel ook 'n groot rol. Eksplisiete (binne etiese perke) terminologie is beslis nie onvanpas in MIV/vigsberiggewing nie, net soos die growwe taal van sommige sokkerondersteuners in 'n stadion ook nie onvanpas is nie. Nel (1999:285) ondersteun hierdie standpunt, maar maan terselfdertyd dat nuus geskryf moet word op 'n "respectable manner that does not offend people's sense of good taste".

Joernaliste behoort vir hulself kriteria te stel wat smaak betref (Mencher, 1997:619). Uiteraard word wat en hoe 'n verslaggewer 'n saak sien, beïnvloed deur sy ingesteldheid en waardes. 'n Vitterige joernalis kan dalk relevante stof uitsny. Daarteenoor kan 'n wellustige skrywer sy fantasieë bevredig. Die skrywer stel die volgende toepaslike riglyne voor:

- Is die stof noodsaaklik vir die storie?
- Die gebruik van inligting hang ook af van die aard van die publikasie se lesers (of luisteraars en kykers in die geval van die uitsaaimedia). Alle gebruikers se smake moet egter in aanmerking geneem word.
- Verslaggewers behoort hulle te laat lei deur die publikasie se tradisies.
- Die private en openbare gedrag van staatsamptenare en ander bekendes is van belang indien dit in die openbare belang is.

MIV/vigs is 'n onderwerp wat weens die eksplisiete aard van die inligting, sekerlik maklik kan aanstoot gee. Daarbenewens is daar ook kulturele oorwegings wat in ag geneem moet word, soos dat daar in sekere gemeenskappe nie openlik oor seks gepraat word nie. Joernaliste moet dus baie sensitief wees wanneer hulle die onderwerp aanpak.

Voortspruitend uit die voorafgaande kan die volgende teoretiese stelling geformuleer word:

3.2.2.6 Spesifieke teoretiese stelling 2

Aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs hou in dat die inligting sensitief, regverdig, gebalanseerd en in goeie smaak aangebied word, en nie stereotipes perpetueer nie.

3.2.3 Taal- en woordgebruik

Joernaliste gebruik taal om vlakke van kompleksiteit tot hul skryfwerk te voeg. Só is daar byvoorbeeld 'n taamlike verskil tussen die woorde "marched" en "paraded". Albei dui op 'n verlies aan beheer, maar net laasgenoemde dui op 'n verlies aan waardigheid. Die knap gebruik van taal en grammatiese instrumente is hoe skrywers diepte en kleur aan hul werk gee (Sheridan Burns, 2002:151).

'n Nuwe probleem wat eksplisiete taal betref het ontstaan met nuusdekking van MIV/vigs. Ondanks die gevaar wat die epidemie vir die openbare gesondheid inhou, was die media dikwels huiwerig om woorde soos seks/gemeenskap, rektum, penis, orale seks, semen en meer alledaagse terme in die spreektaal te gebruik (Hiebert *et al.*, 1991:541). Uit die kommentaar van belangegroepe is dit duidelik steeds 'n probleem (vgl. byvoorbeeld Delate 2003a:4-5), veral omdat daar in die proses feitefoute gemaak kan word. Die meer eksplisiete taalgebruik is egter geleidelik aanvaar en die woord kondoom het byvoorbeeld meer algemeen geword (Freimuth, 1992:108). Dit is 'n voorbeeld van die impak wat belangegroepe op die media gehad het. (Kyk oor paragraaf 3.2.2.5 *Goeie smaak*.)

Die media beïnvloed die taal van MIV/vigs, en beïnvloed op dié manier weer hoe mense oor die epidemie dink (Beamish, 2002:4682). 'n Media wat sensitief is vir die omgewing waarbinne hy funksioneer, vir rasse- en genderkwessies én vir maatskaplik-sensitiewe kwessies (soos MIV/vigs), sal noodwendig sensitief wees wat sy taalgebruik betref. Riglyne wat byvoorbeeld etiese taalgebruik; dus taalgebruik wat nie stigmatiseer, diskrimineer of sensasie skep nie; kan ´n positiewe uitwerking op die media hê. Die kriteria wat hier ter sprake kom, is:

- Vermy sensasionalisering wat woordgebruik, inhoud en plasing betref (2.5.1);
- Vermy stereotipering en diskriminasie (2.5.2); en
- Gebruik sensitiewe, niediskriminerende, verstaanbare en eenvoudige taal (2.5.3).

Die berigte wat 'n koerant publiseer, die mense wat die joernalis gekies het as inligtingsbronne, en die hoek waaruit hy die storie aanbied, skep ´n spesifieke beeld van die betrokke koerant. Wanneer die nuusdekking ´n gemeenskap in sy totaliteit uitbeeld; insluitend alle rasse, klasse, gelowe, mans en vroue, homo- en heteroseksuele mense, en alle politieke perspektiewe, is daar ´n groter kans dat alle groepe gewaardeerd sal voel en jou organisasie sal respekteer (Woods, 1999). Die teendeel is natuurlik ook waar en dít het beriggewing tot gevolg wat groepe ignoreer, hulle stereotipeer of in ´n negatiewe lig stel. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer na homoseksuele mans verwys word as vigsslagoffers. Die manier waarop 'n joernalis na mense of gebeure verwys, spreek boekdele. Goeie taal is op die man af, direk en sterk. Dit vermy beskrywings wat deur een groep/persoon as etikette teen ´n ander gebruik kan word, en vermy ook hiperbole[11] en eufemismes[12].

Die meeste woorde ontlok nie emosie wanneer ´n mens dit sien of hoor nie, soos vries, rok en koei. Daar is egter woorde wat ´n sekere gevoelswaarde het. Dit kan positief of negatief wees (Rossouw, 2003:18). Voorbeelde van woorde wat negatiewe emotiewe waarde het, veral in die konteks van MIV/vigs, is lyding, draer, lyer, plaag, en gevreesde siekte. Die media moenie na die epidemie verwys as "war", "scourge", "plague" of na mense met MIV/vigs as "slagoffers" / "victims" of in die konteks van MIV/vigs praat van "shame", "blame", "curse" of "punishment" nie (Mukwita, 1999; Stally, 2001). Om te skryf dat mense "vermoedelik" vigs het, of "erken" dat hulle MIV het, dra by tot stigmatisering (Health-e & Soul City: IHDC, 2001).

Woordkeuse in die joernalistiek is ´n besonder subjektiewe proses en geen ernstige joernalis behoort lukraak met woorde om te gaan nie. Deur woorde versigtig te kies wanneer ´n mens oor MIV/vigs skryf, kan jy stigma verminder. Die woorde wat joernaliste gebruik om MIV/vigs mee te beskryf, speel ´n belangrike rol in die vorming van persepsies. Joernaliste moet daarom seker maak dat die woorde nie waarde-oordeel in hou nie en sensitief is jeens gender (Cullinan, 2001). Dit is byvoorbeeld beter om te praat van sekswerkers as prostitute. Beskrywings soos MIV/vigslyers, -slagoffers en –draers maak mense met die sindroom sku omdat dit hulle stigmatiseer

[11] "Stylfiguur wat van buitensporige oordrywing gebruik maak as uiting van hewige gevoel of om 'n sterk indruk te maak…" (HAT, 2000:392.)
[12] "When a pleasant word or phrase is used in place of one that may be grim, the substitute is called a 'euphemism' … Surely, these euphemisms hurt no one. Actually, they do damage us because they turn us away from reality." (Mencher, 1997:161.)

en impliseer dat ander mense hulle moet vermy. Hulle verkies daarom die uitdrukking "mense met MIV/vigs" (Cullinan, 2001; Health-e & Soul City: IHDC, 2001:22-23).

Waarde word ook aan mense toegeken aan die hand van hul sosiale stand, etniese groep of ras. Deur op dié manier na mense te verwys sonder dat dit werklik waarde tot die berig toevoeg, word hulle geëtiketteer en selfs gestereotipeer (Fourie, 2001b:119).

Die taal wat die media gebruik, kan ook die opvatting van hoe belangrik 'n kwessie is, beïnvloed (Gladys Engel Lang en Kurt Lang, 1983, soos aangehaal deur Severin & Tankard, 1992:222). Aanvanklik is na die Watergate-skandaal verwys as 'n "caper", wat dit eintlik afgemaak het. Toe die media daarna begin verwys het as 'n "skandaal", het dit belangriker geword. Dit verduidelik dalk hoekom die media eerder na MIV/vigs verwys as ´n plaag of ramp en nie as 'n chroniese leefstylsiekte nie. Deur 'n kwessie (dalk met opset) minder of meer belangrik te laat lyk, oefen die media ook sy agendastellingsfunksie uit.

Hoewel die navorser saamstem met talle van die voorbeelde van onaanvaarbare taalgebruik in die konteks van MIV/vigs, is daar ook voorstelle van belangegroepe wat in 'n joernalistieke konteks nie water hou nie. Delate (2003b:17) noem 'n voorstel van 'n amptenaar van die organisasie Napwa (National Association for People Living With HIV/Aids) op 'n internetgespreksgroep. Die persoon bevraagteken die gebruik van die woord AIDS deur die media. Dit impliseer volgens hom dat mense met MIV/vigs hulpeloos is en is daarom onaanvaarbaar. Die amptenaar stel voor dat die term "advanced HIV disease" gebruik word.

Só 'n term sou myns insiens net meer verwarring veroorsaak. Talle mense – en baie joernaliste – is steeds onkundig daaroor dat MIV en vigs eintlik twee epidemies is. Dis eers wanneer die virus die weerstand so afgetakel het dat die liggaam geen verweer meer het nie, dat iemand vigs het (sien voetnoot 8 in hoofstuk 1). Dis ook eers in hierdie stadium dat so iemand met ARM behandel sal word. Om in hierdie konteks weer van MIV te praat ("advanced HIV disease"), kan die kwessie net meer vertroebel.

Die UNDP (United Nations Development Programme) verkies verder die beskrywing "men who have sex with men" (en die afkorting MSM) bo "gay" of "homosexuality", wat as Westerse begrippe beskou word. Die term MSM kan egter 'n spesifieke

stereotipe versterk en mans beskryf aan die hand van die manier waarop hulle seks het eerder as hul genderoriëntasie (Delate, 2003b:18). In Suid-Afrika praat talle organisasies van "same sex". In die Afrikaanse media is die benamings gay en homoseksuele egter nog meer algemeen.

3.2.3.1 Stigma en diskriminasie in taalgebruik

Diskriminasie is nóg 'n etiese dilemma in die joernalistiek. Die vraag is hoe belangrik is kwessies soos ras, ouderdom en gender en wel in verskillende kontekste (Nel, 1999:298).

In Suid-Afrika sê mense met MIV dat daar teen hulle gediskrimineer en dat hulle veroordeel word (Fourie, 2001a:498). Hulle word gestigmatiseer omdat mense meen hulle sal ander aansteek en dat hulle MIV/vigs verdien omdat hulle dit byvoorbeeld weens hul eie losbandigheid gekry het. Die opvatting bestaan verder dat die media hierdie indruk versterk het deur die fokus wat hy op losbandigheid as ´n oorsaak van MIV/vigs geplaas het. ´n Groot probleem in Suid-Afrika is dat MIV/vigs uitgebeeld word as 'n swart siekte of as 'n toestand wat net wit, homoseksuele mans affekteer, wat bydra tot stigmatisering. Volgens Health-e en Soul City: IHDC (2001:27) bly hierdie stereotipes meestal voortbestaan deur beelde in die media en deur die profiel van mense wat bereid is om oor hul status te praat. Dit is dus ´n uitdaging om só te skryf dat minderheidsgroepe ook betrek word (Delate, 2003c).

Stereotipes word geskep deur ´n gebrek aan akkurate inligting, vrees vir die gevolge van infeksie en huiwering om openlik oor seks te praat (Fourie, 2001a:498; Health-e & Soul City: IHDC, 2001:27). Weens die baie verwarring oor MIV/vigs, deels oor die regering se huiwering om duidelik standpunt in te neem en die teenstrydige boodskappe oor die oorsaak van die sindroom, het die media ´n belangrike rol om te speel om deurlopend betroubare en "objektiewe" inligting te verskaf (Fourie, 2001a:498).

Smith (2003) voer aan stigma kom grootliks van die diensverskaffers se kant en ´n mens sien dit byvoorbeeld in hoe hulle met verkragtingslagoffers werk. Belangegroepe skep stigma deur te fokus op die slaggate van openlikheid oor ´n toestand soos MIV/vigs of ´n gebeurtenis soos verkragting, pleks van op die voordele wat die openbaarmaking van die MIV-status inhou (Smith, 2003). Wat belangegroepe en mense met MIV/vigs ook nie altyd besef nie, is dat openlikheid diskriminasie

ontmoedig, meen sy: "HIV talks to us as individuals and communicates about the need for respect."

Gender het ´n groot impak op die oordrag van MIV. Vroue het ´n twee keer groter kans om die virus te kry as mans, weens die struktuur van hul liggame (Health-e & Soul City: IHDC, 2001:32). Vroue is egter ook een van die groepe wat die meeste gestereotipeer en gestigmatiseer word as dit kom by MIV/vigs (sien paragraaf 3.2.2.1 *Nuusrame*).

Dit is belangrik dat joernaliste besef dat die stigma rondom MIV/vigs ernstige gevolge het: dit is ´n struikelblok in die weg van voorkoming- en behandelingsprogramme. Dit maak dit boonop vir mense moeilik om hul status aan diegene naaste aan hulle bekend te maak (Health-e & Soul City: IHDC, 2001:27) (vergelyk die geval van Gugu Dlamini soos opgehaal in paragraaf 2.2.1.2 *Normatiewe keuses*).

'n Mens kan die etiese belang van paslike taalgebruik in die konteks van MIV/vigs nie genoeg beklemtoon nie (Beamish, 2002:ch-4694). Drie punte is in hierdie verband belangrik:

- Taal wat paslik is vir die gehoor moet gebruik word. Die gebruik van taal is nie net 'n kwessie van of 'n mens 'n plaaslike dialek moet gebruik nie, maar hoe om konsepte te verwoord en watter soort woordeskat om te gebruik. Om die toepaslikste taal te vind, moet 'n joernalis sy gehoor verstaan en MIV/vigsterminologie deeglik onder die knie hê.
- Taal het 'n groot invloed op houdings teenoor MIV/vigs en mense wat daardeur geraak word. Dit kan skade doen of positief en konstruktief wees. Goeie MIV/vigsnuusdekking gebruik neutrale, gendersensitiewe taal.
- MIV/vigs het 'n hoogs tegniese woordeskat. Dit is belangrik dat joernaliste hierdie terminologie "vertaal" sodat die nuusgebruiker dit kan verstaan. Die taal moet egter akkuraat wees. Dit is dus belangrik dat joernaliste die feite van MIV/vigs begryp en dit korrek oordra op 'n verstaanbare manier.

Uit die voorstelle van organisasies soos die AWMC en Cadre (wat sy lys terme ontleen het aan voorstelle van onder meer die UNDP en UNESCO) (Beamish, 2002:ch-4694; Delate 2003a:4-5, Delate 2003b:27), is die volgende lys (met die

gepaardgaande motiverings) saamgestel van aanvaarbare taalgebruik in MIV/vigsdekking:

Tekskassie 3.1

Onaanvaarbare taal	**Aanbevole taal**
Vigs en MIV, vigs of MIV, MIV/vigs • MIV is die virus wat die sindroom vigs veroorsaak. Vigs verwys na 'n versameling van siektes. MIV is 'n retrovirus, dus 'n virus wat die liggaam se eie selle gebruik om te vermenigvuldig. • Vigs word klinies gedefinieer wanneer 'n persoon se CD4-seltelling onder 200 is. 'n Mens kan jare lank leef voor hy vigs kry. Die media word dus aangemoedig om te onderskei tussen MIV en vigs.	**Spesifiseer na watter een verwys word**
Full blown AIDS / volsterkte vigs • Daar is geen "partly blown Aids" nie.	**AIDS / vigs**
AIDS carrier / vigsdraer • Niemand dra die virus of die siekte nie.	**HIV-positive person, man, woman / MIV-positiewe man, vrou kind; living with HIV/AIDS / leef met MIV/vigs of mense (man, vrou, kind) met MIV/vigs**
AIDS scourge, plague / vigsplaag • Hierdie beskrywings impliseer dat MIV/vigs nie beheer kan word nie. Dit word as sensasioneel beskou en kan paniek en diskriminasie aanvuur en 'n gevoel van hopeloosheid versterk.	**HIV epidemic / pandemic / MIV-epidemie of –pandemie**

AIDS test / vigstoets • Daar bestaan nie so 'n toets nie. Vigs word gediagnoseer volgens spesifieke mediese kriteria wat die simptome van die sindroom identifiseer. Die toets vir die CD4-seltelling en die virale lading (in die bloed) word gebruik om die verloop van MIV/vigs te meet.	**HIV test / MIV-toets; HIV (antibody) test / MIV-teenliggaamtoets; CD4 cell count test / CD4-seltellingtoets; viral load test / virale ladingtoets** • **Daar is wel toetse wat vasstel of iemand MIV het. Hierdie toetse spoor MIV-teenliggame in die bloed op.**
Body fluids / liggaamsvog • Nie alle soorte liggaamsvog dra MIV oor nie, soos speeksel, sweet en trane.	**Spesifiseer watter liggaamsvog betrokke is in die oordrag van MIV: semen, borsmelk, bloed, vaginale vog**
To catch AIDS / om vigs te kry • Mense kan nie vigs kry nie en dit kan nie oorgedra word nie. Mense word met MIV besmet.	**To become infected with HIV / om met MIV besmet (of geïnfekteer) te word**
Transmission of HIV / oordrag van MIV • Hoewel korrek, plaas dit die klem op deur wie en hoe die virus oorgedra is. Mense weet dikwels nie wanneer hulle besmet is nie. Spesialiste in die veld beveel dus aan dat daar nie veel klem hierop geplaas word nie.	**To contract HIV / om MIV op te doen; to become HIV positive / om MIV-positief te word**
AIDS sufferer / vigslyer • Talle mense met MIV/vigs leef jare lank gelukkig en relatief gesond.	**HIV-positive person / MIV-positiewe mens**
AIDS victim / vigsslagoffer • Die woord slagoffer dui daarop dat 'n persoon magteloos is.	**Person living with HIV (or person living with HIV/AIDS, or person living with AIDS) / iemand met MIV/vigs**

Patient / pasiënt • Net akkuraat indien die persoon oor wie geskryf word, in die hospitaal is of indien die storie fokus op mediese behandeling.	**Gebruik binne konteks**
Innocent victim / onskuldige slagoffer • Niemand het gekies om MIV te hê nie. Woorde soos slagoffer en onskuldig dui daarop dat daar 'n skuldige moet wees.	**Person with HIV (or person with HIV/AIDS, or person with AIDS) / mens met MIV of vigs of MIV/vigs**
Safe sex / veilige seks • Geen seks met iemand anders is ooit heeltemal sonder risiko nie, selfs wanneer 'n kondoom gebruik word. Dit kan die risiko wel baie verminder.	**Safer sex / veiliger seks**[13]
Promiscuous / losbandig (promisku) • Hierdie beskrywing word as beskuldigend en vernederend beskou.	**Having multiple partners / verskeie seksmaats**
Prostitute / prostituut • Die woord word beskou as vernederend, beledigend en gelaai.	**Sex worker, commercial sex worker / sekswerker, kommersiële sekswerker**
Drug abuser, drug addict / dwelmverslaafde, iemand wat dwelms misbruik • Baie mense wat dwelms gebruik, meen hulle is in beheer van dié gewoonte en dat hulle nie die dwelms misbruik nie.	**Intravenous drug user / binneaarse dwelmgebruiker**

[13] Die vraag wat hier ontstaan, is of die term beskermde seks nie 'n beter omskrywing sal wees nie. Dit neem die verwysing na veilig (teenoor gevaarlik) weg, wat stereotipering kan veroorsaak.

Om hulle misbruikers of verslaafdes te noem, vervreem hulle en dit dien geen doel nie. Dit is boonop die gebruik van 'n besmette naald wat MIV kan oordra, nie die dwelm nie.	
Gay, homosexual / gay, homoseksueel • Nie toepaslik in die Afrikakonteks nie. Dit is 'n Westerse idee van iemand se identiteit en verwys nie net na die seksuele aangetrokkenheid nie, maar sluit 'n emosionele én fisiese band in, 'n fantasiestelsel en elemente van simbolisme, erotisisme en seksualiteit tussen mense van dieselfde geslag. In verskillende streke in die wêreld is mans wat met mans seks het nie noodwendig gay of homoseksueel nie. Gay word beskou as die identifisering van 'n individu as deel van 'n spesifieke subkultuur.	**Men who have sex with men (MSM) / mans wat seks het met mans (MSM)** • **In Suid-Afrika word die term *same sex* meer dikwels gebruik, omdat die term MSM stereotipes en stigmatisering versterk[14].**
To die of AIDS / om te sterf aan vigs • Vigs is nie 'n siekte nie. Dit is 'n sindroom – 'n groep siektes – as gevolg van die verswakking van die immuunstelsel. Dit word deur die MI-virus veroorsaak en stel die liggaam bloot aan sogenaamde opportunistiese siektes, dus siektes wat die swak immuniteit uitbuit.	**To die of a [specific] illness, such as tuberculosis or cancer; to die of an AIDS-related illness / om te sterf aan 'n spesifieke siekte, soos tuberkulose of kanker; om te sterf aan 'n vigsverwante siekte**

[14] In die Afrikaanse media word meestal gepraat van gay of homoseksueel.

3.2.3.2 Sensasie

Die Suid-Afrikaanse samelewing is nie daaraan gewoond dat seks openlik bespreek word nie, meen belangegroepe. Omdat MIV/vigs met seks en die dood te doene het, is die versoeking dus groot om sensasie te skep (Health-e & Soul City: IHDC, 2001:21; vgl. Delate, 2003b). Daardeur word die idee ook geskep dat die dood onvermydelik is en word nie veel aandag gegee aan mense wat leef met MIV/vigs nie. Volgens Health-e en Soul City: IHDC (2001:21) steun sensasie sterk op emosie en bied dit gewoonlik ´n oppervlakkige blik op vraagstukke. Mense word gewoon as "goed" of "sleg" uitgebeeld. Cullinan (2001) beskryf sensasie in die MIV/vigsverband soos volg:

> Sensasionalism relies on emotion, usually offering a shallow view of issues and presenting people as either 'good' or 'bad'. Babies who get HIV, for example, are described as 'innocent' whereas their mothers are often branded as promiscuous. Gay men are another target for sensation. No one 'deserves' to get HIV.

Sensasie analiseer en evalueer nie en lig lesers ook nie in nie. Joernaliste met 'n gebrek aan kennis oor MIV/vigs, kies die maklike uitweg deur die toestand te sensasionaliseer en belangrike onderwerpe soos behandeling en voorkoming te vermy (Beamish, 2002:ch-4696). Sensasie kweek 'n kultuur van "vrees, swye, vooroordeel en diskriminasie" (Health-e & Soul City: IHDC, 2001:21). Die media behoort dus te waak teen sensasie en eerder te konsentreer op kritiese en indiepteverslaggewing oor die epidemie.

Om akkuraat en besadig oor MIV/vigs en verwante kwessies te skryf, moet die joernalis die aard van die probleem begryp. Hy moet ook in gedagte hou dat MIV/vigs en sy kontekste nie vermaak is nie (Beamish, 2002:cd-4696).

Belangegroepe lê sensasie egter nie net voor die deur van die media nie. In inhoudsanalises is telkens gevind joernaliste steun sterk op mediaverklarings as bronne van inligting oor MIV/vigs (Delate, 2003b). Hieruit blyk dat hoewel belangegroepe ´n beleid van geen sensasie nie voorstaan, gebruik baie organisasies sensasie om hul stories te verkoop. Delate (2003b) verwys in hierdie verband na ´n mediaverklaring van die World Food Programme waarin gepraat word van die "*vanishing population of Africa*".

Die beriggewing rondom die dood van Nkosi Johnson op 1 Junie 2001 was hoofsaaklik sensasioneel (Cullinan, 2001). Sy dood is maande lank vooruitgeloop en die media het sedert Januarie daardie jaar voorspel dat hy "enige oomblik" kan sterf. Die media - plaaslike en internasionaal - het letterlik uitgekamp voor sy aanneemma, Gail Johnson, se huis in Melville, Johannesburg. Politici het die "geleentheid" gebruik om publisiteit te kry. Daar is deurlopend in die fynste besonderhede berig oor die seun se gesondheidstoestand en emosionele detail het berigte wat andersins maar mank aan nuwe inligting geloop het, lyf gegee (vgl. Jara, 2001; Panafrican News Agency, 2001; Sapa, 2001).

'n Mens moet ingedagte hou dat die feite van MIV/vigs reeds sensasioneel is (sien paragraaf 3.2.2.4 *Stereotipering en sensasionalisering in aanbieding*). Die media moet egter daarteen waak om sensasie te *skep* deur die gebruik van taal, uitspattige opskrifte en dergelike metodes, veral indien dit vals hoop kan skep vir kure, of stigma en diskriminasie kan onderhou (Delate, 2003a:4).

3.2.3.3 Die taal van MIV/vigs

Die media stel ook 'n agenda wat taalgebruik oor 'n spesifieke onderwerp betref, omdat hy help om die terminologie van 'n onderwerp te definieer. Só bepaal hy ook hoe mense oor die onderwerp moet praat. Mense wat geen kennis oor daardie onderwerp het nie, weet nie hoe om daaroor te praat nie. Wanneer hulle koerant lees, word hulle hierin gelei. Die media het mense vertroud gemaak met woordeskat soos kondome, veilige seks[15] en liggaamsvog (Qakisa, 2003:48). DeFleur en Dennis (1991:559-561) se akkumulasieteorie (sien paragraaf 2.2.2 *Belangegroepe se agendastellingsrol*) is dus hier ter sprake. Aanvanklik het vigs selfs in die Afrikaanse media bekend gestaan as Aids (*acquired immunodeficiency syndrome*), maar namate die benaming vigs (verworwe immuniteitsgebreksindroom) al hoe meer inslag gevind het, het mense ook só begin praat en is dit vandag ´n algemeen aanvaarde term.

Die taal van MIV/vigs moet egter nie ingewikkeld wees nie. Oor ´n voorstel dat eerder gepraat word van MIV/vigs as ´n aanmeldbare siekte (*communicable disease*) pleks

[15] Belangegroepe verkies die term *veiliger* seks, omdat geen seks as 100% veilig beskou kan word nie (sien tekskassie 3.1). Qakisa (2003:48) verwys egter na *veilige* seks. Kyk ook voetnoot 13.

van ´n seksueel oordraagbare toestand, sê Delate (2003b) dat Jan en alleman dit nie sal verstaan nie. In pas met goeie joernalistiek moet die taal van MIV/vigs duidelik en helder wees, wat ook inhou dat ´n joernalis sy taalgebruik aanpas by sy gehoor en die gepaste taal in die gepaste konteks gebruik (vgl. Carstens, 2003:37). Om doeltreffend te kommunikeer, moet die skrywer en die leser dieselfde betekenis aan woorde heg (Carstens, 2003:97).

Die finale besluit oor die taal in 'n nuusberig lê by die subredakteurs, maar dié groep word nooit geteiken as dit kom by opleiding oor MIV/vigsberiggewing nie (Delate, 2003b). Die onus rus dus in ´n groot mate op die joernalis om toe te sien dat taalriglyne toegepas word. Hoewel dit in sekere nuuskantore wel gebeur, is dit in ander bloot ´n ideaal. Health-e en Soul City: IHDC (2001:23) beveel aan dat joernaliste dit nie sonder meer aanvaar indien ´n berig in die subkantoor so verander is dat dit aanstootlike terminologie bevat nie.

Die AWMC beveel aan dat joernaliste 'n toepaslike MIV/vigstaal vind en hul gehore as 't ware oplei om die terminologie te verstaan (Delate, 2003b:18). Die vraag is egter of dit die rol van die media is, sê Delate tereg. Behoort MIV/vigsorganisasies die taal voor te skryf wat die media gebruik in die konteks van MIV/vigs of behoort mense met MIV/vigs, vigsorganisasies en joernaliste daaroor te onderhandel, met inbegrip van die gehoor en die beperkings waaraan die media onderhewig is? Delate (2003b:19) vra verder hoe joernaliste aanhalings in ontoepaslike terminologie moet hanteer. Hy wil weet of dit die joernaliste se verantwoordelikheid is om die taal reg te maak en stel voor dat openlik gepraat word oor media-etiek in die konteks van MIV/vigs, insluitend die kwessie van taal.

Die volgende teoretiese stelling kan in die lig van die voorafgaande gestel word:

3.2.3.4 Spesifieke teoretiese stelling 3

Om eties aanvaarbaar oor MIV/vigs te berig, behels dat die media taal moet gebruik wat:

- ***nie stigmatiseer, diskrimineer of sensasionaliseer nie; en***
- ***verstaanbaar, korrek en eenvoudig is.***

3.2.4 Akkuraatheid

3.2.4.1 Inleiding

Akkuraatheid, balans, onafhanklikheid, verskeidenheid van bronne, duidelike formulering, helderheid, en kontekstuele plasing is die basiese elemente van verslaggewing (Rabe, 2003:11). Akkuraatheid is egter die eerste prioriteit in nuusdekking en dit behoort nie in die weegskaal geplaas te word net om eerste met die nuus te kan wees nie (Leiter *et al*., 2000:65).

Leiter *et al*. (2000:71) ontleen hul omskrywing van akkuraatheid aan die Statement of Principles wat die ASNE (die American Society of Newspaper Editors) in 1975 aangeneem het en wat die organisasie se etiese kode, wat oorspronklik in 1922 geskryf is, vervang het. Article IV Truth and Accuracy lui soos volg:

> Good faith with the reader is the foundation of good journalism. Every effort must be made to assure that the news content is accurate, free from bias and in context, and that all sides are presented fairly. Editorials, analytical articles and commentary should be held to the same standards of accuracy with respect to facts as news reports. Significant errors of fact, as well as errors of omission, should be corrected promptly and prominently.

Dieselfde beginsels word opgehaal in Suid-Afrikaanse etiese kodes, soos die Perskode en die kode van die South Africa Union of Journalists (Retief, 2002:238-240).

Akkurate verslaggewing is vanselfsprekend deeglik en uiters noukeurig, maar hou ook nou verband met geloofwaardigheid. 'n Goeie storie met onakkuraathede – hoe klein ookal, bestaan nie (Beamish, 2002:ch-4684). Hoewel dit vanselfsprekend klink dat al die feite, name, aanhalings, syfers, datums en plekke in 'n storie akkuraat moet wees, is dit dikwels nie die geval nie. In die proses word die joernalis se geloofwaardigheid aangetas, die media se reputasie beland in die weegskaal en die storie se waarde neem af. 'n Onakkurate verslaggewer gee nie om of hy Kaunda of Kuanda skryf nie. Akkuraatheid het ook te doen met die korrekte en versigtige gebruik van woorde sodat woorde nie byvoorbeeld in iemand se mond gelê word nie. Dit is 'n algemene probleem in Afrika (Nel, 1999:281-282). 'n Mens kan hier byvoeg

dat 'n onakkurate verslaggewer ook nie omgee of hy aandag aan konteks gee, alle standpunte weergee, genoeg toepaslike nuusbronne gebruik of sensitief skryf wanneer die onderwerp dit noodsaak nie.

Leiter *et al*. (2000:65) sonder drie punte uit wanneer dit kom by akkuraatheid. Die eerste twee is veral van toepassing in hierdie studie:

- Vermy vooroordele en strewe na regverdigheid (sien paragraaf 3.2.4.7 *Waarheid, regverdigheid en volledigheid*) en balans (sien paragraaf 3.2.4.6 *Balans*).
- Probeer anonieme bronne vermy (sien paragraaf 3.2.4.5 *Nuusbronne*).
- Plaas korreksies prominent.

Stein (2001:7) is besonder krities en sê die pers oorsensasionaliseer aspekte van die epidemie, onderhou onakkurate inligting en lê oneweredig en onkrities klem op nienormatiewe aspekte van die epidemie. Die media se verantwoordelikheid in die konteks van MIV/vigs strek verder as net die akkurate weergee van die feite (Stein, 2001:7):

> Such a (comprehensive) response involves a commitment to social responsibility that includes the initiation of workplace policies and programmes within media companies, the involvement of PWA's[16] and long-standing editorial commitment. Ultimately, the quality of media coverage on AIDS depends not only on the presence of motivated and informed journalists, but on the sensitisation and commitment of a range of personnel thoughout the media hierarchy.

MIV/vigsorganisasies het in hierdie konteks ook 'n verantwoordelikheid, naamlik om akkurate, feitelike en regverdige inligting te verskaf (Delate, 2003b:4; vgl. Ekpo *et al*., 2000). Aan die ander kant moet die media ook kritiek aanvaar oor onakkurate en sensasionele joernalistiek. Die doel moet uiteindelik wees om die regte van mense met MIV/vigs te handhaaf, en hul reg op vertroulikheid en om waardig en akkuraat uitgebeeld te word, te respekteer.

Sommige publikasies, soos die *Sunday Times* en *Rapport* se susterkoerant *Die Burger*, het akkuraatheidstoetse waaraan alle berigte onderwerp moet word. Wat akkuraatheid betref, moet joernaliste van *Die Burger* hulself onder meer afvra of hulle

[16] People Living With HIV/Aids (PWA).

vertroue het in die feite van die berig en die bronne wat dit verskaf het, of hulle die feite nagegaan en bevestig het, en of hulle vertroue het dat die feite die waarheid reflekteer (Claassen, 2002). Joernaliste by die *Sunday Times* moet benewens antwoorde op soortgelyke vrae ook aandui of daar enige regsimplikasies uit die berig kan spruit en of dit deur 'n regsverteenwoordiger nagegaan moet word, of hulle die dokumente ter sprake kan toon, en of hulle beswaar sal hê indien hul nuusbronne gekontak word (sien Bylae G).

In teenstelling met Rabe (2003:11) se standpunt dat akkuraatheid een van die basiese beginsels van die joernalistiek is, beskou die navorser die begrip as heelwat breër. Dit spruit uit die opvatting dat 'n berig wat nie volledig is nie, ook nie akkuraat is nie.

Dieselfde geld ongebalanseerde, ongekontekstualiseerde en onregverdige beriggewing. Die breë begrip word in hierdie studie toegepas en behels dat die term akkuraatheid die volgende elemente insluit: regverdigheid, balans, feitelike korrektheid, egtheid, kontekstuele plasing, fokus en volledigheid.

Die riglyne wat onder akkuraatheid ter sprake is, is:

- Beriggewing moet akkuraat wees: dus regverdig, gebalanseerd, feitelik korrek, waar, binne konteks, gefokus en volledig (2.5.4);
- Gebruik minstens twee geloofwaardige bronne – waar van toepassing ook mense met MIV/vigs (2.5.5);
- Gaan versigtig te werk met syfers en statistieke en dateer data (2.5.8); en
- Wees skepties oor aansprake, veral wat kure, toetse op mense en entstowwe betref (2.5.9).

Die verskillende elemente wat onder akkuraatheid ingedeel word, word vervolgens bespreek.

3.2.4.2 Feitelike korrektheid

Beamish (2002:4684) plaas klem daarop dat ´n joernalis te alle tye moet sorg dat alle feite, name, aanhalings, syfers, datums en plekke in ´n berig heeltemal akkuraat is. Ondervinding het getoon dat indien ´n joernalis aan "kleinighede" soos die spelling

van name aandag gee, ´n mens in die algemeen kan verwag dat hy ook puntenerig sal wees as dit kom by die korrektheid van feite.

Dit is verder uiters belangrik dat ´n joernalis sorg dat hy feitelik korrek skryf, veral wat die wetenskaplike aspekte van MIV/vigs betref. Om te skryf iemand het vigs terwyl hy inderwaarheid net MIV-positief is, dra by tot stigmatisering. Skeptici kan redeneer dat dit ´n kwessie is van hare kloof om te sê dat joernaliste nie moet skryf iemand word getoets vir vigs of die MI-virus nie. Die feit bly egter staan dat dit nie korrek is nie en so 'n berig sal dus nie akkuraat wees nie. Volgens Health-e en Soul City: IHDC (2001:40) spoor die mees algemene toetse teenliggame teen die virus op. Gegewe die feit dat ´n mens met MIV jare lank gesond kan bly voor hy vigs kry, is hierdie detail belangrik en kan dit ´n impak hê op hoe mense reageer. Kennis oor die sindroom groei boonop voortdurend namate wetenskaplikes nuwe feite ontdek. ´n Joernalis moet dus sorg dat hy aan die voorpunt van ontwikkeling bly as hy korrek wil berig lewer. Een manier is om die feite met ´n (bewese) kenner te bespreek (Health-e & Soul City: IHDC, 2001:20).

Delate (2003b:10) haal 'n nuusagentskapberig oor die koste van behandeling op ter illustrasie van watter gevolge feitefoute kan hê. Luidens die berig kos behandeling met ARM gemiddeld tussen R1 000 en R1 500 per maand. Die goedkoopste kombinasie van drie middels (HAART, Highly Active Antiviral Therapy[17]) in Suid-Afrika kos egter R539,95. Indien die regering die generiese weergawe van hierdie produk sou gebruik, sou dit die prys nog meer verlaag. Die berig skep egter die indruk dat Suid-Afrika dit nie kan bekostig om mense met MIV/vigs te behandel nie terwyl verskeie onafhanklike studies getoon het dit is wel bekostigbaar. Soortgelyke beriggewing skep verder die indruk dat mense met MIV ARM nodig het. In Suid-Afrika word aanvaar dat mense net met ARM-terapie begin indien die CD4-seltelling laer is as 200 (sien voetnoot 8 in hoofstuk een). Dit beteken dus dat heelwat minder mense behandeling nodig het as wat 'n mens uit die berig kan aflei, sê Delate.

Dit is ongelukkig so dat om wetenskaplik en feitelik korrek oor MIV/vigs te skryf, 'n joernalis strem wat ruimte betref omdat verduidelikings 'n berig noodwendig langer

[17] "The name given to treatment regimens recommended by leading HIV experts to aggressively suppress viral replication and progress of HIV disease. The usual HAART regimen combines three or more different drugs … These treatment regimens have been shown to reduce the amount of virus so that it becomes undetectable in a patient's blood." (ATIS, 1999:52.)

maak. Dit maak die risiko ook groter dat die berig in die subkantoor gesny sal moet word.

3.2.4.3 Leesbaarheid: helderheid en duidelikheid

Een van die grootste uitdagings in die dekking van MIV/vigs is om tegniese terminologie, mediese vaktaal, wetenskaplike konsepte en navorsingsbevindings in duidelike, verstaanbare taal weer te gee. Ongelukkig loop joernaliste die risiko dat hulle die inligting verkeerd interpreteer (Beamish, 2002:ch-4684). (Sien ook paragraaf 3.2.3.3 *Die taal van MIV/vigs*.)

Die verslaggewer moet die gebeure verstaan voordat hy dit behoorlik aan die nuusgebruiker kan verduidelik. Jy kan nie verduidelik wat jy nie verstaan nie. Helderheid word verhoog deur eenvoudigheid, wat beteken dat sinne en woorde kort moet wees en dat 'n storiestruktuur logies en samehangend moet wees (Mencher, 1997:50). Omdat joernaliste met woorde werk, kan hulle in die versoeking kom om die betekenis onderhewig te maak aan die woorde (Mencher, 1997:15). Nel (1999:111) stem saam en sê swak moderne tekste kies nie woorde uit hoofde van hul betekenis nie en soek nie beelde om die betekenis duideliker te maak nie. Dié tekste bestaan uit "gluing together long strings of words which someone else has ordered". Indien die gebruiker deurentyd moet raai wat die werklike betekenis is van nuusitems, gaan die media mettertyd sy geloofwaardigheid verloor.

Sonder die akkurate gebruik van taal kan 'n joernalis nie die berig by die gebeure laat aanpas nie. Ongelukkig is dit so dat talle joernaliste taal misbruik sonder dat hulle eens weet hul woorde pas nie. Akkurate woordeskat vloei uit 'n gevoel vir die manier waarop mense taal gebruik. Dit verskil dikwels van die woordeboekbetekenis. Ongelukkig is talle skrywers nie noukeurig genoeg om fyn betekenisverskille te bespeur nie. Die doel is om inligting akkuraat te kommunikeer, nie om met woorde te speel nie. Tegniek het sy plek, maar sy rol is om te sorg dat daar akkuraat gekommunikeer word (Mencher, 1997:159-162).

Volgens DeFleur en Dennis (1991:498) verwys leesbaarheid na hoe maklik dit is om 'n teks te lees en te verstaan. Indringende navorsing het getoon dat faktore soos die getal lettergrepe in woorde en die lengte van sinne sommige tekste moeiliker maak as ander. Verskeie tegnieke is ook ontwikkel om leesbaarheid te toets. Die lettertipe en uitlegstyl wat byvoorbeeld in koerante gebruik word, het ook 'n invloed op die

leesbaarheid van die teks. In hierdie studie word egter gefokus op die leesbaarheid van die teks wat die taalgebruik betref en nie op die uitleg-elemente nie.

3.2.4.4 Fokus en konteks

Die beste stories is dié met 'n duidelike fokus. Nuusgebruikers hou van stories wat hulle maklik kan verteer. MIV/vigsstories kan lank en ingewikkeld wees en joernaliste moet daarteen waak om nie al die inligting in een berig te probeer weergee nie. Goeie joernalistiek verskaf egter ook konteks (perspektief) sodat die leser weet waar die storie vandaan kom, waarheen dit gaan, en hoe tipies dit is of hoe groot die omvang daarvan is. Kontekstuering is belangrik, omdat dit help om die leser insig in die probleem te gee (sien paragraaf 3.2.1.1 *Kritiese en indieptejoernalistiek*). Dit sluit ook aan by die mediamodelle, veral by die sosiale verantwoordelikheidsbenadering wat behels dat 'n koerant sy lesers genoeg inlig sodat hulle uitvoerbare besluite kan neem. Om dit behoorlik te kan doen, het ´n joernalis ´n groot mate van agtergrondkennis oor die onderwerp nodig (Beamish, 2002:ch-4684).

Om buite konteks te skryf, is 'n vorm van onakkuraatheid (Nel, 1999:281-282). Dit gebeur dikwels wanneer 'n verslaggewer iemand se toespraak parafraseer en die konteks waarbinne die spreker sy stellings gemaak het, verlore gaan. Retief (2002:51) wys verder daarop dat die regte feite in die verkeerde konteks ook 'n onvolledige en dus onakkurate berig tot gevolg het.

Om gefokus te skryf beteken nie dat konteks en die agtergrond agterweë bly nie. Inteendeel, 'n goeie MIV/vigsstorie moet onder die oppervlak delf (Beamish, 2002:cd-4684). Die volgende vrae van die skrywer is voorbeelde hiervan:

- Hoekom het sekere politici 'n bepaalde standpunt ingeneem oor MIV/vigs?
- Watter ekonomiese omstandighede veroorsaak dat mense 'n groter risiko loop om MIV/vigs te kry?
- Watter gedragspatrone maak mense meer vatbaar vir MIV/vigs?
- Watter ingesteldhede kan hierdie gedragspatrone verduidelik?
- Wat is die maatskaplike en kulturele norme agter sekere patrone van MIV-besmetting?

Die aard van 'n medium maak dit egter dikwels onmoontlik om binne die beperkings van 'n enkele berig, program of artikel te kontekstualiseer. Hierdie beperkings moet in ag geneem word. 'n Koerant het byvoorbeeld nie genoeg ruimte om die hele toespraak van 'n politikus te publiseer of 'n volledige uiteensetting van alle standpunte oor 'n spesifieke saak te gee nie (Fourie, 2001a:482).

Die ideaal sal wees om die bogenoemde vrae in indiepteberiggewing aan te pak waarin die kwessie behoorlik deurgetrap kan word. Die vrae kan egter dikwels in 'n gewone nuusberig beantwoord word sonder dat te veel ruimte afgestaan hoef te word.

Verantwoordelike joernalistiek sal poog om die omvang van 'n kwessie op die billikste en regverdigste[18] manier weer te gee (Fourie, 2001a:482). In dié proses gebeur dit dikwels dat verskeie berigte en artikels in verskeie uitgawes van die koerant verskyn. Mediakritici ignoreer hierdie tendens soms en grond hul kritiek op 'n enkele storie in 'n enkele uitgawe.

3.2.4.5 Nuusbronne

'n Joernalis se nuusbronne is sy lewensaar. 'n Bron is 'n persoon met inligting wat 'n joernalis nodig het vir agtergrond of vir 'n berig (Mencher, 1997:306-307). Bronne sluit dus mense in wat by gebeure betrokke is (soos mense met MIV/vigs), en amptelike bronne (soos regeringswoordvoerders). Die skrywer verwys ook na fisiese bronne, naamlik dokumente, rekords, knipsels én persoonlike waarneming wat nodig is om 'n joernalistieke taak te verrig.

´n Beperkende faktor in die joernalistiek (en volgens belanghebbendes veral in MIV/vigsnuusdekking) is die aanhoudende gebruik van dieselfde nuusbronne – of dit nou is oor ´n joernalis lui is, of oor hy eenvoudig nie genoeg kennis of ervaring het om te weet waar om te soek nie. Om balans in beriggewing te handhaaf, moet 'n joernalis 'n verskeidenheid van bronne raadpleeg om soveel standpunte soos moontlik weer te gee (sien paragraaf 3.2.4.6 *Balans*). ´n Groot voordeel wat skakeling met talle mense en die insameling van soveel moontlik kennis vir ´n joernalis inhou, is dat meer storie-idees oor die spesifieke onderwerp gegenereer

[18] Die skrywer se direkte woorde is "most objective way possible". In die lig van die feit dat dit nie moontlik is om werklik objektief te wees nie, het ek die woorde vervang deur *billikste en regverdigste*, omdat dié begrippe weergee wat eties aanvaarbare joernalistiek poog om te vermag (vgl. Delate, 2003c; Lombaard, 2002:100).

word (vgl. Greer, 1999:50). ´n Joernalis wat vir ´n spesifieke beat (sien voetnoot 4 in hoofstuk 2 vir 'n omskrywing van die begrip nuusbeat) verantwoordelik is, bou gou ´n lys van betroubare, kundige bronne (in joernalistieke kringe beter bekend as kontakte) op deurdat hy dikwels in kontak kom met mense in die spesifieke veld. ´n Knelpunt is egter joernaliste wat nié gereeld berig doen oor ´n onderwerp soos MIV/vigs nie. Dis gewoonlik in dié omstandighede dat joernaliste verval in die gewoonte om dieselfde mense oor en oor aan te haal. Greer (1999:51) sê dit is verder ook nodig om jou kontaklys van tyd tot tyd te hersien.

Sekerlik die belangrikste punte van kritiek wat nuusbronne in MIV/vigsdekking betref, sluit in dat joernaliste te veel op 'n enkele bron van inligting steun, en dat hul bronne nie kundig is nie. Verder lyk dit of joernaliste ook nie veel moeite doen om 'n lys van kundige bronne te ontwikkel nie (Parker & Kelly, 2001:2, 6; Shepperson, 2000:12).

Shepperson (2000:12) het in sy studie gevind die meeste nuusitems is geskryf na aanleiding van mediaverklarings en -konferensies, nuusverklarings deur individue of agentskapkopie. Sowat 'n kwart van die nuusitems het gesteun op die nasionale regering as hoofnuusbron, en die regering in die algemeen (provinsiaal en plaaslik ingesluit) was die hoofbron van sowat 30% van die nuusitems wat die skrywer ontleed het. Daarteenoor is nieregeringsorganisasies (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) net in 11% van die nuusitems as hoofbron gebruik. Sowat 20% van alle nuusitems was agentskapkopie.

Hierdie bevindings strook met wat in algemene verslaggewing gebeur. Mediaverklarings word dikwels aangebied as 'n produk van die normale nuusinsamelingsproses. Die mediagebruiker is egter selde bewus daarvan dat die spesifieke storie deur 'n ander instelling geskep is (Fourie, 2001a:462). 'n Mens kan hieruit aflei dat verslaggewers nie aandui dat hulle 'n fisiese of geskrewe nuusbron gebruik het nie. Dit laat die vraag ontstaan oor die etiese ingesteldheid van hierdie joernaliste. Alle besonderhede in 'n nuusstorie is deur die verslaggewer versamel. Derhalwe vereis eties aanvaarbare beriggewing dat alle inligting in 'n nuusitem terugherlei moet kan word na die nuusbron. Die bronne moet geïdentifiseer word (dit sluit fisiese bronne in) en uitlatings/verklarings moet toegedig word aan die bron daarvan (Leiter *et al.*, 2000:41, 50).

Vroue word klaarblyklik ook nie geag as belangrike nuusbronne nie. Luidens 'n verklaring van die Media Institute of Southern Africa (MISA) is net 17% van alle

nuusbronne in die streek vroue. Die organisasie doen 'n beroep dat verslaggewing oor kwessies soos MIV/vigs om hierdie rede hersien moet word. Die Gender and Media Baseline Study, 'n gesamentlike projek van MISA en Gender Links, 'n nieregeringsorganisasie in Suidelike Afrika, het gevind 26% van nuusbronne in Angola en 11% in Malawi vroue is, ongeag of die media deur die staat of 'n private instelling beheer word (IRIN News, 2003).

Deur dieselfde nuusbronne herhaaldelik aan te haal, kan joernaliste gehore naderhand verveel, omdat hulle oor en oor aan dieselfde perspektewe blootgestel word. Dit kan ook beperkend inwerk op wat dekking geniet as dit kom by MIV/vigs (Beamish, 2002:cd-4695). Sy merk egter tereg op dat dit nie altyd maklik is om toepaslike nuusbronne te vind nie. Potensiële nuusbronne is dalk, om watter rede ookal, bang om met die media te praat. Soms is dit net omdat 'n kollega 'n stel met die media afgetrap het. Dit het dikwels 'n kommunikasiegaping tot gevolg. 'n Toegewyde joernalis behoort egter hoflik en sagkens te probeer om die nuusbron aan te moedig om saam te werk.

Stein (2001:7) is dit met belangegroepe eens dat nieregeringsorganisasies 'n heelwat groter rol behoort te speel as kundige bronne:

> Unfortunately, academics and activists often want coverage exclusivly on their own terms and fail to engage with the media constructively. NGO's and community based organisations need to develop 'media savvy' and ensure that innovative responses to the epidemic receive adequate media coverage and gain credibility.

Die bron van inligting is besonder belangrik in enige storie. Aan die begin van die epidemie is die MIV/vigsverhaal nooit vertel deur iemand wat dit het nie. Daarom kon mense nie met die berigte identifiseer nie. Statistiek en regeringsbeleid beteken nie veel vir mense wat ´n risiko loop om die sindroom te kry nie (Qakisa, 2003:47).

Daar is verder kritiek dat heelparty joernaliste net op ´n enkele bron steun. Belangegroepe stel voor dat minstens twee *geloofwaardige* bronne gebruik word – waar van toepassing ook mense met MIV/vigs. Die Suid-Afrikaanse media ignoreer die standpunt van mense wat met MIV/vigs leef, in ´n groot mate (Cullinan, 2003). Stally (2001) stel voor dat joernaliste bande bou met organisasies soos Napwa (National Association for People Living With Aids/HIV) en ander MIV/vigsdiensorganisasies om seker te maak dat hulle die nuutste inligting oor die

onderwerp het. Deur met MIV/vigsorganisasies te skakel, kan joernaliste ook toegang kry tot mense met die sindroom wat as bronne van inligting gebruik kan word.

Toegang tot mense met MIV/vigs is egter nie altyd maklik nie. Delate sê die rede hiervoor is dat mense met die sindroom in 'n omgewing waar stigma, vrees vir verwerping en geweld steeds heers nie maklik na vore sal kom nie. Verder verstaan mediawerkers nie altyd die kwessies wat met vertroulikheid en ingeligte toestemming verband hou nie en was daar gevalle waar joernaliste die regte van mense met MIV/vigs geskend het (2003b:2). Volgens Delate hou vertroulikheid in dat die naam en foto van iemand met MIV/vigs nie gepubliseer sal word sonder daardie persoon se toestemming nie. Ingeligte toestemming hou verband met die kwessie van vertroulikheid. Dit behels dat die joernalis die doel van die onderhoud, die konteks waarbinne die onderhoud gebruik sal word en die moontlike gevolge vooraf verduidelik. Belangegroepe beveel aan dat joernaliste moet vasstel of die persoon met wie hulle 'n onderhoud wil voer, sy of haar status aan die familie en/of metgeselle bekend gemaak het. Joernaliste behoort verder te verduidelik dat mense met MIV/vigs kan weier om 'n onderhoud toe te staan of hul foto te laat neem, selfs al het 'n gesondheidswerker of hooggeplaaste kontak tussen hulle en die joernalis bewerkstellig. Indien moontlik, moet die proses in die persoon se eie taal geskied sodat daar ten volle ingeligte toestemming is.

Deur gesaghebbende bronne te gebruik, kan ´n joernalis sekere etiese probleme oplos (Leiter *et al*., 2000:69-70) sê. Joernaliste moet hul kontakte goed genoeg ken om seker te maak dat hulle nie net gesaghebbend is nie, maar ook betroubaar. Maar selfs in so ´n geval behoort ´n joernalis steeds die inligting te verifieer, omdat selfs die gesaghebbendste mens soms leuens vertel. Dit is daarom belangrik dat meer as een bron gebruik word, veral wanneer die storie omstrede is.

Soms gebruik verslaggewers nuusbronne nie oor wat hulle weet nie, maar oor wie of wat hulle is (Mencher, 1997:312). Die meeste mense is geneig om mense in gesaghebbende posisies te glo. Hoe meer indrukwekkend die titel, of hoe hoër die posisie, hoe meer geloof het mense in hierdie kundige. Mencher noem hierdie vertroue in gesag die "hierarchy of credibility" – hoe hoër die kundige op die skaal is, hoe meer betroubaar lyk hy. Wanneer joernaliste egter die knie voor hierdie tendens buig, laat hulle toe dat mense in magsposisies situasies of gebeure definieer. Hy maan verslaggewers om net bronne binne hul spesifieke veld van kundigheid te

gebruik. Binne die konteks van MIV/vigs gebeur dit byvoorbeeld dikwels dat politici aangehaal word oor wetenskaplike aspekte van die epidemie – inligting buite hul kundigheidsveld.

Joernaliste, veral iemand wat nie gereeld oor MIV/vigs skryf nie, neem te maklik aan iemand is ´n kenner en besef nie hoe moeilik die MIV/vigsveld is nie (Smith, 2003). Etiese beriggewing behels ook dat ´n joernalis inligting wat hy nie verstaan nie, sal uitklaar voor daaroor geskryf word (Beamish, 2002:4692). Smith (2003) beweer egter joernaliste se ego's is groot en min sal erken dat hulle nie verstaan nie. Sommige is bloot bang vir MIV en vra daarom nie uit nie. Aan die ander kant neem rolspelers in die veld te maklik aan dat joernaliste verstaan. Die gevolg is dat die inligting nie verduidelik word nie. Op dié manier kan foute baie maklik insluip.

Hoewel 'n joernalis gewoonlik 'n lys kontakte het met wie hy saamwerk, is hy in die loop van sy werk dikwels blootgestel aan mense wat hy glad nie ken nie (en met wie hy waarskynlik nooit weer sal praat nie). Om hul geloofwaardigheid te bepaal, is dus baie moeilik. In die literatuur is verskeie rigtinggewers in hierdie verband. Mencher (1997:306-307) doen aan die hand dat wanneer ´n joernalis bronne kies, hy behoort te sorg dat hy die persoon kies wat die beste in staat is om te praat: ´n kundige oor die onderwerp, ´n ooggetuie, ´n beampte of ´n deelnemer. 'n Verslaggewer se beste bronne is dié wat hul kennis en vaardigheid as akkurate waarnemers, interpreteerders en voorspellers van gebeure al bewys het. Mencher stel die volgende maatstawwe voor om 'n bron se betroubaarheid te probeer bepaal:

- Was die persoon ´n bevoegde waarnemer van gebeure?
- Kan die persoon presiese besonderhede gee wat waar klink en strook met die feite?
- Bied verskeie bronne dieselfde inligting?
- Is die rede waarom die persoon die inligting verskaf, rasioneel?

Leiter *et al.* (2000:68) sê: "Sources must be carefully cultivated, honorably maintained and respected," maar waarsku dat ´n joernalis nie ´n nuusbron se "captive" moet word en later optree soos ´n persoonlike "press agent" nie. In ´n veld soos MIV/vigs, waar byna elke mens met wie ´n joernalis te doen kry, sy of haar standpunt aktief bevorder, kan dit ´n probleem word (sien ook paragraaf 2.2.2 *Belangegroepe se agendastellingsrol*). Verslaggewers is vir die meeste kontakte

egter net so belangrik, omdat die media hul pad na die publiek is (Mencher, 1997:307).

- ***Soorte MIV/vigs-nuusbronne***

Beamish (2002:cd-4695) stel in die konteks van MIV/vigs die volgende kategorieë nuusbronne voor. Dis is hieruit duidelik dat daar nie 'n tekort is aan bronne nie – mits die joernalis bereid is om die regte mense te soek. Joernaliste moet in hierdie konteks onthou dat hulle hul bronne van inligting moet beskerm. Dit beteken dat privaatheid gerespekteer en vertroulikheid gehandhaaf word (Beamish, 2002:4692):

***Human interest*-nuusbronne:**

- Mense met MIV/vigs – vroue en mans: jonk en oud, getroud en enkellopend, ryk, middelklas en arm, mense in die stad of op die platteland, mense uit meerderheids- en minderheidsgroepe, werkers, werkgewers, studente, leiers, advokate; en
- Families of gesinne van mense met MIV, insluitend versorgers en diegene wat aan die hoof van 'n huishouding staan.

Maatskaplike nuusbronne:

- Gemeenskapsleiers in dorpe, voorstede, en in kerke en ander religieuse instellings; en
- Aktiviste van mense-, vroue- en kinderregtegroepe, en MIV/vigsverwante organisasies.

Gesondheidsnuusbronne:

- Gesondheidsorgverskaffers soos verpleegkundiges, dokters, beraders, sielkundiges, aptekers, veldwerkers, en tradisionele genesers; en
- Verskaffers van maatskaplike dienste van vigsdiensorganisasies, kinder- en vrouehawes.

Mediese en wetenskaplike nuusbronne:

- Navorsers aan universiteite, by nieregeringsorganisasies en mediese navorsingsinstellings; en
- Verteenwoordigers van farmaseutiese vervaardigers.

Ekonomiese nuusbronne:

- Ekonomie van banke, universiteite en navorsingsinstellings; en
- Werkgewers en werknemers uit fabrieke, skole, die landbousektor, groot- en kleinsakeorganisasies.

Politieke en regsnuusbronne:

- Regters, regsverteenwoordigers, wetsbeamptes, en politici op alle vlakke.

Nuusbronne vir algemene agtergrond:

- Biblioteke en die internet: nuwe artikels, mediese en wetenskaplike inligting en leidrade vir verdere inligting.

3.2.4.6 Balans

Geloofwaardigheid is nie net akkuraatheid en foutlose verslaggewing nie. Dit het ook te doen met die manier waarop 'n publikasie sy gemeenskap uitbeeld. Dit sluit in dat alle perspektiewe weergegee word, dus gebalanseerde verslaggewing (Leiter *et al.*, 2000:65).

Beamish (2002:ch-4684) stem met hierdie standpunt saam en sê dat die tradisionele manier om balans te bereik in die joernalistiek is om kontrasterende kante van 'n saak weer te gee. Sy waarsku egter dat dit joernaliste maklik in 'n strik kan laat beland, omdat 'n saak dalk twee kante het, maar albei dra nie noodwendig ewe veel gewig nie. Só is daar konsensus in die navorsingsgemeenskap oor 'n betrokke saak en net 'n klein andersdenkende mening. Om aan albei ewe veel gewig te gee, is misleidend en swak joernalistiek. 'n Verantwoordelike joernalis sal akkuraat weerspieël watter kant meer gewig dra en hoekom. Mencher (1997:46) is dit met Beamish eens en voeg in hierdie verband by dat balans ook beteken dat 'n toespraak nie twee dae agtereenvolgens dieselfde plek verdien nie. 'n Mens kan nie in die joernalistiek iets uit niks maak nie.

Dit is belangrik om hier by te voeg dat dit ook ongebalanseerd is om groot prominensie aan 'n storie te verleen wanneer dit breek, en dan in gebreke te bly om dit op te volg of om dit wel op te volg, maar dit iewers in 'n klein spasie heel agter in die koerant in te druk.

Mense se belang by nuus verskil met ouderdom en sosio-ekonomiese status. Die meeste mense stel egter gewoonlik meer belang in inligting wat onmiddellike bevrediging bied as in inligting waarvan die gevolge nie so duidelik blyk nie. Omdat sensasionele nuus gewoonlik interessanter is as niesensasionele nuus, kan nuus 'n wanbeeld van die werklikheid bied deur die vreemde en slegte in die gemeenskap te veel te beklemtoon (Hiebert *et al.*, 1991:430). Selfs "objektiewe" en gebalanseerde verslaggewing kan verdraai word deur mense wat dit wil manipuleer. Dit is dus belangrik om bewus te wees wat *nie* in die nuus weergegee word nie.

Dit bly egter belangrik dat om balans te handhaaf, 'n joernalis bronne van inligting nader wat alle kante van die saak sal stel.

´n Joernalis kan ook balans en "objektiwiteit" kan handhaaf deur neutraal te staan (Beamish, 2002:ch-4684). Hoewel die navorser die skrywer gelyk gee dat balans in die beriggewing uiters belangrik is, is objektiewe joernalistiek nie moontlik nie en is die joernalistiek ook geen neutrale aktiwiteit nie (sien paragraaf 2.2.1.2 *Normatiewe keuses* in hoofstuk 2; vgl. ook Delate, 2003c). Dit is egter so dat MIV/vigs 'n onderwerp is wat ´n joernalis in die versoeking kan lei om ´n kruisvaarder of kampvegter te word (Beamish, 2002:4684). Joernaliste moet hierteen waak, omdat dit gesonde oordeel kan beïnvloed (sien *Voorspraakjoernalistiek* onder paragraaf 2.2.1.1 *Joernalistieke style* in hoofstuk 2).

Howa (s.j.) se benadering tot balans word ook deur die navorser ondersteun. Volgens hierdie skrywer is dit meer van pas om te erken dat "a diversity of viewpoints exists; that there are solutions along with problems; that there is good with the bad. We should worry less about balance and more about reflecting a sense of fairness and wholeness".

Van Vlastuin en Froneman (1999:83) waarsku egter dat balans in eties aanvaarbare joernalistiek nie "'n kunsmatige balans tussen opponerende standpunte" inhou nie. Dit behels dat insig in sake van die dag bevorder word, dat gestrewe word na volledige beriggewing oor alle onderwerpe om 'n volledige beeld van die gebeure aan die leser te kan bied, en kontekstualisering. Dit behels verder dat die media ook aan die slegte aandag skenk, maar "nie ter wille van die slegte nie".

3.2.4.7 Waarheid, regverdigheid en volledigheid

Claassen (2004a) sê "om die waarheid te soek en so volledig, akkuraat en regverdig moontlik daaroor verslag te doen", is "die enkele belangrikste funksie van die joernalis". Maar wat is waarheid? Die HAT (2000:1345) omskryf die begrip as "wat waar is; in ooreenstemming met feite" en as 'n "beginsel wat algemeen aanvaar word, as juis en waar".

Om die waarheid te identifiseer, is 'n knelpunt vir joernaliste. Filosowe het immers eeue lank gedebatteer oor wat die waarheid is (Greer, 1999:19-20). Vir sommige mense is die waarheid dit wat hulle wil hoor en nie wat hulle behoort te hoor nie. En voor 'n joernalis die waarheid akkuraat kan weergee, moet hy dit eers identifiseer. Lesers het 'n reg op egte verslaggewing en om geloofwaardig te wees, is die basis van goeie joernalistiek.

Daar is duidelik verskeie skakerings van die waarheid – in die konteks van die joernalistiek dus eerder die bewysbare waarheid (Hausman, 1990:29). Dit het baie te doen met mense se agendas. 'n Mens moet ook in ag neem dat 'n storie geskryf kan word aan die hand van die korrekte inligting, maar dat dit 'n totaal verkeerde indruk kan oordra. Die skrywer sê die geloofwaardigheid van 'n getuie hang baie af van die belang wat hy daarby het (Hausman, 1990:32). Iemand met 'n gevestigde belang ("vested interest") is dalk minder gewillig om die waarheid te vertel. Verder het 'n omstander se vermoë om die waarheid te vertel heelwat te doen met sy toepaslikheid as inligtingsbron. Hier moet die joernalis hom afvra of die betrokke persoon die gebeure self ervaar of waargeneem het, en of hy kundig genoeg is om die waarheid te praat. Hausman onderskei verder tussen *document and instrument* wanneer 'n mens geloofwaardigheid beoordeel (Hausman, 1990:32):

> A document is generally taken to be something which describes; it does not have a hidden agenda and does not exist for any other reason than to inform. An instrument has a purpose other than to describe or inform; it generally exists to elicit a certain type of reaction or further a particular goal. Most press releases are instruments.

Hausman (1990:32) het wat waarheid betref die volgende wenke vir joernaliste:

- Is die bron van inligting in staat om die waarheid te vertel, met ander woorde is hy 'n ooggetuie of kundige?
- Is die persoon gewillig om die waarheid te praat of het hy dalk 'n agenda?
- Is 'n fisiese bron 'n dokument (geskep vir die doel om inligting oor te dra) of instrument (geskep vir 'n ander doel as om te beskryf of in te lig)?
- Kom die inligting uit verskeie oorde? 'n Joernalis sien inligting anders as die meeste ander mense. Hy vra dikwels dieselfde vraag aan verskillende mense, selfs in sosiale omstandighede. As vyf mense dieselfde antwoord het, is die kans goed dat die inligting waar is – veral as die bronne nie aan mekaar verwant is nie.
- Joernaliste ontwikkel gou 'n "neus" vir akkuraatheid en hul instinkte laat hulle gou weet as iets nie pluis lyk nie. Die joernalis behoort hom dus af te vra of die inligting of bron daarvan hom laat wonder of daar iets iewers fout is.

Regverdigheid is soos waarheid 'n moeilike begrip om akkuraat te definieer. Om te bepaal of nuusdekking regverdig is of nie, verg dikwels ondervinding (Hausman, 1990:5). Regverdigheid het in baie gevalle te doen met die "ander kant(e)" van 'n storie.

Regverdigheid behoort vir alle joernaliste 'n belangrike saak te wees omdat onregverdigheid mense benadeel. Die mees basiese etiese beginsel vir joernaliste is "maximum truth, minimum harm" (Retief, 2002:84). Regverdigheid kom ter sprake by woordkeuse. Woorde kan verskillende betekenisse hê. Daarbenewens kan die feite verdraai word deur die mate van klem wat daarop geplaas word. Om regverdig te wees, beteken joernaliste moet woorde kies wat die werklikheid so goed moontlik weergee – binne die regte konteks (perspektief). Joernaliste moet ook in gedagte hou dat mense hul eie unieke interpretasie het van dieselfde gebeurtenis (die sogenaamde Rashomon-effek). Dit kan selfs wees dat twee ooggetuies se weergawe van wat hulle gesien het (of gedink het hulle sien) drasties van mekaar verskil. Dit is onregverdig om die een weergawe bo die ander te kies, omdat dit meebring dat die joernalis nie aan sy bronne 'n gelyke kans gegee het om die waarheid weer te gee nie. Regverdigheid beteken ook balans, wat inhou dat alle kante van die saak aandag moet geniet. Retief definieer regverdigheid gevolglik só (2002:86):

Fairness is firstly an honest attempt to:

- Balance your report in such a way that no party is misrepresented either by your choice of words or by the lack of the proper context.
- Ensure that all parties get their say (equality).
- Give coverage to different parties in relation to their importance (moderation).

MIV/vigsorganisasies en die regering kla dikwels dat mediadekking van die onderwerp nie regverdig is nie. Daar is egter faktore wat regverdigheid kan strem (Delate, 2003b:2). Dit sluit in die feit dat organisasies dikwels in gebreke bly om proaktief te reageer op die media, asook onbevredigende interaksie met die media van die kant van woordvoerders.

Nuusgebruikers is dikwels heeltemal onbewus hiervan en lê die skuld vir onregverdigheid voor die deur van die joernalis. Om die probleem te oorkom, word joernaliste aangemoedig om in hul beriggewing aan te dui dat daar byvoorbeeld geen terugvoering ontvang is nie. Ongelukkig is hierdie soort inligting dikwels die eerste wat in die slag bly wanneer 'n storie te lank is.

Regverdige beriggewing is volledig (laat nie belangrike feite weg nie), relevant (sluit nie irrelevante feite in ten koste van belangrike inligting nie), eerlik (mislei nie die leser nie) en onbevooroordeeld (Beamish, 2002:ch-4684; Mencher, 1997:45). Dit is verder onregverdig om 'n vals positiewe prentjie te skilder (Retief, 2002:84).'n Joernalis wie se waarnemings op die een of ander wyse beheer is, kan nie regverdig wees nie (Hausman, 1990:5). Dieselfde geld 'n joernalis wie se persoonlike gevoelens sy oordeel beïnvloed.

Kwantiteit is nie van belang in 'n nuusstorie nie, maar kwaliteit wel (Leiter *et al.*, 2000:159). Hoe doeltreffend 'n storie is, hang dus nie af van *hoeveel* inligting ingesluit is nie, maar *watter* inligting deel is daarvan. Detail dra daartoe by dat 'n storie "lekker" lees en elke joernalis behoort 'n "human vacuum cleaner" te wees en elke klein besonderheid van die betrokke storie insamel. Die kruks van die saak is egter dat die joernalis nie al daardie inligting in die storie moet gebruik nie. Joernaliste moet self selektief wees en dié feite gebruik wat nodig is om 'n berig volledig en verstaanbaar te maak.

Hausman (1990:5) sê tereg volledigheid is nie 'n maklike begrip nie. Wanneer weet 'n joernalis of hy genoeg menings ingewin het en op watter punt kan hy werklik sê die

onderwerp is behoorlik gedek? Nel (1999:34) sê verder nuusberigte kan nie volledig wees nie:

> ... the news business does not have the luxury of time. And that's the way it should be. News programmes and publications provide running updates and commentary of events, often as they unfold ... Each day the news media report what they know at the time ... Only when journalists become aware of the limits of their work, and, in turn, educate their audience, will demands for the impossible – the objective news report – cease.

Dit is die joernalistieke verantwoordelikheid wat van 'n joernalis vereis dat 'n berig akkuraat, regverdig en billik is, en ook duidelik sodat enigeen dit kan verstaan. Verantwoordelikheid is nie 'n sigbare deel van 'n nuusitem nie. Dit is "an attitude that the reporter carries to the job" (Mencher, 1997:54).

3.2.4.8 Syfers en aansprake

Daar is herhaalde voorbeelde van onakkuraatheid en die voortgesette gebruik van foutiewe data of die foutiewe ontleding van data (Parker & Kelly, 2001:6). Dit is byvoorbeeld baie algemeen dat die data uit die regering se National HIV and Syphilis Antenatal Sero-prevalence Survey van toepassing gemaak word op die hele bevolking. Daarbenewens is die media geneig om afleidings wat besonder versigtig uit die data gemaak is, te hanteer asof dit feite is. Dit is duidelik dat die media in die algemeen 'n swak begrip het van navorsing. Die data uit die voorgeboorteklinieke word daarom dikwels voorgehou as 'n aanduiding dat MIV-voorkomingspogings nie slaag nie. Tog is daar duidelike bewyse dat 'n mens hierdie data in die geval van 'n gevorderde epidemie nie kan gebruik om die impak van voorkomingspogings te meet nie. Die probleem word egter nie uitgelig nie en daarom maak dit dit vir mense moeiliker om die breër aspekte te verstaan van die pogings om die epidemie te striem (Parker & Kelly, 2001:7).

Joernaliste behoort die tentatiwiteit van navorsingsbevindings weer te gee en dit te vermy om die data voor te hou as finale bewyse (Beamish, 2002:ch-4684). Min joernaliste is werklik onderlê in die interpretering van syfers en statistieke. Dit maak dit des te belangriker dat versigtig daarmee omgegaan moet word. Joernaliste behoort baie seker te maak dat hulle die statistieke verstaan voordat hulle dit weergee. Hulle behoort ook die bron van die syfers na te gaan en hulle daarvan te

vergewis dat die inligting nie net geloofwaardig is nie, maar ook geldend. Data moet verder gedateer word.

Uit wat geskryf is oor MIV/vigs, kom 'n tweeledige les oor die wetenskap en die media na vore: nie net kan die media die nuusgebruiker soms verkeerd inlig oor wat die wetenskap sê nie. Die wetenskap is dikwels ook nie baie duidelik nie (Schwartz & Murray, 1996). Die MIV/vigsepidemie is besonder moeilik om te meet. Volgens die skrywers is selfs die bes geskatte aantal gevalle van MIV-besmetting, vigs en vigssterftes blote gissings. Die rede hiervoor is dat die toestand nog altyd gestigmatiseer is. Weens die stigma wil mense dikwels nie hê ander moet weet hulle is MIV-positief of is met vigs gediagnoseer nie. Baie mense wat deur die epidemie geraak is, wil ook nie hê ander moet weet dat hulle 'n geliefde weens vigs verloor het nie. Die gevolg is dat selfs die versigtigste navorsers nie definitiewe syfers kan verskaf wat hulle in staat sal stel om die omvang van die epidemie met sekerheid te bepaal nie.

Om alles te kroon, is MIV/vigs nie 'n aanmeldbare siekte in Suid-Afrika nie. Hoewel vigssterftes wel aanmeldbaar is, word die oorsaak van dood in talle gevalle as een van die opportunistiese siektes (sien Tekskassie 3.1 vir 'n beskrywing) aangedui, wat beteken dat dié sterftes nie onder vigssterftes gereken word nie (vgl. Marais, 2000:43).

Dit is egter nogtans nodig om duidelik te maak hoe belangrik syfers is. Die meeste syfers is egter nutteloos as dit nie met ander vergelyk word nie (Leiter *et al.*, 2000:387). Gewoonlik word syfers vergelyk met dié van 'n jaar of meer tevore, daar word aangedui of dit as laag of hoog beskou word en ook hoe dit vergelyk met syfers onder ander groepe.

Belangegroepe doen algemeen aan die hand dat joernaliste skepties moet wees teenoor aansprake, veral oor kure, toetse op mense en entstowwe. Onderskeid moet getref word tussen behandeling vir vigs en dié vir opportunistiese infeksies, omdat onakkurate verslaggewing in hierdie verband valse verwagtings kan skep by mense met MIV/vigs (Health-e & Soul City: IHDC, 2001:23). ´n Joernalis moet verder emosioneel ´n afstand handhaaf en hom by die feite hou (Beamish, 2002:ch-4692).

In Afrika was daar deur die jare sedert MIV/vigs se ontstaan al talle aansprake spesifiek oor kure vir die toestand – uit die konvensionele geneeskunde en die

tradisionele geneeskunde. Van die aansprake is gegrond op wetenskaplike beredenering, talle op fantasie en nog meer op blote gierigheid (Soyinka, 2000). Die aansprake sluit in dié van ene prof. Ziriwabagabo Lurhuma van Zaïre wat in November 1987, twee jaar nadat die eerste geval van MIV/vigs in Afrika gediagnoseer is, aangekondig het dat hy 'n goedkoop kuur het vir die nuwe siekte Falobi, 2000[19]). Die aanspraak wat sekerlik die meeste opspraak verwek het, was dié van die wetenskaplik erkende Kenya Medical Research Institute (KEMRI). Volgens Falobi is dié instelling se beeld steeds geknou sedert hy in 1990 onthul het dat hy 'n kuur het met die naam Kemron. Die betrokke wetenskaplike het die regering mislei om sy aanspraak te steun – 'n politieke besluit wat die land later in groot verleentheid laat beland het. Duisende mense het hul hoop op die "wonderkuur" gevestig, maar het net hul geld verloor. Volgens Soyinka het die media in Afrika die Kemron-kwessie buite verhouding opgeblaas, maar geen verskoning aangebied nadat dit aan die lig gekom het dat dit alles 'n bedrieëry was nie.

Wat belangegroepe kwel wanneer dit kom by aansprake, is dat "many popular media stories cross the line that separates hope from hype" (Cohen, 1997). Die detail wat gewoonlik in die proses agterweë bly, is dat nuwe middels nie vir alle pasiënte werk nie en dat daar soms erge newe-effekte is. Indien behandeling nie aan die soms onrealistiese verwagtings voldoen nie, vrees wetenskaplikes dat die publiek die mediese wetenskap sal begin wantrou.

Suid-Afrika het ook al 'n hele paar "hype"-episodes beleef. Die probleem met die beriggewing oor die sogenaamde deurbrake , is dat daaroor geskryf word sonder dat dit wetenskaplik ondersoek word (Sidley, 1997). Die Virodene-episode is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Suid-Afrikaanse koerante, televisie en radio het letterlik oorboord gegaan met beriggewing oor hoe 'n groep wetenskaplikes aan die Universiteit van Pretoria "per ongeluk" 'n goedkoop middel ontdek het wat MIV-infeksie kan omkeer. Dié nuus het gebreek te midde van ongelukkigheid oor die regering se hantering van die epidemie en nuwe syfers wat getoon het dat een uit elke vyf mense in sekere gebiede in Suid-Afrika reeds besmet was. Wat sekerlik die meeste opspraak gewek het (en dalk ook bygedra het daartoe dat die media dit as geloofwaardig beskou het), is dat die span hul bevindings in die kabinet bekend gemaak het. Dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, toe minister van gesondheid wat in daardie stadium nog gesteier het onder die media-aanslag oor die *Sarafina II*-debakel, het die span genooi om die

[19] Hierdie bron bied 'n interessante en omvattende uiteensetting van Afrika-aansprake oor MIV/vigskure en dergelike middels.

regering toe te spreek. Daar was later selfs sprake dat die regering 'n geldbelang by die navorsing gehad het. Die koerante het die nuus op die voorblaaie gedra, maar moes 24 uur later berig dat die navorsing nooit deur die universiteit se etiese komitee goedgekeur is nie. Daar was sedertdien nog nie weer soveel publisiteit nie.

Uit die voorafgaande kan die volgende teoretiese stelling geformuleer word:

3.2.4.9 Spesifieke teoretiese stelling 4

Om eties aanvaarbaar te wees, moet beriggewing oor MIV/vigs akkuraat wees. In hierdie verband moet die media:

- ***gebalanseerd skryf;***
- ***'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik;***
- ***duidelik en helder formuleer;***
- ***die storie in konteks plaas;***
- ***volledig, gefokus en feitelik korrek berig lewer;***
- ***statistiek en syfers versigtig gebruik; en***
- ***skepties staan teenoor aansprake, veral wat kure betref.***

3.3 Belangegroepriglyne in perspektief

In hierdie afdeling word ondersoek hoe die riglyne wat belangegroepe stel vir eties aanvaarbare mediadekking oor MIV/vigs vergelyk met bestaande riglyne vir etiese beriggewing (sien die uiteensetting van kodes in paragraaf 1.4 *Etiese kodes in die joernalistieke konteks in Suid-Afrika* in hoofstuk 1). Deur self ook riglyne te stel, het belangegroepe potensieel 'n invloed op die media se agenda deurdat hy rigting gee oor *hoe* en *waaroor* geskryf behoort te word.

Die meeste professionele en institusionele kodes, ook internasionaal, pak kwessies soos waarheid, konflik van belange, billikheid en goeie smaak aan, en is só geformuleer dat dit wyd geïnterpreteer kan word (Hiebert *et al.*, 1991:530-353). Die skrywers meen té omvattende en spesifieke kodes sal verhinder dat daar oor die etiese kwessies besin word. Retief (2002:37-45) se ontleding van etlike plaaslike kodes (sien paragraaf 1.4.1 in hoofstuk 1) toon verskeie gemene delers, byvoorbeeld

akkuraatheid, rekenpligtigheid, balans, die vermyding van konflik van belange, die handhawing van vertroulikheid en mense se privaatheid, en stereotipering.

City Press se konsep institusionele kode (sien Bylae H), wat volgens Vink (2005) deur die *Sunday Sun* onderskryf word, rus hoofsaaklik op die publiek se reg om te weet en ingelig te wees. Volgens hierdie kode word die bevordering van reg en geregtigheid, vryheid van uitdrukking, en die publiek se reg om te weet en ingelig te word beskou as die hoeksteen van demokrasie. Dit stem ooreen met die doelstellings van die media binne die sosiale verantwoordelikheidsmodel (vgl. paragraaf 1.2 *Die rol van die media* in hoofstuk 1), en stem ooreen met die bepalings van die Ombudsmankode (sien Bylae E). Volgens Skjerdal (2001) kan die beginsel van 'n vrye pers as 'n vereiste binne 'n demokrasie hom ook tuis vind binne die libertynse beskouing. Hierdie kode beskou professionele integriteit as die hoeksteen van 'n joernalis se geloofwaardigheid.

Die kode rus op die algemene etiese beginsels van eerlikheid, openlikheid, die soeke na die waarheid, akkuraatheid en "objektiwiteit". Joernaliste word onder meer aangemoedig om onbevooroordeeld te wees en aandag te skenk aan konteks en balans.

Verder lui die kode dat daar duidelik onderskei word tussen voorspraak en beriggewing, en tussen kommentaar en beriggewing. Dit lê verder klem op rekenpligtigheid, 'n benadering wat pas binne die raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel.

Daar is geen direkte verwysing na MIV/vigs nie, maar die algemene bepalings kan wel binne hierdie konteks van toepassing wees. Die volgende bepalings, onder die opskrif "Minimize harm", is 'n voorbeeld van riglyne wat ook van toepassing kan wees op MIV/vigsberiggewing:

- Support the open exchange of views even if you disagree with them. Give voice to the voiceless *(mense met MIV/vigs)* as official and unofficial sources of information can be equally valid.
- Avoid stereotyping by race, gender, age, religion, ethnicity, geography, sexual orientation, disability *(MIV/vigs)* and social status.

- Minimizing harm: We must show compassion for those who may be affected adversely by news coverage. Use special sensitivity when dealing with children and inexperienced sources or subjects of news stories *(mense met MIV/vigs en diegene wat daardeur geraak word is dikwels nie mediakundig nie).*

Die kode beklemtoon verder mense se reg op privaatheid, maar stip dit uit dat die openbare belang hierdie reg kan veto.

Die institusionele kode van die *Sunday Times* (sien Bylae G) is omvattend en verdeel in verskeie seksies (sien paragraaf 1.4.3 *Institusionele etiese kodes* in hoofstuk 1). Die eerste afdeling, wat riglyne bevat oor geskenke en "freebies", skep die indruk dat die koerant sy onafhanklikheid en vryheid baie hoog op prys stel. 'n Ander aspek waarop hierdie kode ernstig fokus, is rassisme. Verder bevat dit 'n uittreksel uit die kode van die Ombudsman, wat die meer algemene kwessies soos akkuraatheid, eerlikheid, diskriminasie, en die skeiding van nuus en kommentaar beskryf. Die laasgenoemde riglyn, wat in verskeie van die kodes hier genoem voorkom, en die gepaardgaande klem daarop dat die leser op geen wyse mislei moet word nie, strook met die verantwoordelikheid wat publikasies binne die sosiale verantwoordelikheidsmodel teenoor hul lesers het.

Die etiese kode van die SAUJ (South African Union of Journalists) (sien Bylae F) ondersteun dieselfde beginsels van die hoogste professionele en etiese standaarde en die handhawing van die vryheid van die pers as die bogenoemde kodes. (Hierdie kode is nie professionele kode in die ware sin van die woord nie, omdat die unie nie alle joernaliste in die land verteenwoordig nie.) Dit bepaal ook dat akkuraatheid en regverdigheid vooropgestel word en dat onderskei word tussen nuus en kommentaar. Daarbenewens is rekenpligtigheid in hierdie kode ook beklemtoon.

Die organisasie het nie 'n volledige stel riglyne vir MIV/vigsberiggewing nie, maar het dié riglyne wat betrekking het op akkuraatheid, regverdigheid en diskriminasie uitgebrei. Hierdie riglyne lui dat joernaliste, weens hul "powerful position to influence the public's attitude towards HIV and AIDS" en weens die feit dat baie mense nog oningelig is oor die epidemie, moet seker maak dat hul stories akkuraat is en sensasie vermy. Die riglyne hou verder in dat joernaliste moet streef na "wide, balanced and informed coverage of HIV and AIDS", en dat mense se reg op privaatheid en vertroulikheid gehandhaaf sal word.

Die kode van die Persombudsman, wat deur die meeste instellings onderskryf word (sien paragraaf 1.4 *Etiese kodes in die joernalistieke konteks in Suid-Afrika* in hoofstuk 1), is duidelik die basis van die bogenoemde kodes. (*City Press* en die *Sunday Times* gee erkenning aan hierdie bron.) Die algemene beginsels van hoë professionele standaarde, rekenpligtigheid, sensitiwiteit teenoor minderheidsgroepe en sake wat onrus in nasionale verband kan veroorsaak, stem ooreen met die algemene beginsels van die sosiale verantwoordelikheidsmodel (McQuail, 1987:117-118). Die doel van die kode, soos in die aanloop uitgespel, is om die vryheid van die pers te handhaaf binne die regte en verpligtinge wat op hom rus, en om die publiek te dien deur hulle in te lig en in staat te stel om uitvoerbare besluite te neem.

Belangegroepe se etiese riglyne bevat dieselfde riglyne wat professionele standaarde soos akkuraatheid, regverdigheid en balans betref (sien paragraaf 2.5 *Belangegroepkriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking*), maar voeg enkele ander by, soos dat die media moet waak teen sensasionalisering (en die presiese konteks) en diskriminasie, dat hy krities en diepgaande moet berig doen, dat hy ook moet fokus op die positiewe en opbouende, en dat hy skepties oor aansprake moet wees. Die belangrikste verskil tussen hierdie riglyne en ander kodes is egter dat die belangegroepe se riglyne binne die konteks van MIV/vigs van toepassing is, terwyl die bestaande kodes binne die breë joernalistieke konteks geld. Dit is juis om hierdie rede dat hierdie riglyne baie spesifiek kán wees vergeleke met die algemeen vae kodes wat in verskeie joernalistieke kontekste moet geld.

Die riglyne wat Cadre saamgestel het (sien Bylae I), is besonder uitgebreid en spesifiek. Daarenteen is die riglyne soos vir die doeleindes van hierdie studie saamgevat, heelwat meer algemeen. Dit sou dus makliker in 'n bestaande kode opgeneem kon word.

Uit die literatuurstudie soos bespreek in hoofstuk 2 het dit geblyk dat die media in die vervulling van sy agendastellingsfunksie 'n groot rol behoort te speel om openbare bewustheid oor MIV/vigs te verhoog. Daarbenewens het hy ook 'n rol te speel om stereotipering, diskriminering en stigmatisering van die epidemie en die mense wat daardeur geraak word, te verminder.

Dit blyk duidelik uit die bespreking van die riglyne wat belangegroepe stel vir eties aanvaarbare beriggewing oor MIV/vigs in hierdie hoofstuk dat die media dit net kan doen deur eties aanvaarbaar oor die onderwerp te berig. Dít behels dat die media

krities skryf oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe verwant aan MIV/vigs. Die nuus moet sensitief, regverdig, gebalanseerd, akkuraat en in goeie smaak geskryf én aangebied word. Wat hiermee gepaard gaan, is dat belangegroepe die nuusagenda behoort te beïnvloed deur eties aanvaarbare inligting te verskaf. Só kan hulle die media lei om eties aanvaarbaar te berig.

Die kriteria word in die empiriese deel van hierdie studie getoets. Die werkswyse wat gevolg is, word in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 4

Metodologie: kwalitatiewe inhoudsanalise en onderhoude

4.1 Inleiding

Die navorsingsvraag en gepaardgaande -doelwit, soos in hoofstuk 1 gestel, vereis 'n omvattende en kritiese ondersoek na beriggewing oor MIV/vigs in die drie genoemde Sondagkoerante. Die kwalitatiewe metode is in die lig van die navorsingsvraag vir hierdie studie die mees informatiewe, aangesien dit hier gaan om die beoordeling van die inhoud van 'n teks. Dit het hom reeds bewys as waardevol as dit kom by tekste waar betekenis ter sprake is (vgl. Mayring, 2000:2; Silverman, 2000:8; Verwey, 2003:161-162).

Die metodes waarop ondersoek ingestel is na MIV/vigsverslaggewing in drie Sondagkoerante, die *Sunday Times*, *Rapport* en die *Sunday Sun,* word in hierdie hoofstuk bespreek. Inleidend word eers gekyk na wat die literatuur sê oor kwalitatiewe navorsing.

4.2 Metode van ondersoek

4.2.1 Kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe benadering

Uit die literatuur blyk dit duidelik dat wanneer 'n kwalitatiewe benadering gevolg word, dit *betekenis* is wat bestudeer word.

Kwalitatiewe navorsing behels dat 'n verskeidenheid van empiriese materiaal wat probleme en betekenisse in die werklikheid weergee, versamel, bestudeer en gebruik word. Dit sluit in gevallestudies, aantekeninge oor persoonlike ervarings, onderhoude, waarnemings, dokumente en verskeie soorte teks. 'n Verskeidenheid van interpreteringstegnieke of -praktyke word ook ingespan in 'n poging om die materiaal beter te verstaan (Denzin & Lincoln, 2000:1).

Die woord kwalitatief dui reeds op 'n klem op die kenmerke van eenhede en op prosesse en betekenisse wat nie eksperimenteel ondersoek of gemeet word ooreenkomstig hoeveelheid, intensiteit en reëlmaat nie. Kwalitatiewe navorsers beklemtoon die maatskaplike aard van die werklikheid, die intieme verhouding tussen die navorser en sy studiemateriaal en die beperkings wat 'n ondersoek belemmer. Hierdie navorsers beklemtoon ook die *waardegedrewe* aard van ondersoek en wil antwoorde hê op vrae oor hoe sosiale ervarings geskep is en betekenis kry (Denzin & Lincoln, 2000:9). Verder soek kwalitatiewe navorsing nie na beginsels wat te alle tye en in alle situasies geld nie: "Knowledge in qualitative interviews is situational and conditional." (Donnelly, 2003:315.)

Die filosofiese grondslag van kwalitatiewe navorsing kan nagespoor word tot by die Duitse intellektuele tradisie in die geesteswetenskappe soos gevind in die "interpretive sociology" van Max Weber (Giddens, 1991:143; soos aangehaal deur Hatch, 2002:8). In teenstelling met die ingesteldheid van Franse positivistiese sosioloë van die 19de eeu, het Weber en sy volgelinge die belang van *verstehen* (begryp) in hul sosiale analises beklemtoon. Hulle het belang gestel daarin om die betekenisse te beskryf wat mense gebruik om sosiale *omstandighede* te verstaan eerder as om te probeer om die maatskaplike *feite* van die positivisties maatskaplike teorie te identifiseer (Hatch, 1985:143; soos aangehaal deur Hatch, 2002:8). Alle kwalitatiewe navorsing het ten doel om die betekenisse te verstaan wat mense skep om deel van die samelewing te kan wees (Hatch, 2002:9). Kwalitatiewe werk begin met die aanname dat maatskaplike omstandighede uniek, dinamies en kompleks is. Kwalitatiewe metodes verskaf instrumente waardeur maatskaplike kontekste stelselmatig as 'n geheel ondersoek kan word pleks daarvan om dit te verdeel in geïsoleerde, onvolledige en losstaande veranderlikes. Kwalitatiewe data sluit in voorwerpe, grafiese materiaal of uitgebreide beskrywings wat nie herlei kan word tot syfers sonder om die essensie van die sosiale konteks daarvan te versteur nie. Kwalitatiewe navorsing stel net soveel belang in dit wat onder die oppervlak lê (*inner states*) as in dít wat voor die hand liggend is. Daarom moet navorsers ook op hul subjektiewe oordeel steun om die dieper lae bloot te lê.

Wolcott (1994, soos aangehaal deur Hatch, 2002:9) onderskei tussen kwalitatiewe studies wat fokus op beskrywing, analise en interpretasie. By al drie is subjektiewe oordeel nodig, maar namate navorsers van beskrywing na interpretering beweeg, is dit des te meer nodig. Die meeste kwalitatiewe navorsers sal ontken dat suiwer objektiwiteit in enige wetenskaplike projek moontlik is. Dit is juis die subjektiwiteit en

interpreterende aard van kwalitatiewe navorsing waarteen kritici van hierdie benadering kapsie maak. Hierdie subjektiwiteit dra sekerlik by tot die beperkings waaronder kwalitatiewe navorsing gebuk gaan, soos 'n gebrek aan betroubaarheid en geldigheid (vgl. Searle, 2001:56).

Jensen (2002a:236) identifiseer drie uitstaande kenmerke van kwalitatiewe navorsing uit sy bestudering van die literatuur:

- Betekenis. Hy voer aan dis die verbintenis tussen betekenis en optrede wat meer onlangse kwalitatiewe werk onderskei, byvoorbeeld hoe betekenis binne media-organisasies gegenereer word.
- Betekenisvolle aksies moet in die natuurlike konteks bestudeer word. In 'n kwalitatiewe sin beteken dit dat teoretiese doelstellings teen praktiese beperkings opgeweeg word. Jensen beskryf dit soos volg:

> At issue are not just restrictions on time and money, but also epistemological questions (can a culture or context ever be known in full?) and ethical considerations (is it appropriate to impose oneself on the people that make up cultures and contexts?) ... The naturalistic ambition ... stipulates that the phenomena of interest should not be parsed prematurely, or isolated from the contexts which facilitate the interpretation.

  In pas met die kontekstuele oriëntasie van kwalitatiewe navorsing behels dit egter 'n meervoudige proses: kontekste *per se* kom eers onder die loep en dan word data binne daardie kontekste geïnterpreteer.
- Die navorser se rol. Die navorser word beskryf as 'n "interpretive subject". In 'n sekere sin hang alle navorsing in die kwalitatiewe proses dus af van die mens as primêre instrument. In teenstelling met kwantitatiewe navorsing waar daar dikwels 'n span navorsers betrokke is, is daar in kwalitatiewe navorsing meestal sprake van 'n enkele navorser wat "meaning in action" interpreteer.

In teenstelling met (waardegedrewe) kwalitatiewe navorsing plaas kwantitatiewe studies die klem op die meting en analisering van kousale verbande tussen veranderlikes en nie prosesse nie. Voorstanders van sulke studies maak daarop aanspraak dat hul werk spruit uit 'n *waardevrye* raamwerk (Denzin & Lincoln, 2000:9).

In kwantitatiewe navorsing word numeries (aan die hand van getalle) gemeet (Gunter, 2002:210). Dit is volgens dié skrywer beperkend in die sin dat dit bloot beskryf en nie juis 'n aanduiding gee van wat die bevindings kan beteken nie. In pas met wat die voorstanders van kwalitatiewe navorsing meen, sê Gunter (2002:234): "The essential characteristic of quantitative research is that it reduces phenomena to numerical codes." Syfers kan egter ook met vrug in kwalitatiewe navorsing gebruik word. In hierdie studie is byvoorbeeld gekyk na die frekwensie waarop die koerante nuusitems oor MIV/vigs in die ondersoektydperk gepubliseer het met die doel om afleidings te maak oor die waarde wat hulle aan die onderwerp heg.

Kwalitatiewe navorsing ding nie mee met kwantitatiewe navorsing nie. Die ideale verhouding is "a division of labour in which qualitative researchers seek to answer 'how' and 'what' questions and then pass on their findings, so that the causes and outputs of the phenomena identified ('why' questions) can be studied by their quantitative colleagues" (Silverman, 2001:259).

Deur te onderskei tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, bekyk ons die wêreld deur verskillende lense. Indien die navorser 'n kwantitatiewe benadering kies, neem hy aan dat kommunikasieverskynsels getel en numeries gemeet kan word. Indien hy egter die kwalitatiewe roete kies, sal hy waarskynlik narratiewe data gebruik, soos koerantberigte (Du Plooy, 2001:9).

'n Groot voordeel van kwalitatiewe navorsing is dat dit die kodeerder toelaat om "tussen die lyne" te lees en dus afleidings oor latente betekenis te maak (Verwey, 2003:164). Dit is belangrik in die joernalistieke konteks, omdat 'n mens nie uit bloot byvoorbeeld 'n inhoudsanalise met sekerheid kan bepaal wat die bedoeling was sonder om dit met die skrywer te verifieer nie.

Die keuse tussen verskillende navorsingsmetodes moet afhang van dít wat die navorser probeer vasstel (Silverman, 2000:1). Voorstanders van kwantitatiewe navorsing beskou dié benadering as "superior" omdat dit byvoorbeeld waardevry is en die werklikheid objektief weergee, terwyl kwalitatiewe navorsing deur die navorser se standpunte beïnvloed word. Hoewel sommige kwantitatiewe navorsing gekritiseer en te lig bevind kan word, kan dieselfde ook van sommige kwalitatiewe navorsing gesê word (Silverman, 2000:12). Dit is dus verstandig om die keuse van navorsingsmetodes te maak aan die hand van die navorsingsprobleemstelling. Die kwalitatiewe tradisie, wat in hierdie studie nagevolg word, het reeds bewys dit is

toereikend wanneer dit kom by dataversameling en -ontleding, veral waar tekste of beelde, of betekenis ter sprake is. Kwalitatiewe navorsing behoort die navorser egter nie vry te skeld nie van die "rigorous, critical standards that should be applied to any enterprise concerned to sort 'fact' from 'fancy'." Silverman, 2000:7.)

'n Kwalitatiewe studie, soos enige wetenskaplike projek, is verbind tot 'n analise waarvan die elemente, prosedures, en stadia duidelik is, gedokumenteer is en waaroor daar geredeneer kan word. Wat kwalitatiewe navorsing egter in besonder onderskei, is dat sleutelkonsepte en ander kleiner eenhede gedefinieer en herdefinieer word as deel van die navorsing. Die kontekste waarbinne die eenhede geïnterpreteer word, kan ook in die loop van die navorsing herdefinieer word (Jensen, 2002a:245). Kwalitatiewe navorsing het egter sistematiese en spesifieke formate van aanbieding en argumentasie nodig (vgl. Mayring, 2000).

Jensen (2002a:245) is, soos Silverman, 'n groot voorstander van fyn beplanning in kwalitatiewe navorsing en meen die gebrek aan behoorlike spesifisering en dokumentering van prosedures en stadia het kwalitatiewe data se beeld vroeër skade aangedoen. Deesdae word 'n hele reeks benaderings en tegnieke toegepas en word daar sterk gesteun op sistematiese prosedures:

In fact, recent qualitative research has helped to reopen the dialogue with quantitative research concerning the definition and status of 'description' and 'interpretation', 'findings' and discussion', 'analysis' and 'synthesis'.

In hierdie studie word van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak, omdat dit hoofsaaklik gaan om die ontginning van die betekenis van nuusitems (tekste) verwant aan MIV/vigs in die betrokke koerante. Sekere besonderhede word wel getel en in eenvoudige frekwensietabelle weergegee (sien paragraaf 4.2.6.2 *Datavel*).

4.2.1.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise as wetenskaplike metode

Navorsingstegnieke waarvolgens 'n stel tekste oor 'n spesifieke onderwerp gekategoriseer, en inhoudelik ontleed kan word, is gekies. Twee navorsingsmetodes is gekies, naamlik literatuurstudie (sien hoofstuk 2) en kwalitatiewe inhoudsanalise.

Tekste is 'n ryk, natuurlike en toeganklike bron van data wat'n werklike impak in die wêreld kan hê. Die rol van teksnavorsers is egter nie om te kritiseer of om spesifieke

tekste te assesseer aan die hand van oënskynlik objektiewe standaarde nie (Silverman, 2001:152). Dit gaan eerder oor hoe hulle te werk gaan om 'n spesifieke effek te verkry. Die skrywer noem vier maniere waarop teksnavorsers analiseer hoe tekste die werklikheid weergee, insluitend inhoudsanalise, wat in hierdie studie ter sprake is.

Die ontleding van data is 'n stelselmatige soeke na betekenis (Hatch, 2002:148). Dit is 'n manier om kwalitatiewe data te verwerk sodat die navorser dit wat hy daaruit geleer het, aan ander kan kommunikeer. Analise beteken volgens die skrywer om data op maniere te organiseer en te bekyk wat navorsers toelaat om patrone raak te sien, temas te identifiseer, verhoudings te ontdek, verduidelikings te ontwikkel, afleidings te maak, kritiek te formuleer, en teorieë te genereer. Navorsers moet altyd hul intellektuele vermoëns inspan om sin te maak uit kwalitatiewe data. Volgens Hatch (2002:148) is dit net die intellek, kreatiwiteit en refleksiwiteit van die mensebrein wat betekenis tot die data kan voeg – selfs wanneer rekenaarprogramme gebruik is om die data te help sorteer.

Inhoudsanalise is 'n stelselmatige metode om die inhoud van boodskappe en hoe dit gehanteer word, te bestudeer (Verwey, 2003:160-161). Dit is ook 'n metode om mense se kommunikatiewe gedrag waar te neem. Die metode is egter nie net beperk tot die ontleding van wat gekommunikeer word nie, dit steun ook op die aanname dat die analise van boodskappe insig sal gee in die sender se bedoeling (dus die agenda wat hy stel) en die ontvanger se interpretering van die boodskap (vgl. Macnamara, 1999:5). Dit is veral toepaslik in beskrywende en verduidelikende navorsing. Verder kan dit ook gebruik word om boodskappe te ontleed, soos in navorsing oor advertensiemedia. As dit kom by nuusberigte, kan die metode gebruik word om byvoorbeeld afleidings te maak oor prominensie en hoeveel klem op 'n spesifieke berig gelê word. Terselfdertyd kan die navorser insig verkry oor die agenda wat die kommunikeerder stel deur te kyk na die raamwerk waarbinne hy 'n spesifieke tema aanbied en hoeveel prioriteit hy daaraan gee.

Die objek van kwalitatiewe inhoudsanalise is enige soort opgetekende (*recorded*) kommunikasie, soos transkripsies van onderhoude, diskoerse, protokolle van waarnemings, dokumente en videobande (Mayring, 2000:2) – dus tekste.

Inhoudsanalise is ietwat uniek aan kommunikasiestudies (DeFleur & Dennis, 1991:517). Die basiese prosedures is in die Tweede Wêreldoorlog uitgedink toe

Amerikaanse intelligensie-eenhede alle uitsendings – militêr en burgerlik – uit Duitsland gemonitor het. Dit het besondere insigte verskaf in die bedrywighede van die vyand. Die beweging van Duitse troepe in besette lande is byvoorbeeld bekyk deur die gewilde musiek te bestudeer wat in spesifieke gebiede oor die radio gespeel is.

Ná die oorlog is die prosedures vir die ontleding van die inhoud van koerante, radio- en televisie-uitsendings – trouens, enige vorm van kommunikasie, meer volledig ontwikkel. DeFleur en Dennis (1991:517) definieer inhoudsanalise egter net as "a set of systematic and objective procedures to the *quantitative* study of messages".

Kwalitatiewe inhoudsanalise ondersoek die verhouding tussen die teks en die waarskynlike betekenis wat die gehoor daaraan kan heg (Macnamara, 1999:5). Dit erken dat mediatekste polisemies is, dus dat verskillende lesers verskillende betekenisse daaraan kan heg, en probeer die mees waarskynlike betekenis bepaal. Kwalitatiewe inhoudsanalise skenk egter nie net aan die teks aandag nie, maar ook aan die gehoor, media en kontekstuele faktore. Dié benadering steun dus swaar op hoe die navorser die mediatekste lees en interpreteer. Dit bied dus 'n breë basis vir gevolgtrekkings en afleidings. Hierdie intensiewe en tydrowend fokus is een van die redes waarom in baie gevalle 'n klein steekproef van media-inhoud gekies word – en ook een van die redes waarom kritici meen die metode is onwetenskaplik en onbetroubaar. Macnamara (1999:5) kom egter tot die volgende gevolgtrekking:

> ... qualitative content analysis is difficult and maybe impossible to do with scientific reliability. Quantitative content analysis can conform to the scientific method and produce reliable findings. On the other hand, qualitative analysis of texts is necessary to understand their deeper meanings and likely interpretations by audiences – surely the ultimate goal of analysing media content.

Dit is nie net die blote inhoud wat onder die loep kom nie, maar verskillende vlakke van inhoud (Becker & Lissmann, 1973, soos aangehaal deur Mayring, 2000:2): temas en hoofidees van die teks as primêre inhoud en die konteks as latente inhoud. Verwey (2003:162) sluit hierby aan wanneer sy sê in 'n kwalitatiewe sin is die inhoudsanalisemetode meer gemoeid met 'n refleksie van onderliggende verskynsels as met die inhoud self. Hierteenoor staan Berelson (1952, soos aangehaal deur Verwey) se mening dat inhoudsanalise 'n metode is vir "objective, systematic and quantitative description". Mayring (2000:2) beskou dit só:

> Qualitative content analysis defines itself within this framework as an approach of empirical, methodological controlled analysis of texts within their context of communication, following content analytical rules and step by step models, without rash quantification.

Daar kan volgens die literatuur in die geskiedenis tussen verskillende fases van inhoudsanalise onderskei word: daar was aanvanklik verskillende benaderings tot die ontleding en vergelyking van tekste in die hermeneutiese konteks (byvoorbeeld Bybelinterpretasie), vroeë ontleding van koerante, grafologiese prosedures, tot en met droomontleding van Sigmund Freud (Mayring, 2000:2). In die jare 30 van die vorige eeu was die doel van inhoudsanalise in die joernalistiek hoofsaaklik om onderwerpkategorieë te skep. Die Amerikaners Paul F. Lazarsfeld en Harold D. Lasswell het in die jare 20 en 30 van die 20ste eeu die grondslag gelê vir kwantitatiewe inhoudsanalise. In die jare 60 het die metodologiese benadering sy weg gevind na velde soos die linguistiek, psigologie, sosiologie en geskiedenis. Die prosedures is toe ook verfyn om in te pas in die verskillende kommunikasiemodelle. In die jare 50 het stemme opgegaan teen oppervlakkige analise sonder om die latente inhoud en konteks in ag te neem, wat gelei het tot die ontwikkeling van kwalitatiewe benaderings tot inhoudsanalise. In die moderne toepassing word die metode gesien as waardevol in die ontleding van media soos rolprente, boeke en ander tekste, al is daar kritiek oor die reduksionisme en epistemologiese beperkings daarvan. (Mayring, 2000:2; Verwey, 2003:161-162).

Die keuse tussen kwalitatiewe of kwantitatiewe inhoudsanalise hang af van die doel van die navorsing en die aard van die data (Verwey, 2003:163). In die geesteswetenskappe is kwantitatiewe navorsingsanalise byvoorbeeld nie 'n goeie keuse nie, omdat kwalitatiewe analise beter begrip sal bring van die sender se bedoeling. In hierdie studie behoort dié metode die agenda van die koerante wat MIV/vigs betref, dus duideliker uit te lig.

Dit is te betwyfel is of die frekwensie waarvolgens 'n fenomeen verskyn, gelyk gestel kan word aan sy belangrikheid (Verwey, 2003:163). Die media-agenda kan tereg gemeet word deur die aantal items oor 'n spesifieke onderwerp te tel (Dearing & Rogers, 1996:6). Hoe hoër die frekwensie in die joernalistiek, hoe hoër lê 'n tema op die agenda en des te belangriker is dit op daardie gegewe tydstip. 'n Afleiding gegrond op die frekwensie én die manier waarop 'n publikasie die onderwerp

aanpas, gee uiteindelik die duidelikste beeld van die agenda. Om te bepaal hoeveel van 'n invloed dit uiteindelik op die nuusgebruiker het, sal 'n opname oor die openbare mening oor die spesifieke onderwerp natuurlik moet volg. Die invloed van die boodskap op die gebruiker word nie in hierdie studie ontleed nie. Daar word egter afleidings gemaak oor die moontlike invloed wat 'n boodskap kan hê voortspruitend uit die manier waarop die kommunikeerder sy agenda stel, soos die stigmatisering van die MIV/vigsepidemie en mense met die siekte.

Sorg moet egter in kwalitatiewe inhoudsanalise gedra word om navorsingsvrae te beantwoord, soos met watter mate van sorg data ingesamel is en hoe bronne vir ontleding gekies is (Verwey, 2003:163). Hierdie standpunt hang nou saam met Jensen (2002a:245) se beroep op navorsers om ook ag te slaan op prosedure en die fyn dokumentering daarvan. Dit is van toepassing wanneer die betroubaarheid en geldigheid van 'n studie ter sprake kom (sien paragraaf 4.2.4.1 *Betroubaarheid* en 4.2.4.2 *Geldigheid*).

4.2.2 Ondersoekmateriaal en –tydperk

Hierdie empiriese deel van die studie fokus op beriggewing oor MIV/vigs in die hoofkoerant van die *Sunday Times*, *Rapport* en die *Sunday Sun* van 1 Januarie 2003 tot 30 Junie 2003, soos dit in Potchefstroom verskyn. Dit beteken dat net die deel van die koerant waarin die algemene nuus verskyn, ontleed is. Dit sluit die subseksies van die koerant uit, soos leefstyl en vermaak, ekonomiese sake en sport. Dit sluit wel buitelandse nuusblaaie en kommentaar- en brieweblaaie in. Kennis is geneem van die nege spesiale MIV/vigsbylaes wat in die ondersoektydperk in die *Sunday Times* verskyn het, en die fokusblad in *Rapport*. Die items in hierdie bylae word egter nie ontleed nie, omdat dit dikwels nie die normale joernalistieke ingesteldheid weerspieël nie, maar ook die wense van die adverteerders.

'n "[C]ensus" – waar alle nuusitems binne die steekproefraamwerk gekies word – is die eenvoudigste vorm van seleksie (*media sampling*) (Macnamara, 1999:13). Dit bied die grootste moontlike verteenwoordiging. Die seleksieproses behoort op 'n ewekansige wyse te geskied om te verseker dat betroubaarheid van die studie gehandhaaf word. In hierdie studie is alle nuusitems oor enige aspek van MIV/vigs (in die hoofkoerant) binne die tydraamwerk geanaliseer. Dit is dus verteenwoordigend van die MIV/vigsdekking in daardie tydperk. Omdat al die berigte

gekies is, is die risiko uitgesluit dat die keuseproses op bevooroordeelde wyse kon geskied.

Die *Sunday Times* en *Rapport* is gekies omdat hulle die grootste is in onderskeidelik die Engelse en Afrikaanse mark in Suid-Afrika. *Rapport* het benewens sy wit lesers ook 'n groot aantal lesers in die bruin gemeenskap. *Sunday Times* het 'n sterk swart leeskring, maar ook talle Indiër, wit en bruin lesers. *Sunday Sun* is die grootste poniekoerant[1] in die swart mark en is ook die koerant wat die vinnigste groei. As sodanig verteenwoordig hierdie drie koerante die grootste deel van die totale Sondagpersleserskorps (sien paragraaf 1.2.1 *Gebruikspatrone van die media in Suid-Afrika* vir die jongste statistieke wat die koerante se leserstal betref).

Hierdie studie het nie ten doel om die hele, komplekse mark te dek nie maar om 'n verteenwoordigende beeld te bied. Die mikpunt is nie om te veralgemeen nie, maar om te begryp, in ooreenstemming met die doelstellings van kwalitatiewe navorsing. Daar is in die keuse van ondersoekmateriaal 'n onderskeid wat ras, taal en kultuur betref. Daarbenewens is daar ook verskille in die aard van die koerante: die *Sunday Times* en *Rapport* word beskou as middelmootkoerante en *Sunday Sun* as 'n populistiese koerant (sien paragraaf 2.2.1.1 *Joernalistieke style* onder die opskrif *Sensasionele joernalistiek* vir 'n beskrywing van die aard van koerante; vgl. Froneman, 2002:37). Mondli Makhanya (2005), redakteur van die *Sunday Times*, sê in 'n mondelinge mededeling daar is mense wat die koerant as "quality populist" beskryf. "We regard ourselves as a weighty paper," meen hy egter, maar daar is ook heelwat ligter stof op die agterblad en bladsy drie. Hy beklemtoon dat die koerant beslis nie ernstig is nie. Mike Vink (2005), adjunkredakteur van die *Sunday Sun*, sê dié koerant is "beslis populisties". Dit is drie jaar gelede met hierdie doel voor oë gestig. Tim du Plessis (2005), redakteur van *Rapport,* beskryf dié koerant as 'n middelmootkoerant "met 'n populistiese nuusstreep en 'n ernstige kommentaarstreep".

Koerante het deur die jare weens die ontwikkeling van die tegnologie heelwat verander. Die meeste koerante in die wêreld deel egter steeds sekere kenmerke,

[1] Koerante word meestal gepubliseer in twee formate: breëblad (A2, "broad sheet")) of ponie (A3, "tabloid") (Fourie, 2001b:345). In die joernalistieke veld word algemeen verwys na populistiese koerante (die sogenaamde geelpers) as "tabloids". Die *Sunday Times* en *Rapport* is albei breëbladkoerante, maar formaat is geen noodwendige aanduiding van die aard van die koerant nie.

soos dat hulle nuus en ander inligting dra wat gereeld verskyn, gedruk is, beskikbaar is teen 'n vaste prys, feitelik is en nuus van algemene belang dra, aktueel is, en maklik is (vir die meeste mense) om te lees (Fourie, 2001b:344). Koerante kan verder geklassifiseer word volgens die verspreidingsgebied, hoe gereeld hulle verskyn, taal, teikenmarkte, politieke belange en sirkulasie en/of leserstalle (Faure, 1996a:18-22, soos aangehaal deur Faure, 2001:344-345).

Hoe gereeld 'n koerant verskyn, het ook 'n invloed op die aard van die nuus wat dit bied (Fourie, 2001b:345). Sondagkoerante soos die *Sunday Times* en *Rapport* (en *Sunday Sun*) berig oor die hoofnuus aan die nasionale en internasionale front die voorafgaande week (Greer, 1999:185). Omdat dit naweekkoerante is, bevat die koerante ook vermaakinsetsels en tydskrifte. Hierdie publikasies dek ook heelparty *human interest*-stories (dus dié wat fokus op die mens-element) (sien *Kategorie 1: genre* in paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë*) om dit meer aantreklik vir die leser te maak (Greer, 1999:186). Weekblaaie konsentreer verder meer op indiepteverslaggewing as dagblaaie en bied hul lesers die stories agter die vorige week se nuus (Fourie, 2001b:345). Laasgenoemde kenmerk was een van die hoofredes waarom besluit is om in hierdie studie op Sondagkoerante te konsentreer. Die gebrek aan kritiese en indiepteberiggewing oor MIV/vigs is een van die punte van kritiek van belangegroepe (sien paragraaf 3.2.1.1 *Kritiese en indieptejoernalistiek* in hoofstuk 3 vir 'n bespreking). Dieselfde geld berigte oor die mens-element. Omdat die koerante ter sprake Sondagpublikasies is, neem 'n mens aan dat dit ook in groter besonderhede oor MIV/vigs sal skryf en baie sal konsentreer op die mens-element.

Die betrokke tydperk – die eerste ses maande van 2003 – is gekies omdat daar geen dramatiese sarsies gebeurtenisgedrewe nuusdekking was wat 'n media-agenda kunsmatig kon beïnvloed nie. (Die regering het in daardie stadium nog oorweeg om antiretrovirale behandeling vir mense met MIV/vigs te gee.) Dekking oor MIV/vigs behoort immers deurlopend te wees, doen belanghebbendes aan die hand (vgl. Galloway, 2001:2; Stally, 2001). Navorsing het egter gevind dat daar in tydperke waar groot gebeurtenisse aan die MIV/vigsfront plaasgevind het, soos die 13de Internasionale MIV/vigskonferensie in 2000 in Durban, heelwat meer oor die onderwerp geskryf word as in tye wanneer daar nie veel gebeur nie (vgl. Media Tenor, 2000; sien ook paragraaf 1.3.3 *Die aard van MIV/vigsnuusdekking* in hoofstuk 1).

Die fisiese (harde) kopieë van die koerante (altesame 73) is bekom van die Noordwes-Universiteit se Ferdinand Postma-biblioteek (*Sunday Times* en *Rapport*) en RCP Media in Johannesburg (*Sunday Sun*). Deur die harde kopieë van die koerante te gebruik, kon afleidings gemaak word oor prominensie en aanbieding wat nie gemaak sou kon maak word indien die navorser elektroniese argiefmateriaal of elektroniese weergawes van die koerante ontleed het nie. Dit dra dus by tot die geldigheid van die studie.

4.2.2.1 Probleme ervaar met ondersoekmateriaal

Die koerante het in die ondersoektydperk elk 26 keer verskyn. Al 26 uitgawes van *Rapport* is ontvang. Die uitgawe van 5 Januarie van die *Sunday Times* het egter soek geraak. Die navorser kon nie elders 'n terugsendingskopie opspoor nie. Altesame 22 uitgawes (ook terugsendingskopieë) van die *Sunday Sun* is van RCP Media ontvang. Die uitgawes van 26 Januarie, 16 Februarie, 16 Maart en 1 Junie kon nie opgespoor word nie. Aangesien veralgemenings nie gemaak word nie, is onvolledige datastelle in kwalitatiewe navorsing nie problematies nie.

Elektroniese argiewe van die *Sunday Times* en *Rapport* maar nie die *Sunday Sun* nie, is aanlyn beskikbaar. Langs hierdie weg sou die navorser dus net die items in die *Sunday Times* van 5 Januarie kon ontleed. Sonder 'n aanduiding van prominensie en aanbieding (buiten bladsynommers) sou die items egter onvolledig wees en daarom is besluit om nie dié weg te volg nie.

4.2.2.2 Die Sunday Times*,* Rapport *en die* Sunday Sun*: agtergrond*

- **Die *Sunday Times***

Die *Sunday Times* is in 1906 gestig, is die grootste koerant in Suid-Afrika en word alom beskou as een van Afrika se invloedrykste koerante (Kolia, s.j.). Die publikasie is begin deur die Sunday Times Syndicate Ltd, maar is in 1996 oorgeneem deur Johnnic Publications. Die maatskappy, die eiendom van 'n konsortium van swart sakegroepe en vakbonde die National Empowerment Consortium, het voorheen bekend gestaan as Times Media Limited (Southafrica.info, 2004). Die *Sunday Times* word in Johannesburg, Kaapstad en Port Elizabeth gedruk (Johnnic Communications, 2004). Volgens die nuutste AMPS-syfers (All Media and Products

Survey) vir die tydperk Januarie tot Desember 2003 het die *Sunday Times* 3,44 miljoen lesers (Saarf, 2004). Die nuutste ABC-sirkulasiesyfer (Audit Bureau of Circulation of SA) is 505 717 (Media.toolbox, 2004).

- ***Rapport***

Dié blad is Suid-Afrika se nasionale Afrikaanse Sondagkoerant en het in 1970 ontstaan toe die Sondagkoerante *Die Beeld* van die Nasionale Pers en *Dagbreek* van Perskor – volgens Scholtz (1992:254) die "twee grootste koerantvyande wat die Afrikaanse joernalistiek opgelewer het" - saamgesmelt het (Naspers, 2002). *Rapport,* wat drie jaar ná sy ontstaan die *Sunday Times* kortstondig verbygesteek het as die grootste koerant in Suid-Afrika, het hom gevestig as 'n blad met 'n sterk politieke inslag. Hy het 'n besondere rol gespeel in veral die Afrikanerpolitiek en -kultuur. Hy is egter ook dikwels gekritiseer oor sy inhoud en daarvan beskuldig dat hy sensasiebelus is en sensitiewe sake onwelvoeglik hanteer (Scholtz, 1992:262). Die koerant het 1,652 miljoen lesers (Saarf, 2004). Die nuutste ABC-sirkulasiesyfer is 324 882 (Media.toolbox, 2004), wat *Rapport* naas die *Sunday Times* die grootste weekblad in die land maak. Die koerant word deesdae ook in Namibië versprei. Dit word besit deur Media24, 'n filiaal van Naspers (Southafrica.info, 2004).

- **Die *Sunday Sun***

Die *Sunday Sun*, 'n publikasie in die Naspers-stal, is nie net een van die jongste koerante in Suid-Afrika nie, maar word ook beskou as een van die koerante wat die vinnigste groei (Biz-community.com, 2004). Dit is in 2001 gestig en het binne net vyf maande reeds sowat 100 000 kopieë per uitgawe verkoop. Die nuutste ABC-sirkulasiesyfer is 164 374 (Media.toolbox, 2004) en die leserstal volgens AMPS 2003B is 1,93 miljoen (Saarf, 2004) – 'n kortkop agter *City Press*, ook 'n Naspers-publikasie, wat met 'n leserstal van 2,21 miljoen as die grootste koerant in die swart mark beskou word (Saarf, 2004). Indien *Sunday Sun* sy huidige groeikoers handhaaf, kan hy *City Press* verbysteek as die markleier.

4.2.3 Ontwikkeling van kriteria

Die rigtinggewende argument in hierdie studie is dat belangegroepe potensieel 'n rol speel in die daarstelling van die media se agenda. Hierdie rol is in hoofstuk 2

bespreek aan die hand van die literatuur en 'n stel tentatiewe riglyne vir eties aanvaarbare MIV-vigsnuusdekking is saamgestel uit kritiek van belangegroepe en riglyne in die literatuur. In hierdie hoofstuk word gekyk na hoe gepoog is om te bepaal in watter mate hierdie riglyne neerslag vind in die nuusdekking in die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun*. Wanneer 'n mens kyk na hoe die riglyne – bewustelik of onbewustelik – toegepas word al dan nie in die nuusdekking, behoort jy afleidings te kan maak oor in hoeverre die belangegroepe se agenda uiteindelik neerslag vind in die nuusdekking. Die riglyne is tentatief soos volg saamgevat deur bestaande riglyne en kritiek te vergelyk en oorvleuelings uit te skakel (vgl. Beamish, 2002; Cullinan, 2001; Delate, 2003a; Gysae & Øverland, 2002; Shepperson, 2000; Health-e & Soul City: IHDC, 2001):

- Vermy sensasionalisering wat woordgebruik, inhoud en plasing betref;
- Vermy stereotipering en diskriminasie;
- Gebruik sensitiewe, niediskriminerende, verstaanbare en eenvoudige taal;
- Beriggewing moet akkuraat wees; dus regverdig, gebalanseerd, feitelik korrek, waar, binne konteks, gefokus en volledig;
- Gebruik minstens twee geloofwaardige bronne – waar van toepassing ook mense met MIV/vigs;
- Beoefen kritiese en indieptejoernalistiek;
- Gaan versigtig te werk met syfers en statistieke en dateer data;
- Soek nuwe nuushoeke en gee veral ook aandag aan maatskaplike kwessies en dit wat op grondvlak gebeur;
- Wees skepties oor aansprake, veral wat kure, toetse op mense en entstowwe betref; en
- Fokus ook op die positiewe en opbouende.

4.2.4 Geldigheid en betroubaarheid

Betroubaarheid en geldigheid is begrippe wat deur elke besluit in die navorsingsproses beïnvloed kan word en daar is talle risiko's (in kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing) waarop navorsers bedag moet wees (Botes, 2003:184). De Beer (2002) ondersteun hierdie standpunt en sê betroubaarheid en geldigheid is in kwalitatiewe navorsing 'n groot turksvy. Dit is een van die redes waarom navorsers in die joernalistiek/kommunikasie uit die positivistiese skool hierdie navorsing dekades

lank nie ernstig opgeneem het nie, omdat die aansprake van betroubaarheid en geldigheid nie gewaarborg kon word nie.

Die basiese epistemologiese standaarde vir kwantitatiewe én kwalitatiewe navorsing is die volgende (Lincoln & Guba, 1985 soos aangehaal deur Botes, 2003:176-177):

- Die egtheidswaarde (*truth value)* van die bevindings. Dit verwys na die mate waarin die egtheid van die bevindings vertrou kan word.
- Die toepaslikheid van die navorsingsbevindings. Dit verwys na die mate waarin die bevindings oorgeplaas kan word na 'n groter groep, soortgelyke fenomeen of in 'n soortgelyke konteks.
- Die konsekwentheid van die navorsingsbevindings (indien dit in dieselfde konteks herhaal word).
- Die neutraliteit van die navorsingsbevindings – dus die onpartydige, onbevooroordeelde manier waarop die navorsing gedoen is.[2]

Om hieraan te voldoen, is daar volgens Lötter (1997, soos aangehaal deur Botes, 2003:177) vier basiese reëls:

- Spesifieke en aanvaarbare probleemoplossingsmetodes moet gebruik word.
- Die navorsingsbevindings moet regverdigbaar wees.
- Navorsers moet hul werk met die bestaande, aanvaarde kennisraamwerk in hul dissipline of verwante dissiplines integreer (daar word dus na vorige werk verwys).
- Die navorsers moet die navorsingsgemeenskap oortuig van die egtheid van hul bevindings.

4.2.4.1 Geldigheid

Die geldigheid van 'n studie behels dat die resultate moet ooreenkom met reeds bestaande resultate oor die onderwerp. Serfontein (1995:97) beskryf geldigheid soos volg: "Die belangrikheid van geldigheid is daarin geleë dat navorsingsresultate korrek moet wees sodat die gevolgtrekkings wat op grond daarvan gemaak word, vir die

[2] In paragraaf 4.2.1 Kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe benadering is die subjektiewe aard van kwalitatiewe navorsing bespreek. Die skrywer steun dié uitgangspunt, maar meen dat onvermydelike subjektiwiteit 'n navorser nie daarvan weerhou om onbevooroordeeld te probeer wees nie. Trouens, enige navorser behoort daarna te streef. (Vgl. Jensen [2002a:236] se mening oor die navorser as "interpretive subject".)

gemeenskap van nut en waarde kan wees." Geldigheid het ook te doen daarmee dat die navorsingsinstrument meet (bepaal) wat dit bedoel is om te meet (bepaal) (Jensen, 2002b:267). Geldigheid verwys verder na " the best account of the truth" (Botes, 2003:176). Die basiese kenmerke van geldige kennis is dat dit verkry is deur relevante probleemoplossingsmetodes, gesteun word deur empiriese en teoretiese verklarings, aanvaar word deur 'n spesifieke navorsingsgemeenskap, en 'n akkurate weerspieëling is van die werklikheid (vgl. ook Macnamara,1999:12). Die meetinstrument in hierdie studie, naamlik die kriteria soos gestel deur belangegroepe wat daagliks werk in die veld van MIV/vigs, verhoog dus die geldigheid van hierdie studie.

Wat geldigheid betref, val die klem op *interpretasie*. Volgens Lacey en Luff (2001:22): "The ability of the findings to represent the 'truth' may not be appropriate if we accept the existence and importance of multiple 'truths'. Rather, validity will be judged by the extent to which an account seems to fairly and accurately represent the data collected." Vir die doel van hierdie studie is altesame 25 uitgawes van die *Sunday Times*, 22 van die *Sunday Sun* en 26 van *Rapport* uit die tydperk Januarie tot Junie 2003 ontleed (sien paragraaf 4.2.2.1 *Probleme ervaar met ondersoekmateriaal*). In die *Sunday Sun* van 8 Junie, die *Sunday Times* van 26 Januarie, en *Rapport* van 12 en 19 Januarie is geen items gevind met MIV/vigs as primêre of sekondêre tema nie. Altesame 278 items is in die ander 73 uitgawes geïdentifiseer. Die feit dat die studiemateriaal omvattend is en geen steekproef vir die doel van die ontledings gedoen is nie, verhoog ook die geldigheid van die studie.

Daar is ook gepoog om die bevindings te interpreteer binne die konteks deur die onderskeie koerante se aard en gebeure binne die navorsingstydperk in aanmerking te neem. Die feit dat die navorser gekies het om beriggewing uit 'n tydperk waartydens daar nie groot gebeurtenisse in die MIV/vigsveld of groot, opspraakwekkende nuusgebeure voorgekom het nie, verhoog dus die geldigheid van die studie. Die navorser het juis gepoog om die aard van MIV/vigsberiggewing binne die normale gang van sake aan die nuusfront te beoordeel.

4.2.4.2 Betroubaarheid

Dit is in kwalitatiewe data-analise veral belangrik om te toon dat die proses nougeset verloop het weens die algemene punt van kritiek dat kwalitatiewe bevindings anekdoties is (Lacey & Luff, 2001:22). Indien 'n ander navorser 'n studie op

wetenskaplike wyse herhaal en dieselfde resultate behaal, kan die studie as betroubaar beskou word (Serfontein, 1995:96; vgl. Jensen, 2002b:267). In hierdie studie is gepoog om die kategorieë so duidelik moontlik te definieer sodat 'n ander navorser die studie aan die hand daarvan kan herhaal.

Tekste is in beginsel meer betroubaar as byvoorbeeld waarneming, omdat dit nie deur die navorser gefiltreer is nie (Silverman, 2001:229). Hierdie studie steun op tekste (nuusitems oor MIV/vigs), wat dus in beginsel reeds 'n mate van betroubaarheid daarstel. Die kwessie van betroubaarheid is egter ter sprake by die kategorieë wat die navorser gebruik om elke teks te analiseer. Volgens Silverman is dit belangrik dat die kategorieë op 'n gestandaardiseerde wyse gebruik word sodat enige navorser op dieselfde wyse sou kategoriseer. Só 'n metode is 'inter-rater reliability'. Dit behels dat dieselfde data aan 'n paar ontleders ("raters") gegee word wat dit moet analiseer aan die hand van 'n spesifieke stel kategorieë (vgl. Macnamara, 1999:11).

In kwalitatiewe navorsing is die klem op die betroubaarheid van die *metodes* (Lacey & Luff, 2001:22). Die navorser moet toon dat die navorsing herhaalbaar en konsekwent is. Eksterne herhaling, wat dikwels in kwantitatiewe navorsing toegepas word, is egter in die geval van kwalitatiewe navorsing nie noodwendig die regte manier nie. Die skrywers beveel aan dat kwalitatiewe navorsers die volgende moet oorweeg:

- 'n Beskrywing van die aanloop tot en die prosedures vir data-analise;
- 'n Regverdiging waarom dit toepaslik is binne die konteks van die studie;
- Duidelike dokumentering van die proses van die ontwikkeling van temas, konsepte of teorieë uit die literatuurstudie; en
- Verwysing na eksterne bewyse, insluitend vorige kwalitatiewe en kwantitatiewe studies, om die gevolgtrekking te staaf.

In hierdie studie is gepoog om die ontleding van nuusitems so konsekwent moontlik te hou aan die hand van die kategorieë sodat herhaalbaarheid nie in die weegskaal geplaas word nie. Vir hierdie doel het die navorser in die loop van die analiseproses telkens weer die kategorieë bestudeer om te verseker dat daar nie afgewyk word nie. Daar is ook gepoog om te voldoen aan die aanbevelings van Lacey en Luff, soos hierbo uiteengesit, deur die prosedures so noukeurig moontlik te beskryf aan die

hand van stawende argumente uit die literatuur, deurgaans te verwys na die toepaslikheid binne die konteks van hierdie studie, en die teorie en eksterne bewyse deurgaans te integreer.

4.2.4.3 Triangulasie

Betroubaarheid kan ook op ander wyses getoon word (Lacey en Luff, 2001:23). Dit sluit in verskillende vorme van triangulasie; soos bron-, teorie- en metodetriangulasie; met die doel om 'n wyer perspektief te kry op dit wat die navorser ondersoek (vgl. Botes, 2003:181; Jensen, 2002b:272). Die skrywers maan egter dat data wat op hierdie wyse verkry word, nie net gebruik moet word om gevolgtrekkings van een databron met 'n ander te vergelyk nie. Die data van een bron sal dikwels 'n ander se bevindings weerspreek of bevraagteken. Volgens die skrywers beteken dit nie die navorsing het gefaal nie, omdat werklike situasies onvermydelik kompleks is. Trouens, triangulasie se krag lê juis daarin dat dit ander perspektiewe ontgin.

Ten einde die betroubaarheid van hierdie studie te verhoog, is triangulasie toegepas deur na afloop van die inhoudsanalise persoonlike onderhoude met 'n senior verteenwoordiger by elk van die koerante te voer. Daar is besluit om die redakteur van elk van die koerante te nader vir 'n onderhoud, omdat agendastelling ter sprake is en die redakteur van 'n publikasie 'n hekwagtersfunksie vervul waardeur hy besluit wat gepubliseer word. Onderhoude is na afloop van die inhoudsontledings gevoer met Mondli Makhanya, redakteur van die *Sunday Times*; en Tim du Plessis, redakteur van *Rapport.* Pholane Motale, redakteur van die *Sunday Sun,* was nie beskikbaar nie en 'n onderhoud met Mike Vink, adjunkredakteur, is toegestaan (sien ook 4.2.5.4 *Insameling en verwerking van data*).

4.2.6 Werkswyse

In hierdie afdeling word uiteengesit hoe die navorser te werk gegaan het om die data in te samel, die inhoud te ontleed en te verwerk en watter probleme in die proses ondervind is.

Ter wille van betroubaarheid is dit belangrik dat die inhoud van alle nuusitems konsekwent ontleed word en hiervoor is duidelike riglyne nodig. Tydens die

voornavorsingsfase en die literatuurstudie (sien hoofstuk 2) is die stel tentatiewe riglyne geformuleer (sien 4.2.3 *Ontwikkeling van kriteria*). In hoofstuk 3 is hierdie riglyne breedvoerig bespreek in 'n poging om uiteindelik die teoretiese stellings (sien *Kategorie 3: kriteria* onder paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë*) te formuleer aan die hand waarvan die inhoudsanalise gedoen is. Hierdie stellings is afgebreek in vrae vir die doel van die analise en 'n eenvoudige datavel is aan die hand daarvan opgestel (sien Bylae A). Werksdefinisies (sien paragraaf 4.2.6 *Werkswyse* en 4.2.6.3 *Werksdefinisies*) vir die doel van die inhoudsontleding het verder uit die bespreking van die riglyne voortgevloei.

Tydens die literatuurstudie en die beskrywing van die riglyne is eties onaanvaarbare begrippe en woorde wat in kritiek en riglyne van belangegroepe voorgekom het, deurlopend aangeteken. Die inhoud van die nuusitems is onder meer ontleed aan die hand van 'n lys van hierdie woorde en begrippe wat uit die versamelde inligting saamgestel is (soos uiteengesit in Tekskassie 3.1 in paragraaf 3.2.3.1 *Stigma en diskriminasie* in taalgebruik in hoofstuk 3). Voorstelle van die belangegroepe oor watter terminologie aanvaarbaar is en ook die motivering daarvoor, word aangedui.

Vir die doel van die ontleding is enkele kategorieë geskep. Dit word vervolgens uiteengesit.

4.2.6.1 Kategorieë

Mayring (2000:3-4) se induktiewe kategorieontwikkelingsmetode van inhoudsanalise hou in dat kriteria geformuleer word uit die teoretiese agtergrond en die navorsingsvraag. Aan die hand van hierdie kriteria word die navorsingsmateriaal stelselmatig deurgewerk en word aanvullende kategorieë tentatief en stap-vir-stap afgelei. Die kategorieë word hersien en uiteindelik verfyn tot hoofkategorieë en getoets vir betroubaarheid. Hierdie benadering is sover moontlik gevolg.

- ***Kategorie 1: genre***

Elke item is eers geklassifiseer volgens genre[3] (kyk die bespreking in paragraaf 3.2.1 *Genres en subtemas* in hoofstuk 3). Hierdie kategorie is ontleen aan die studie van Pitts en Jackson (1993) en aangepas vir die doeleindes van hierdie studie. Daar

[3] Genre verwys na die soort nuusitem ter sprake, insluitend byvoorbeeld 'n nuusberig, hoofartikel (redaksionele kommentaar), *feature*, of rubriek.

word allereers onderskei tussen berigte en artikels. Berigte (in Engels gewoonlik *news reports*) verwys na nuus- of ander berigte, dit is gewoonlik kort of van gemiddelde lengte en sluit net die nodige konteks in. Artikels (in Engels *articles, features, situationers* of *backgrounders*), daarenteen, is heelwat langer en bied ruimte vir 'n bespreking van die agtergrond, kommentaar en moontlik ook ontleding in 'n mindere of meerdere mate.

Indiepteverslaggewing kan aangebied word as 'n enkele artikel, of met meegaande berigte (in Engels genoem *sidebars*) oor verwante sake (Nel, 1999:35). Grafika (soos inligtingsgrafika [grafiese materiaal wat met teks gekombineer word] en/of foto's) word dikwels daarmee saam gebruik.

Nuusitems word in hierdie studie volgens elf genres geklassifiseer. Waar dit nie ooglopend blyk waaraan 'n genre herken word nie, is 'n werksdefinisie aan die einde van die bespreking ingesluit (aanvullende werksdefinisies vir die doel van die inhoudsanalise is te vinde in paragraaf 4.2.6.3 *Werksdefinisies*):

a) **Nuusberig/harde nuus**: Hausman (1990:10) beskryf hierdie genre soos volg: "Hard news is traditionally taken to mean breaking news, something out-of-the-ordinary that is happening currently or happened recently, such as a fire. Note that the definition of hard, breaking news intrinsically implies the concept of timeliness." Volgens Nel (1999:35) is dit "straight, factual news, usually of a compelling nature". Hierdie skrywer sê verder 'n nuusberig is 'n verslag. Daar word dus van 'n verslaggewer verwag om te kyk, te luister, te bevraagteken en dan die inligting wat hy gevind het, weer te gee. Die verslaggewer en sy gevoelens is nie deel van die storie nie (Nel, 1999:43). Mencher (1997:186) praat van 'n "spot news story", wat inligting van sulke groot belang bevat dat dit onmiddellik aan die publiek bekend gemaak moet word.

Werksdefinisie: 'n **Nuusberig** is 'n berig wat voldoen aan die tradisionele vereistes van die 5 W's en 'n H (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) en wat dus die basiese inligting bevat. Dit is gewoonlik in die omgekeerde piramiedevorm geskryf, maar nie noodwendig nie. Die gebeure word deur die verslaggewer weergegee en in konteks geplaas sodat dit vir die leser betekenis het.

b) **Nuusbrokkie**: (kan met vrug as *snippet* vertaal word; daar word in Engels ook na verwys as *news in brief*) is 'n kort beriggie (twee tot drie paragrawe) wat net die

nodigste feite weergee. Dit is dus 'n samevatting van 'n nuusberig of -item. Nuusberigte word onder meer gewoonlik gereduseer tot brokke indien dit nie belangrik genoeg is om 'n volle berig te regverdig nie maar waarvan lesers tog behoort kennis te neem. In weekblaaie en ander publikasies wat minder gereeld verskyn word dit terugskouend gebruik om lesers wat die nuus nie elders gekry het nie, kortliks op hoogte van sake te bring. In dagblaaie word nuusbrokke ook byvoorbeeld gebruik indien die ruimte skaars is, veral in die geval van misdaadberiggewing of gebeure op streekvlak (in publikasies wat 'n groter gebied dek). Só kry die leser 'n oorsig oor gebeure.

c) **Artikel**: is in die algemeen 'n langer stuk skryfwerk wat ruimte bied vir indiepteverslaggewing deur kontekstuele plasing, 'n bespreking van die agtergrond, kommentaar en moontlik ook ontleding in 'n mindere of meerdere mate (vgl. Nel, 1999:35). Hier word onderskei tussen verskeie vorms, onder andere agtergrondartikels, indiepteartikels (ook genoem nuusartikel), ontledingsartikels, meningsartikels (geskryf deur 'n kundige) en kommentaarartikels (waar verskeie mense gevra word om kommentaar te lewer – soos politieke partye, regeringslui, of meningsleiers – op 'n saak soos 'n nuwe wet of beleid). 'n Suiwer agtergrondartikel bied net die "geskiedenis" van 'n gebeurtenis uit die verlede (byvoorbeeld 'n oprakeling van die val van die Helderberg in 1989) of verskynsel ('n artikel oor byvoorbeeld vulkane na aanleiding van 'n uitbarsting iewers in die buiteland). Daar word nie gekyk na kommentaar daarop of menings daaroor nie, dit gaan bloot om die interessantheidswaarde.

Ontledingsartikels (*analysis articles*) is'n "think piece" (Nel, 1999:44) en interpreterende, verduidelikende stuk werk wat gewoonlik die doel het om mense te help om 'n spesifieke kwessie te begryp. Die verslaggewer moet interpreteer – die doel is nie om te wys hy het iets geleer nie, maar om sy leser te help om iets te leer (Teel & Taylor, 1988:170; soos aangehaal deur Nel, 1999:44). 'n Nuusartikel (*news feature*) gebruik inligting wat die "spot news" aanvul, gewoonlik deur die menselement te verskaf of deur die agtergrond te gee deur interpretasie en verduideliking (Mencher, 1997:186).

Ondersoekartikels (*investigative reports*) se doel is om te gaan soek na die nuus agter die nuus (vgl. Nel, 1999:45). Dit het gewoonlik te doen met meer omstrede kwessies, soos regeringsamptenare se private ooreenkomste met

motorvervaardigers, en korrupsie in staatsdepartemente. Soms word 'n mens wat met 'n kwessie verbind word, se agtergrond ook ondersoek en skandes opgerakel. Dit word dikwels aangebied as 'n *scoop*.

Indiepteverslaggewing kan aangebied word as 'n enkele artikel, of met meegaande berigte (meestal in kassies of raampies) oor verwante sake (Nel, 1999:35). Grafika (soos inligtingsgrafika en/of foto's) word dikwels daarmee saam gebruik. Meegaande berigte by artikels (in Engels *sidebars*) word as sodanig onder genre geklassifiseer en aangedui as ASB – artikel-*sidebar*.

Werksdefinisie: 'n **Artikel** is 'n langer verslag wat, afhangend van die doel daarvan, indiepteagtergrond verskaf – hetsy ter interessantheid of as agtergrond tot die nuus, ontledings en verduidelikings of kommentaar insluit, of ongerymdhede onthul of verder oopvlek.

d) ***Feature* / glansartikel**: Om dié genre te beskryf, is nie maklik nie. Leiter *et al*. (2000:167) meen "good feature writing is simply good storytelling," en sê dat 'n goeie *feature* 'n leser emosioneel by die inhoud betrek. Hierdie soort storie is in 'n meerdere of mindere mate gegrond op die menselement (*human interest*) en dit voldoen nie heeltemal aan die streng standaarde van 'n nuusberig nie. Só 'n nuusitem is egter steeds onderworpe aan dieselfde kriteria van akkuraatheid as enige ander nuusitem. Nel (1999:35) sê *feature* is die naam vir 'n "human-interest, non-timely article (in contrast to hard or breaking news)". Dit word ook *human interest*-stories of "people news" genoem (Nel, 1999:44; vgl. Hausman, 1990:10). Die skrywer het gewoonlik meer ruimte in die publikasie (hoewel 'n mens deesdae baie kort *features* kry – dus ligter nuusberigte in die gemaklike *feature*-styl geskryf), maar ook die ruimte om meer kreatief met die taal om te gaan. 'n *Feature* kan ook die skrywer se raad, kommentaar, ontledings en mening insluit (Faure, 2001:379). Die doel van 'n *feature* is om die leser te vermaak deur inligting wat interessant is, maar nie noodwendig belangrik nie (Mencher, 1997:186).

Leiter *et al*. (2000:169) sê "it should be obvious that as the human-interest values are increasing – as the dramatic, emotional and human background materials of the story are played up – they will become, at some point, more important than the news incident itself. When this point is reached, the story becomes primarily a human-interest (*feature*) story rather than a straight news story." Froneman

(2002:62) sluit by hierdie mening aan en sê die menslike dimensie verhoog altyd die waarde van enige tema: "Dinge is nooit so interessant soos mense nie. Of anders gestel: die effek van dinge op mense is uiters belangrik, nie die dinge self nie."

Werksdefinisie: 'n ***Feature*** is 'n interessante berig of artikel in die verteltrant geskryf waarin die menselement (*human interest*) en die dramatiese 'n groot rol speel en waarby die leser emosioneel betrek word.

e) **Redaksionele kommentaar**: (in Engels *editorials*) is nuusitems waarin die koerant oor 'n spesifieke aktuele saak standpunt inneem. By redaksionele kommentaar word onderskei tussen hoofartikels en rubrieke. Hoofartikels is kort, samevattende items sonder 'n aanduiding van wie dit geskryf het (Greer, 1999:133-134). Dit staan gewoonlik apart van gewone nuus, word geskryf deur die redakteur of senior skrywers met genoeg insig om oor 'n kwessie kommentaar te kan lewer. Rubrieke, daarenteen, is langer items (artikels) – gewoonlik met 'n fotonaamlyn. Rubrieke verskyn gereeld en word nie noodwendig altyd deur dieselfde persoon geskryf nie. Koerante lewer meestal kommentaar om die lesers te probeer beïnvloed (Faure, 2001:379; Froneman, 2002:124). Redaksionele kommentaar is 'n genre waarin 'n joernalis toegelaat word om bevooroordeeld, eensydig en subjektief te wees en sy mening te huldig[4], maar dan namens die koerant en in pas met die standpunte wat die redakteur goedgekeur het (Greer, 1999:133).

f) **Spotprent**: Dit verskyn gewoonlik op die hoofartikelblad of die redaksionele kommentaarblad en het ten doel om kommentaar te lewer op die nuus. Die meeste koerante gebruik die spotprent om belangrike mense te kritiseer of die draak met hulle te steek (Greer, 1999:8). Herb Block (1977), bekroonde Amerikaanse spotprenttekenaar, beskryf dit só: "Cartooning is an irreverent form of expression, and one particularly suited to scoffing at the high and the mighty. If the prime role of a free press is to serve as critic of government, cartooning is often the cutting edge of that criticism." Benewens om kritiek te lewer, speel die spotprent volgens hom ook 'n verdere rol: dit dien as herinnering aan staatsamptenare dat hulle in die *openbare* diens staan.

---

[4] Greer (1999:133) voer aan dat redaksionele kommentaar "the one area" is waar 'n joernalis sy mening kan huldig. Dit is egter nie die *enigste* nie, omdat resensies van byvoorbeeld rolprente, en ook sportberiggewing sterk steun op die skrywer se mening.

g) **Promosie-artikel**: staan in Engels bekend as *advertorial.* Dit is betaalde advertensie in berigvorm (Nel, 1999:12). Die doel is om bewustheid oor 'n spesifieke saak, diens of produk by die lesers te skep. Die kopie kan deur die adverteerder verskaf word of dit word deur 'n werknemer van die betrokke publikasie geskryf aan die hand van inligting deur die adverteerder voorsien. Hoe dit ook al sy, dit moet duidelik onderskei word van die nuuskopie in die koerant deur byvoorbeeld 'n opskrif wat sê "promosie".

h) **Brief**: Lesersbriewe is ook 'n vorm van kommentaar – maar dié keer gelewer deur die nuusgebruiker op nuusgebeure of op die publikasie se hantering van 'n kwessie (vgl. Greer, 1999:134). Briewe word gewoonlik op 'n brieweblad of as deel van die redaksionele kommentaarafdeling – dus geskei van die nuus – geplaas.

i) **Voorbladprikkels**: Publikasies kondig dikwels op die voorblad in 'n sogenaamde prikkel (in Engels *teaser* of *blurb*) 'n nuusitem dieper in die koerant aan – met of sonder grafika (soos 'n foto) daarby. Die doel is om die leser se aandag te vestig op die inhoud van ander bladsye (Faure, 2001:378).

- ***Kategorie 2: tema***

Nuustemas is die onderwerpe waaroor koerante skryf. Die onderwerpe gee ook 'n duidelike beeld van die nuusagenda van 'n betrokke publikasie, omdat hy deur dit waaroor hy skryf, vir die nuusgebruiker aandui wat belangrik is. Daar kan in enige van die onderskeie genres oor enige van die onderwerpe geskryf word. Vir die doel van hierdie studie is die nuustemas rondom MIV/vigs in vier breë kategorieë ingedeel, naamlik:

- **Optrede**: sluit in berading en sorg; politiek en beleid (verkragting, die oordrag van die MI-virus van ma na baba, kwessies in die werkplek); voorligting en bewusmaking (voorkoming); oordrag en risiko; konflik en politiek.
- **Impak**: omvang van die epidemie (statistiek en ander syfers); ekonomiese impak, maatskaplike kwessies soos armoede en vigswesies; en regskwessies.
- **Navorsing**: wetenskaplike en maatskaplike navorsing oor die epidemie.
- **Behandeling**: nuwe middels; toetse; "kure" en entstowwe.

Alle nuusitems is in kategorieë geklassifiseer volgens die enkele tema, of die hooftema as daar meer as een tema ter sprake was (vgl. Pitts & Jackson, 1993).

- ***Kategorie 3: kriteria***

Nuusitems uit die 3 koerante is telkens aan die hand van die vier teoretiese stellings kwalitatief geëvalueer. Die stellings is geformuleer aan die hand van die gestelde kriteria in paragraaf 4.2.3 *Ontwikkeling van kriteria*. Dit is volledig beskryf in hoofstuk 3.

Elke teoretiese stelling is afgebreek in 'n paar vrae aan die hand waarvan die inhoud van nuusitems geanaliseer is. Dit word vervolgens in Tekskassie 4.1 weergegee:

Tekskassie 4.1

Teoretiese stelling 1: Om aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs te verseker, moet die media krities oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe berig lewer, insluitend die positiewe en opbouende.	• Wat is die tema(s) van die nuusitem? • Is die item bloot 'n weergawe van die feite of skryf die joernalis krities? • Bevat die item positiewe en opbouende elemente, of fokus dit net op die negatiewe? • Word nuwe nuushoeke ontgin? • Is paslike nuusbronne gebruik?
Teoretiese stelling 2: Aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs hou ook in dat die inligting sensitief, regverdig, gebalanseerd en in goeie smaak aangebied word, en dat stereotipes nie perpetueer word nie – 'n aanvaarbare beeld van die epidemie/spesifieke groepe word dus geskep.	• Hoe word die MIV/vigsepidemie in die item uitgebeeld? • Watter prominensie word aan die item verleen? • Hoe word grafiese materiaal gebruik? • Is daar sprake van stereotipering? • Is daar sprake van sensasionalisering? • Is die aanbieding in goeie smaak?

Teoretiese stelling 3: Om eties aanvaarbaar oor MIV/vigs te berig, behels dat die media gelaaide begrippe moet vermy en taal moet gebruik wat: • nie stigmatiseer, diskrimineer of sensasionaliseer nie; en • verstaanbaar, akkuraat en eenvoudig is.	• Is die item in duidelike en verstaanbare taal geskryf? • Word vaktaal en terminologie omskryf, waar nodig? • Hoe word mense/groepe/die MIV/vigsepidemie beskryf? • Word woorde wat negatiewe emotiewe waarde het, gebruik (soos lyding, draer, lyer, plaag, gevreesde siekte, *war*, *scourge*, *plague*, slagoffer, *victim*, *shame*, *blame*, *curse* of *punishment*? • Word sensasie geskep deur die taalgebruik? • Word mense/groepe gestereotipeer of word daar teen hulle gediskrimineer deur die taalgebruik (soos om na sekswerkers te verwys as prostitute)?
Teoretiese stelling 4: Om eties aanvaarbaar te wees, moet beriggewing oor MIV/vigs akkuraat wees. In hierdie verband moet die media: • gebalanseerd skryf; • 'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik; • duidelik en helder formuleer; • die storie in konteks plaas; • volledig, gefokus en feitelik korrek berig lewer; • statistiek en syfers versigtig gebruik; en • skepties staan teenoor aansprake, veral wat kure betref.	• Is die item helder en duidelik geformuleer? • Is 'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik? • Is die item volledig? • Is die item gefokus en duidelik in konteks geplaas? • Is die item feitelik korrek[5]? • Hoe word syfers en statistiek hanteer? • Hoe word aansprake gehanteer?

[5] Die navorser kan oor feitelike korrektheid net oordeel binne die raamwerk van haar agtergrondkennis oor MIV/vigs, en haar verder laat lei deur wat belangegroepe oor 'n kwessie sê (indien daar wel kommentaar was of voorstelle is).

4.2.6.2 Datavel

'n Eenvoudige koderingstelsel waarvolgens elke nuusitem gekodeer is, is uitgewerk vir identifisering- en verwysingdoeleindes. 'n Datavel is opgestel waarop die basiese inligting oor elke item vasgelê kon word, en die ontleding kon plaasvind (sien Bylae A vir 'n voorbeeld van die datavel en 'n verduideliking van die koderingstelsel). Aan die hand van die datavel is alle nuusitems ook aan presies dieselfde ontledingskriteria onderwerp. Die basiese inligting, soos die genre waarin die item geklassifiseer is, en die tema, die prominensie en of grafiese materiaal daarby gebruik is, word bo-aan weergegee. Hierdie inligting gee uiteindelik 'n oorhoofse beeld van MIV/vigsdekking in die drie betrokke koerante. Daaruit kan afleidings gemaak word soos of die epidemie 'n prominente plek inneem op die publikasie se agenda, en in watter lig die publikasie die epidemie beskou (byvoorbeeld as 'n politieke, maatskaplike of gesondheidskwessie).

'n Gidsstudie is eers gedoen om die datavel te "toets" en leemtes reg te stel. Vir dié doel is vier uitgawes van elk van die koerante (12 in totaal) lukraak gekies, die nuusitems geïdentifiseer, en die items aan die hand van die datavel ontleed. Tydens dié fase is 'n leemte geïdentifiseer wat daartoe gelei het dat 'n vyfde kategorie onder die afdeling tema bygevoeg is. Dit behels dat nuusitems met MIV/vigs as sekondêre tema of waarin bloot in die verbygaan na MIV/vigs verwys word, afsonderlik geklassifiseer word. Omdat hierdie items bydra tot agendastelling, kan dit nie van die studie uitgesluit word nie. Hierdie items word onderskei deur die beskrywing "sekondêr" (afgekort SEK) in die temablokkie op die datavel. 'n Verkorte datavel word gebruik, omdat hierdie items nie indiepte ontleed word nie. Dit word gekodeer en daar word aangedui wat die genre, tema en prominensie van die item is en of grafika daarmee saam gebruik word. Verder word net die tema in breër trekke ontleed.

Insgelyks is gevind dat veral die *Sunday Times* gereeld nuusbrokkies (sien *Kategorie 1: genre* in paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë*) oor MIV/vigs en verwante aangeleenthede plaas pleks van 'n volledige nuusberig, veral in die gereelde weeklikse oorsig oor die nuus, *This week*, op p. 2. Die kategorie nuusbrok (BROK op die datavel) is gevolglik by die genres gevoeg.

Die navorser het ook gevind dat dit minder tydrowend is om 'n verkorte datavel te gebruik vir hierdie sekondêre items, omdat dit nie in diepte ontleed word nie. Die item is gekodeer, die tema in breë trekke bekyk, en daar is aangedui wat die genre en prominensie van die item is. Die datavel is dienooreenkomstig aangepas ('n voorbeeld is te sien in Bylae A).

4.2.6.3 Werksdefinisies

Tekskassie 4.2

Woord/begrip	Beskrywing
Eties aanvaarbare, kritiese nuusdekking:	... word beskou as joernalistiek wat nie net die blote feite weergee sonder om konteks, betekenis, oorsake en gevolge in ag te neem en weer te gee nie. Geen mens kan van 'n joernalis verwag om self die antwoorde op al die vrae te ken nie. 'n Mens verwag egter dat 'n kritiese verslaggewer verder sal dink, die nodige vrae sal vra en dan by toepaslike bronne sal aanklop in 'n poging om antwoorde te kry.
Goeie taal:	... is op die man af, direk en sterk, en vermy eufemismes en hiperbole.
Paslike nuusbronne:	... is gesaghebbende mense wat kundig is oor die spesifieke onderwerp ter sprake.
Prominensie:	... dui op die ruimte wat aan 'n item afgestaan word en waar dit in die koerant gebruik word. 'n Prominente item is min of meer ewe groot of groter as die grootste nuusberigte op 'n spesifieke blad, en 'n klein berig is min of meer so groot of kleiner as die kleinste berigte op die blad. Die grootte van die opskrif wissel ook dienooreenkomstig. Indien alle nuusitems op die betrokke blad ewe prominent gebruik is, word die item as medium geklassifiseer. Hierdie beskrywing geld ook nuusitems wat nie aan die beskrywing van groot of klein voldoen nie.

Positiewe / negatiewe beriggewing:	Positiewe en opbouende nuusitems fokus op 'n produktiewe lewe met MIV/vigs, en negatiewe nuusitems fokus op die epidemie as 'n ramp, 'n krisis en 'n doodsvonnis.

4.2.6.4 Insameling en verwerking van data

Nuusitems in die hoofkoerant van elke publikasie waarin die woord(e) MIV, HIV, vigs, AIDS, MIV/vigs en HIV/AIDS in die teks en/of opskrif(te) voorkom – in watter konteks ookal, is geïdentifiseer, gemerk en gekodeer om die items van mekaar te onderskei. Altesame 278 items is geïdentifiseer: 130 in die *Sunday Times*, 84 in die *Sunday Sun* en 64 in *Rapport*. Onaanvaarbare terminologie is deurgaans gemerk. 'n Aparte datavel is vir elk van die items gebruik en die basiese inligting is bo-aan genoteer. Die ontleding van alle tersaaklike items aan die hand van 'n spesifieke teoretiese stelling is eers afgehandel voordat die volgende stelling aan die beurt gekom het.

Die navorser het deurlopend 'n aantekening gemaak wanneer 'n vraagstuk opgeduik het wat in die onderhoude (sien 4.2.4.3 *Triangulasie*) gehanteer kon word. Na afloop van die inhoudsontledings is 'n voorlopige lysie van semigestruktureerde vrae opgestel en het die navorser aangeteken watter bevindings verder met die onderhoudkandidate bespreek moes word. Hierdie lys is tesame met agtergrondinligting oor die studie voor die onderhoude aan die redakteurs gestuur.

Die items is verder getel in gevalle waar die navorser meen hierdie inligting 'n positiewe bydrae tot die studie sal maak. Hoe meer items met MIV/vigs as primêre tema 'n koerant byvoorbeeld publiseer, hoe belangriker blyk die kwessie vir hom te wees. Die teenoorgestelde is ook waar. Hierdie inligting word in die aanbieding van die resultate in die hieropvolgende hoofstukke in eenvoudige frekwensietabelle weergegee.

4.3 Aanbieding van resultate

In die empiriese afdeling van die studie is die derde spesifieke navorsingsvraag voortspruitend uit die algemene vraag ter sprake:

> **Wat is die aard en prominensie van die *Sunday Times*, *Rapport* *en Sunday Sun* se dekking van MIV/vigs?**

In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord, is die MIV/vigsnuusdekking soos hierbo uiteengesit, ondersoek. Die resultate van hierdie empiriese ondersoek word in die volgende vier hoofstukke weergegee, in ooreenstemming met die vier breë kategorieë waarin die belangegroepe se riglyne vroeër verdeel is (sien hoofstuk 3). Omdat elke kategorie kulmineer in 'n spesifieke teoretiese stelling, en elke stelling weer in 'n aantal vrae uitval, word die resultate met dié vrae as opskrifte aangebied. Dit gee nie net 'n logiese struktuur aan die studie nie, maar dra ook daartoe by dat 'n skerp fokus behou word.

In enkele gevalle het die navorser gevind dat dit meer sin maak om die resultate van sommige van die vrae te kombineer in die beskrywingsfase. Dit is telkens in die betrokke hoofstuk so aangedui.

HOOFSTUK 5

Kwalitatiewe analise: genres en temas

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die MIV/vigsnuusdekking in die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport* beoordeel volgens daardie belangegroepriglyne wat verband hou met onderwerpe waaroor die media skryf, soos maatskaplike kwessies en gebeure op grondvlak, kritiese en indieptejoernalistiek; en die positiewe en opbouende.

Die spesifieke belangegroepriglyne wat gevolglik in hierdie hoofstuk geld, is:

- Soek nuwe nuushoeke en gee veral ook aandag aan maatskaplike kwessies en dit wat op grondvlak gebeur (2.5.8);
- Beoefen kritiese en indieptejoernalistiek (2.6.5); en
- Fokus ook op die positiewe en opbouende (2.5.10).

Vir die doel van die ontledings is **Spesifieke teoretiese stelling 1** uit hierdie riglyne geformuleer: ***Om aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs te verseker, moet die media krities oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe berig lewer, insluitend die positiewe en opbouende.***

Hierdie stelling val uit in 'n aantal vrae (soos vervat in die datavel) aan die hand waarvan die nuusitems ontleed is. Die ontledings van die nuusitems in die onderskeie koerante word met hierdie vrae as subopskrifte aangebied.

Ter inleiding is die genres waarin die koerante die temas aanbied, eers ter sprake.

5.2 Beskrywing en ontleding

5.2.1 Genres

Vir die doel van hierdie studie is items geklassifiseer in die volgende genres: nuusberigte, die verskillende soorte artikels en meegaande berigte (*sidebars*), *feature*-stories en –artikels, redaksionele kommentaar (hoofartikels en rubrieke), spotprente, promosie-artikels, foto-onderskrifte, voorbladprikkels, lesersbriewe en brokke (sien die paragraaf *Kategorie 1: Genre* onder 4.2.6.1 *Kategorieë* in hoofstuk 4 vir 'n volledige uiteensetting van elk van die genres).

Die dekking van MIV/vigs het in elkeen van die koerante ter sprake geskied in 'n verskeidenheid van genres. Tabel 5.1 dui aan in watter frekwensie die nuusitems in die onderskeie genres in die koerante verskyn het:

Genre	Rapport	Sunday Sun	Sunday Times
Agtergrondartikel	1	0	2
Brokkie	2	3	19
Feature	4	2	5
Foto-onderskrif	1	0	2
Hoofartikel	3	2	2
Indiepteartikel	0	1	0
Lesersbrief	7	25	14
Meningsartikel	6	3	13
Nuusartikel	5	1	4
Nuusberig	26	29	47
Onderhoudartikel	1	0	0
Ontledende artikel	1	0	6
Promosie-artikel	0	1	0
Rubriek	5	14	9
Meegaande berig	2	0	2
Spotprent	0	0	1
Voorbladprikkel	0	3	3
Totale getal items:	**64**	**84**	**129**

Tabel 5.1

Nuusberigte was in die *Sunday Times* (47), *Rapport* (26) en die *Sunday Sun* (29) die item wat die meeste voorgekom het. Verder het die *Sunday Times* ook 'n

noemenswaardige getal brokke (19) gepubliseer, hoofsaaklik in die weeklikse nuusopsomming genaamd *This Week* op bladsy 2.

Wat opval, is dat so min dieptenuusitems gepubliseer is, veral wanneer in ag geneem word dat Sondagkoerante gewoonlik meer ruimte het om dieper te delf. Boonop het mense tradisioneel oor naweke meer tyd om te lees. In die *Sunday Sun* het in die ondersoektydperk net 5 artikels verskyn met MIV/vigs as primêre of sekondêre tema (daar word onder die opskrif *Temas* [5.2.2] in meer besonderhede hierna gekyk) en in *Rapport* 14. In die *Sunday Times* is altesame 25 artikels met MIV/vigs as tema of met verwysing na die onderwerp gepubliseer. Daarbenewens het net 1 artikel ('n nuusartikel) in *Sunday Sun;* 1 nuus-, 1 meningsartikel en 1 feature in *Rapport,* en 1 nuusartikel, 2 ontledende en 3 meningsartikels in die *Sunday Times* MIV/vigs as primêre tema gehad. Dit is in pas met kritiek van belangegroepe dat daar 'n gebrek is aan indiepteverslaggewing oor MIV/vigs (vide Galloway, 2001:69).

Verder het min hoofartikels oor MIV/vigs gehandel – 2 elk in die *Sunday Times* en *Sunday Sun*, en 3 in *Rapport*. Een in die *Sunday Times* en 1 in *Sunday Sun* het MIV/vigs as hoofonderwerp gehad. Daarteenoor was MIV/vigs in al 3 hoofartikels in *Rapport* 'n bysaak. Dié stand van sake kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar geen opspraakwekkende gebeure aan die MIV/vigsfront was in die tydperk van ondersoek nie en dat die nuus vroeg in die jaar oorheers is deur die uitbreking van ernstige akute lugwegsindroom (Sars) in die Ooste asook die oorlog in Irak. Die min hoofartikels in die ondersoekstof kan daarop dui dat daar geen sake was wat die koerante belangrik genoeg geag het om hul lesers oor te beïnvloed nie. Die feit dat daar in die ondersoektydperk net een spotprent verskyn het (in die *Sunday Times* op 20 April 2003 [ST20/4/6-16]) kan moontlik aan dieselfde rede toegeskryf word.

Lesersbriewe is ook 'n vorm van kommentaar. In teenstelling met redaksionele kommentaar waar die publikasie sy standpunt stel, is dit die nuusgebruiker wat in lesersbriewe kommentaar lewer; enersyds op die nuusgebeure, en andersyds op die publikasie se hantering van daardie nuusgebeure. Heelparty briewe het in die drie publikasies voorgekom. Net 2 van die 7 in *Rapport* het MIV/vigs egter as primêre tema gehad terwyl die ander 5 net vlugtig na die epidemie verwys het. Wat opval, is dat net 4 van die 25 in die *Sunday Sun* MIV/vigs nié as primêre onderwerp aangeroer het nie. Sowat die helfte van die briewe in die *Sunday Times* (8) het ook primêr oor

die een of ander aspek van die epidemie gehandel. Lesersbriewe word in meer besonderhede in paragraaf 5.3.2 *Openbare agenda* bespreek.

Die gebruik van voorbladprikkels is 'n manier waarop 'n koerant sy agendastellingsfunksie uitoefen. Op hierdie wyse plaas hy klem op spesifieke items en dui hy vir die leser aan wat belangrik is. Min voorbladprikkels oor MIV/vigs-nuusitems is in die drie koerante gebruik. Trouens, nie een prikkel daaroor het in die ondersoektydperk op *Rapport* se voorblaaie verskyn nie. Die prikkels rakende MIV/vigs op die *Sunday Times* se voorblad het almal verwys na die los bylae *S'camtoPRINT,* 'n leefstyltydskrif wat die koerant tot in November 2003 met die samewerking van die loveLife-projek uitgegee het[1] (Swarts, 2005). In teenstelling het die prikkels op die *Sunday Sun* se voorblad al drie verwys na nuusitems, soos "Hero DJ sets AIDS example".

5.2.2 Temas

Weens hul universele aard, skryf koerante oor 'n wye spektrum onderwerpe (Froneman, 2002:50). Deur die temas waaroor koerante skryf, gee hulle verder aan hul lesers 'n duidelike beeld van hul nuusagenda. Deur die onderwerpe wat koerante in hul MIV/vigsdekking aanraak, kan lesers sien wat die betrokke publikasie as belangrik beskou.

Belangegroepe het dit veral daarteen dat die media in Suid-Afrika te veel op die politieke sy van MIV/vigs konsentreer en te min aandag gee aan hoe die epidemie Suid-Afrikaners se lewens beïnvloed. Daar word aanbeveel dat die media meer aandag skenk aan onderwerpe soos mites en wanopvattings, navorsing, basiese inligting na gelang van die leserskorps se behoeftes, genderongelykheid en algemene tendense. Die maatskaplike sy van die epidemie moet meer aandag kry en die media moet die perspektiewe van mense met MIV/vigs insluit (vgl. Nelson Mandela/RGN-studie, 2002:102; Stein, 2001:13; Beamish, 2002:ch-4690). (Die kritiek van belangegroepe is volledig uiteengesit in hoofstuk 3.)

[1] Volgens Swarts (2005) staan die tydskrif nou bekend as *UNCUT* en word dit deur onafhanklike koerante versprei.

5.2.2.1 Wat is die tema van die nuusitem?

Die temas is in vier breë kategorieë ingedeel, naamlik optrede, impak, navorsing en behandeling (die kategorieë word in besonderhede bespreek in *Kategorie 2: Temas* onder 4.2.6.1 *Kategorieë* in hoofstuk 4). Nuusitems waarvan MIV/vigs nie die primêre nuustema is nie, of waar daar bloot in die verbygaan na die epidemie of 'n aspek daarvan verwys word, is geklassifiseer onder die tema "sekondêr". Hierdie items is nie in diepte ontleed nie.

Die temas wat in MIV/vigsdekking in die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport*, geïdentifiseer is, word vervolgens uiteengesit in Tabel 5.2:

Tema	Sunday Sun	Sunday Times	Rapport
Optrede: oordrag, risiko	22	4	1
Optrede: berading, sorg	2	0	0
Optrede: bewusmaking, voorligting	9	8	1
Optrede: politiek, beleid	1	23	1
Optrede: beleid in werkplek	1	2	0
Optrede: politiek, konflik	2	5	7
Navorsing	1	9	1
Behandeling	5	13	10
Impak	7	3	2
Sekondêr	34	62	41
Totale getal nuusitems	**84**	**129**	**64**

Tabel 5.2

Uit die bostaande tabel blyk dit duidelik dat al drie koerante nuusitems oor 'n wye verskeidenheid van temas binne die MIV/vigsveld publiseer, maar van sekere temas heelwat meer items as van ander. In heelparty van die items wat ontleed is, was MIV/vigs die sekondêre tema. In talle ander is bloot na die epidemie of 'n aspek daarvan verwys omdat dit bydra tot kontekstuele plasing, byvoorbeeld in 'n nuusberig oor Keith Kirsten se plan om 'n roos na oudpres. Nelson Mandela te noem. Die plan het nie geslaag het nie en Kirsten het die roos genoem na die Topsy Foundation, "which provides for children affected by HIV/Aids" (ST2/3/3-5).

Daar was enkele gevalle waar 'n nuusitem meer inligting kon bevat het as bloot 'n verwysing na MIV/vigs, omdat die gebrek aan besonderhede afbreuk gedoen het aan

die berig en die leser met vrae gelaat het. Een voorbeeld is 'n nuusberig in die *Sunday Times* oor die Oos-Kaap wat kort voor die begin van die nuwe boekjaar minstens 'n agste van sy begroting nie spandeer het nie, insluitend twee derdes van sy MIV/vigstoelae (ST9/2/2-4). Laasgenoemde inligting word in die inleiding gegee, maar daar word nêrens weer melding van die probleem gemaak nie. Indien 'n saak in die inleiding aangeroer word, kon verwag word dat dit wel weer iewers in die berig opgehaal sou word.

Hoewel daar aan 'n wye reeks temas aandag geskenk word, geniet politieke konflik en beleidskwessies (as primêre tema) die meeste aandag in die *Sunday Times* (30). In *Rapport* is behandeling die tema van die meeste items (10), gevolg deur politieke konflik en beleidskwessies (8). In die *Sunday Sun* daarenteen, is oordrag en risiko die tema wat die meeste aandag kry (22), gevolg deur voorligting en bewusmaking (7) en impak (7). Politiek, konflik en beleid kry heelwat minder aandag in dié blad as in die ander twee koerante. Net 4 items het hierdie onderwerpe as tema.

Onderwerpe wat min aandag kry, is navorsing, impak, berading en sorg – onderwerpe wat in Suid-Afrika heelwat aandag behoort te geniet gegewe dat die epidemie besig is om 'n plato te bereik en al hoe meer mense vigs kry. Die gebrek aan dekking strook egter met die kritiek van belangegroepe. Dit is verder opvallend dat die *Sunday Sun* die enkele item oor navorsing nie self gegenereer het nie. Dié kopie kom van Health24 (SS22/6/6-20). Dit lyk of die koerant eerder kopie van ander publikasies in die groep gebruik wanneer meer wetenskaplike temas ter sprake kom. Dit kan daaraan toegeskryf word dat daar nie kundig genoeg verslaggewers by die koerant is nie. Vink (2005) bevestig hierdie stelling. Hy sê die meeste van die inligting op die koerant se gesondheidsblad kom inderdaad van Health24, omdat die koerant nie die "vermoë" het om die onderwerp te behartig nie.

Die fokus op die politieke konteks van MIV/vigs strook ook met wat ander navorsers gevind het in hul bestudering van MIV/vigsberiggewing in die Suid-Afrikaanse media (vgl. Delate, 2003b; kyk ook Parker & Kelly 2001:3; en Stein, 2001:7,11). Die feit dat die *Sunday Sun* min fokus op (ernstiger) politieke kwessies, is in pas met sy populistiese aard (vgl. Froneman, 2002:39-43). Vink (2005) skryf dit verder toe aan 'n tekort aan kapasiteit en hulpbronne.

Volgens Makhanya (2005) lê die MIV/vigsstorie in Suid-Afrika op politieke gebied, al behoort dit nie so te wees nie. "The political story drives itself," sê hy, "it's there for

the taking. The government's stance was the story of the past five years." Hy skryf die sterk politieke fokus in die media in die algemeen verder daaraan toe dat Suid-Afrika 'n sterk aktivistebeweging het, wat MIV/vigs as 't ware in die politieke terrein gedwing en die onderwerp op koerantvoorblaaie gehou het.

Die koerante bestee verder wel aandag aan die mens-element (*human interest*), maar dit is dikwels weer beperk tot sleutelfigure se doen en late. Só het *Rapport* op 18 Mei 'n nuusberig geplaas oor die "normale, MIV-negatiewe baba" wat vir die MIV-positiewe predikant Christo Greyling en sy vrou, Liesel, gebore is (R18/5/1-2). Die koerant het op 6 April berig oor die eredoktorsgraad wat die TAC-leier Zackie Achmat gekry het (R6/4/1-2), en in *Rapport* van 4 Mei was daar 'n *feature* oor die "vigsseun" van Bethal, Johan Stoop, en sy gesin se gesukkel om antiretrovirale middels (ARM) vir hom te bekostig (R4/5/6-20). Op sy beurt het die *Sunday Times* op 2 Maart 'n berig geplaas oor die "father of township theatre", Gibson Kente, se onthulling dat hy MIV/vigs het (ST23/2/2-3). Dié nuusberig is in die daaropvolgende uitgawe opgevolg met 'n agtergrondartikel oor Kente (ST9/3/6-15). Die *Sunday Sun* het op 18 Mei die nuus bekend gemaak dat Fana Khaba, oftewel DJ Khabzela, onthul het hy het MIV/vigs (SS18/5/3-4). Die *Sunday Times* het op 18 Mei ook 'n berig oor Khaba se openbaarmaking gedra (ST18/5/4-3).

In pas met tradisionele nuustemas (vgl. Finlay, 2003b), het die *Sunday Times* in verskeie genres sterk gefokus op omstrede gebeure waarby regeringslui betrokke was, soos dr. Manto Tshabalala-Msimang, minister van gesondheid, se uitsprake oor voeding en MIV/vigs en haar verbintenis met dr. Roberto Giraldo, vigsafvallige van die VSA (ST9/3/1-1). Me. Sibongile Manana, LUR vir gesondheid in Mpumalanga, en die manier waarop sy die organisasie Greater Nelspruit Rape Intervention Project (Grip) en amptenary van die departement van gesondheid in die provinsie behandel, het verder heelwat publisiteit uitgelok. Nuusberigte oor Manana se regsoptrede teen Grip is gepubliseer (ST2/2/1-5; ST16/2/4-7), die kwessie het in 'n meningsartikel (ST16/3/5-4) en 'n agtergrondartikel (ST2/2/1-5) en meegaande berig (ST2/2/2-5) aandag gekry. *Rapport* het ook verskeie items gedra oor die herrie rondom Manana (R25/5/1-6; R2/3/1-6; R9/3/1-8). 'n Artikel hieroor het op 16 Maart 2003 verskyn onder die opskrif *Manana se ystervuis* (R16/3/1-9). Dié koerant het in nuusberigte verder gefokus op die voorval toe die Duitser Jentz van Wichtingen nie langs Tshabalala-Msimang in 'n vliegtuig wou sit nie oor hy nie saamstem met haar hantering van MIV/vigs in die land nie (R4/5/1-12).

'n Voorval met heelwat nuuswaarde is dié van leerlinge van 'n Afrikaanse skool in Humansdorp in die Oos-Kaap wat vir MIV getoets is nadat medeleerlinge hulle ná 'n praatjie oor MIV/vigs 'n poets gebak en met naalde geprik het. Items hieroor het in die *Sunday Times* en *Sunday Sun* verskyn (ST1/6/3-8; SS25/5/1-10), maar nie in *Rapport* nie.

Die tema MIV/vigsbehandeling is in al drie koerante aangepak. Sowat 10% van die totaal van 129 MIV/vigs-nuusitems in die *Sunday Times*, 6% van die 84 items in *Sunday Sun* en byna 16% van die 64 items in *Rapport* is aan behandeling gewy.

Een kwessie wat in hierdie kategorie in die kollig is, is alternatiewe terapieë, soos dieet, wat mediabelangstelling geprikkel het nadat Tshabalala-Msimang die vigsafvallige dr. Roberto Giraldo van die VSA genader het om die Suid-Afrikaanse regering te adviseer. Die *Sunday Times* het 'n stewige berig geskryf oor Giraldo se sogenaamde "HIV concoction" (ST30/3/1-13). In 'n meegaande berig word gekyk na die feit dat die Mediese Navorsingsraad vyf tradisionele geneesmiddels geïdentifiseer het wat mense met MIV/vigs kan help (ST30/3/2-13). In dieselfde uitgawe het die *Sunday Times* ook 'n berig geplaas oor die MIV/vigsdieetresep van Tine van der Maas, wat ook met die departement van gesondheid in gesprek was (ST30/3/4-13). *Rapport* het in Junie, sowat drie maande ná die *Sunday Times*, 'n artikel geplaas oor Tine van der Maas, Tshabalala-Msimang se "knoffelghoeroe" (R22/6/3/23); gevolg deur 'n berig oor die alternatiewe behandeling van 'n afgetrede biochemiese patoloog wat mense met MIV/vigs glo langer kan laat leef (R29/6/1-4).

Ander behandelingskwessies waarop in die *Sunday Times* en *Rapport* gefokus is, is die positiewe invloed van ARM op mense met MIV/vigs (ST22/6/3/6). In die eerste helfte van 2003 was daar nog nie uitsluitsel oor 'n nasionale behandelingsplan vir mense met MIV/vigs in Suid-Afrika nie. Hoewel dit aan daardie front taamlik stil was, is daar in hierdie tyd dikwels gefokus op ARM (sien ST22/6/3-6). Daar is ook aandag geskenk aan die politieke sy van die behandelingskwessie, soos vergaderings tussen die rolspelers oor die plan (ST2/3/2-4), en op die ekonomiese sy, soos hoeveel 'n nasionale behandelingsplan gaan kos (R27/4/5-22). *Rapport* het in 'n meningsartikel in April gekonsentreer op die TAC en sy rol in die skep van 'n behandelingsplan, en die regering se "lamlendige hantering van die pandemie" (R27/4/1-14). Die feit dat die twee koerante hierdie temas in die genre *artikels* pak, is tekenend daarvan dat albei beleidsake as 'n belangrike tema beskou.

Dit is opvallend, maar weens sy populistiese aard nie vreemd nie, dat die *Sunday Sun* bogenoemde ernstige sake baie oppervlakkig weergee. Temas waaraan dié koerant eerder aandag gee, is berigte soos dié van 'n man met MIV wat deur 'n bende verkrag is en daarop uit is om wraak te neem (SS27/4/1-4), en ouers wat weier dat hul kinders aan 'n sokkerklub behoort waarvan die eienaar bekend gemaak het hy het MIV (SS18/5/3-4).

Sunday Sun plaas in alle genres 'n groter klem op kwessies wat te doen het met risiko en oordrag, soos byvoorbeeld watter gedrag mense se kanse op MIV-besmetting verhoog, en die rol van seks voer dikwels die botoon. Heelparty nuusitems wat handel oor bekendes wat hul MIV-positiewe status bekend maak, is gebruik, en daar word byna sonder uitsondering verwys na hoe die betrokke persoon die virus gekry het. Heelwat klem word op losbandigheid geplaas. Dit kan stigmatisering vererger (vgl. Fourie, 2001a:498). Dié aanslag, meen belangegroepe, lei tot blaam en moet vermy word. Groot gewag is byvoorbeeld gemaak van Fana Khaba se bekendmaking dat hy MIV het (SS18/5/3-4) met heelwat klem op sy losbandige lewe. 'n Opvolgberig oor Khaba se toestand het op 15 Junie verskyn (SS15/6/2-4), gevolg deur 'n berig oor wat die man se talle voormalige minnaresse te sê het op 22 Junie (SS22/6/2-5). Populistiese koerante het egter 'n manier om met minder omhaal van woorde en politieke korrektheid te skryf. Dit verduidelik dalk die *Sunday Sun* se benadering.

Onderwerpe soos losbandigheid, aborsie, die lot van vigswesies en verkragting kom ter sprake in nuusberigte, rubrieke en redaksionele kommentaar. In die *Sunday Sun* van 15 Junie is byvoorbeeld gefokus op bekendes wat weens MIV/vigs kies om selibaat te bly (SS15/6/1-4 en SS15/6/3-5). Ongelukkig is dié beriggewing baie oppervlakkig en word daar nie verder gekyk na MIV/vigs nie, al word dit as die rede aangevoer vir die ommeswaai in gedrag.

Die *Sunday Sun* raak aan beleidskwessies, maar fokus in hierdie verband dikwels op sleutelfigure, soos die berigte oor die MIV/vigstoetse wat die nasionale kommissaris van die polisie, Jackie Selebi, en 15 bestuurslede ondergaan het (SS2/2/1-9). Die koerant het selfs so ver gegaan om die berig op te volg met die uitslag van hierdie toetse as nuushoek (SS4/5/3-11). Vink (2005) sê die *Sunday Sun* is "eerder persoonlikheidsgedrewe as kwessiegedrewe". Volgens hom fokus die koerant baie sterk op bekendes, veral dié in die vermaaklikheidswêreld. Alles omtrent bekendes word as nuus beskou.

Nóg 'n kwessie wat aandag kry in *Sunday Sun*, is aansprake en kure, soos byvoorbeeld die berig oor die man van Soshanguve wat beweer dat hy 'n kruiekuur vir MIV/vigs ontdek het (SS12/1/3-7; SS2/2/4-13). Wat hiermee saamhang, is die opvallende Miracle Muti-advertensies (sien Bylae D) wat in talle uitgawes van die koerant verskyn het. Hoewel hierdie studie glad nie op advertensies fokus nie, is dit nodig om die aandag kortliks hierop te vestig. Binne 'n omgewing waar aansprake oor "kure" met groot omsigtigheid hanteer moet word omdat dit hoop – meestal vals hoop - skep by mense met MIV/vigs, sou groter sensitiwiteit by die koerant verwag kon word.

Sunday Sun blyk 'n sterk voorstander van morele waardes te wees. Hy spreek hom byvoorbeeld in 'n hoofartikel sterk uit teen jong meisies wat swanger raak om hul vrugbaarheid te bewys maar dan aborsies ondergaan (SS3/2/4-24). Die blad bevorder ook begrip vir vigswesies (SS22/6/5-16), veral in eerw. Abraham T. Sibiya se gereelde rubriek *Speaking to ourself.* Liz Khumalo gee eweneens aandag aan morele kwessies wanneer sy lesers se verhoudingsprobleme in die rubriek *Up close and personal* behandel. Sy skryf elke week 'n rubriek waarin sy die een of ander knelpunt bespreek en beantwoord verder lesers se briewe op die volblad wat weekliks aan die rubriek afgestaan word[2].

Nuus in Sondagkoerante word dikwels as brokkies (sien *Kategorie 1: genre* in paragraaf 4.2.6.1 *Kategorieë* in hoofstuk 4 vir 'n omskrywing) weergegee wanneer dit gedurende die week reeds dekking in ander koerante geniet het, maar steeds as belangrik genoeg beskou word dat die leserskorps daarvan moet kennis neem (soos die arrestasie van 53 betogende lede van Napwa buite die kantore van die Farmaseutiese Vervaardigersvereniging van Suid-Afrika in Midrand in die *Sunday Times* [ST27/4/2-2]; en dat miljoene uit die opbrengs van Carlos Santana se toer in die VSA beloof is vir die stryd teen MIV/vigs in Suid-Afrika [ST8/6/3-2]). Andersyds is nuus in brokformaat belangrik genoeg om te meld, maar nie belangrik genoeg om heelwat ruimte aan af te staan nie (soos die goedkeuring van die eerste MIV-entstoftoetse op mense [ST22/6/2-2]; die gedenkdiens vir Nkosi Johnson wat twee jaar tevore weens vigs dood is [ST8/6/4-2]).

---

[2] Khumalo het intussen die diens van die *Sunday Sun* verlaat.

Daar is egter enkele brokkies geïdentifiseer wat meer ruimte verdien, soos dié in die *Sunday Times* oor 'n unieke Suid-Afrikaanse projek wat wêreldwyd ingevoer gaan word (ST2/3/4-6). Die projek hou in dat MIV-positiewe ma's hul babas kan borsvoed sonder om die MI-virus oor te dra. Die brokkie – drie paragrawe lank – gee net die basiese inligting, terwyl dit 'n onderwerp is wat in 'n Sondagkoerant behoorlik ontgin kan word. Borsvoeding is immers een van die probleme wanneer dit kom by die oordrag van MIV. Die metode, ontwikkeling en toepassing in Suid-Afrika en in die wyer konteks sou aandag kon kry, maar geen opvolg op die brokkie kon bevind word nie. Daar is nie in een van die ander twee koerante daaroor berig nie.

Die genres waarin koerante temas aanbied, maak dit verder duidelik wat hy as belangrik beskou. Die afleiding kan dus gemaak word dat temas wat in redaksionele en ander kommentaar, soos meningsartikels, aangepak word, beskou word as baie hoog op 'n publikasie se nuusagenda. Min items met MIV/vigs as primêre tema het op die kommentaarblaaie van die drie koerante verskyn. *Rapport* het net 1 meningsartikel en 2 rubrieke gepubliseer met MIV/vigs (politiek en beleid) as primêre tema; en 5 meningsartikels en 3 rubrieke met die epidemie as sekondêre tema. Daar is wel verskeie items waar die onderwerp ter sprake gekom het. Die *Sunday Times* het 2 meningsartikels met MIV/vigspolitiek en –beleid en 1 met behandeling as hooftema gepubliseer. Tien meningsartikels en 9 rubrieke met die epidemie as sekondêre onderwerp is gepubliseer.

Die *Sunday Sun* het geen meningsartikels primêr oor MIV/vigs gepubliseer nie, maar 3 met die epidemie as sekondêre tema het verskyn. Daarteenoor het 2 rubrieke oor risiko en oordrag, 3 oor impak en 9 met MIV/vigs as bysaak in dié koerant verskyn. Die koerant publiseer weekliks op een van sy kommentaarblaaie 'n rubriek genaamd *Save the children,* waarin kwessies soos kinderprostitusie, kinderarbeid, MIV/vigs en verwante sake aandag kry (vgl. SS9/2/3-24; sien ook SS22/6/5-16). Morele en maatskaplike knelpunte, soos aborsie, losbandigheid en vigswesies, word vanuit 'n Christelike oogpunt gepak in die rubriek *Speaking to ourself* (vgl. SS3/2/4-24; SS23/2/4-24). Min aandag word in kommentaaritems gegee aan die politieke dispuut rondom MIV/vigs.

Wat hoofartikels betref (dit is redaksionele kommentaar waarin 'n publikasie standpunt inneem oor 'n spesifieke saak), het *Rapport* in die 3 wat hy gepubliseer het, verwys na MIV/vigs: in 'n politieke konteks (2) (R16/2/4-22; R29/6/2-22) en in 'n kort hoofartikel oor Afrika-dag (R25/5/2-14). Die *Sunday Sun* het in een hoofartikel

(SS23/2/3-14) oor aborsie en morele verval verwys na die epidemie. In die ander het hy standpunt ingeneem oor die stryd tussen die TAC en die regering. Dit is opmerklik dat die koerant die stelling maak dat dit seker te laat is om te wens dat die epidemie nié verpolitiseer word nie. Hy maan egter dat die partye aanhou praat oor die behandelingskwessie (SS23/3/2-14). Die *Sunday Times* verwys na MIV/vigs in 'n hoofartikel oor Suid-Afrika 10 jaar ná demokrasie (dus in 'n politieke konteks) (ST27/4/4-16), en neem in 'n tweede politiek gerigte hoofartikel standpunt in teen Manana oor haar regsgeding teen Grip, en terselfdertyd teen die regering oor hy haar toelaat om haar optrede voort te sit (ST2/2/4-20).

Dit is verder opmerklik hoeveel keer daar in die rubrieke *Pollux* (*Rapport*, 3) en *Hogarth* (*Sunday Times*, 6) die spot gedryf word met die politieke sy van MIV/vigs, soos die faux pas van mense soos Tshabalala-Msimang, en die MIV/vigsmenings en –uitlatings van mense soos sy en pres. Thabo Mbeki.

Die politiek rondom die epidemie is sekerlik die een MIV/vigstema waaroor daar op die kommentaarblaaie geskryf word. *Rapport* se redakteur, Tim du Plessis ('n voormalige politieke beriggewer), vat Tshabalala-Msimang byvoorbeeld ná die voorval op die vliegtuig aan in sy rubriek *Raakpunt* onder die opskrif *Minister sonder morele gesag. Publiek se woede teen dr. Manto kook oor* in die uitgawe van 4 Mei (R4/5/3-14). Dit is beduidend dat die redakteur in sy rubriek oor MIV/vigs skryf, omdat dit aandui dat die koerant die kwessie as belangrik beskou. Gegewe *Rapport* se fokus op politieke kwessies rondom MIV/vigs, is dit geen verrassing dat die koerant die minister telkens aanvat nie. Maar die vraag wat hieruit ontstaan, is of dit vir *Rapport* gaan om die politiek of om die epidemie. Hierop sê Du Plessis (2005) MIV/vigs is een van die belangrikste nuusonderwerpe, maar nie altyd ewe nuuswaardig vir *Rapport* nie. Wat hom wel interesseer, is die politieke sy van die epidemie. Hy skryf baie oor beleidskwessies en neem ook standpunt in daaroor, sê Du Plessis (2005).

Die *Sunday Times* skep op sy beurt geleentheid vir partye midde-in die politieke MIV/vigsstryd om hul standpunte te stel. Op dié manier gee die koerant vir sy lesers die nodige inligting om 'n eie mening te kan vorm. Voorbeelde hiervan is Tshabalala-Msimang se artikel onder die opskrif *Fighting disease must start with putting a good meal on the table* in die uitgawe van 6 April (ST6/4/4-18), waarin sy die meningsverskil oor dieet verduidelik; en die artikel van Mark Heywood, nasionale sekretaris van die TAC, oor die organisasie se *Aids defiance campaign* (ST23/3/2-

18). Die een spotprent (ST20/4/6-16) wat in die ondersoektydperk (in die *Sunday Times*) gevind is, het ook 'n politieke tema. In die spotprent, getitel *Black Easter*, beeld Zapiro Tshabalala-Msimang uit as 'n Romeinse soldaat wat iemand met MIV/vigs aan 'n kruis vasspyker. Op haar bors staan geskryf "refusal of treatment" (sien Bylae C).

Die onderskeie redakteurs se uiteensetting van hul leserspublieke, hul siening oor die belangrikheid van MIV/vigs en hul mening oor die rol wat koerante in die stryd teen MIV/vigs behoort te speel, werp lig op die tematiese hantering van die onderwerp soos hierbo uiteengesit.

"*Rapport* het nie 'n agenda nie, net 'n uitkyk wat MIV/vigs betref," sê Du Plessis (2005). "Dit is nie vir ons lesers 'n groot prioriteit nie. *Rapport* is nie 'n koerant van rekord (wat nuus publiseer net omdat dit gebeur) nie." *Rapport* weet presies hoe sy lesers lyk, sê hy. Die meeste is wit mense in die middel- en laermiddelklas; en 30% is bruin, middel- en laermiddelklaslesers. "Ons glo nie aan spinasiejoernalistiek nie." Die koerant sal dus nie die onderwerp van MIV/vigs in sy lesers se kele afdruk nie, verduidelik hy. As daar 'n verslag kom wat sê die sterftesyfers het groot implikasies vir die siekefondsbedryf of die arbeidsmark, sal *Rapport* belang stel, omdat baie van sy lesers lede is van hierdie fondse en in die arbeidsmark staan, meen Du Plessis. Die koerant sal ook skryf oor deurbrake wat behandeling of kure betref. Die mens-element van MIV/vigs interesseer hom egter nie veel nie. *Rapport* sal net by uitsondering onderhoude voer met mense met MIV/vigs om te toon hoe hulle leef, omdat die koerant se lesers volgens Du Plessis nie in hierdie saak belang stel nie. Volgens hom is twee jaar gelede 'n omvattende meningspeiling onder lesers gedoen oor die temas wat hulle interesseer en MIV/vigs was onderaan die lys. Dit verduidelik ook waarom min *Rapport*-lesers hulle in die briewekolomme uitlaat oor MIV/vigs (kyk 5.2.3 *Openbare agenda*).

Die koerant ignoreer egter geensins die epidemie nie. *Rapport* het pas 'n nuwe projek ingevoer wat inhou dat sowat twee koerantbladsye per uitgawe aan 'n bepaalde onderwerp afgestaan word. Volgens Du Plessis kan MIV/vigs een van hierdie onderwerpe word, mits die spesifieke storie nuuswaardig genoeg is. 'n Hoek wat in die toekoms meer aandag kan kry, is die besmettingskoers. Du Plessis sê die besmettingskoers onder wit Suid-Afrikaners is nou 6% en die koerant sal dit dophou, omdat dit ook sy lesers kan raak.

Ondanks die bogenoemde ingesteldheid jeens MIV/vigs, meen Du Plessis (2005) die media het 'n rol te speel in die stryd teen MIV/vigs. Die rol wat hy eerstens behoort te speel, is om lesers bewus te maak van die siekte wat alle Suid-Afrikaners raak, al is die besmettingskoers laer onder wit mense. Dit is nie deelbaar in komponente nie en raak almal, sê hy. In die tweede plek het die media 'n rol om die destigmatisering van MIV/vigs te bevorder. Volgens Du Plessis rus daar 'n verpligting op die media in hierdie verband. Die rol van die media is dus om mense bewus te maak ten einde die verspreiding van die siekte te stuit. Du Plessis sê die media voldoen in 'n mate aan hierdie vereistes, maar nie aan almal nie. Hy skryf dit toe daaraan dat 'n koerant 'n kommersiële produk is en dat hy in 'n bepaalde mark moet oorleef. Indien 'n publikasie te veel oorhel na die "behoort-te-doen"-kant, kan hy sy lesers uiteindelik vervreem.

Daarbenewens is die media se primêre rol nié om MIV/vigs te bekamp of om padsterftes te voorkom nie, meen Du Plessis. Dit is die verpakking en verkoop van beskikbare stelle inligting. Hy sê indien die media hierdie primêre rol na behore vervul, kan hy ook die sekondêre doelwitte, soos bewusmaking oor MIV/vigs, haal.

Makhanya (2005), redakteur van die *Sunday Times*, beskryf MIV/vigs as "the biggest catastrophy facing the country" en plaas dit boaan die lys van politieke en maatskaplike konflik. Tog bly die koerant 'n sakeonderneming en word "cold news decisions" – in pas met die tradisionele nuuskriteria – meestal geneem, ook wat MIV/vigs betref. Indien die storie vervelig is, sal dit die koerant nie haal nie, sê Makhanya. In teenstelling met *Rapport* plaas die *Sunday Times* 'n hoë premie op die mens-element in sy beoordeling van nuus oor MIV/vigs. Wanneer dit kom by kommentaar, moet dit 'n vars boodskap bevat, sê hy.

Volgens Makhanya (2005) behoort die hoofrol van die media te wees die skep van bewustheid oor MIV/vigs en die voorkoming daarvan. Hy meen die media behoort verantwoordelikheid te neem om seks en die verwante kwessies in die ope te bring. Die media is immers die skakel ("interface") tussen alles en die publiek, sê hy. Die media moet verder die dryfveer agter beleid oor MIV/vigs wees, ook in die private sektor. Hy sê toe die regering 'n destruktiewe rol gespeel het wat behandeling vir MIV/vigs en sy ingesteldheid teen die epidemie betref, het die media 'n groot rol gespeel om die openbare mening teen die regering te draai. Hy voeg by dat die media nog nie genoeg op die private sektor gefokus het nie. Daarbenewens is ook

nog nie genoeg gedoen om stigmatisering te beveg nie en dit moet dringend bekyk word.

Makhanya sê die *Sunday Times* gee al lank aandag aan MIV/vigs in nuus- en kommentaarverband. In die toekoms wil hy egter 'n groter voorspraakrol vertolk (vgl. die paragraaf *Voorspraakjoernalistiek* onder 2.4.1.1 *Joernalistieke style* in hoofstuk 2). 'n Projek wat in 2004 van stapel gestuur is, hou in dat die koerant hom daarvoor wil beywer om die nood van vigswesies te verlig, nie net deur nuusdekking nie, maar ook deur aktief betrokke te raak daarby as 'n sosiale verantwoordelikheidsprojek.

Vink (2005) is dit met sy eweknieë eens dat die media 'n bewusmakingsrol behoort te speel en die gevare van MIV/vigs moet blootlê. Hy sê almal weet van MIV/vigs, maar min mense praat daaroor. Dit is dus vir hom belangrik om sy lesers te kry om oor MIV/vigs te praat. "Ons skok nie mense net om koerante te verkoop nie, maar ook om hulle bewus te maak." Die *Sunday Sun* wil openlikheid rondom die siekte bevorder deur gewone redaksionele dekking. Die koerant het 'n gesondheidsblad waar inligting oor MIV/vigs dikwels verskyn en die joernaliste is voorstanders van items soos 'n weeklikse rubriek oor MIV/vigs, sê Vink. Dit is egter 'n ingewikkelde saak. Wanneer 'n rubriek wel verskyn, lees niemand dit nie, meen hy. Ná sowat drie weke taan die geesdrif en later gebruik die joernaliste net mediaverklarings tot die rubriek doodloop.

Die koerant beskou MIV/vigs – "in watter vorm ookal" – as een van die belangrikste nuustemas, sê Vink (2005). Dit is 'n onderwerp waaroor "taamlik" gesprek gevoer word in die nuusomgewing. Hy gee egter toe dat gesondheid 'n onderwerp is wat "'n bietjie lukraak" gehanteer word. Daar word nie 'n doelbewuste poging aangewend om 'n spesifieke onderwerp te bevorder nie. Hy twyfel ook of dit in die toekoms gaan verander, omdat daar nie genoeg joernaliste is om mense toe te laat om te spesialiseer nie.

MIV/vigs is nie 'n "kruisvaart" nie, sê Vink. Daar is ander temas waaraan ook aandag gegee moet word.

5.2.2.2 Is die item bloot 'n weergawe van die feite of skryf die joernalis krities deur ook aan konteks aandag te gee?

Belangegroepe se kritiek in hierdie verband fokus daarop dat die media nie juis die kwessies verwant aan MIV/vigs ontleed nie, stories nie opvolg of verder ontwikkel nie, en boonop bloot die feite weergee sonder om te bevraagteken. Verder hou die kritiek in dat die media gebeure nie in konteks plaas en gevolglik betekenis daaraan gee nie (vgl. Parker en Kelly, 2001:3,6) (Hierdie kritiek word volledig bespreek in paragrawe 3.1.1.1 *Kritiese en indieptejoernalistiek* en 3.1.4.4 *Fokus en konteks* in hoofstuk 3.)

Die nuusberigte in die drie koerante bevat in die algemeen net die feite en die nodige konteks sodat die leser nie verwar word en die storie in die lug hang nie. Soos Fourie (2001a:482) tereg sê, is dit belangrik dat 'n mens in ag neem dat koerante nie altyd ruimte het om al die agtergrond en perspektiewe te verskaf nie. Dit is in baie gevalle waarom 'n nuusberig hom gewoon minder leen tot uitgebreide kontekstuele plasing, en die gepaardgaande kritiese beriggewing (wat inhou dat 'n joernalis moontlike vrae van 'n leser moet vooruitloop deur dieper te delf) (vgl. Leiter *et al.*, 2000:103). Daar is egter uitsonderings, soos 'n berig in die *Sunday Times* van 2 Februarie oor Manana se jongste hofgeding teen Grip (SS2/2/1-5). Die berig gaan haal die Grip-storie by sy begin in Oktober 2000. Die joernalis het ook wyd kommentaar ingewin om seker te maak dat alle perspektiewe gestel word.

Ander maniere om konteks te bewerkstellig, is gebruik. Dit sluit in om meer as een nuusitem oor 'n kwessie te plaas. Die bogenoemde berig oor Manana het byvoorbeeld 'n meegaande berig by onder die opskrif *History of minister's attack on Aids-drug group* (ST2/2/2-5).

Konteks hoef egter nie baie ruimte op te neem nie. Daar is enkele voorbeelde in die studiemateriaal van kort nuusberigte wat heelwat konteks verskaf, soos die berig *Nedlac to broach HIV/Aids plan* van die joernalis Ranjeni Munusamy in die *Sunday Times* van 2 Maart (ST23/2/3-4). In 'n baie kort item oor 'n beplande vergadering oor die nasionale MIV/vigsplan, verskaf sy agtergrond oor die plan, gee sy die besware van die TAC weer, en ook noem sy besonderhede oor die dispuut.

Insgelyks is 'n nuusbrok in die *Sunday Times* van 22 Junie (ST22/6/2-2) 'n bewys daarvan dat 'n mens selfs in enkele reëls konteks kan verskaf. In dié brokkie oor die eerste entstoftoetse op mense wat deur die Medisynebeheerraad goedgekeur is, plaas die volgende sin die saak in perspektief: "... this means that human testing of the first Aids vaccine based exclusively on the C strain of HIV, found mainly in Southern Africa, could start soon".

Moontlike vrae oor 'n spesifieke saak kan ook eerder in indiepteberiggewing deurgetrap word. Wyer kontekstuele plasing is gevind in die indiepteberiggewing in *Rapport* en die *Sunday Times*. In die *Sunday Sun* het die oppervlakkige wyse van verslagdoening in die nuusberigte deurgesyfer tot in die enkele artikel, met die gevolg dat dié ook maar mank gaan aan konteks en kritiese beriggewing.

Johanna van Eeden van *Rapport* se artikel met die opskrif *Minister se knoffelghoeroe beveel daggablare, steenkool by MIV-raad aan. Gemmer is glo vigs se moses* in die uitgawe van 22 Junie (R22/6/3-23) is 'n goeie voorbeeld van 'n nuusartikel. Die joernalis kyk nie net na die aanbevole omstrede dieet nie, maar ook na die agtergrond van Tine van der Maas, die sogenaamde ghoeroe. Van Eeden het boonop gevra hoe werk die dieet en ook syfers genoem van watter pasiënte waar behandel word en hoeveel dood is. Sy haal verder voorvalle op waar Tshabalala-Msimang skerp gekritiseer is oor haar uitlatings dat onder meer knoffel en olyfolie net soveel voordele inhou as ARM.

Daar is egter verskeie voorbeelde van nuusitems wat nie die nodige konteks bevat nie, meestal nuusberigte. Dit is ook meestal dié items wat geskryf is deur joernaliste wat waarskynlik nie so onderlê is in die onderwerp van MIV/vigs nie. Een voorbeeld is die nuusberig in *Sunday Sun* oor die nasionale kommissaris van polisie, Jackie Selebi, en ander bestuurders in die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat hulle vir MIV/vigs laat toets het (SS2/2/1-9). Dit sou heelwat tot die berig bygedra het indien die joernalis net gemeld het dat dit in pas is met wat heelparty ander organisasies en groot private maatskappye (soos Ou Mutual) doen. Dit blyk egter of dit vir die koerant belangriker was dat Selebi, 'n sleutelfiguur, betrokke was as om die saak in wyer perspektief te plaas. Vink (2005) se stelling dat alles wat bekendes doen en sê vir die koerant belangrik is, verduidelik hierdie aanslag.

Om konteks uit te laat, kan tot gevolg hê dat lesers 'n saak verkeerd interpreteer. Die berig in die *Sunday Times* van 6 April met die opskrif *Zuma wants to use Aids cash*

for food kan hier as voorbeeld dien (ST6/4/2-4). Die opskrif vang die oog, maar die gebeure word eers verderaan duideliker gestel. Adj.-pres. Jacob Zuma wil vra dat 'n deel van die MIV/vigsbegroting gekanaliseer word na die voedselaanvullingsprogram – gegrond op die sukses wat die Mokopane-hospitaal in Limpopo gehad het met 'n toetsstudie vir pasiënte wat nie ARM kan bekostig nie. Die berig verwys ook daarna dat Tshabalala-Msimang deurgeloop het onder drukgroepe oor sy goeie voeding bepleit as alternatief vir ARM. Sonder hierdie agtergrond sou die leser 'n negatiewe beeld kry van wat Zuma beplan en hom dalk daaroor veroordeel, terwyl die idee werklik water hou – gegrond op wetenskaplike resultate.

Te min kontekstuele plasing kan ook daartoe lei dat 'n leser nie besef hoe belangrik 'n kwessie werklik is nie. In 'n berig in die *Sunday Times* van 2 Maart (*ST2/3/2-4*) oor 'n dringende vergadering tussen Cosatu en die regering om die nasionale MIV/vigsbehandelingsplan te red, word byvoorbeeld nie gemeld dat die ernstige pleidooie vir die behandeling van mense met MIV/vigs in Suid-Afrika reeds ten tyde van die 13de Internasionale Vigskongres in Durban begin het nie. Dit het dus 'n lang aanloop. Sonder hierdie inligting kan oningeligte lesers nie raaksien dat die kwessie al lank sloer nie. Dieselfde geld 'n berig oor die regering wat die sluiting van 'n ooreenkoms vertraag waarvolgens KwaZulu-Natal, loveLife en Soul City altesame R320 miljoen van die Global Fund to fight Aids, Tuberculosis and Malaria (GF) sal kry (ST13/4/1-4). Daar word wel enkele besonderhede gegee oor waarom die departement van gesondheid nie wil teken nie, maar geen melding word gemaak daarvan dat die TAC die kwessie reeds in 2002 by die 14de Internasionale Vigskongres in Barcelona, Spanje, aan die groot klok gehang het toe dit rugbaar geraak het nie. Dit is egter net kundige verslaggewers (en subredakteurs), of joernaliste wat hul huiswerk goed genoeg doen, wat hierdie verbande sal kan trek.

Nóg 'n manier waarop 'n koerant kritiese, kontekstuele beriggewing oor MIV/vigs kan verseker, is om items in te sluit wat deur kundiges geskryf is. Dit sluit ook items in wat opponerende perspektiewe bied sodat die leser volledig ingelig kan word, en dra boonop daartoe by dat die publikasie nuus krities dek. Hoe kundiger 'n skrywer, hoe meer agtergrond, konteks, betekenis en vertolking kan die leser verwag. Hier staan die *Sunday Times* weer aan die voorpunt met byvoorbeeld 'n ontledende artikel deur Kerry Cullinan van Health-e News in die uitgawe van 2 Maart (ST23/2/7-21). Hierin kyk sy krities na die verwarring wat die regering se ingesteldheid en optrede oor MIV/vigs veroorsaak. Die artikel bevat onder meer heelwat agtergrond, ontledings en stawende syfers. Nóg 'n voorbeeld is 'n artikel op 18 Mei geskryf deur Debbie

Bradshaw, toe direkteur van die Mediese Navorsingsraad se Burden of Disease Research Unit, oor die bevindings van die raad se eerste Burden of Disease-studie (ST18/5/6-16). Die skrywer verskaf feite, vertolk die data, en verduidelik waarom die studie gedoen is en wat die bevindings beteken. Voorbeelde van perspektiewe is die artikel waarin Tshabalala-Msimang die voedingkwessie verduidelik (ST6/4/4-18), en die artikel waarin Heywood agtergrond oor die TAC-veldtog verskaf.

Wanneer 'n publikasie genoeg inligting verskaf sodat lesers kundige besluite kan neem, vervul hy sy agendastellingsrol op 'n etiese wyse. (Agendastelling kan dus ook plaasvind sonder dat lesers kundige besluite daarvolgens kan neem.) Deur gebeure in diepte te verduidelik, te interpreteer en in perspektief te stel, dui die publikasie aan dat hy dit as belangrik beskou en lei op hierdie manier die lesers nie net wat betref *waaroor* hulle moet dink en praat nie, maar ook *hoe* (sien paragraaf 2.2 *Agendastelling* in hoofstuk 2).

Kritiese beriggewing hou onder meer in dat 'n joernalis indringende vrae vra en nie alle inligting as korrek aanvaar nie – des te meer wanneer hy of sy te doen het met 'n reeds omstrede kwessie. Die nuusberig *Goedkoop terapie 'stuit vigssterftes'* in *Rapport* van 29 Junie oor die alternatiewe behandeling van die afgetrede biochemiese patoloog wat mense met MIV/vigs glo langer kan laat leef (R29/6/1-4), steun baie swaar net op die feite. Alhoewel 'n nuusberig volgens Nel (1999:35) 'n verslag is waarin 'n joernalis feite weergee, word daar ook van hom of haar verwag om te kyk, te luister en te bevraagteken. Benewens 'n verwysing daarna dat Tine van der Maas 'n voorlegging gedoen het voor die Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad (Sanac), bevat die item nie enige agtergrond nie. Weens die verbintenis met Tshabalala-Msimang en haar uitlatings oor MIV/vigs en dieet, kon meer kritiese vrae verwag word.

In die berig in *Sunday Sun* oor die "kruiekuur" van Kenny Swakamiza-Malebogo van Soshanguve, is die joernalis nie baie krities nie, maar aanvaar hy ook nie die inligting sonder meer nie (SS12/1/3-7). Dit blyk duidelik daaruit dat hy klem lê op die feit dat Swakamiza-Malebogo die mengsel wou laat toets, maar dat Medunsa glo geld daarvoor gevra het. Hy meld ook dat Medunsa nie beskikbaar was vir kommentaar nie, wat toon dat hy die instelling wel gekontak het. In die opvolgberig word gesê die koerant het ondersoek gaan instel en gevind die kruiemiddel is nie 'n kuur nie. Die MIV-positiewe ma wat 'n gesonde baba gehad het, was steeds MIV-positief. Daar is dus binne die onmiddellike konteks van die berigte agtergrond, perspektief en 'n

poging om krities te skryf, maar daar is nie wyer kontekstuele plasing nie. In hierdie verband kon die joernalis byvoorbeeld verwys het na vorige aansprake dat kure gevind is, en 'n kenner genader het om weer te bevestig dat daar nog geen kuur gevind is nie. Dit kan as 't ware as 'n waarskuwing dien dat 'n leser die aanspraak versigtig moet beoordeel.

Wat die kritiek oor die gebrek aan opvolgwerk en die ontwikkeling van temas betref, is gevind dat stories wel opgevolg word, maar dat min ontwikkeling van temas plaasvind, ook binne die opvolgberiggewing. Dit is ook dan veral politiek gerigte nuusberigte wat in *Rapport* en *Sunday Times* opgevolg is, soos dié oor Manana en haar regsgeding teen Grip (vgl. ST2/2/1-5; ST16/2/4-7; en R2/3/1-6; R9/3/1-8).

Die *Sunday Times* se berigte is in die algemeen goed ontwikkel, ook danksy die gebruik om verwante berigte oor verskeie aspekte van 'n kwessie saam te gebruik (vgl. ST2/2/2-5). Ontwikkeling van items in *Rapport* wissel van uitstekend (byvoorbeeld Van Eeden se artikel, R22/6/3-23) tot gebrekkig. 'n Nuusberig oor MIV/vigs wat teen 2010 'n krisis in die onderwys in KwaZulu-Natal kan veroorsaak, het byvoorbeeld gefokus op navorsing van die Health Economics and MIV Research (Heard) van die Universiteit van Natal (R13/4/2-9). Dit het geen kommentaar bevat nie en is ook nie nasionaal in perspektief geplaas nie. Dié aspekte sou in opvolgberiggewing hanteer kon word indien dit te lywig was om in een berig in te pas, maar is glad nie opgevolg nie. Dit laat die leser met 'n eng beeld van die situasie in een provinsie.

Die oppervlakkige aard van die beriggewing in die *Sunday Sun* veroorsaak 'n groot leemte wat ontwikkeling, kontekstuele plasing en perspektief betref. Selfs indien berigte opgevolg word, laat dit die ernstiger leser gefrustreerd omdat talle vrae onbeantwoord bly. 'n Voorbeeld is 'n nuusberig oor swart dokters in Mpumalanga wat 'n veldtog van stapel gestuur het om 'n wit eweknie se goeie naam te red ná gerugte dat hy onder meer swart pasiënte met MIV/vigs inspuit. Die kwessie van gerugte en mites, soos dat wit mense MIV/vigs gebruik as 'n wapen teen swart mense, kon byvoorbeeld in 'n artikel opgevolg word juis omdat dit steeds 'n knelpunt is. Insgelyks kon die (meer volledige) nuusberig oor die debat in die parlement oor verpligte MIV-toetsing van gevangenes (SS3/2/2-13) opgevolg word deur 'n item oor die menseregte- en etiese kwessies wat met verpligte toetsing gepaard gaan, en ook deur te kyk na wat die departement van korrektiewe dienste gaan doen indien hulle wel hierdie kennis het.

5.2.2.3 Bevat die item positiewe en opbouende elemente, of fokus dit net op die negatiewe?

Die media gee te min aandag aan positiewe en opbouende nuusitems, soos hoe mense met MIV/vigs produktief kan leef, en fokus te veel op die epidemie as 'n ramp en 'n doodsvonnis (sien paragraaf 3.1.1.3 *Positiewe en opbouende beriggewing* in hoofstuk 3).

In die ontleding van die MIV/vigsdekking in die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* is positief opbouende en negatiewe nuusitems in al die genres gevind, en ook enkele items wat positiewe én negatiewe elemente bevat. (LW: Net die nuusitems met MIV/vigs as primêre tema is by hierdie ontleding ingesluit.) Die *Sunday Times* en *Sunday Sun* fokus in 'n geringe mate meer op die positiewe, terwyl daar in *Rapport* twee meer negatiewe as positiewe items gevind is, soos vervolgens aangedui in Tabel 5.3:

	Rapport	**Sunday Sun**	**Sunday Times**
Positief	8	15	21
Negatief	11	9	18
Positief/negatief	2	5	3

Tabel 5.3

- **Items met 'n negatiewe fokus**

Hoewel negatiewe elemente in al die genres in al drie die koerante gevind is, het die meeste daarvan voorgekom in die genre nuusberig. Daar is egter verskille gevind wat die temas van hierdie items betref. In die *Sunday Times* en *Rapport* is negatiewe items in al vier die breë tema-kategorieë gevind (sien 5.2.2.1), maar die meeste het gehandel oor politiek en konflik in die kategorie optrede. Hierdie items het gewissel van items oor die konflik tussen die TAC en die regering (ST23/3/2-18; ST25/5/3-6; R6/4/2-14), die regering se behandelingsplan in die algemeen (ST11/5/1-2), Manana en Grip in Mpumalanga (ST2/2/2-5; ST2/2/1-5; R16/3/1-9), en omstrede uitlatings van politici en regeringsamptenare soos Tshabalala-Msimang (ST13/4/4-16; *ST23/2/4-4*; ST23/3/1-10; R4/5/3-14; R22/6/3-23).

Ander negatiewe items in die *Sunday Times* het gefokus op die algemene "doom and gloom" oor die epidemie waarteen belangegroepe dit het, soos Bradshaw se artikel oor die Mediese Navorsingsraad se Burdon of Disease-studie (ST18/5/6-16); en die stigma wat bly kleef in 'n nuusberig oor die moeilikheid tussen 'n man en sy aanstaande nadat 'n koerant onthul het sy is MIV-positief (ST4/5/3-7).

Die spotprent getitel *Black Easter* (ST20/4/6-16) is 'n voorbeeld van swart humor en is as baie negatief ervaar. Dit beeld uit hoe die regering (in die persoon van Tshabalala-Msimang) mense met MIV/vigs kruisig deurdat behandeling met ARM geweier word (sien ook die bespreking van *leserskommentaar in paragraaf* 5.2.3 *Openbare agenda*).

Die storie oor Johan Stoop (13) van Bethal wat in *Rapport* van 4 Mei verskyn het onder die opskrif *Vigsseun wil net nie nou al sterf nie. Johan wil eers seker wees sy gesin is versorg,* beeld mense wat besmet en geraak word deur MIV/vigs uit as hulpeloos en die lewe met die siekte as 'n deurlopende stryd. Dit is teen hierdie soort uitbeelding dat belangegroepe ernstig kapsie maak, omdat dit stereotipes laat voortleef (sien paragraaf 3.1.2.4 *Stereotipering en sensasionalisering in aanbieding* in hoofstuk 3).

'n *Rapport*-berig wat weer eens uitgelig behoort te word, is dié van die joernalis Johanna van Eeden in die uitgawe van 22 Junie onder die opskrif *Minister se knoffelghoeroe beveel daggablare, steenkool by MIV-raad aan. Gemmer is glo vigs se moses.*
Dit handel oor Tshabalala-Msimang se "knoffelghoeroe" wat 'n spesiale dieet aanbeveel vir mense met MIV/vigs. Hoewel die deeglike artikel nie prontuit negatief geskryf is nie, is die trant daarvan beslis negatief. Die navorser kry die gevoel die skrywer dink die hele onderwerp is onsin en het dit daarom half spottenderwys aangepak. Dit word versterk deur die feit dat die voorbeelde wat aangehaal word, soos dat Van der Maas wat daggatee betref, mense waarsku om nie die blare te drink nie, omdat dit jou "stuitig" maak.

Negatiewe nuusdekking in die *Sunday Sun* kom meestal voor onder nuusitems met die tema risiko en oordrag. Daar word sterk gefokus op die manier waarop mense besmet raak, wat ook stereotipering en blaam versterk (sien byvoorbeeld SS27/4/1-4, 'n berig wat handel oor 'n MIV-positiewe man wat na bewering deur 'n bende verkrag is). Die opvolgberig oor Fana Khaba se bekendmaking van sy MIV-status is

nog 'n voorbeeld van negatiewe beriggewing (SS22/6/2-5). In hierdie nuusberig het die joernalis met die talle vroue met wie Khaba verhoudings gehad en by wie hy kinders gehad het, gaan praat oor sy bekendmaking en hoe hulle dit ervaar.

- **Items met 'n positiewe fokus**

Die meeste nuusitems met 'n positiewe en opbouende strekking is ook onder die nuusberigte in al drie die koerante gevind. Waar die meeste negatiewe items te doen het met politiek en konflik, handel die meeste positiewe items oor temas soos behandeling, bewusmaking en selfs ook risiko en oordrag, 'n tema wat veral in die *Sunday Sun* in verskillende kontekste aandag geniet.

Die *Sunday Times* plaas heelwat klem op mense met MIV/vigs wat voortgaan met hul lewens – in pas met wat belangegroepe graag sou wou sien. 'n Goeie voorbeeld is die nuusberig oor die naaldprikvoorval by die skool in Humansdorp. Dit is noemenswaardig dat die koerant deur die wyse waarop die berig gestruktureer is, klem lê daarop dat die skool die kwessie nie onder die mat ingevee het nie en onmiddellik opgetree het om toe te sien dat leerlinge wat 'n risiko van besmetting geloop het, behandel is. Daar is ook gefokus op die goeie samewerking van al die ouers. Wanneer koerante sulke optrede beklemtoon, verminder dit die stigma wat aan MIV/vigs kleef.

Nóg 'n voorbeeld van 'n berig wat stigma en stereotipering kan verminder, is dié oor Fana Khaba en sy onthulling (ST18/5/4-3). Die fokus val op die feit dat Yfm, die radiostasie vir wie Khaba toe gewerk het, hom geweldig ondersteun. Die boodskap wat Yfm deur sy kommentaar in die berig uitstuur, is dat mense met MIV/vigs met hoop moet lewe. Deur in die berig oor Gibson Kente en sy bekendmaking (ST23/2/2-3) te fokus daarop dat Kente bemagtig gevoel het deur die kennis oor sy status, omdat hy mense soos die Amerikaanse basketbalster Magic Johnson bewonder het oor hy sy status bekend gemaak het, versterk die boodskap dat dit positief is om openlik te wees oor die siekte.

Volgens Du Plessis (2005) het *Rapport* geen beleid of agenda wat MIV/vigs betref nie. Daar is dus nie doelbewus besluit dat 'n negatiewe beeld van die siekte aan die lesers voorgehou gaan word nie. Omdat die koerant nuus rapporteer, skryf hy soos mense praat en daarom kom die woorde lyer en slagoffer dikwels voor, sê Du Plessis

(2005). Hy meen 'n mens kan nie iemand se woorde verander omdat dit die verkeerde beeld kan skep nie. Hy gee egter toe dat dit 'n kwessie is waarop *Rapport* bedag sal moet wees.

Vink (2005) sê eweneens die *Sunday Sun* probeer mense nie beïnvloed deur met opset op die negatiewe beeld van MIV/vigs te fokus nie. Die koerant handhaaf volgens hom 'n goeie balans tussen positiewe en negatiewe stories. Dit is bloot toevallig dat daar nie genoeg positiewe items in die ondersoektydperk verskyn het nie. Omdat die koerant so oppervlakkig verslag doen (weens te min mense en te min kundigheid), kan hy net vlugtig aan die positiewe kant van MIV/vigs raak, sê Vink. Volgens hom is dit nie die koerant se bedoeling om mense met MIV/vigs as slagoffers uit te beeld nie. Hy sê egter dat dit moeiliker is om daarvan weg te beweeg wanneer 'n publikasie spesifiek op die mens-element fokus eerder as op die kwessie.

Makhanya (2005) is dit met die belangegroepe eens dat die media ook 'n boodskap van hoop moet versprei. 'n Verandering is reeds te sien in die media, meen hy. Aan die ander kant sê hy: "Aids is a disease, cancer kills people. We talk about cancer sufferers. It's in the language." Hy meen MIV/vigs is 'n negatiewe onderwerp en dat dit nie altyd sin het om 'n "positive spin" te verskaf nie.

Makhanya sê dit frustreer hom dat belangegroepe so aandring op die positiewe beeld: "You've got to *skrik* people ... at the same time not perpetuate stigma. People *should* be afraid of Aids."

5.2.2.4 Is paslike nuusbronne gebruik?

Daar is heelwat kritiek dat Suid-Afrikaanse joernaliste steun op enkele, voorspelbare bronne en dat bronne nie kundig is nie. Verder word belangegroepe, mense met MIV/vigs (albei voorbeelde van kundige en geloofwaardige bronne) en vroue nie genoeg as bronne gebruik nie, word daar te sterk op mediaverklarings en regeringswoordvoerders gesteun (sien paragraaf 3.1.4.5 *Nuusbronne* in hoofstuk 3).

In die ondersoekmateriaal is min voorbeelde gevind van bronne wat nié toepaslik in die betrokke konteks is nie. Wat wel uitstaan, is dat daar in die meeste nuusitems waar bronne aangehaal word, gesteun word op die voor die hand liggende bronne en nie juis na alternatiewe bronne gesoek word nie. Hierdie kritiek is veral van toepassing op nuusdekking in die *Sunday Sun* en *Rapport*. Daar is verder eerder 'n

leemte as dit kom by die verskeidenheid van bronne waarmee gepraat word as die kundigheid (net items met MIV/vigs as primêre temas is by hierdie ontledings ingesluit; en items waarin bronne nie ter sprake is nie, soos lesersbriewe, meningsartikels en hoofartikels, is ook uitgesluit). Hierdie aspek word in hoofstuk 8 ondersoek.

Opsommend is gevind – in pas met kritiek van belangegroepe – dat die drie koerante selde gebruik maak van MIV/vigsorganisasies as bronne in hul dekking oor die epidemie. Die organisasies wat wel aangehaal word, is die TAC en Grip en dan hoofsaaklik in 'n polities omstrede konteks (sien byvoorbeeld ST30/3/3-13, ST12/1/1-1). Daar is voorbeelde van mense met MIV/vigs as bronne, byvoorbeeld Gibson Kente (ST23/2/2-3), maar dit is hoofsaaklik beperk tot bekendes. "Gewone mense" met MIV/vigs word byna nooit as bronne gebruik nie. Nog 'n kenmerk wat uitstaan, is dat die koerante (die *Sunday Times* in 'n mindere mate) hoofsaaklik die ooglopende bronne vir hul beriggewing gebruik en dat min nuwe bronne gesoek word. Verder steun die *Sunday Sun* sterk op woordvoerders (sien byvoorbeeld SS20/4/2-13) en *Rapport* op fisiese bronne (sien byvoorbeeld R13/4/2-9), soos verslae, dikwels eksklusief (R27/4/5-22).

Die *Sunday Sun* gebruik meestal nuusbronne na aan die betrokke onderwerp, soos Fana Khaba self in die nuusberig oor die bekendmaking van sy MIV-status (SS15/6/2-4; SS18/5/3-4), en die bestuurder van Yfm, Simphiwe Mpye. In 'n nuusberig oor 'n baba met MIV/vigs wat danksy ARM 'n tweede kans gekry het, is die nuusbronne die aanneemouers, Chris en Vicky Hinrichsen (SS4/5/1-10). Daar is nie fout te vinde met hierdie bronne nie, maar om net te bly by ooglopende bronne, veroorsaak dikwels dat die item eng, ongebalanseerd en onvolledig is (sien paragraaf 8.1.3 *Is 'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik?* in hoofstuk 8). Die feit dat joernaliste van hierdie koerant net by ooglopende bronne bly, kan sekerlik ook toegeskryf word aan 'n gebrek aan vaardighede waarvan Vink (2005) praat. Du Plessis (2005) beskryf leemtes in aanvaarbare joernalistieke praktyk (soos die gebruik van ontoepaslike bronne) bloot as "vrot joernalistiek".

In *Rapport* is een item gevind met ontoepaslike bronne (R20/4/1-3). Hierdie nuusberig handel oor Charlene Wilson, 'n vigsaktivis wat dood is weens die newe-effekte van ARM. Die berig word deur 'n pika (kolpunt) verdeel en die tweede deel word gewy aan die DA wat sy stem gevoeg het by dié wat die kop van Tshabalala-Msimang eis, spesifiek oor die geld wat die GF aan KwaZulu-Natal bewillig het, maar

wat die regering nie wil goedkeur nie. Die skrywer, Virginia Keppler, het kommentaar gevra van Mark Heywood van die TAC oor die newe-effekte van ARM. Heywood is wel betrokke by die TAC en dus MIV/vigs, maar hy is 'n regsgeleerde en nie 'n wetenskaplike of medikus nie.

Dit sou pasliker gewees het om hom om kommentaar te vra vanuit 'n TAC-oogpunt. Kommentaar op die mediese kwessie sou meer gewig gedra het indien dit gekom het van 'n mediese kundige op die gebied van MIV/vigs.

Insgelyks kan 'n nuusitem in die *Sunday Times* van 25 Mei uitgelig word. Daarby is 'n foto van Zackie Achmat van die TAC en die aktrise Gillian Anderson van TV-reeks *The X-Files* waar hulle voor South Africa House in Londen betoog vir behandeling vir Suid-Afrikaners met MIV/vigs (ST25/5/3-6). Anderson noem in die berig syfers waarvan die oorsprong en korrektheid nie vasgestel kan word nie.

Talle bekende mense het aangesluit by MIV/vigsveldtogte. Dit is bewonderingswaardig, maar die navorser wonder tog of dit nie in baie gevalle 'n publisiteitsfoefie is nie. Sulke mense moet daarteen waak om hulle uit te laat oor sake waaroor hulle nie kundig is nie, en joernaliste moet waak daarteen om hierdie mense as kundiges aan te haal.

5.2.2.5 Word nuwe nuushoeke ontgin?

Min nuwe nuushoeke word aangeraak. Nog minder word behoorlik ontgin. In minder as die helfte van die items met MIV/vigs as primêre tema (kommentaar en lesersbriewe ingesluit) was 'n nuwe hoek ter sprake (kyk paragraaf 5.2.2 *Temas* vir 'n bespreking van die nuushoeke wat wel ingeslaan word).

Een onderwerp wat wel al hoe meer aandag kry in die media, is MIV/vigsbeleid in die werkplek, byvoorbeeld AngloGold se behandelingsprotokol vir werkers met MIV/vigs onder die opskrif *Mines' Aid programme saves money and lives* (ST19/1/4-22). Dit is ook bemoedigend – en in pas met wat belangegroepe graag wil sien – dat daar meer gefokus word op mense wat met MIV/vigs leef (sien byvoorbeeld die berigte oor Fana Khaba).

'n Interessante langer nuusberig in die *feature*-styl in die *Sunday Times* van 29 Junie fokus op MIV-negatiewe vrywilligers uit Soweto wat by die vigsentstoftoetse op

mense aangesluit het (ST29/6/5-10). Die berig, onder die opskrif *Volunteers in quest for Aids vaccine. HIV-negative people from Soweto defy stigma to join first human trial,* is 'n interessante nuwe hoek op die navorsingstema en bevat 'n stewige mens-element. Dit is 'n opvolg op die brokkie oor Suid-Afrika se eerste entstoftoetse op mense wat deur die Medisynebeheerraad goedgekeur is, wat die vorige week in die koerant verskyn het (ST22/6/2-2).

In *Rapport* was twee noemenswaardige nuwe kwessies onder die loep, naamlik die eerste geval van vrou-tot-vrou-oordrag van MIV in die VSA (R26/1/1-10), en die oudgevangene wat regsgeskiedenis gemaak het deurdat 'n skikking met die departement van korrektiewe dienste bereik is oor die man MIV gekry het in dié tyd (voor 1996) toe kondome nie toegelaat is in die Pollsmoor-gevangenis nie (R16/2/1-5). 'n Baie interessante nuwe hoek wat Zelda Jongbloed in 'n meningsartikel in *Rapport* van 27 April ondersoek, is dié van die rol van die TAC in die demokrasie en sy invloed op die regering (T27/4/1-14).

Interessante nuwe hoeke wat ontginning sou kon regverdig, is dié van die studie wat toon dat mediese prosedures dalk 'n groter rol speel in die verspreiding van MIV/vigs as seks (ST23/2/1-2). Dit word ongelukkig glad nie ontwikkel of opgevolg nie. Dieselfde geld 'n foto en onderskrif van vroue wat by 'n koor aangesluit het en op dié manier hul MIV/vigs hanteer (ST15/6/1-5); en 'n brokkie oor 'n unieke Suid-Afrikaanse borsvoedingsprojek wat elders ter wêreld ingevoer gaan word (ST2/3/4-6).

Hoewel die rol wat goeie voeding in die verloop van siektes speel nie 'n nuwe onderwerp is nie, is die diëte wat vir mense met MIV/vigs voorgeskryf word (byvoorbeeld Van der Maas se resep van knoffel, uie, Afrika-aartappelekstrak, suurlemoensap en proNutro), wel nuut en interessant. Hierdie tema word egter meestal as 'n omstrede politieke kwessie aangepak sonder om die meriete daarvan dieper te ondersoek (ST30/3/4-13). Dit kan byvoorbeeld gehaak word aan die Mediese Navorsingsraad se ondersoek van vyf tradisionele middels in die stryd teen die epidemie (ST30/3/2-13).

Hoewel nie een van die drie koerante nuwe nuushoeke ontgin nie, is daar veral 'n leemte op hierdie gebied in die nuusdekking van die *Sunday Sun,* wat weens sy populistiese aard min temas deeglik aanpak (sien byvoorbeeld SS12/1/2-4; SS22/6/5-16).

5.2.3 Openbare agenda

Lesersbriewe is 'n vorm van kommentaar, dié keer egter van die kant van die nuusgebruiker. Deur briewe lewer gebruikers kommentaar op spesifieke gebeure, of op 'n spesifieke publikasie se hantering van 'n kwessie. Op dié manier oefen nuusgebruikers hul agendastellingsfunksie uit. Die publikasie kry gevolglik terugvoering en dus 'n aanduiding van wat vir sy lesers belangrik is. In die konteks van MIV/vigs kan 'n mens uit lesersbriewe bepaal watter mate van kennis lesers oor die epidemie dra, wat hul ingesteldheid teenoor die epidemie is en ook wat hul mening is aangaande 'n betrokke publikasie se MIV/vigsdekking. Daarbenewens kan joernaliste uit lesersbriewe wenke kry vir berigte waarin hul lesers belang stel.

Veertien briewe met MIV/vigs as primêre én sekondêre onderwerp het in die ondersoek tydperk in die *Sunday Times* verskyn, en 14 in die *Sunday Sun*. In *Rapport* is 7 briewe gepubliseer. Die temas wat in die lesersbriewe ter sprake is, wissel van publikasie tot publikasie. In teenstelling met briewe in die *Sunday Times* en *Rapport*, handel geeneen van die briewe in *Sunday Sun* oor politiek en konflik nie. Lesers haal wel kwessies op soos impak, voorligting en bewusmaking, en oordrag en risiko. 'n Interessante brief is dié waarin Madimole Floyd Maripane die rol van straathaarkappers in die verspreiding van MIV/vigs aanroer (SS5/1/3-15). Dit bied 'n nuwe hoek op oordrag en risiko wat beslis opgevolg sou kon word – hetsy deur die *Sunday Sun* of 'n ander publikasie, ook om die moontlike gevaar van stereotipering en stigmatisering van die groep te voorkom. Geen opvolgberig is egter in die ondersoekmateriaal hieroor gevind nie.

Uit 'n brief in reaksie op 'n rubriek van eerw. Abraham T. Sibiya (SS5/1/2-15) is dit verder duidelik dat *Sunday Sun*-lesers nie onkrities en oningelig oor die epidemie is nie. Brenda Zanele Sibanyoni skryf onder die opskrif *Wake up and smell the condoms, Rev!* dat Sibiya sy sinne kwyt moet wees indien hy dink kondome voorkom nie MIV/vigs nie. Sy vra of hy kondoomgebruik gestaak wil hê: "Aids is killing thousands of people and is still spreading like wildfire by the minute."

Dit is ook duidelik dat die *Sunday Sun* se lesers mense bewonder wat openlik is oor hul MIV-status, soos duidelik blyk uit reaksie op Fana Khaba se bekendmaking dat hy MIV-positief is. Dit toon verder dat die gemeenskap nie gekant is daarteen dat mense hul status bekend maak nie, hoewel daar gemengde gevoelens onder lesers was oor Khaba se stap. In een van dié briewe skryf Whitthread Wa Ga Mashiane

(SS25/5/3-15) dat meer bekendes en gemeenskapsleiers Khaba se voorbeeld moet volg: "Khabzela, like Gibson Kente a few months ago, is a brave pioneer in the fight to change attitudes about this deadly disease we all fear."

'n Interessante verskynsel in die *Sunday Sun* is die reaksie van lesers wat MIV/vigs betref in die rubriek *Up close and personal* van Liz Khumalo (sien ook 5.2.2.1). In die ondersoektydperk was daar 11 briewe aan Khumalo, bekend onder lesers as Sis Liz, oor MIV/vigs. Dit is duidelik dat 'n rubriekskrywer wat hierdie onderwerp betref 'n rol kan speel om lesers in te lig. Dit blyk uit die vrae wat lesers vra, soos die risiko van MIV-besmetting weens verkragting (SS25/5/2-12; SS20/4/1-12). In antwoord op vrae soos hierdie moedig Khumalo lesers onder meer aan om hulle te laat toets, en om berading te kry. Geen telefoonnommers of ander besonderhede van organisasies waar lesers hulp kan kry, word egter verskaf nie. Dit sou van veel waarde wees, veral omdat dit blyk dat sommige lesers wel oningelig is, soos dié een wat wil weet of 'n mens MIV kan kry deur te soen (SS19/1/1/12).

Lesers se ooglopende belangstelling in hierdie rubriek laat die vraag ontstaan hoeveel invloed 'n rubriekskrywer in die konteks van MIV/vigs kan hê. Dit is beslis 'n onderwerp wat verdere studie regverdig. Vink (2005) sê dat MIV/vigs meestal op die kommentaarblaaie in die *Sunday Sun* aandag kry. Hy verwys ook na rubrieke soos "Save the children". Volgens Vink is die opdrag aan die *Sunday Sun* se rubriekskrywers dat hulle die lesers betrokke moet kry. Hy meen die koerant kan beslis 'n groter bewusmakingsrol speel deur sy rubrieke, maar sê dis te betwyfel of mense se gedrag hierdeur beïnvloed gaan word, sê hy. Dit is 'n onderwerp wat beslis in verdere navorsing ontgin sou kon word.

Uit die 7 briewe wat in *Rapport* verskyn het waarin MIV/vigs ter sprake gekom het, handel net 2 primêr oor die epidemie en word daar op politiek en konflik gekonsentreer. In die een kla die leser oor "ons" moet betaal vir ARM (R23/2/2-25) en in die ander word hierdie leser aangeval oor sy ingesteldheid. Daar was ongelukkig te min voorbeelde om werklik sinvolle afleidings oor lesers se ingesteldheid te maak. 'n Mens sou wel kon sê dat dit uit die min briewe en die temas van hierdie briewe blyk dat die koerant se lesers nie veel erg het aan enige aspek van MIV/vigs nie. Dit strook met Du Plessis (2005) se verduideliking dat *Rapport*-lesers nie baie in MIV/vigs belang stel nie.

In die *Sunday Times* is 6 briewe gevind wat op politiek en konflik fokus, 6 het MIV/vigs as 'n sekondêre tema aangeraak, 1 het gereageer op beleid, en nog 1 op risiko en oordrag. In eersgenoemde briewe is Tshabalala-Msimang en die dieetkwessie aangeroer (byvoorbeeld ST25/5/4-17; ST13/4/2-15; ST6/4/5-20) en is daar kommentaar gelewer op ander regeringsamptenare se omstrede uitlatings oor MIV/vigs (ST23/3/3-20).

In die brief onder die tema risiko en oordrag lewer Jackie Mondi kommentaar op Gibson Kente se bekendmaking van sy status (ST9/3/8-12). Sy prys hom hiervoor, veral omdat hy die feit dat sy leefstyl hom weerloos gemaak het, "bravely acknowledge(s)". Mondi vergelyk Kente met ander wat hulself voorhou as "innocent victims" van diegene wat hulle besmet het. Sy sê dit vererger die stigma wat aan die siekte kleef. Deur openlik te wees, moedig jy openbaarmaking aan en versterk dit die stryd teen die siekte. Dit is die ingesteldheid wat belangegroepe onder Suid-Afrikaners probeer kweek.

Die spotprent van Zapiro, *Black Easter*, is 'n nuusitem waarop kommentaar van lesers te wagte was. Daar was kommentaar van die satirikus Pieter Dirk Uys (ST4/5/4-21). Hy sien dit as positief, omdat dit uitbeeld dat Suid-Afrikaners ly onder enkele "uncaring 'Roman soldiers" (in die spotprent in die gedaante van Tshabalala-Msimang). Uys plaas satire ook in konteks: "Sometimes satire is the explosion of an angry mind against a state of careless inaction. Satire doesn't set out to make friends or fans. It suggests bloody change, and change means pain. It must offend to stimulate stagnant minds." Die enigste kritiek wat hy het op die spotprent, is dat net drie kruise gebruik is.

Uys se brief is die enigste wat met spesifieke verwysing na die epidemie gereageer het. Ander lesers het uit 'n Christelike perspektief kommentaar gelewer en glad nie na die epidemie verwys nie. Twee briewe is gepubliseer in die *Sunday Times* van 27 April, een van Willem Schoombie en uittreksel uit 'n brief van Gerrit Myburgh onder die opskrif *Cartoon was blasphemy*. Die skrywers het geen melding gemaak van MIV/vigs nie, maar gekla oor die verwysing na Pase as *Black Easter* en dat Christus se kruisiging 'n onderwerp is wat baie mense sensitief vind en wat nie op 'n afbrekende wyse uitgebeeld mag word nie (ST24/4/6-18). Hierdie items is nie by die frekwensietelling ingesluit nie, omdat dit nie spesifiek verwys na die epidemie nie (sien paragraaf 4.2.4.4 *Insameling van data* in hoofstuk 4).

Onder al die briewe in die drie publikasies was daar net een wat kommentaar gelewer het op koerantinhoud, en wel in die *Sunday Times* van 6 April (ST6/4/7-20). In 'n klein item onder die *Postbag*-brokke kla Alan C. Brown dat hy al 60 jaar lank die koerant koop, maar dit voortaan nie meer gaan doen nie (ST6/4/7-21). Volgens Brown bestaan 60% van die uitgawe van 30 Maart uit beriggewing oor die Irakese oorlog en 30% uit MIV/vigsnuusdekking, "including a throat full of *Soul Buddys*".

Uit die gebrek aan leserskommentaar oor die MIV/vigsnuusdekking, kan 'n mens of aflei dat die lesers nie genoeg daarin belang stel om hulle enigsins daaraan te steur nie, of dat die lesers tevrede is met die manier waarop die koerante berig lewer oor die epidemie. Die kwessie sal verder nagevors moet word om duidelikheid daaroor te kry.

Dit is verder opvallend dat daar min kommentaar van belangegroepe was oor aspekte van MIV/vigsberiggewing. Net vier items is in die drie koerante in die ondersoektydperk gevind. Een was van Monique Strydom en Elsje Büchner in *Rapport* van 23 Februarie (R23/2/1-25) waarin hulle 'n regstelling maak van feite na aanleiding van 'n berig vroeër oor die Matla a Bana-projek van die Callie en Monique-trust. In 'n ander brief in die *Sunday Times* van 19 Januarie (ST19/1/2-17) maak dr. Garth Japhet, uitvoerende direkteur van Soul City, kapsie teen die koerant se foutiewe beriggewing oor GF-geld wat toegeken is aan die Soul City- en Soul Buddy-projekte. In die *Sunday Times* van 6 April (ST6/4/5-20) reageer Rukia Cornelius namens die TAC se nasionale uitvoerende komitee oor die voedingkwessie en stel die organisasie se standpunt na aanleiding van 'n hoofartikel die vorige week, wat volgens haar "poorly informed" was.

Die enigste opbouende brief het gekom van 'n lid van die vakbond Solidariteit, Sebastiaan Biel (SS29/6/6-15), waarin hy die *Sunday Sun* prys daarvoor dat hy standpunt inneem vir Christenwaardes en hom sterk uitspreek teen seks buite die huwelik, ook binne die konteks van MIV/vigs.

Gegewe die prioriteit wat MIV/vigs in Suid-Afrika geniet en die premie wat geplaas word op mediadekking oor die onderwerp (sien paragraaf 1.2 *Die media en MIV/vigs* in hoofstuk 1), sou 'n mens kon verwag dat belangegroepe nuusdekking fyner dophou en deurlopend kommentaar lewer in 'n poging om die media-agenda te beïnvloed. Uit die kommentaar wat gelewer is, kry die navorser egter die indruk dat daar net gekyk word na foute wat die media maak, en geen pogings aangewend

word om die media deur konstruktiewe kommentaar te rig om op die regte manier oor MIV/vigs te berig nie. Dit is wel moontlik dat daar heelparty sulke briewe geskryf is, maar dat dit nie gepubliseer is nie.

5.2.4 Gevolgtrekking

Opsommend kan dus gesê word dat al drie koerante die MIV/vigsepidemie in 'n verskeidenheid van genres aanpak, oor 'n taamlik wye reeks verwante temas skryf, en wel aandag aan die positiewe en opbouende sy van die epidemie gee. Indiepte- en kritiese nuusdekking bly egter agterweë, veral wat die *Sunday Sun* betref. Hierdie koerant pak alle onderwerpe oppervlakkig aan en fokus hoofsaaklik op bekendes se doen en late, wat tot gevolg het dat sy lesers 'n 'n verdraaide beeld van die epidemie kry.

Rapport is geneig om 'n hoofsaaklik eensydige beeld van die epidemie aan sy lesers voor te hou. Die koerant sal aandag moet skenk aan die effe meer negatiewe hoek wat hy oor MIV/vigs inslaan om te voldoen aan die vereistes wat belangegroepe stel vir eties aanvaarbare beriggewing oor die onderwerp. Dit sou egter onjuis wees om *Rapport* se beriggewing oor die epidemie as eties onaanvaarbaar af te maak.

Die nuusdekking in die *Sunday Times* is wat hierdie deel van die kriteria betref, die beste in pas met wat belangegroepe vra. In die lig van die bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat die drie koerante 'n bevredigende bewusmakingsrol speel en 'n aanvaarbare agenda stel wat betref waaroor hulle skryf, met inbegrip van die onafhanklikheid van die koerant en die feit dat hul beriggewing opvoedingswaarde kan hê, maar dat hul rol nie dié van gesondheidsvoorligters is nie (vgl. Beamish, 2002:4682; vgl. Hirose *et al.*, 1998:254). Hoe die publikasies hierdie agenda aanbied, is egter 'n gebied waarop daar ruimte vir verbetering is, veral wat die *Sunday Sun* en in 'n mindere mate *Rapport* betref.

HOOFSTUK 6

Kwalitatiewe analise: aanbieding

6.1 Inleiding

Sake met spesifiek betrekking op die aanbieding van nuusitems soos prominensie, die gebruik van grafiese items, en moontlike stereotipering en sensasionalisering in die aanbiedingsproses kom in hierdie hoofstuk aan die orde. Die ontledings is gegrond op belangegroepe se kommer oor die wyse waarop MIV/vigs in die media uitgebeeld word.

Die spesifieke kriterium waarop in hierdie hoofstuk gefokus word, is:

- Vermy sensasionalisering wat woordgebruik, inhoud en plasing betref.

Dit kulmineer in **Spesifieke teoretiese stelling 2: *Aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs hou ook in dat die inligting sensitief, regverdig, gebalanseerd en in goeie smaak aangebied word.***

Soos in die vorige hoofstuk (en hieropvolgende hoofstukke), word die ontledings aangebied met die volgende vrae (wat in die datavel gestel is) as subopskrifte.

6.2 Beskrywing en ontleding

6.2.1 Hoe word die MIV/vigsepidemie in die item uitgebeeld?

Deur die manier waarop koerante nuus vir hul lesers aanbied, word 'n spesifieke beeld van daardie gebeure geskep en dis hierdie raam wat bepaal hoe nuusgebruikers 'n saak begryp en onthou (sien paragraaf 3.1.2.1 *Nuusrame* in hoofstuk 3).

Die beelde wat die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* van MIV/vigs in die algemeen skep, kan in twee breë kategorieë verdeel word, naamlik 'n negatiewe ("doom and gloom") beeld, en 'n meer positiewe beeld. Nuusitems met MIV/vigs as

sekondêre tema, voorbladprikkels en brokke is in hierdie ontledings uitgelaat. Items in laasgenoemde twee genres bevat te min inligting om 'n sinvolle afleiding te maak oor die nuusraam wat geskep word.

In teenstelling met die *Sunday Times* en *Sunday Sun* waar heelwat meer balans heers tussen items wat 'n negatiewe beeld skep en dié wat 'n positiewer nuusraam daarstel, skep *Rapport* 'n byna uitsluitlik negatiewe beeld van die MIV/vigsepidemie. Uit die 20 items hier ter sprake, het net 4 'n positiewe beeld voorgehou. Die epidemie word meestal uitgebeeld as 'n krisis, bedreiging of ramp (R4/5/3-14; R4/5/6-20). In sy rubriek in die uitgawe van 4 Mei beskryf Tim du Plessis, redakteur, byvoorbeeld die siekte as "een van die grootste krisisse in die land se bestaan" (R4/5/3-14). Die epidemie word verder ook dikwels uitgebeeld as 'n siekte van arm en swart mense (R6/4/2-14; R6/4/1-2).

In pas met die beeld van *Rapport* wat deur die ontledings reeds vasgelê is as 'n koerant wat politieke sake in 'n MIV/vigskonteks vooropstel, skep 6 van die 16 items met 'n negatiewe nuusraam 'n beeld van MIV/vigs as 'n politieke turksvy (byvoorbeeld die beriggewing oor Sibongile Manana, LUR vir gesondheid in Mpumalanga, se optrede teen die Greater Nelspruit Rape Intervention Project [Grip] in items soos R9/3/1-8 en R16/3/1-9; en R13/4/1-8 wat handel oor die regering se traagheid om geld van die Global Fund to fight Aids, Tuberculosis and Malaria [GF] te aanvaar).

Wat uitstaan, is dat al vier die items met 'n positiewe nuusraam die epidemie uitbeeld as 'n beheerbare siekte waarmee 'n mens lank kan leef, weliswaar met die voorbehoud dat jy die regte medisyne kry (R22/6/3-23, R18/5/1-2, R29/6/1-4, R30/3/2-23).

In teenstelling met die bogenoemde fokus *Sunday Sun* glad nie op MIV/vigs in 'n politieke sin nie. In hierdie koerant word die epidemie enersyds uitgebeeld as 'n "monster" (SS11/5/3-12), 'n "killer" (SS2/2/4-13, SS18/5/6-16)) en 'n "cruel thing" (SS6/4/1-16); en andersyds as 'n siekte waarvoor daar hulp en hoop is. Voorbeelde van laasgenoemde is die berig oor die beradingsinisiatief vir kinders wat in Johannesburg van stapel gestuur is (SS18/5/5-16); die items oor Fana Khaba se onthulling (soos SS18/5/3-4); en items oor die hoop wat antiretrovirale middels (ARM) bring (SS4/5/1-10, SS20/4/2-13).

Die siekte word in ('n negatiewe sin) ook uitgebeeld as iets waaroor nie gepraat word nie, grotendeels weens die stigma wat daaraan kleef as die gevolg van onwyse gedrag (SS22/6/2-5). Dit word ook uitgebeeld as iets waarmee mense bang gemaak word, soos in die berig oor die Oos-Kaapse leerlinge wat ander ná 'n praatjie oor MIV/vigs met 'n naald geprik het (SS25/5/1-10), en in die item oor die swart dokters wat 'n wit eweknie se reputasie probeer red nadat gerugte versprei is dat hy swart mense met MIV besmet (SS23/3/1-10).

In die *Sunday Times* word die epidemie ook dikwels uitgebeeld as 'n politieke knelpunt (in 12 van die 20 items met 'n negatiewe beeld). Dit strook met kritiek dat MIV/vigs vir die media in Suid-Afrika hoofsaaklike 'n politieke speelbal geword het (kyk die bespreking in paragraaf 2.4.1.2 *Normatiewe keuses* in hoofstuk 2). Kerry Cullinan ondersoek juis hierdie saak in die artikel onder die opskrif *Government unpredictable on Aids* in die uitgawe van 2 Maart (ST23/2/7-21).

Die siekte word verder in 'n negatiewe sin uitgebeeld as 'n toestand wat mense isoleer weens die stigma wat daaraan kleef (ST4/5/3-7). Ook noemenswaardig is die negatiewe beeld wat aktiviste en bekendes dikwels skep, soos in die item waarin Zackie Achmat en die aktrise Gillian Anderson aangehaal word ten tyde van protesoptrede in Londen vir MIV-behandeling vir Suid-Afrikaners (ST25/5/3-6). Dit is interessant (en terselfdertyd betreurenswaardig) dat mense wat geld wil insamel vir die stryd teen MIV/vigs of bewustheid wil skep, dikwels op die negatiewe sy van die epidemie fokus (in hierdie item word dit uitgebeeld as 'n siekte wat mense teen 600 per dag afmaai). Só 'n benadering kan as utilitaristies beskou word, omdat die ingesteldheid is dat dit uiteindelik gaan om die grootste voordeel vir 'n groot groep. Omdat die betrokkenheid van bekende persoonlikhede die nuuswaarde van 'n gebeurtenis verhoog, word die negatiewe beelde deur die media uitgedra wat uiteraard die persepsie kan skep dat MIV/vigs 'n ramp is.

Wat hiermee saamhang, is die feit dat belangegroepe self dikwels die negatiewe beelde versterk (sien paragraaf 3.1.2.1 *Nuusrame* in hoofstuk 3). 'n Voorbeeld hiervan is die meningsartikel van Mark Heywood van die Treatment Action Campaign (TAC) in die *Sunday Times* van 23 Maart (ST23/3/2-18). Hierin word MIV/vigs uitgebeeld as 'n siekte wat veral swart mense lam lê, hoofsaaklik omdat hulle nie geld het vir behandeling nie. Nóg 'n voorbeeld is 'n nuusberig in *Rapport* van 6 April (R6/4/2-14) waarin die skrywer 'n verklaring van Zackie Achmat van die TAC aanhaal waarin MIV/vigs as 'n siekte van arm en swart mense beskryf word.

Aan die ander kant beeld die *Sunday Times*, soos die ander twee koerante in enkele gevalle, die epidemie meestal uit as 'n siekte wat nié 'n "holocaust" hoef te wees nie (ST9/2/4-41). In items oor mense wat leef met MIV kom die beeld na vore van 'n siekte wat nie 'n doodsvonnis is nie (ST2/3/3-3, ST22/6/3-6, ST18/5/4-3). Dit word verder uitgebeeld as 'n beheerbare siekte, hetsy deur goeie voeding (ST6/4/4-18), entstowwe (ST29/6/4-10) of ARM (ST30/3/1-13).

6.2.2 Watter prominensie word aan die item verleen, en hoe word grafiese materiaal gebruik?

Uit hoe prominent[1] 'n koerant 'n nuusitem aanbied, kan 'n mens aflei hoe belangrik daardie item vir die betrokke publikasie is. Só oefen 'n publikasie sy agendastellings- en hekwagtersfunksie uit. Belangriker items word meestal groter gebruik, en meer ruimte word ook aan opskrifte afgestaan (sien paragraaf 3.1.2.2 *Prominensie* in hoofstuk 3). Wanneer grafika[2] saam met so 'n nuusitem gebruik word, is dit nog meer prominent (sien paragraaf 3.1.2.3 *Grafiese materiaal*). Dit is om hierdie rede dat die bogenoemde twee vrae, wat apart op die datavel staan, saam in hierdie paragraaf bespreek word. Kritiek op hoe MIV/vigsnuus aangebied word, hou hoofsaaklik in dat die items nie prominent genoeg gebruik word nie, of dat dit té groot aangebied word en in die proses gesensasionaliseer word (sien 6.2.4).

In die drie koerante word klein, medium en groot nuusitems[3] (alle genres en temas) met MIV/vigs as primêre tema[4] aangetref.

Drie groot diepteartikels het in *Rapport* verskyn. Twee, met grafika by, is aangebied as hoofartikels op die onderskeie blaaie. Die artikel oor Manana (R16/3/1-9) is baie groot gebruik en daarmee saam is drie foto's – een van Manana, en een elk van dr. Thys von Mollendorff (voormalige superintendent van die Rob Ferreira-hospitaal in Nelspruit) en me. Barbara Kenyon (hoof van Grip) – gebruik. By die feature-artikel oor Johan Stoop van Bethal (R4/5/6-20) is 'n groot foto van die seun gebruik en 'n

[1] Prominensie dui op die ruimte wat aan 'n item afgestaan word en waar dit in die koerant geplaas word.
[2] Sien paragraaf 4.2.4.3 *Werksdefinisies* vir omskrywing.
[3] Sien *Prominensie* in tekskassie 4.2 in paragraaf 4.2.6.3 *Werksdefinisies* vir 'n verduideliking van hierdie begrippe binne die konteks van die studiek.
[4] Net items met MIV/vigs as primêre onderwerp is onder hierdie vraag ontleed. Brokke is uitgelaat, omdat dit uiteraard klein is, buiten wanneer 'n brok deel vorm van 'n rubriek waar die grootte daarvan in verhouding met die ander brokke in dieselfde rubriek bepaal kan word. Lesersbriewe is om dieselfde rede ingesluit. Voorbladprikkels is ingesluit, omdat 'n koerant juis sy leser na 'n item binne-in die koerant wil lei deur die gebruik van hierdie items.

kleintjie van hom by sy ma, Francis. Die groot artikel wat nie grafika by het nie, dié oor Tshabalala-Msimang se "knoffelghoeroe" het 'n bo-kop (subopskrif bokant die hoofopskrif) wat dwarsoor die blad loop en 'n vet enkelreël-hoofopskrif. Die feit dat hierdie items agter in die koerant gebruik is, maak dit nie minder prominent nie. Dit is tradisioneel die gebruik om langer nuusitems of op die dieptenuusblad langs die hoofartikelblad te gebruik, of op blaaie verder agtertoe omdat daar dikwels meer ruimte beskikbaar is daarvoor.

Wat wel noemenswaardig is, is dat net 4 van die 21 items in *Rapport* (lesersbriewe uitgesluit) wat in hierdie paragraaf onder bespreking is, op die eerste 4 – en dus belangrikste – nuusblaaie gebruik is. Dit sluit in 'n klein beriggie oor Zackie Achmat se eredoktorsgraad (R6/4/1-2) op p. 2, en 'n nuusberig (medium met foto) oor 'n afgetrede biochemiese patoloog wat meen sy behandeling kan mense met MIV/vigs langer laat leef (R29/6/1-4) op p. 4. Die ander twee berigte is dié oor die nuwe baba van die MIV-positiewe predikant Christo Greyling en sy vrou, Liesl, op p. 2 (R18/5/1-2), en 'n berig (medium, sonder grafika) oor 'n vrou wat dood is weens die newe-effekte van ARM op p. 3 (R20/4/1-3).

Die prominensie van 'n nuusitem word dikwels verhoog deur dit in 'n kassie of raampie te plaas of 'n grys of gekleurde raster (*screen* in Engels) bo-oor te gebruik, soos in die geval van die meegaande berig (*sidebar*) by 'n storie oor die hofsaak wat Manana teruggetrek het (ST2/2/2-5). Die kop (opskrif) is boonop 'n sogenaamde WOB (*white on black*) – wit letters op 'n swart agtergrond, wat die item heelwat meer laat uitstaan. WOB's word meestal in ernstige koerante vermy, maar word dikwels in populistiese koerante gebruik. *Rapport* gebruik egter toenemend hierdie styl om meer prominensie aan items te verleen, veral op sy artikelblaaie waar bladopmakers meer kreatiewe vryheid het.

Wat redaksionele kommentaar betref, word MIV/vigs in een rubriek aangepak, naamlik dié van Du Plessis (R4/5/3-14) wat onder meer handel oor Tshabalala-Msimang se bevoegdheid. Dit is dan ook die belangrikste item op die blad en 'n fotonaamlyn word daarby gebruik. Geen ander grafiese materiaal word gebruik nie. Die feit dat die hoofitem op dié blad aan MIV/vigs afgestaan word, is 'n duidelike teken dat die koerant die onderwerp as belangrik beskou. Die feit dat hierdie rubriek boonop deur die redakteur geskryf is, bied selfs meer leiding aan die leser oor die (prominente) plek wat hierdie onderwerp op die koerant se nuusagenda inneem. Dit strook wel met Du Plessis (2005) se verduideliking dat die koerant die onderwerp as

baie belangrik beskou. Dit is egter nie 'n tema waarin sy lesers baie belang stel nie, en *Rapport* wil dit nie in hul kele afdwing nie, sê Du Plessis. Tog behoort lesers daarvan kennis te neem, meen hy, en daarom word ook van tyd tot tyd in kommentaaritems aandag aan die epidemie gegee.

Dit is noemenswaardig dat al 3 die groot nuusberigte (sonder grafika) 'n politieke inslag het. Al 3 is die hoofberig op die betrokke blad. Die berigte handel oor die stryd tussen die TAC en Tshabalala-Msimang (R6/4/2-14), die TAC se bitterheid oor geld van die GF wat van KwaZulu-Natal weerhou is (R13/4/1-8) en 'n berig oor navorsing wat gedoen is oor die koste van 'n nasionale vigsbehandelingsplan.

Die nuuswaarde van 'n item speel ook 'n groot rol in die aanbieding daarvan. Die groot berig met grafika oor 'n identiese tweeling van Mitchell's Plain wat in 'n toilet gevind is toe hulle drie weke oud was (ten tyde van berig was hulle 3 jaar), is byvoorbeeld hier van toepassing (R30/3/2-23). Hulle is in pleegsorg geplaas en een kry ARM as deel van 'n navorsingsprojek by Groote Schuur-hospitaal. Die berig word aangebied as hoofberig op die blad. Dit staan boaan die blad en het 'n groot 3-reëlkop met 'n subonderskrif, wat die prominensie versterk. 'n Groot foto van die tweeling by hul pleegma gee boonop groter gewig aan die item. Die berig se nuuswaarde is hoog, gemeet aan die nuuskriteria (sien paragraaf 2.4.1 *Wat is nuus?* vir 'n bespreking van hierdie kriteria). Dit het visuele aantrekkingskrag, 'n sterk menselement wat die emosionele in 'n leser aanspreek, en die omstandighede van die tweeling se geboorte is boonop ongewoon, selfs sensasioneel.

'n Voorbeeld van 'n item wat maklik deur aanbieding gesensasionaliseer sou kon word, is 'n klein nuusberig oor die eerste geval van vrou-tot-vrou-oordrag van MIV deur die gebruik van seksspeelgoed (R26/1/1-10). Hierdie berig is klein gebruik, byna ingedruk teen die geut, op 'n binneblad van die koerant, al is dit 'n nuwe nuushoek. Dit is 'n onderwerp wat hom maklik tot sensasionele gebruik en swak smaak kan leen en wat dus met omsigtigheid hanteer moet word – soos *Rapport* inderdaad gedoen het.

Vier van die groot artikels wat in die ondersoektydperk in die *Sunday Times* verskyn het, is as hoofnuusitems op die spesifieke blaaie gebruik, en het vet opskrifte, hetsy 'n enkelreël dwarsoor die blad (ST23/2/7-21), of 'n tweereëlkop (ST6/4/4-18). Wat grafika betref, is foto's van Tshabalala-Msimang en Heywood gebruik by die artikels wat hulle geskryf het (ST6/4/4-18 en ST23/3/2-18, onderskeidelik). Die minister lyk

egter bitter kwaai op die betrokke foto. Dit druis in teen die algemeen positiewe trant van die artikel en stel haar eintlik in 'n slegte lig. Die koerant kon eerder 'n foto wat 'n meer positiewe beeld van die minister oordra, by die item gebruik het.

Van die 26 nuusberigte het net drie op die voorblad verskyn, naamlik 'n medium nuusberig wat handel oor die feit dat vier ander groepe geld uit die R1,8 miljard-toelae van die GF kry, maar 'n welsynsorganisasie in KwaZulu-Natal niks nie omdat Tshabalala-Msimang ontevrede was omdat hul aansoek nie deur die South African National Aids Council (Sanac) gekanaliseer is nie (ST12/1/1-1); 'n klein item oor 'n Nigeriese priester in Swaziland wat kapsie gemaak teen advertensieborde van vroue met kaal borste (ST18/5/1-1); en 'n groot nuusberig – aangebied as voorbladhoofberig – oor Tshabalala-Msimang wat die Amerikaanse vigsafvallige (sien voetnoot 6 in hoofstuk 1) dr. Roberto Giraldo uitgenooi het om die regering te kom adviseer (ST9/3/1-1). Die feit dat die berig oor die Nigeriese priester op die voorblad gestaan het, en die manier waarop dit aangepak is, het die kwessie gesensasionaliseer en uit verband geruk (kyk ook die bespreking van die item in paragraaf 8.1.2 *Is die item duidelik in konteks geplaas, en gefokus?* en 8.1.4 *Is die item volledig en gebalanseerd?* in hoofstuk 8). Geen grafiese materiaal is by hierdie items gebruik nie.

Vier van die 7 groot nuusberigte in die *Sunday Times* is op die eerste 4 belangrike blaaie in die koerant gebruik, insluitend een as voorbladhoofberig (ST9/3/1-1). Dit is noemenswaardig dat sowat die helfte van die nuusitems uit alle genres, insluitend 5 van die 7 groot nuusberigte, handel oor die politieke sy van MIV/vigs, 'n saak wat die koerant as baie belangrik beskou, volgens die redakteur, Mondli Makhanya (2005). Verder is die enkele hoofartikel met die epidemie as primêre tema as tweede hoofartikel op p. 20 in die *Sunday Times* van 2 Februarie gebruik. Dit handel oor Manana se jongste hofgeding teen Grip.

Die aanbieding van beriggewing in *Sunday Sun* kom vervolgens aan die beurt. In teenstelling met nuusitems in die *Sunday Times* en *Rapport*, word grafiese materiaal – hoofsaaklik foto's, baie dikwels in *Sunday Sun* gebruik. Selfs rubrieke het foto's by, hoofsaaklik ter illustrasie[5] (kyk byvoorbeeld SS6/4/1-16 en SS18/5/6-16). Daarbenewens word die nuusitems met ernstiger temas eerder klein gebruik

[5] Foto's wat ter illustrasie gebruik word, het nie direk betrekking op byvoorbeeld mense waaroor die nuusitem handel nie, maar het 'n (soms slegs vae) verband met die onderwerp van die nuusitem.

(byvoorbeeld die berig oor die beradingsinisiatief vir kinders, SS18/5/4-13), terwyl opspraakwekkende en sensasionele items groot gebruik word. 'n Goeie voorbeeld hier is die berig oor die MIV-positiewe man wat glo deur 'n bende verkrag is. Dit word oor twee bladsye gebruik met 'n foto van die man op p. 4 en 4 foto's ter illustrasie op p. 5 (SS27/4/1-4). Dit strook met die koerant se populistiese aard. Koerante in hierdie kategorie steun sterk op visuele elemente en sensasie. Daar is dikwels heelwat meer grafiese materiaal as teks.

Foto's in hierdie koerant word boonop dikwels uitermate groot gebruik, byvoorbeeld die een van die nasionale kommissaris van die polisie, Jackie Selebi, in die uitgawe van 2 Februarie (SS2/2/1-9). Die foto het nie genoeg estetiese waarde om die prominente aanbieding daarvan te regverdig nie. 'n Middelmootkoerant sou dit heelwat kleiner gebruik, omdat dit geen aksie toon nie en dus nie eintlik waarde tot die nuusitem toevoeg nie. 'n Klein kop-en-skouer-foto sou dieselfde doel kon diens. Die vraag ontstaan of die koerant soms foto's groter moet gebruik as wat die gehalte en estetika regverdig omdat die meegaande berig mank gaan aan substansie.

Sunday Sun-lesers word verder nie in die duister gelaat oor watter berig as die belangrikste beskou word nie. Synde in ponieformaat, bied die bladsye nie naastenby soveel ruimte soos 'n breëblad nie. Items word egter dikwels so groot aangebied dat daar glad nie plek vir ander items op die betrokke blaaie is nie. Só staan die storie oor die vigswesie Zinny byna die hele p. 10 vol in die uitgawe van 4 Mei (SS4/5/1-10). Die storie het 'n 3-reëlkop en 'n 3-reëlonderkop. Daarmee saam word 'n foto van Zinny, haar pleegma Vicky Hinrichsen en Lydia van den Bergh van Thembacare (plek vir terminale vigspasiënte), én 'n foto van die dogtertjie soos sy gelyk het toe sy by die hospitaal aangekom het, gebruik. Dit is noemenswaardig dat, in teenstelling met kritiek dat sulke foto's te dikwels gebruik word, hierdie foto van die swak en uitgeteerde babatjie die enigste van sy soort is wat in die ondersoektydperk in al drie die koerante gevind is. Die getal items wat in hierdie studie ondersoek is, is egter te min om 'n afleiding dat belanghebbendes se kritiek in hierdie verband nie water hou nie, te regverdig.

Wat verder in pas is met sy populistiese aard, is die *Sunday Sun* se gereelde gebruik van WOB's (wit letters op 'n swart agtergrond), en wit letters op 'n kleuragtergrond, soos rooi. Hierdie soort prominente opskrifte word ook nie net by groot items gebruik nie (vgl. SS3/2/2-13). Vink (2005) beaam dat dit die koerant se gebruik is om stories op 'n sensasionele manier aan te bied deur die gebruik van groot opskrifte en foto's.

Hy sê egter dat die blad MIV/vigs nie doelbewus op hierdie manier sensasionaliseer nie. Die onderwerp is in sy aard sensasioneel, sê hy tereg. Dit is volgens die navorser egter juis daarom dat publikasies sensitief behoort te wees dat die kwessie nie deur aanbieding nog meer gesensasionaliseer word nie (sien ook paragrawe 6.2.4 en 6.2.5). Die *Sunday Sun* skep egter nie die indruk dat hy inderdaad sensitief in sy aanbieding is nie.

Die enkele hoofartikel met MIV/vigs as tema is die belangrikste hoofartikel in die uitgawe van 23 Maart (SS23/3/2-14). Hierin neem die koerant standpunt in oor die stryd tussen die TAC en die regering oor ARM. Dit is een van net enkele items met politiek en beleid as tema in die *Sunday Sun*. Die item het 'n 2-reëlkop – heeltemal teenstrydig met die tradisionele "etiketopskrif" (van hoogstens enkele woorde en beslis net een reël) wat in ander publikasies by hoofartikels voorkom. Dit dui daarop dat die koerant baie sterk oor die saak voel (hy pleit dat die partye koelkop bly, maar terselfdertyd aanhou praat oor die kwessie van behandeling).

Al drie voorbladprikkels met MIV/vigs as tema in die *Sunday Times* verwys na die los bylae *S'camtoPRINT* binne-in die spesifieke uitgawes. Net een het 'n foto by van die voorblad van daardie spesifieke bylae (ST2/3/1-1). Deur die voorbladprikkels wil die koerant hê die leser moet die bylae lees en kan afgelei word dat dit as belangrik beskou word. In teenstelling met die voorbladprikkels in die *Sunday Times* verwys die 3 prikkels in *Sunday Sun* almal na nuusberigte: *Man claims to cure Aids – p. 7* (SS12/1/1-1), *Hero sets Aids example – p. 4* (SS18/5/1-1), en *Villagers ban kids from HIV^{+} owner's team – p. 2* (SS11/5/1-1). Twee van hierdie berigte het op belangrike nuusblaaie verskyn (bl. 2 en bl. 4), 'n verdere teken dat die koerant dit as belangrik beskou en wil hê sy lesers moet dit lees.

In die algemeen word lang briewe selde of ooit in koerante gepubliseer weens die beperkte ruimte. Daar word wel gewoonlik klem op een brief per uitgawe gelê as die sogenaamde hoofbrief. Hierdie item word meer prominent aangebied as die ander. Die meeste lesersbriewe met MIV/vigs as primêre tema in die drie koerante is klein gebruik. Daar is enkele uitsonderings, soos die hoofbrief in die *Sunday Times* van 6 April (ST6/4/5-20) waarin Rukia Cornelius namens die TAC se nasionale uitvoerende komitee onder die opskrif *TAC isn't fixated on drugs* kommentaar lewer op die kwessie van dieet in die konteks van MIV/vigs. Eweneens is die kommentaar van lesers oor die bekendmaking van die platejoggie Khabzela se MIV-status meer prominent gebruik deur die twee briewe bymekaar te plaas (SS25/5/3-15).

6.2.3 Is daar sprake van stereotipering?

MIV/vigs is 'n siekte wat hom maklik leen tot stereotipering. Só is die epidemie in die beginjare dikwels uitgebeeld as 'n siekte van gay mans. Dit is bemoedigend dat in die ondersoektydperk in al drie koerante min voorbeelde van stereotipering gevind is. Die voorbeelde wat wel geïdentifiseer is, het byna sonder uitsondering die beeld geskep dat mense met MIV/vigs hulpelose slagoffers is – 'n beeld waarteen belangegroepe heelwat kritiek het (sien paragraaf 3.1.2.4 *Sensasionalisering en stereotipering* in aanbieding in hoofstuk 3).

In die spotprent van Zapiro in die *Sunday Times* van 20 April (ST20/46-16) word mense met MIV uitgebeeld as slagoffers, en in die uitgawe van 30 Maart (ST30/3/2-13) beskryf Sibani Mngadi, woordvoerder van Tshabalala-Msimang, mense met MIV/vigs op 'n wyse wat hulle ook as slagoffers uitbeeld: "Also, we often find that people suffering from HIV are desperate to try anything that may help them but often they are victims of scams."

In die *Sunday Sun* is daar ook enkele soortgelyke voorbeelde, byvoorbeeld die verwysing na mense met die siekte as "HIV victims" in die hoofartikel oor die stryd tussen die regering en die TAC (SS23/3/2-14), en in die nuusberig oor die ouers wat hul kinders nie wil laat speel in die sokkerspan wat aan iemand met MIV behoort nie (SS11/5/2-2). In *Rapport* word mense met MIV as weerlose, arm slagoffers uitgebeeld in 'n artikel deur Zelda Jongbloed onder die opskrif *TAC versinnebeeld 'n diep, volwasse demokrasie*: "En om die astronomiese koste van gratis vigsbehandeling aan burgers te gebruik as verskoning om nie betrokke te raak by die miljoene lewens wat in die sand wegsyfer omdat te veel mense nie die medisyne kan bekostig nie... Dié hofsege (ARM vir verkragtingslagoffers) van die TAC het daarby ander dinge bewerkstellig. Dit dwing die regering om sy oog te hou op die weerloses en mees benadeeldes." (Sien ook R6/4/2-14.)

Koerante behoort daarteen te waak om woorde te skep vir gebruik in opskrifte wat mense dalk kan stereotipeer. Een voorbeeld hiervan is die gebruik van die woord vigsseun in die opskrif *Vigsseun wil net nie nou al sterf nie. Johan wil eers seker wees sy gesin is versorg* in *Rapport* van 4 Mei (T4/5/6-20).

Du Plessis (2005) sê *Rapport* het nie 'n agenda wat MIV/vigs betref nie, en skep dus nie doelbewus 'n negatiewe beeld nie. Volgens hom behoort die koerant meer bedag

hierop te wees. Hy sê verder dat daar in die media die nodige sensitiwiteit moet wees sodat stereotipes nie geskep of perpetueer word nie, en dat die media dit nie vir mense in die veld moeilik maak om die siekte te bestry nie. Makhanya (2005) is dit het hom eens. Publikasies behoort MIV/Vigs dus ook bloot in pas met die algemene beginsels van goeie joernalistieke praktyk te hanteer, sê Du Plessis.

Vroue is dikwels die slagoffers van stereotipering. In die nuusberig in die *Sunday Times* van 18 Mei oor die Nigeriese priester se klagtes oor kaalborsvroue op advertensieborde in Swaziland word vroue gestereotipeer deurdat die priester beweer dat die beelde die verspreiding van MIV aanmoedig (ST18/5/1-1).

Dit is noemenswaardig dat in 'n berig in *Sunday Sun* oor die knelpunt van verpligte MIV-toetse in Suid-Afrikaanse tronke daar juis nié sprake van stereotipering is nie (SS3/2/2-13). Dit is 'n onderwerp wat hom maklik hiertoe kan leen. In die berig word die kwessie sober bekyk en word klem gelê daarop dat dit 'n groot probleem is, juis omdat die voorkoms van MIV hoog is in gevangenisse in die land.

6.2.4 Is daar sprake van sensasionalisering?

MIV/vigs is 'n onderwerp wat hom maklik tot sensasie kan leen, omdat dit te doen het met die dood en seks (sien paragraaf 3.1.2..4 *Stereotipering en sensasionalisering* in hoofstuk 3). Navorsers verskil oor die voorkoms van sensasionalisering in die Suid-Afrikaanse media. Parker en Kelly (2001:6) meen dit is nie te prominent nie, maar Stein (2001:7) sê die teendeel. In hierdie studie is enkele voorbeelde van sensasionalisering in aanbieding gevind in die *Sunday Times* en *Sunday Sun*, maar niks in *Rapport* nie. Laasgenoemde kan moontlik toegeskryf word daaraan dat die koerant 'n meer sober aanslag het wanneer dit kom by MIV/vigs as byvoorbeeld sy populistiese eweknie. Verder word items oor die onderwerp meestal minder prominent aangebied, wat moontlike sensasionalisering kan verminder.

Daar is talle voorbeelde van die verantwoordelike aanbieding van feite wat andersins sensasioneel sou kon wees, soos die nuusberig oor die verslag oor moedersterftes in die *Sunday Times* van 9 Maart (ST9/3/3-4) waarin MIV/vigs as die voorste oorsaak van dood onder swanger vroue geïdentifiseer is. Die berig is op 'n belangrike nuusblad (p. 4) gebruik, maar is klein aangebied as 'n enkelkolomstorie met 'n opskrif oor vier reëls. Daarby is 'n foto van Tshabalala-Msimang gebruik. Die berig kon

heelwat meer sensasioneel gewees het indien die koerant dit groter en meer prominent gebruik het.

Eweneens is verantwoordelikheid aan die dag gelê wat 'n berig in die koerant oor die skrywer Gibson Kente betref (ST2/3/3-3). In hierdie berig word geen klem gelê op die wyse waarop Kente die MI-virus gekry het nie, buiten 'n verwysing na sy leefstyl – ook in die opskrif: *I was naughty, says Kente.* Die berig is oor 'n enkelkolom gebruik met 'n foto van Kente by en het 'n tweereëlopskrif.

In *Rapport* is 'n soortgelyke voorbeeld gevind. Die berig oor die eerste geval van vrou-tot-vrou-oordrag van MIV kon baie maklik gesensasionaliseer word. Dit is nie net opspraakwekkend omdat dit 'n eerste in die wêreld is nie, maar ook omdat dit te doen het met seks tussen vroue. Dit is egter klein gebruik, ingedruk teen die geut op bladsy 10. Die koerant het dus wel daarvan kennis geneem en gesorg dat sy lesers kennis neem, maar dit op verantwoordelike wyse gehanteer.

Twee voorbeelde van sensasionalisering is wel in die *Sunday Times* gevind. Die berig oor die Nigeriese priester en sy beswaar teen kaalborsvroue op advertensieborde in Swaziland (ST18/5/1-1) is gesensasionaliseer deur die woordspeling opskrif (*Priest's breast boob angers MP's*), die plasing daarvan op die voorblad (die berig is nie juis belangrik nie, dit is ook nie eintlik opspraakwekkend nie), en die fokus op die kaal borste. Indien die koerant meer gefokus het op die kulturele argumente dat Swazi's nie seksueel geprikkel word deur borste nie, maar deur dye, kon dit die berig minder sensasioneel gemaak het. Hierdie kwessie is bloot in die verbygaan genoem. Die uitbeelding van mense met MIV/vigs as gekruisigde slagoffers is verder ook sensasioneel (ST20/4/6-16). Deur dié mense as 't ware aan Christus gelyk te stel, skok en skep gevolglik sensasie. Uit 'n Christelik-etiese oogpunt gesien, is die gebruik van hierdie item onaanvaarbaar.

Sensasionalisering in aanbieding in die *Sunday Sun* vind hoofsaaklik plaas deur die gebruik van WOB-opskrifte, dikwels met leestekens wat eerder met oorleg in opskrifte gebruik behoort te word, en die gebruik om berigte oor twee aangrensende bladsye te laat loop. Een voorbeeld is die opskrif *Top disc jockey goes on air to say – I'm HIV … !* by die berig oor Fana Khaba se bekendmaking van sy status (SS18/5/3-4). Nóg 'n voorbeeld is dié van die nuusberig oor die MIV-positiewe man wat glo deur 'n bende verkrag is (SS27/4/1-4). Die feite is reeds sensasioneel, maar die koerante

sensasionaliseer dit nog meer deur klem te lê op die eksplisiete besonderhede en die prominente gebruik van die berig oor twee bladsye.

"Kure" vir MIV/vigs is uiteraard 'n sensasionele onderwerp en een waarteen belangegroepe baie kritiek het omdat dit valse hoop skep. Die *Sunday Sun* se aanbieding van die berigte oor Kenny Swakamiza-Malebogo se sogenaamde kruiekuur is baie prominent aangebied met 'n groot, vet opskrif met uitroepteken, *My miracle herb cures Aids!* (SS12/1/3-7). Dit is noemenswaardig dat die koerant die opvolgberig waarin gesê word dat die middel nie eintlik 'n kuur is nie, net so prominent gebruik as die aanvanklike aankondiging. Die opskrif *Kenny's herb not a cure for HIV/Aids* is oor drie reëls gebruik en boonop onderstreep (SS2/2/4-13).

6.2.5 Is die aanbieding in goeie smaak?

Beriggewing oor MIV/vigs verg heelwat sensitiwiteit van 'n joernalis en 'n publikasie weens die eksplisiete besonderhede wat soms noodsaaklik is en die temas (soos seks en die dood) wat hiermee saamhang. Goeie smaak (en gevolglik eties aanvaarbare beriggewing) kan dus maklik in gedrang kom. Dit is bemoedigend dat min voorbeelde van swak smaak in beriggewing in hierdie studie in die *Sunday Times* en *Sunday Sun* gevind is. Geen voorbeelde is in *Rapport* gevind nie.

Die vraag kan gevra word of dit goeie smaak is om 'n berig te plaas wat nóg interessant, nóg belangrik is en op die oog af net die voorblad gehaal het oor dit oor kaalborsvroue gaan. Hier ter sprake is die berig oor die Nigeriese priester se besware oor advertensieborde in Swaziland (ST18/5/1-1) in die *Sunday Times* van 18 Mei. 'n Berig soos hierdie voeg myns insiens nie waarde tot die koerant toe nie.

Dieselfde vraag is ter sprake wanneer dit kom by 'n berig in die *Sunday Times* van 4 Mei oor die moeilikheid tussen bruid en bruidegom oor eersgenoemde se MIV-positiewe status in 'n koerant bekend gemaak is (ST4/5/3-7). Beriggewing soos dié dra by tot stigmatisering en weens die stigma rondom MIV/vigs wil mense nie openlik wees oor hul status nie. Daar is geen hoop in die storie nie en om te noem dat mense doodgemaak is oor hulle hul status bekend gemaak het, kan stigmatisering vererger indien die breër konteks nie ook aangeraak word nie. In 'n land waar MIV/vigs nog baie deur stigma gekenmerk word, is dit beslis nie verantwoordelike joernalistiek nie.

Zapiro se spotprent (ST20/4/6-16) getuig ook van swak smaak, omdat dit ernstig aanstoot kan gee, veral in Christen-kringe. Christene het – tereg ook – kapsie gemaak (kyk paragraaf 5.2.3 *Openbare agenda* in hoofstuk 5).

Eksplisiete terminologie is dikwels nie net van pas nie, maar ook broodnodig in beriggewing oor MIV/vigs. Wanneer 'n berig egter nie veel meer om die lyf het as die eksplisiete beskrywings nie, getuig dit van swak smaak. Die berig oor die beweerde bendeverkragting van 'n MIV-positiewe man in die *Sunday Sun* van 27 April (SS27/4/1-4) dien hier as voorbeeld. Daar word twee keer in die berig verwys na "anal sex". Hoewel die woorde "anal intercourse" in MIV/vigsberiggewing nie onvanpas is in die konteks van risiko en oordrag nie, is dit in hierdie berig onnodig. Die verkragting van 'n man spreek tog reeds vanself.

Die opvolgberig oor die vrywillige toetsing van senior bestuurslede in die polisie is ook hier ter sprake (SS4/5/3-11). Die berig skep die indruk dat die polisie iets wil wegsteek deur nie die uitslae van die toetse bekend te wil maak nie. Deur die polisie se poging om diskriminasie hok te slaan deur 'n voorbeeld te stel, so uit te beeld, is nie in goeie smaak nie. Die berig slaag net daarin om die kwessie te sensasionaliseer.

Om 'n storie aan te dik, hou ook dikwels in dat die saak gesensasionaliseer word. Dit kan ook in die subredigeerkantoor gebeur wanneer 'n opskrif geskryf word. 'n Voorbeeld is 'n berig oor 'n plaaslike navorser wat waarsku dat vigsafvallige dr. Roberto Giraldo se "HIV concoction" gevaarlik is omdat dit die immuunstelsel op die duur kan onderdruk, wat in die *Sunday Times* van 30 Maart onder die opskrif *HIV concoction slammed as toxic. Food combination recommended by Aids dissident to SA's health minister has no support from science, local researchers say* verskyn het. Dit vererger die situasie, omdat die middel glo net die imrnuunstelsel op die duur kan onderdruk. Die berig verwys egter ook na 'n studie oor die Afrika-aartappel wat vroeër gestaak is omdat dit die beenmurg kan beskadig. In hierdie geval is toksisiteit wel ter sprake. Dit laat die vraag ontstaan of die subredakteur die twee gevalle verwar het toe hy/sy die opskrif geskryf het, en of die joernaliste (Gill Moodie en Karen van Rooyen) dit nie duidelik genoeg gestel het nie wat gelei het tot die probleem. Wanneer 'n storie aangedik word, soos in hierdie geval moontlik is, kom akkuraatheid uiteraard ook in gedrang.

6.3 Gevolgtrekking

Nuusdekking oor MIV/vigs in die *Sunday Times* en *Rapport* geskied in die breë sensitief en regverdig. Om ten volle aan belangegroepe se kriteria in hierdie verband te voldoen, sal laasgenoemde publikasie moet aandag gee aan die negatiewe wyse waarop hy die nuusagenda stel. Die aanbieding van nuus oor die epidemie in die *Sunday Sun* het egter heelwat leemtes. Dit is egter te betwyfel of hierdie leemtes aangepak kan word binne die populistiese aard van die koerant.

HOOFSTUK 7

Kwalitatiewe analise: taal- en woordgebruik

7.1 Inleiding

In hoofstuk 5 is die onderwerpe waaroor die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport* berig ter tafel gelê. In hierdie hoofstuk word *hoe* die koerant berig lewer, bespreek. Wat agendastelling betref, werp *hoe* verslag gedoen word, lig op hoe 'n publikasie wil hê sy gehoor oor 'n spesifieke onderwerp moet dink.

Vraagstukke soos stigmatisering, diskriminering en sensasionalisering is dus weer ter sprake, maar in die konteks van taal- en woordgebruik. Die groot klem wat gelê word op MIV/vigsnuusdekking en die meer eksplisiete terminologie wat met die onderwerp gepaard gaan, het belangegroepe genoop om duideliker te let op die taalgebruik in koerante ten einde probleme soos stigmatisering en diskriminering te verminder. Belangegroepe se kritiek op woord- en taalgebruik is verder gesetel in kwessies soos waarde-oordeel en gendersensitiwiteit (sien paragraaf 3.1.3 *Taal- en woordgebruik* in hoofstuk 3).

Die belangegroepkriteria wat spesifiek in hierdie hoofstuk van toepassing is, is:

- Vermy sensasionalisering wat woordgebruik, inhoud en plasing betref
- Vermy stereotipering en diskriminasie
- Gebruik sensitiewe, niediskriminerende, verstaanbare en eenvoudige taal

Teoretiese stelling 3, wat in hierdie hoofstuk van toepassing is, het uit hierdie kriteria voortgevloei: ***Om eties aanvaarbaar oor MIV/vigs te berig, behels dat die media taal moet gebruik wat:***

- ***nie stigmatiseer, diskrimineer of sensasionaliseer nie; en***
- ***verstaanbaar, akkuraat en eenvoudig is.***

Net nuusitems met MIV/vigs as primêre tema is hier ter sprake. Lesersbriewe is uitgesluit, omdat die koerante se taal- en woordgebruik onder bespreking is en nie dié van lesers nie, al redigeer publikasies ook hul lesersbriewe.

7.2 Beskrywing en ontleding

7.2.1 Is die item in duidelike en verstaanbare taal geskryf?

Goeie joernalistiek vereis dat die taal duidelik en verstaanbaar is sodat die boodskap doeltreffend gekommunikeer word (sien paragraaf 3.1.3.3 *Die taal van MIV/vigs* in hoofstuk 3 vir 'n volledige bespreking). Koerante stel verder 'n agenda wat taalgebruik oor spesifieke onderwerpe betref, omdat hulle 'n groot rol speel om woordeskat oor onderwerpe by lesers te skep. Dit is dus belangrik dat taalgebruik konsekwent moet wees. Verder behoort die gehalte van berigte nie in die redigeerproses in die slag te bly wanneer dit verkort word nie.

Nuusdekking oor MIV/vigs in die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport* in die ondersoektydperk het in die algemeen in goeie, konsekwente en duidelik verstaanbare taal geskied. 'n Voorbeeld van 'n onduidelike berig is wel gevind in *Rapport* van
23 Maart (R23/3/1-16), maar dit is waarskynlik die gevolg van onoordeelkundige redigeerwerk en onkunde aan die kant van die skrywer en nie soseer te wyte aan 'n taalprobleem nie (sien paragraaf 8.1.1 *Is die item duidelik en helder geformuleer?*, en paragraaf 8.1.6 *Is die item feitelik korrek?* in hoofstuk 8). Die inhoud is erg gefragmenteer en die konteks onduidelik, wat die berig moeilik maak om te verstaan (sien ook paragraaf 7.2.2 *Word vaktaal en terminologie omskryf, waar nodig?* in hierdie hoofstuk). Die berig handel oor wetenskaplikes by die Universiteit van Kaapstad wat binne 'n jaar 'n MIV-entstof sou toets. Die skrywer (die bron is aangegee as Sapa) verwys na "me. Carolyn Williamson van die universiteit se departement vir *modikulêre medisyne*". 'n Soektog in woordeboeke - die Geneeskunde-woordeboek (1988), die Webster's Third New International Dictionary (1993); in *Rapport* en *Beeld* se argiewe; 'n Google-soektog op die internet en 'n soektog op die webwerf van die Universiteit van Kaapstad se fakulteit gesondheidswetenskappe het geen verwysing na "modikulêre medisyne" opgelewer nie. Trouens, die woord modikulêre kon nêrens gevind word nie, wat dui op 'n skryf- of subredigeerfout. Dit het die navorser laat dink die begrip moet eerder molekulêre

medisyne wees. Prof. Williamson is egter volgens die webwerf[1] verbonde aan "Laboratory Medicine" in die "Department of Medical Microbiology" in die kliniese virologie-afdeling (UCT, 2004).

Verder spring die beriggie van die inleiding oor die entstof na die regering se beleid oor antiretrovirale middels (ARM) en in 'n volgende paragraaf weer terug na entstowwe, en wel die Mediese Navorsingsraad (MNR) se uitnodiging aan mense om deel te neem aan entstoftoetse. Foute soos hierdie is swak joernalistiek en hoort nie in enige gesaghebbende publikasie nie.

In die konteks van taal kan ook verwys word na die gebruik in *Rapport* om bykans uitsluitlik na MIV/vigs as vigs te verwys. Belangegroepe stel voor dat daar gespesifiseer word (sien Tekskassie 3.1 in paragraaf 3.1.3.1 *Stigma en diskriminasie* in hoofstuk 3), hoofsaaklik om feitefoute te voorkom. In 'n meningsartikel deur Zelda Jongbloed in *Rapport* van 27 April onder die opskrif *TAC versinnebeeld 'n diep, volwasse demokrasie* word net een keer verwys na die "stryd teen MIV/vigs" en een keer na die MI-virus. Verder skryf Jongbloed "vigspandemie", "vigsvirus", "vigsmedisyne", "mense met vigs", "vigs (is) nie 'n sonde nie", "vigswesies", "vigsmedisyne aan vigspasiënte; "vigskwessie", "vigsvirus", "gratis vigsbehandeling";" nasionale vigsbehandelingsplan", en "vigspandemie". Die vraag ontstaan of *Rapport* bloot gerieflikheidshalwe na vigs verwys eerder as na MIV/vigs, selfs al is dit nie oral akkuraat nie.

Joernaliste behoort net te praat van vigs indien dit feitelik korrek is. Indien daar in die algemeen na die epidemie verwys word, is MIV/vigs eerder die akkurate keuse. Tim du Plessis (2005), redakteur van *Rapport*, skryf in 'n mededeling die bogenoemde toe aan onkunde, nie net van joernaliste nie, maar ook subredakteurs. Daar is nie 'n lys van die aanvaarbare en korrekte terminologie in die sub- of nuuskantoor beskikbaar nie, en die koerant het ook nie spesifieke stylvoorskrifte in hierdie verband nie. Die stylgids wat algemeen deur Media24-publikasies gebruik word, *Skryf Afrikaans van A tot Z* (Müller, 2003), bied ook nie riglyne hieroor nie.

[1] https://chrysalis.its.uct.ac.za/

7.2.2 Word vaktaal en terminologie omskryf, waar nodig?

Om verstaanbaar te wees, moet die taal van MIV/vigs eenvoudig en verstaanbaar wees. Die tegniese aard van die woordeskat verg daarom dat begrippe dikwels omskryf moet word. Konsekwentheid in hierdie opsig word ook vereis ten einde uiteindelik 'n aanvaarbare MIV/vigstaal by die leser te vestig.

Dit is die nuusitems met 'n sterk wetenskaplike inslag wat gewoonlik heelwat terminologie bevat wat omskrywing nodig het. Min items van hierdie aard het in die ondersoektydperk in die koerante verskyn. In die algemeen kom dit voor of al drie koerante moeite doen om seker te maak dat vaktaal en terminologie omskryf word sodat lesers nie in die duister gelaat word nie. Dit is ook in pas met goeie joernalistiek. Die omskrywing van begrippe lei daartoe dat die inhoud beter verstaan word en dra ook by tot beter kontekstualisering. 'n Berig in die *Sunday Times* van 4 Mei is in hierdie verband 'n goeie voorbeeld (ST4/5/2-6). Die berig handel oor 'n navorsingskenking van $28 miljoen van die Bill and Melinda Gates Foundation vir 'n gesamentlike navorsingsprojek om die diafragma-voorbehoedmetode te toets om te sien of dit MIV-besmetting kan voorkom. Die feit dat gemeld word dat die MI-virus die liggaam deur die serviks binnedring, maak nie net die kwessie duideliker nie, maar lig die leser terselfdertyd in waarom die studie gedoen word. Só dra dit by tot kontekstualisering.

Die nuusitems geskryf deur Claire Keeton in die *Sunday Times* is uitstekende voorbeelde van die deeglike omskrywing van vaktaal en –terminologie (vgl. ST19/1/4-22). In haar beriggewing oor vrywilligers se betrokkenheid by entstoftoetse spel sy duidelik uit wat van die vrywilligers verwag word, hoe 'n entstof werk, wat die fases van die navorsing is en waarom daar geen risiko is vir besmetting nie (ST29/6/5-10). Sy verduidelik dat indien deelnemers positief toets vir MIV weens die entstof, is dit 'n vals positief as gevolg van die teenliggaampies: "... participants can insist on a test for the virus itself [rather than the usual test for antibodies]..." (ST29/6/4-10).

Die *Sunday Sun* gebruik uit hoofde van sy populistiese aard en gepaardgaande oppervlakkige wyse van beriggewing min vaktaal in MIV/vigsnuusdekking. In die enkele meer wetenskaplike artikel in die uitgawe van 22 Junie (SS22/6/6-20) is daar wel gepoog om die terminologie te omskryf. Die artikel handel oor navorsers wat sê hulle het bewyse gekry dat 'n vroeë vorm van MIV/vigs (die sogenaamde *simean*

immunodificiency virus, SIV) twee aapspesies besmet het voordat dit na sjimpansees en mense versprei het. In die artikel word SIV omskryf en verduidelik dat dié virus die aapspesies nie skade aandoen nie. Die kopie is deur Health24 verskaf, omdat die koerant nie skrywers het wat kundig genoeg is om hierdie onderwerpe te behartig nie, sê Vink (2005).

In *Rapport* is eweneens goeie pogings om terminologie en vaktaal te omskryf, byvoorbeeld in die artikel oor Johan Stoop van Bethal (R4/5/6-20). Volgens die nuusitem het Johan bloed gekry van 'n skenker wat vermoedelik in die venstertydperk was. Dié begrip word soos volg beskryf: "Die MI-virus kan dan nie opgespoor word nie." Hoewel dit sekerlik duideliker omskryf kan word, is hierdie verduideliking voldoende binne die konteks van die artikel, wat fokus op die mens-element. 'n Meer wetenskaplike artikel sou 'n breedvoeriger verduideliking vereis.

Enkele leemtes in die omskrywing van vaktaal is in die *Sunday Times* en *Rapport* geïdentifiseer. In 'n nuusberig in eersgenoemde koerant (ST22/6/3/6) oor Lawrence Ndou, die man van Soweto wat die dryfveer was agter die U2-lid Bono se betrokkenheid by die stryd teen MIV/vigs, word nie verduidelik wat 'n "Aids drug programme" is nie – iemand sonder agtergrond sal nie weet dat farmaseutiese maatskappye en ander instellings ARM gee aan mense wat aan spesifieke toetse deelneem nie.

Daar word ook nie verduidelik wat die CD4-seltelling behels en waarom dit belangrik is nie[2]. Die joernalis noem net dat Ndou ernstig siek geword het en dat sy CD4-telling tot onder 35 gedaal het. Vir lesers wat nie weet dat hy dan reeds vigs het nie, sal hierdie inligting geen waarde hê nie. Daar word verder nie gekontekstualiseer deur te noem wat die CD4-seltelling van gesonde mense is nie, wat begrip sou verhoog. Verder word gepraat van 'n "antiretroviral triple-cocktail" sonder om te sê dat dit 'n kombinasie van drie antiretrovirale middels is.

In 'n nuusberig oor die leerlinge wat ander by 'n skool in Humansdorp in die Oos-Kaap 'n poets wou bak deur hulle met 'n naald te prik ná 'n praatjie oor MIV/vigs, word ook nagelaat om vaktaal te omskryf (ST1/6/3-8). Die joernalis verduidelik nie wat "saliva-based HIV 'quick-test kits'" is nie. Die stelling dat as iemand positief toets, "there would be a race against time to administer antiretroviral drugs that could

[2] Die begrip word in voetnoot 8 in hoofstuk 1 verduidelik.

prevent the virus from taking hold in their children's bloodstreams" hang ook in die lug en skep net vrae by die leser. In *Rapport* word in 'n berig oor entstoftoetse wat gaan begin nie omskryf wat die begrip kliniese toetse behels nie, wat oningeligte lesers in die war kan laat (R23/3/1-16).

7.2.3 Hoe word mense/groepe/die MIV/vigsepidemie beskryf?

Wanneer die manier waarop die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport* na mense met MIV/vigs, groepe mense of die MIV/vigsepidemie verwys, vergelyk word met die voorstelle van belangegroepe soos saamgevat in Tekskassie 3.1 in paragraaf 3.1.3.1 *Stigma en diskriminasie* in hoofstuk 3, skep dit enersyds die indruk dat die koerante sensitief oor MIV/vigs berig. Aan die ander kant is daar nog heelwat leemtes en word taalgebruik wat belangegroepe as onaanvaarbaar sien en beskrywings wat selfs feitelik verkeerd is, dikwels aangetref. Joernaliste wat (in die ondersoektydperk) nie gereeld oor MIV/vigs verslag gedoen het nie, maak dikwels die meeste foute, byvoorbeeld Jacob Rooi in *Rapport* (R6/4/2-14), en Michael Schmidt in die *Sunday Times* (ST22/6/3-6). Hieruit kan waarskynlik afgelei word dat hierdie skrywers net af en toe oor die onderwerp verslag doen en dus nie so onderlê is in die korrekte terminologie as van hul kollegas wat meer gereeld daarmee te doen kry nie. Insgelyks skep dit die indruk dat daar in die subredigeerkantore min mense is wat die taal van MIV/vigs ken, omdat ooglopende probleme nie daar reggestel word nie.

Die *Sunday Times* het 'n gesondheidsverslaggewer wat skryf oor MIV/vigs en die subredakteurs en veral nuusredakteurs is fyn ingestel op die taalkwessie, sê Makhanya (2005). Hy sê verder gesondheidsverslaggewers is gewoonlik baie puntenerig en sal nie sonder meer laat krap aan hul kopie nie. Vink (2005) sê daar is twee kopiesubredakteurs by die *Sunday Sun*, albei met jare se ondervinding. Van hierdie mense word verwag om verantwoordelikheid te aanvaar vir die kopie wat verskyn. Subredakteurs, hoe ervare ook al, kan egter nie sonder insette en soms leiding van kundige verslaggewers werk nie. Die gebrek aan kundigheid in die nuuskantoor van die *Sunday Sun* waarna Vink verskeie kere in sy mededeling verwys, syfer dus ook deur na die subkantoor. Daar is reeds in 7.2.1 verwys na die onkunde oor MIV/vigs in *Rapport* se subkantoor.

Die grootste knelpunt is dat daar in al drie koerante steeds klem gelê word op die slagofferbeeld van mense met MIV/vigs, in pas met die slagoffernuusrame wat

dikwels geskep word (sien paragraaf 6.2.1 *Hoe word die MIV/vigsepidemie in die item uitgebeeld?* in hoofstuk 6; en paragraaf 3.1.2.1 *Nuusrame* in hoofstuk 3 vir 'n volledige bespreking). Voorbeelde sluit in "Aids sufferers" (ST30/3/4-13); "those suffering from HIV/Aids", "people suffering from HIV" en "victims" (ST30/3/2-13); "Aids victim at death's door", "African Aids sufferers" en weer "Aids sufferers" (ST22/6/3-6); "babies and toddlers suffering from Aids" (SS20/4/2-13); "HIV-Aids (sic) victims" (SS23/3/2-14); "die meeste slagoffers is arm en swart mense" (R6/4/2-14); en "HIV positive victims" (SS11/5/2-2). Een van die grofste flaters wat nie net MIV/vigstaal betref nie, maar ook swak subredigering, is gevind in 'n berig in *Rapport* van 6 April (R6/4/1-2) waar verwys word na "arm vigsleiers".

Die (volgens belangegroepe) korrekte manier van verwys na MIV/vigs is dikwels gebruik in nuusdekking oor MIV/vigs in die drie koerante, ondanks die voorbeelde hierbo genoem. Voorbeelde van die korrekte gebruik sluit in "people with HIV/Aids" en "people living with Aids" (ST12/1/1-1); "people affected by HIV/Aids" (SS18/5/4-13) en "children living with Aids" (SS18/5/5-16).

Wat verwysing na die epidemie self betref, staan belangegroepe krities teenoor die beeld van 'n plaag en onafwendbare krisis wat dikwels in die media geskep word, omdat dit die kanse verskraal dat die stigma en stereotipes wat aan MIV/vigs in veral Suid-Afrika kleef, sal verminder. Verwysings van hierdie aard is in al drie koerante gevind. *Rapport* verwys dikwels na die epidemie as 'n krisis, byvoorbeeld "MIV/vigs kan krisis in KwaZulu-Natal veroorsaak" (R13/4/2-9). In 'n artikel in die *Sunday Times* van 2 Maart verwys aartsbiskop Njongonkulu Ndungane na "combating the scourge", "the ravages of the new Holocaust", en "the Aids tide". Ander beskrywings wat gevind is en wat 'n negatiewe beeld bevorder, sluit in "dreaded disease" (SS30/3/4-24).

Die duidelikste en waarskynlik mees vreesaanjaende beeldspraak is gevind in die rubrieke van Liz Khumalo, *Up close and personal,* in die *Sunday Sun*. In die uitgawe van 11 Mei skets sy onder die opskrif *Aids can hit anyone* (SS11/5/3-12) 'n scenario van twee mense wat by troue ontmoet, verlief raak, en beskermde seks[3] het tot hulle trou, maar daarna nie meer nie. Die vrou raak swanger, en die paartjie vind uit hulle het albei MIV. Sy verloor die baba, en sy en haar man sterf. Die boodskap is "... like a creeping monster, HIV/Aids can strike anybody down ...". Die beeldspraak sluit in verwysings soos "slowly eaten up by the deadly virus", "...until Aids did them part",

[3] Hierdie spesifieke term se gebruik word in hoofstuk 9 bespreek.

"like a creeping monster, HIV-Aids had trespassed into their lives", "And like a ruthless intruder, it spiralled their pathetic lives down into the gorge of death". Die *Sunday Sun* gebruik die "skokfaktor" om inligting oor te dra, sê Vink (2005). Volgens hom is dit die koerant se manier om te skryf oor goed wat met mense gebeur en dit lok ook reaksie by die lesers uit. Beskrywings soos hierdie bevorder egter nie net 'n boodskap van vrees nie, maar skets 'n uiters negatiewe beeld. Hoewel 'n mens begrip het vir die bewusmakingsfunksie wat rubrieke soos hierdie kan vervul, behoort joernaliste te waak teen té erge beskrywings wat uiteindelik die boodskap kan verdwerg.

Daar is verder enkele voorbeelde gevind van MIV/vigstaalgebruik wat onakkuraathede tot gevolg het. In hierdie verband behoort 'n joernalis net na mense met MIV/vigs as pasiënte te verwys in die konteks van mediese behandeling in 'n instelling soos 'n hospitaal, soos in die *Sunday Times* van 6 April (ST6/4/2-4) waar die woord "patients" korrek in die konteks van mediese behandeling gebruik word. Dit strook nie net met die aanbevelings van belangegroepe nie (sien Tekskassie 3.1, paragraaf 3.1.3.1 *Stigma en diskriminasie* in hoofstuk 3, maar is ook taalkundig korrek. In die HAT (2000:835) word die woord pasiënt só verklaar: "Persoon wat behandeling vir 'n siekte kry; sieke onder behandeling van 'n dokter." Iemand wat nie behandel word nie, is dus nie 'n pasiënt nie. Baie mense met MIV leef lank gesond en het geen behandeling nodig nie. Om na hulle te verwys as pasiënte sal onakkuraat wees. In teenstelling met hierdie verduideliking word in *Rapport* dikwels voor die voet na mense met MIV/vigs as pasiënte verwys, soos in R13/4/1-8 (sien ook ST30/3/4-13).

Dit is verder nie akkuraat om van MIV-positiewe mense te praat in die konteks van ARM nie, soos byvoorbeeld in 'n berig met die opskrif *Rompslomp weerhou glo R320 miljoen. Regering 'te lam' om geld vir vigs te vat* in *Rapport* van 13 April (R13/4/1-8). ARM word nie aanbeveel vir mense wat nog nie vigs het nie.

Verdere onakkuraathede is bespeur in die gebruik van die woorde "safe sex" en "full-blown Aids) (SS22/6/2-5). Belangegroepe beveel die woorde "safer sex" aan, omdat geen seks heeltemal veilig is nie. Verder meen hulle daar is nie so iets soos "lesser blown Aids" nie (vgl. Tekskassie 3.1, paragraaf 3.1.3.1 *Stigma en diskriminasie* in hoofstuk 3). 'n Mens is MIV-positief tot die CD4-seltelling tot onder 200 daal. Dan het jy vigs.

Ander voorbeelde van taalgebruik wat strook met dit wat die belangegroepe aanbeveel, is die gebruik van woorde soos "acquiring HIV" (ST4/5/2-6) en "those who have contracted HIV-Aids (sic)" (SS22/6/2-5) pleks van "transmission of HIV"; en "tested for HIV/Aids". Streng gesproke behoort daar in die konteks van toetse glad nie na Aids/vigs verwys te word nie, omdat die toetse net vasstel of iemand MIV het, en nie of hy of sy vigs het nie. "HIV/Aids" word waarskynlik in hierdie voorbeeld gebruik omdat die *Sunday Times* meestal só na die epidemie verwys.

7.2.4 Word woorde wat negatiewe emotiewe waarde het, gebruik?

In aansluiting by paragraaf 7.2.3, word daar in hierdie afdeling gekyk na woorde met negatiewe gevoelswaarde. Die woorde slagoffer en lyer en hul Engelse eweknieë is dikwels gevind in die drie koerante (ST29/6/4-10; ST11/5/1-2; ST30/3/2-13; ST25/5/3-6;SS11/5/2-2; SS23/3/2-14; R/4/2-14). Ander noemenswaardige voorbeelde is "oorlog" en "bedreig" (in die konteks van die epidemie wat die land bedreig) (R4/5/3-14); en "scourge" (*ST23/2/7-21*). Die woord "obsessie" in 'n nuusartikel oor Sibongile Manana (Mpumalanga se LUR vir gesondheid) en haar pogings om ARM uit Mpumalanga te hou onder die opskrif *Manana se ystervuis* in *Rapport* van 16 Maart (R16/3/1-9). Hoewel die woord negatiewe gevoelswaarde het, is dit 'n goeie keuse om die LUR se beheptheid met die probleem uit te druk.

In die feature-artikel oor Johan Stoop van Bethal word die suggestie van blaam geskep deur die woordkeuse en ook keuses van aanhalings, byvoorbeeld in die woorde van sy ma: "Ons is vir niemand kwaad nie" (R4/5/6-20). Hoewel belangegroepe meen dat die media die kwessie van waar/hoe iemand die virus gekry het, moet vermy, is dit in die konteks van hierdie nuusitem sekerlik geregverdig en is blaam ook nie onvanpas nie. Johan is immers nog 'n kind en het die virus tydens 'n bloedoortapping opgedoen.

"Panic" is ook 'n negatiewe emotiewe woord (ST1/6/3-8). Die gebruik daarvan in die opskrif van die nuusberig oor die poets in die hoërskool in Humansdorp is egter nie heeltemal akkuraat nie. Uit die berig blyk dit duidelik dat die skoolowerheid en ouers onmiddellik en daadwerklik opgetree het om probleme te voorkom. "Panic" dui op pandemonium, wat daar nie was nie. Die ouers het ook nie ge-"fume" nie. Trouens, hulle was vol lof vir die vinnige optrede van die skoolhoof. Die opskrif *"Prank sparks Aids panic. Children undergo HIV tests and parents fume after playground pin-*

pricking game rocks school" is waarskynlik geskryf deur 'n subredakteur wat die storie meer impak wou gee. Negatiewe woorde is nie onvanpas in die joernalistiek nie. Waarteen joernaliste en subredakteurs egter moet waak, is dat akkuraatheid prysgegee word net om meer impak te verkry.

Twee goeie voorbeelde van negatief gelaaide taalgebruik is gevind in die *Sunday Sun* (SS4/5/3-11) en *Rapport* (R22/6/3-23). Eersgenoemde is die opvolgberig op die MIV-toetse wat senior bestuurslede in die polisie ondergaan het. Die leser kry die idee die joernalis het probeer uitvind wat die resultate was, maar toe hy (Steve Dlamini) nie kon nie, het hy die indruk geskep dat die polisie die uitslae geheim hou. Dit blyk uit die volgende aanhaling: "... Jackie Selebi and his top managers haven't been that eager to reveal the results – not that the law demands that anyone has to come clean about the actual status." Dit is veral die woorde "haven't been that eager", "to come clean" en "actual status" skep die indruk dat die MIV-status iets is waaroor as 't ware gebieg moet word, soos oor 'n kriminele rekord. Dit is uiters negatief, veral omdat die polisie die stap gedoen het in 'n poging om bewustheid te skep en, in pas met die nasionale regering se beleid van vrywillige toetsing, lede aan te spoor om hulle te laat toets.

'n Voorbeeld van 'n item wat heelparty woorde met positiewe emotiewe waarde bevat, is gevind in die Sunday Times van 20 April (ST20/4/5-11). Die nuusberig handel oor die TAC-leier Zackie Achmat wat deur *Time Magazine* vereer is as 'n wêreldheld (*world hero*) saam met nog 32 ander mense. Die woorde wat hierin opval, is "hero", "star", "prestigious", "dedication", "(football) genius", "honour", en "inspirational people".

7.2.5 Word sensasie geskep deur die taalgebruik?

Wat die belangegroepe teen sensasie het, is dat dit oppervlakkig is, 'n kultuur van stigmatisering en diskriminering skep en te veel op emosie steun (sien paragraaf 3.1.3.2 *Sensasie* in hoofstuk 3). Daarom word kritiese en indieptejoernalistiek eerder voorgestaan. Joernaliste moet volgens Beamish (2002:cd-4696) ook in gedagte hou dat MIV/vigs en wat daarmee verband hou, nie vermaak is nie.

In *Rapport* kon die navorser in die ondersoektydperk geen voorbeelde vind van taalgebruik wat sensasie skep nie. In die ander twee koerante was daar wel enkele

voorbeelde, wat meestal verband hou met lewendige, hoogs emosionele beskrywings, soos "Aids victim at death's door" (ST22/6/3-6).

Die gebruik van 'n narratiewe skryfstyl dra ook by tot sensasionalisering van die onderwerp. Die voorbeeld in hierdie verband staaf belangegroepe se standpunt dat daar uit eie geledere ook gesensasionaliseer word, al is dit net in geringe mate. In 'n artikel in die *Sunday Times* van 23 Maart (ST23/3/2-18) skets Mark Heywood van die TAC en Aids Law Project die prentjie van middelklasmense met siekefondse en hoe hulle voel wanneer hulle 'n kind dringend by 'n dokter of hospitaal moet kry. Daarteenoor skets hy die woede van arm mense – veral dié met MIV/vigs – oor hulle nie toegang het tot gesondheidsdienste nie. Hy maak die volgende emosionele uitspraak: "…without political commitment, 600 people will die today and tomorrow and tomorrow and tomorrow."

Insgelyks skep aartsbiskop Njongonkulu Ndungane in die uitgawe van 9 Februarie (ST9/2/4-41) die beeld van MIV/vigs as gelyk aan die Nazi-menseslagting tydens die Tweede Wêreldoorlog wanneer hy verwys na "the ravages of our new Holocaust". Dié woorde skok, maar wanneer 'n mens daaroor nadink, skets dit beslis 'n werklike prentjie.

Die berig oor die beweerde bendeverkragting van 'n MIV-positiewe man in die *Sunday Sun* van 27 April is sensasioneel aangebied. Die sensasie word egter versterk deur die woordkeuse, byvoorbeeld "blood-curdling tale of abduction and gay gang-rape" en "sex slave". Die taalgebruik in die rubriek van Liz Khumalo in die uitgawe van 11 Mei (SS11/5/3-12) is eweneens sensasioneel, en nog 'n voorbeeld van die narratief wat sensasie kan versterk. Dit is wel belangrik dat 'n publikasie die erns van MIV/vigs by sy lesers tuisbring, maar joernaliste moet daarteen waak om nie so in die narratief te verval dat die boodskap nie meer geloofwaardig is nie. Woorde soos "slowly eaten up by the deadly virus", woordspeling soos "...until Aids did them part", "like a creeping monster, HIV-Aids had trespassed into their lives" en "... like a ruthless intruder, it spiralled their pathetic lives down into the gorge of death" is oordrewe.

7.2.6 Word mense/groepe gestereotipeer of word daar teen hulle gediskrimineer deur die taalgebruik?

Omdat die media 'n rol speel om inligting te verskaf waarvolgens nuusgebruikers besluite neem, is die manier waarop hierdie inligting aangebied word, baie belangrik. Geskied dit op 'n eties verantwoordelike manier? In die konteks van MIV/vigs hou etiese aanbieding in dat mense of groepe mense nie gestereotipeer word of dat daar teen hulle gediskrimineer word nie. Indien die media hierdie pad volg, sal die stigma wat aan die epidemie kleef, nie uitgewis kan word nie. Dit is die kern van belangegroepkritiek teen MIV/vigsnuusdekking in die Suid-Afrikaanse media (sien paragraaf 3.2.3.1 *Stigma en diskriminasie in taalgebruik* in hoofstuk 3). Enkele punte van kritiek is die uitbeeld van MIV/vigs as 'n arm, swart, of gay siekte, of 'n virus wat hoofsaaklik deur vroue versprei word (sien ook paragraaf 3.2.2.1 *Nuusrame*).

Geen voorbeelde van direkte diskriminasie is in die ondersoekmateriaal gevind nie, maar daar was duidelike voorbeelde van taalgebruik wat mense of groepe stereotipeer en beslis daartoe bydra dat die stigma om die siekte voortduur.

Nêrens is enige item gevind wat MIV/vigs as "straf/punishment" beskryf nie. Dit, en die plaas van blaam, is 'n kwessie waaroor belangegroepe besonder liggeraak is in die konteks van stereotipering. Die klem op die beskrywing van mense met MIV/vigs as "slagoffers/victims", en "lyers/sufferers" in al drie die koerante bevorder 'n negatiewe beeld van die epidemie en speel 'n groot rol in die voortbestaan van die stigma wat daaraan kleef.

Talle voorbeelde van hierdie woordgebruik is gevind (vgl. ook die besprekings in paragrawe 7.2.3, 7.2.4 en 7.2.5). Deur op hierdie manier berig te doen, word mense met MIV/vigs gestereotipeer as hulpelose, swak slagoffers. 'n Voorbeeld van sulke taalgebruik is gevind in die *Sunday Times* van 30 Maart (ST30/3/2-13) in 'n meegaande berig (*sidebar*) oor die MNR wat vyf tradisionele middels geïdentifiseer het wat mense met MIV/vigs kan help. In die berig word gesê mense met MIV/vigs is "desperate to try anything that may help" (vgl. ook ST30/3/4-13; ST20/4/6-16; SS22/6/3-6; SS11/5/2-2; SS23/3/2-14). In die item oor Lawrence Ndou (ST22/6/3-6) word vertel hoe hy van 'n "Aids sufferer at death's door" verander het in 'n "healthy and dynamic antiretroviral drugs campaigner". Daar word deurgaans van "sufferers" gepraat. Die skrywer kan egter net spekuleer oor of die joernalis deur die gebruik van

hierdie woord die kontras wou aandui tussen mense wat ARM kry (soos Ndou) en dié wat daarsonder moet klaarkom. Hoe dit ookal sy, dit bevorder die negatiewe beeld en ook stereotipering in dié sin dat dit 'n siekte is van arm mense.

In *Rapport* word telkens die indruk geskep dat mense met MIV ook siek is en noodwendig ARM nodig het. Die herhaalde gebruik van die woorde "pasiënt" in die konteks van MIV/vigs (R13/4/1-8), selfs wanneer dit buite hospitaal- of behandelingsverband is en dus nie van toepassing is nie, versterk verder die beeld dat mense met MIV/vigs noodwendig siek is. Daar word nie klem gelê op die feit dat mense met die toestand jare lank produktief kan leef voordat hulle begin siek word nie. Dit is juis hierdie beeld wat belangegroepe wil bevorder.

In die *Sunday Sun* word in aansluiting met die bogenoemde dikwels uitgebrei oor hoe mense met die siekte lyk. Só word Fana Khaba in 'n opvolgberig in die uitgawe van 15 Junie (SS15/6/2-4) beskryf as baie swak en maer. Die berig fokus egter ook op die positiewe en beklemtoon dat die platejoggie weer by die werk is, sy swak gesondheid ten spyt.

Rapport skep verder afstand tussen hom en mense met MIV/vigs deur te verwys na MIV/vigs as 'n siekte van arm en swart mense (vgl. veral Beamish [2002:cd-4693] se standpunt in 3.2.2.4 *Stereotipering en sensasionalisering in aanbieding*, soos ondersteun deur Delate, 2003b:17 en Fourie 2001a:481). 'n Goeie voorbeeld hier is Jacob Rooi se berig *In hof sal hy wéér sê Manto is moordenaar* in die uitgawe van 6 April (R6/4/2-14). Hy skryf: "Die meeste slagoffers is arm en swart mense ..." en fokus besonder sterk op die beeld van slagoffers en lyding (vgl. ook R6/4/1-2, waarin klem gelê word op MIV/vigs as 'n siekte van arm mense). Hieruit kan die navorser aflei dat die koerant hom as 't ware distansieer van die siekte as 'n probleem wat hom en sy lesers nie juis raak nie. Dit is in pas met wat in die literatuur oor Afrikaanse koerante aangevoer word (vgl. Kok, 2003).

In reaksie op die bogenoemde standpunt sê Du Plessis (2005) die woord "distansieer" is te sterk. Hy sê die koerant skryf ook nie baie oor sokker nie, maar dit beteken nie hy distansieer hom van hierdie onderwerp nie. Sy lesers stel bloot nie daarin belang nie. Hy sê wel dat *Rapport*-lesers *behoort* te lees oor MIV/vigs, maar dat die onderwerp nie in hul kele afgedwing word nie.

Berigte soos dié in die *Sunday Times* van 4 Mei oor die onenigheid tussen 'n man en sy bruid nadat 'n koerant(e) ("Ikhwezi News, Pondo News and the Ilizwi Lethu newspaper"[4]) (ST4/5/3-7) bekend gemaak het sy het MIV, kan potensieel 'n groot invloed hê op mense se bereidwilligheid om hul status bekend te maak. Die berig met die opskrif *Love turns sour after paper says bride has HIV*, wat die Sunday Times uit die gemeenskapspublikasie(s) opgevolg het, is onverantwoordelike joernalistiek. Dit kan die mense se trauma vererger, veral in die lig daarvan dat niks positiefs gesê word nie. Die navorser kry die indruk dat die *Sunday Times* 'n brokkie nuus uit die storie geput het en die storie toe net daar laat staan het sonder om aan die moontlike gevolge te dink (geen verdere opvolgberig is in die ondersoektydperk gevind nie). Gedagtig aan die stigma en probleme wat in swart gemeenskappe ondervind is toe mense hul status bekend gemaak het (sien die gevalle van Gugu Dlamini en Mpho Motloung in paragraaf 2.2.1.2 *Normatiewe keuses* in hoofstuk 2), is dit onverantwoordelik om die skade wat reeds aangerig is, te vererger. Wat ook hier na vore kom, is belangegroepe se aandrang daarop dat verslaggewers mense vooraf moet inlig oor presies wat hulle gaan doen. Ingeligte toestemming word alom bepleit, maar dit blyk dat dit hier nie die geval was nie. Dit is verder bloot swak joernalistieke praktyk om jou nie te identifiseer nie. Die navorser kry verder die indruk dat die *Sunday Times* meen die ander koerant het nou reeds die storie gebreek (en die skade aangerig?) en hy kan bloot voortgaan daarmee.

Wat die stereotipering van vroue betref, is 'n voorbeeld gevind wat waarskynlik die teenoorgestelde vermag deur empatie te wek met swanger vroue. Dié nuusberig handel oor die navorsingsverslag Saving Mothers 1999-2001 oor moedersterftes in die land waarin gevind is dat MIV/vigs die voorste oorsaak van dood onder swanger vroue geword het (ST9/3/3-4). Hierdie item is nie opgeblaas wat inhoud of aanbieding betref en só gestereotipeer nie. Die opskrif, *HIV/Aids is top killer of pregnant women,* kan die indruk skep dat dramatiese inligting volg. Die inligting is wel dramaties, maar is sober aangebied sonder om vroue in 'n swak lig te stel.

[4] Die navorser het verwysings op die internet gevind vir die gemeenskapskoerante *Ikhwezi News* en *Pondo News*, maar nie vir die "Ilizwi Lethu newspaper" waarvan die berig praat nie. Die oorsprong van die berig kon dus nie nagevors word om groter duidelikheid daaroor te kry nie.

7.3 Gevolgtrekking

'n Joernalis kan nie neutraal staan nie, ook nie wat taalgebruik betref nie. Dit sou dus ook onverantwoordelik wees deur nié in die taalgebruik vir die leser die erns van MIV/vigs duidelik te maak nie. Wat is die sindroom anders as 'n gevreesde siekte (*dreaded disease*)? Belangegroepe maak kapsie teen sulke taalgebruik. Die gevolgtrekking kan egter gemaak word dat dit nodig is om die verskrikking van die siekte by die lesers tuis te bring, anders kan mense gerus raak. Dit behoort egter gebalanseer te word met 'n boodskap van hoop en joernaliste behoort sensitief te wees in die keuse van woorde.

HOOFSTUK 8

Kwalitatiewe analise: akkuraatheid

8.1 Inleiding

Die MIV/vigsnuusdekking in die *Sunday Times*, *Sunday Sun* en *Rapport* word in hierdie afdeling beoordeel aan die hand van die belangegroepriglyne wat verband hou met die kern van eties aanvaarbare joernalistiek, naamlik akkuraatheid.

Die spesifieke riglyne wat in hierdie hoofstuk ter sprake is, is die volgende:

- Beriggewing moet akkuraat wees; dus regverdig, gebalanseerd, feitelik korrek, waar, binne konteks, gefokus en volledig;
- Gebruik minstens twee geloofwaardige bronne – waar van toepassing ook mense met MIV/vigs;
- Gaan versigtig te werk met syfers en statistieke en dateer data; en
- Wees skepties oor aansprake, veral wat kure, toetse op mense en entstowwe betref.

Die bogenoemde riglyne het in hoofstuk 3 uitgeloop op **Teoretiese stelling 4**, aan die hand waarvan die ondersoekmateriaal ontleed is: ***Om eties aanvaarbaar te wees, moet beriggewing oor MIV/vigs akkuraat wees. In hierdie verband moet die media:***

- ***gebalanseerd skryf;***
- ***'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik;***
- ***duidelik en helder formuleer;***
- ***die storie in konteks plaas;***
- ***volledig, gefokus en feitelik korrek berig lewer;***
- ***statistiek en syfers versigtig gebruik; en***
- ***skepties staan teenoor aansprake, veral wat kure betref.***

8.1.1 Is die item helder en duidelik geformuleer?

Kommunikasie vind net plaas wanneer die boodskap die ontvanger getrou aan die oorspronklike bedoeling van die sender bereik. MIV/vigs is 'n komplekse onderwerp wat beteken dat ingewikkelde begrippe eenvoudig en duidelik aan die leser oorgedra moet word, sonder groot omhaal van woorde. Joernaliste behoort aan betekenis aandag te gee en nie op die woord self te konsentreer nie, met ander woorde, woorde behoort nie gebruik te word omdat dit "mooi klink" nie, maar omdat dit gepas is in die kommunikasieproses (sien paragraaf 3.2.4.3 *Leesbaarheid: helderheid en duidelikheid* in hoofstuk 3). Om die boodskap duidelik oor te dra, hou uiteraard in dat die verslaggewer die stof begryp.

In aansluiting by die bevinding dat MIV/vigsnuusdekking in die koerante in hierdie studie ter sprake breedweg in goeie en duidelik verstaanbare taal geskied (sien paragraaf 7.2.1 *Is die item in duidelike en verstaanbare taal geskryf?* in hoofstuk 7), is daar baie min voorbeelde van onduidelike formulering gevind. Dit kan enersyds toegeskryf word aan 'n bevredigende taalvaardigheid aan die kant van die joernaliste en andersyds aan toereikende subredigering. Of dit ook toegeskryf kan word aan bevredigende kennis oor die onderwerp van MIV/vigs, is 'n vraag wat net deur verdere ondersoek beantwoord sal kan word. In hierdie studie is aanduidings gevind dat joernaliste in die algemeen oor die basiese MIV/vigskennis beskik. Wat die *Sunday Sun* spesifiek betref, kan die bevinding ook toegeskryf word aan die oppervlakkige manier waarop daar oor MIV/vigs verslag gedoen word. Byna geen kritiese en indiepte beriggewing is gevind nie. Wanneer 'n publikasie net bolangs oor temas skryf, is die kans op onduidelikhede heelwat minder. Kritiese en ondersoekende joernaliste moet des te meer daarop let dat hul boodskap duidelik gekommunikeer word.

Daar is gevind dat helderheid agterweë bly wanneer die chronologie van 'n gebeurtenis belangrik is om duidelikheid te kry, soos in die nuusberig van Ilse Fredericks en Mawande Jubasi, *Aids grant caught up in more red tape. Health projects must wait longer for UN funds after the government stops short of sighning*, in die *Sunday Times* van 13 April (ST13/4/1-4). Dit handel oor die regering wat glo die ondertekening van 'n ooreenkoms vertraag waarvolgens KwaZulu-Natal, loveLife en Soul City altesame R320 miljoen van die Global Fund to fight Aids, Tuberculosis and Malaria (GF) sal kry. Dit is aanvanklik onduidelik oor hoe die proses tot op daardie tydstip geloop het. In die inleiding sê die joernaliste die regering het die

ondertekening vertraag. In die tweede paragraaf staan: "The Health Department refused to sign the first-round agreement on the funding process." Met die voorkennis dat die saak 'n knelpunt geword het juis omdat dit so gesloer het, is dit moeilik om te bepaal of hier van 'n vorige geleentheid of dié een wat in die inleiding genoem word, gepraat word. 'n Leser sonder voorkennis sal waarskynlik ook 'n leemte hier vind, omdat dit duidelik blyk dat daar reeds sulke voorvalle was. Om die saak duideliker te maak, is kontekstualisering uiteraard nodig (sien die bespreking in die hieropvolgende paragraaf oor konteks).

Die opvolgberig oor die MIV-toetse op senior polisielede in die *Sunday Sun* van 4 Mei (SS4/5/3-11) is ook onduidelik. Die leser besef eers in die derde paragraaf die toetse waarvan gepraat word, is MIV-toetse en kan eers dan aflei waarna "medical results" verwys:

> Cops are normally tough and fearless but Sunday Sun readers have noted that police boss Jackie Selebe and his top managers haven't been that eager to reveal the results – not that the law demands that anyone has to come clean about their actual status.
>
> However, there was a definite air of stonewalling this week when Sunday Sun asked the relevant authorities about what happened to the medical results.
>
> Dr Mala Singh, who co-ordinated the voluntary HIV-Aids test on 14 police managers, including national police commissioner, Selebe in February, said the results were "confidential".

Dit is nie duidelik of die verwarring wat ontstaan die gevolg is van onbevredigende kontekstualisering of swak subredigeerwerk nie.

In *Rapport* is onduidelike formulering gevind in 'n berig oor navorsing wat gedoen is oor die koste van die nasionale vigsbehandelingsplan (R27/4/5-22). Dit is veral onduidelik wie antiretrovirale middels (ARM) moet gebruik. Die berig lui: "Na raming sal die R32 miljard aan hospitaalkoste vir vigspasiënte in 2015 (indien geen antiretrovirale behandeling toegepas word nie) nie net die geprojekteerde gesondheidsbegroting oorskry nie, maar ook meer kos as die R26 miljard verbonde aan die hospitalisasie van MIV-positiewe mense wat antiretrovirale terapie ontvang." Belangegroepe stel dit duidelik dat mense net ARM nodig het wanneer hulle vigs het. Die storie sê "vigspasiënte" (korrek), maar later in dieselfde sin "MIV-positiewe

mense wat antiretrovirale terapie ontvang" (inkorrek). Dit blyk of die skrywer van die berig, Annemarie van Wyk, self nie weet wat die stand van sake is nie en daarom nie die saak vir die leser kan duidelik maak nie.

Die Sapa-berig in *Rapport* van 23 Maart (R23/3/1-16) oor die entstoftoetse by die Universiteit van Kaapstad is 'n voorbeeld van 'n berig wat onduidelik is, moontlik weens onoordeelkundige subwerk. Die berig is kort en terminologie word nie omskryf nie. Uit die gebruik van woorde soos "kliniese toetse vir 'n prototipe-vigsentstof" kan 'n mens egter die afleiding maak dat die skrywer inligting uit die verklaring van die Mediese Navorsingsraad (MNR) afgeskryf het sonder om te dink of dit vir die deursnitleser gaan sin maak. Die berig is ook deurspek met foute (sien die bespreking daarvan in paragraaf 8.1.6 *Is die item feitelik korrek?*).

8.1.2 Is die item duidelik in konteks geplaas, en gefokus?[1]

Nuusitems met 'n duidelike fokus verteer maklik, dié met perspektief (konteks) lei die leser tot insig (vgl. paragraaf 3.1.4.4 *Fokus en konteks* in hoofstuk 3) en help hom om beter ingeligte besluite te neem. Agtergrondkennis is egter hiervoor nodig.

Die meeste nuusitems in die ondersoekmateriaal is gefokus en bevat gevolglik nie té veel inligting nie. Dit hou by die onderwerp en word in enkele gevalle ondersteun deur meegaande berigte, soos belangegroepe dan ook aanbeveel. Geen voorbeelde is gevind waar die navorser die afleiding kon maak dat 'n joernalis iemand se uitsprake buite konteks of in die verkeerde konteks gebruik het nie. Daar is egter aanduidings dat joernaliste wat nie gereeld oor MIV/vigs skryf nie, 'n gebrek aan agtergrond het en dus dikwels nie die nodige konteks kan verskaf om die leser te help om die saak beter te begryp nie. Die meeste items kyk ook nie wyer as die onmiddellike nuusonderwerp nie (kyk R29/6/1-4, SS22/6/5-16, SS23/3/1-10, SS3/2/2-13, ST23/2/2-3, ST13/4/1-4, ST30/3/3-13). Hoewel dit in talle gevalle voldoende is, is daar voorbeelde waar wyer perspektief die item se gehalte sou kon verbeter. Een voorbeeld is die *Sunday Times*-berig oor die Nigeriese priester en sy besware oor advertensieborde met kaalborsvroue in Swaziland (ST18/5/1-1). Indien die joernalis meer inligting verskaf het oor die kulturele invloede wat sulke beelde nie

[1] Hoewel die vrae oor konteks en fokus (soos op die datavel in Bylae A) apart gehanteer is tydens die ontledingsfase, word die resultate daarvan saam aangebied. Om dit apart aan te bied, sou lei tot oorvleueling.

onvanpas maak in daardie land nie, sou die waarde van die item beslis verhoog kon word. Pleks daarvan is daar net op die seksuele innuendo's gekonsentreer, wat die storie bloot sensasie gemaak het.

'n Voorbeeld van 'n nuusitem waar meer perspektief groter insig sou kon bring, is dié in *Rapport* van 29 Junie oor die afgetrede biochemiese patoloog wat meen hy het 'n behandeling ontwikkel wat mense met MIV/vigs langer sal laat leef (R29/6/1-4). Dit sou waardevol wees indien die joernalis genoem het dat MIV die liggaam se immuunstelsel aanval waar sy verwys na die aanspraak dat die behandeling die immuunstelsel versterk.

Lesers kan net 'n oordeel vel oor nuusitems op grond van die inligting wat verskaf word. Indien hierdie inligting gebrekkig is, kan dit 'n groot invloed hê op besluite. Só sou 'n leser wat geen agtergrond het oor hoeveel mense vorendag kom met aansprake dat hulle 'n kuur vir vigs ontdek het, beslis aandag skenk aan die berig *My miracle herb cures Aids!* in die *Sunday Sun* van 12 Januarie (SS12/1/3-7). Daarteenoor sou 'n ingeligte leser die berig met 'n heelwat meer skeptiese ingesteldheid lees. Die publikasie sou 'n diens aan die lesers lewer deur in byvoorbeeld 'n meegaande berig of opvolgitem aandag aan die kwessie van aansprake te gee. Dit kan lesers help besluit oor hoeveel geloofwaardigheid hulle aan hierdie inligting behoort te heg.

'n Aspek waarop telkens min perspektief verskaf word, is die kwessie van ARM en wie dit nodig het. Trouens, joernaliste meld selde dat dit net mense met vigs is wat hierdie behandeling kry en dat nie almal van dié groep noodwendig ingesluit is nie (vgl. *ST2/3/2-4*). Omdat dit so dikwels gebeur dat die inligting weggelaat is, laat dit die vraag ontstaan of dit weggelaat word omdat die syfers meer indrukwekkend klink indien dit alle mense met MIV/vigs is teen wie die regering dan diskrimineer indien hy nie ARM beskikbaar stel nie, en of dit blote onkunde is. Indien eersgenoemde, sou dit nie net onakkuraat wees nie, maar ook oneties.

'n Beriggie in *Rapport* van 20 April oor iemand wat dood is weens die newe-effekte van ARM met 'n brokkie oor die GF ná 'n pika onderaan, is 'n voorbeeld van 'n ongefokusde item (R20/4/1-3). Hoewel dit nie ongewoon is om onverwante inligting op hierdie manier in dieselfde item te gebruik nie, sou dit sinvol gewees het om eerder op net een onderwerp te konsentreer en meer besonderhede te verskaf omdat die inligting bloot te min is om werklik sin te maak. Daar word nêrens gesê wat

die GF is nie, wat die leser in die war kan laat. Dit kan ook die indruk skep dat losstaande kommentaar (van Sandy Kalyan van die DA) iewers ingepas moes word, en dat die enigste oplossing was om die twee onderwerpe te kombineer.

Jacob Rooi se berig oor die Treatment Action Campaign (TAC) wat sê dr. Manto Tshabalala-Msimang, minister van gesondheid, kan hom maar hof toe vat oor hy haar 'n moordenaar genoem het (R6/4/2-14) in *Rapport* van 6 April, kan die leser verwar. Hy noem "'n besluit deur die openbare beskermer" maar verwys nêrens verder daarna of klaar enigsins op wat die besluit was nie. Rooi sê egter die besluit kan die TAC in die hof laat beland. Die inligting kon ook bloot in die subredigeerkantoor in die slag gebly het. Dit is egter jammer dat 'n ander subredakteur dit nie raakgesien het nie omdat dit die berig totaal waardeloos laat.

Daar is talle voorbeelde van deeglike kontekstualisering, veral in beriggewing in die *Sunday Times.* Een voorbeeld is 'n nuusberig in die uitgawe van 4 Mei oor 'n skenking van die Bill and Melinda Gates Foundation vir 'n navorsingsprojek in Suider-Afrika (ST4/5/2-6). Buiten goeie agtergrondinligting oor die studie, verskaf die joernalis verdere perspektief deur te fokus op die deel van die studie in Suid-Afrika. Deur die inligting geografies nader aan die leser te bring, word die nuuswaarde ook verhoog. 'n Mens sou egter die hoek van die storie kon verander deur eerder te fokus op die feit dat die diafragma die eerste keer getoets gaan word om te kyk of dit die oordrag van MIV kan keer eerder as op die feit dat die Gates'e miljoene vir die navorsing bewillig het. Die stigting gee gereeld geld vir sulke projekte, ook in hierdie streek. Die navorsing is egter 'n eerste en beslis 'n nuwe nuushoek.

Nóg 'n voorbeeld is 'n opvolgberig in dieselfde koerant as die bogenoemde oor Sibongile Manana, LUR vir gesondheid in Mpumalanga, se derde poging om die organisasie Greater Rape Intervention Project (Grip) in die hof uit staatshospitale gesit te kry (ST16/2/4-7; vgl. ook ST29/6/5-10). Die joernalis Nashira Davids verskaf perspektief oor die aanloop tot die gebeure, die gebeure self, die redes wat Manana telkens aanvoer, wat die saak die staat kos en wat verwag kan word in die berig met die opskrif *Manana continues her war against rape group*. 'n Leser wat vir die eerste keer in dié berig lees oor die kwessie, kry genoeg inligting sodat die storie betekenis kry. Lesers wat die gebeure gevolg het, se geheue word deur die kontekstualisering weer verfris. Kontekstualisering is veral belangrik by gebeure soos dié wat baie inligting bevat of wat oor 'n lang tydperk strek en waar lesers maklik verward kan

raak. Die *Sunday Times* het byvoorbeeld in die uitgawe van 2 Februarie 'n item gepubliseer waarin net agtergrond oor die Manana-saak verskaf word (ST2/2/2-5).

8.1.3 Is 'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik?

Die grootste kritiek wat die gebruik van bronne betref, is dat joernaliste gereeld op 'n enkele bron steun, hul bron(ne) dikwels nie kundig is nie en dus nie geloofwaardig nie (hierdie aspek word in hoofstuk 5 in paragraaf 5.2.2.4 *Is paslike nuusbronne gebruik?* bespreek), en dat min moeite gedoen word om nuwe bronne te soek. Sonder 'n verskeidenheid van bronne kan balans in die beriggewing moeilik gehandhaaf word en is items dikwels onvolledig (sien paragraaf 3.2.4.6 *Balans* in hoofstuk 3). 'n Gemiddeld van sowat twee nuusbronne per item is in die ondersoekmateriaal bevind. Nuusbronne sluit mense en fisiese bronne soos dokumente en verslae in (sien paragraaf 3.1.4.5 *Nuusbronne* in hoofstuk 3).

Items in die *Sunday Times* bevat algemeen etlike toepaslike bronne (alle vorme van redaksionele kommentaar en meningsartikels is van hierdie ontleding uitgesluit), maar daar is wel voorbeelde gevind met leemtes in hierdie verband. In die *Sunday Sun* en *Rapport* is daar in meer as die helfte van die items nie genoeg toepaslike bronne geraadpleeg nie.

In die *Sunday Times* van 29 Junie (ST29/6/4-10) word 'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik in die nuusberig oor toetse op mense vir 'n vigsentstof en die etiese vrae wat dit laat ontstaan. Daar word verwys daarna dat MIV/vigsorganisasies bang is dat die hoop op 'n entstof hul pogings om veiliger seks te bevorder, sal ondermyn. Daar is egter nie met 'n spesifieke organisasie hieroor gepraat nie. Die berig skep wel die indruk dat daar voorheen oor die kwessie berig is en dat die inligting net in hierdie voorbeeld opgehaal word, maar geen voorafberig wat hierdie inligting bevat, is in die ondersoektydperk gevind nie. Hierdie bron(ne) word ook nie in meegaande items (sien ST29/6/5-10) gebruik nie.

Nóg 'n voorbeeld in die *Sunday Times* waar te min toepaslike bronne gebruik is, is die nuusberig van S'Thembiso Msomi met die opskrif *HIV/Aids is top killer of pregnant women* (ST9/3/3-4). Die joernalis haal net die verslag en die minister van gesondheid aan. Daar is geen ander bronne wat byvoorbeeld kommentaar oor die kwessie lewer en wyer perspektief verskaf nie. Opvolgberiggewing is ook nie gevind nie. In die berig *Love turns sour after paper says bride has HIV* (ST4/5/3-6) van die

joernalis Thabo Mkhize oor die moeilikheid tussen bruid en bruidegom nadat 'n koerant bekend gemaak het dat die vrou MIV-positief is, kon moeite gedoen gewees het om die gemeenskapskoerant kans te gee om sy saak te stel. Dit is egter nie gedoen nie, al het die *Sunday Times* die berig uit daardie publikasie opgevolg. Kommentaar (kortliks) oor die kwessie van stigma sou die berig verder meer lyf gegee het.

Verskeie voorbeelde van 'n gebrekkige verskeidenheid van toepaslike bronne, in enkele gevalle selfs die ooglopende bronne, is in die *Sunday Sun* gevind. In die uitgawe van 20 April (SS20/4/2-13) is gesteun op net 'n regeringswoordvoerder as die bron in 'n nuusberig oor kombinasieterapie vir babas in die Wes-Kaap. Nóg 'n voorbeeld van 'n enkele bron in dieselfde koerant kom voor in die uitgawe van 2 Februarie (SS2/2/1-9) in die Sapa-berig *Cop brass tested for HIV. Selebi: aim is to battle prejudice*. Die nasionale kommissaris van die polisie, Jackie Selebi, is hier die enigste bron. Dit sou die berig meer substansie gegee het indien daar 'n tweede bron gebruik is wat kommentaar lewer oor die kwessie van stigma en die waarde van toetse soos hierdie in die konteks van die omvang van die epidemie. Dit is te betwyfel of Selebi 'n kenner (en dus geloofwaardige bron) is op hierdie gebied.

In die berig *A ball isn't a virus. Villagers ban kids from soccer team of Aids victim* (SS11/5/2-2) skryf die joernalis Kgwako Malatji Giyani dat ouers gekla het oor die eienaar (Donald Nkuna) se MIV-positiewe status en hul kinders aan sy sokkerspan onttrek het. Giyani het egter met nie een ouer gepraat terwyl hy inligting vir sy storie ingesamel het nie (die ander bron is Dan Baloyi, 'n senior speler). Om hierdie ooglopende bronne uit te laat uit 'n storie wat selfs na hulle verwys in die opskrif ("Villagers..."), is swak joernalistiek (vgl. Du Plessis, 2005). Die opskrif skep 'n verwagting by die leser wat dan nie bevredig word nie. Daar is boonop geen voorafgaande of opvolgitems oor die kwessie gevind waar hierdie bronne gebruik is nie.

Insgelyks is geen ouer om kommentaar gevra in die nuusberig oor die skoolkinders in Humansdorp wat hul maats glo ná 'n MIV/vigspraatjie met 'n spuitnaald gesteek het nie (SS18/5/3-4). Die oorspronklike bron van hierdie berig met die opskrif *Pricked with 'Aids' needles?* is News24. Selfs indien hierdie internetnuusdiens 'n onvolledige berig gelewer het, lê die verantwoordelikheid by die publikasie wat dit gebruik, in hierdie geval dus die *Sunday Sun*, om seker te maak dat genoeg bronne gebruik word om te sorg dat die storie volledig, gebalanseerd en informatief is. In die berig ter

sprake word net die skoolhoof kortliks aangehaal. Daarteenoor het die *Sunday Times* in sy berig oor die gebeure (ST1/6/3-8) drie bronne, naamlik 'n verteenwoordiger van die skool, ouers en 'n kenner (dr. Glenda Grey, direkteur van die perinatale MIV-navorsingseenheid by die Chris Hani Baragwanath-Hospitaal in Soweto) wat inligting verskaf oor hoe groot die kans is dat MIV op hierdie manier versprei.

In *Rapport* is ook voorbeelde gevind van nuusitems met net 'n enkele bron, soos in die berig oor die afgetrede biochemiese patoloog wat glo 'n behandeling ontwikkel het wat mense met MIV langer kan laat leef (R29/6/1-4). Die joernalis het net met dié man, prof. Chris Barnard, gepraat. Daar is heelwat inligting wat nie direk aan 'n bron toegedig is nie, byvoorbeeld die syfers. Verder is daar geen ander bronne gebruik om agtergrond oor Barnard se werk uit ander oorde in te win om dit sodoende meer geloofwaardig te maak nie. In berigte oor onderwerpe soos dié is dit uiters belangrik dat daar aan geloofwaardigheid aandag gegee word, enersyds omdat mense skepties kan staan en dit nie glo nie, en andersyds omdat daar lesers is met te min agtergrondkennis wat sulke aansprake wel sal glo, of dit nou akkuraat is of nie (vgl. ook R13/4/2-9 en R26/1/1-10).

'n Verdere voorbeeld is die nuusberig oor navorsing wat gedoen is oor die koste van die nasionale vigsbehandelingsplan wat toon die siekte gaan die land meer kos as antiretrovirale behandeling nié beskikbaar gestel word nie (R27/4/5-22). Die navorsers se verslag is die enigste bron in hierdie item. Die joernalis het nie met die navorsers gepraat om onduidelikhede op te klaar of kommentaar daarop gekry nie. Daar word ook nie ander bronne aangehaal om agtergrond (dus konteks) te verskaf sodat die item vir die leser duidelike betekenis het nie. Dit is noemenswaardig dat só 'n artikel gedoen word, omdat daar in die pers min aandag geskenk is aan of die regering se aansprake dat die land die behandeling nie kan bekostig nie, water hou - al het belangegroepe aanhou sê dit is nie waar nie. Daardie perspektief bly egter nou agterweë, omdat glad nie verwys word na vorige navorsing nie. Geen opvolgitem is in die ondersoektydperk gevind wat hierdie leemtes sou kon vul nie.

In die nuusberig in *Rapport* van 18 Mei oor die MIV-positiewe predikant Christo Greyling en sy vrou, Liesel, se gesonde baba, is net die Greylings as bron gebruik (R18/5/1-2). Dit sou nuttig wees om in 'n meegaande berig inligting te verskaf van 'n kundige oor hoe algemeen dit is en hoe paartjies te werk kan gaan, omdat baie mense by sulke inligting sal kan baat vind.

Daar is in die *Sunday Times* verskeie noemenswaardige voorbeelde van nuusitems waarin 'n wye verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik is. In die berig van die verslaggewer Michael Schmidt oor navorsing wat in Lesotho gedoen word gegrond op die "resep" van Tine van der Maas, een van Tshabalala-Msimang se dieetadviseurs (ST30/3/4-13) is ses bronne gebruik: Van der Maas; dr. Tlali Mpholo, superintendent van die Mafeteng-hospitaal waar die pasiënte behandel is; Nathan Geffen van die Treatment Action Campaign (TAC) oor die rol wat voeding speel in MIV/vigs; twee beraders; en dr. Nyane Letsie, hoof van gesinsgesondheid in Lesotho se departement van gesondheid. Insgelyks het die joernaliste Gill Moodie en Karen van Rooyen ses bronne gebruik in hul berig oor 'n plaaslike kenner wat waarsku dat die afvallige dr. Roberto Giraldo se "HIV concoction" gevaarlik is (ST30/3/1-13), naamlik die wetenskaplike prof. Patrick Bouic van die Universiteit van Stellenbosch (US) se departement van immunologie; Sibani Mngadi, die minister van gesondheid se woordvoerder; prof. Demetre Labadarios, direkteur van die US se sentrum vir voedinginligting; die dieetkundige Roy Kennedy van Medunsa wat in 2001 die voedingsriglyne vir die gesondheidsowerheid saamgestel het; prof. Roger Hunter van die Universiteit van Kaapstad (UK), 'n kenner op die gebied van sintetiesorganiese chemie; en die voedingkundige Marianne Visser van die UK. Uit hoofde van hul posisies kan afgelei word dat hierdie bronne almal besonder kundig en dus geloofwaardig is.

Die enigste kritiek op bogenoemde twee voorbeelde is dat hoewel 'n groot verskeidenheid van bronne gebruik is, die joernaliste hoofsaaklik gekonsentreer het op bronne met wetenskaplike of vakkennis, en nie ook met mense gepraat het wat hierdie voedingsprotokol volg om hul kant van die saak te stel nie. Dat daar nie ook met hierdie "gewone" mense gepraat word nie, is een van die punte van kritiek van belangegroepe.

Voorbeelde van nuusitems in die *Sunday Times* wat wel ander perspektiewe insluit, is 'n langer nuusberig in die feature-styl oor die gebruik van vrywilligers in entstoftoetse (ST29/6/5-10), en 'n nuusberig oor AngloGold se behandelingsprotokol vir werkers met MIV/vigs (ST19/1/4-22), albei deur die joernalis Claire Keeton. Daar is onderskeidelik ses en agt bronne in hierdie twee voorbeelde gebruik. Die eerste sluit benewens die kommentaar van navorsers, regeringswoordvoerders, MIV/vigswerkers, en 'n fisiese bron ('n artikel in die tydskrif *Science* van 27 Junie 2003 waarin 23 internasionale vigsnavorsers sê navorsingspogings moet gekoördineer word om vinniger 'n entstof te lewer), ook die perspektief van die

vrywilligers wat aan die toetse deelneem, in. Die tweede voorbeeld (ST19/1/4-22) sluit die volgende bronne in: mense wat die behandelingsprogram volg, die medikus in beheer van die program, die bestuurder van die maatskappy se MIV/vigsprojek, kommentaar van die TAC, 'n berader en nog 'n verteenwoordiger van die program, en 'n verteenwoordiger van die vakbond. Keeton doen ooglopend moeite om genoeg bronne te vind en om kommentaar en inligting van grondvlak tot op die hoogste vlak te bekom. 'n Punt van kritiek is egter dat weinig MIV/vigsorganisasies buiten die TAC ooit om kommentaar genader word. 'n Rede kan wees dat hierdie organisasie reeds 'n hoë mediaprofiel het en dat verteenwoordigers makliker met die media praat as dié van minder bekende organisasies (vgl. paragraaf 3.2.4.5 *Nuusbronne* in hoofstuk 3). Daar is ook min bewyse dat nuwe en alternatiewe bronne gesoek word.

8.1.4 Is die item volledig en gebalanseerd?

Volledigheid in die joernalistiek is 'n ingewikkelde begrip (vgl. Hausman, 1990:5). Wanneer het 'n joernalis genoeg inligting ingewin? Die navorser moes haarself hierdie vraag telkens afvra in die ondersoekproses in 'n poging om nie oorkrities te wees en leemtes in hierdie verband in elke item te vind nie. 'n Gebrek aan ruimte in die hedendaagse koerantomgewing hou in dat alle menings en alle kante van die saak nie volledig weergegee kan word nie (vgl. *Objektiewe joernalistiek* in paragraaf 2.2.1.1 *Joernalistieke style* in hoofstuk 2, en paragraaf 3.2.4.6 *Balans* in hoofstuk 3). Om te bepaal wat volledigheid en balans inhou, kan die vraag gevra word wat die doel van 'n spesifieke berig sou wees, byvoorbeeld dat 'n leser bloot kennis neem van 'n kwessie, of dat hy volledig ingelig word. Dit hou ook verband met die koerant se nuusagenda en gevolglik met wat hy as belangrik beskou. In 'n mededeling sê Tim du Plessis (2005), redakteur van *Rapport*, dat dié koerant MIV/vigs wel as belangrik beskou, maar dat sy lesers nie juis daarin belang stel nie. Hy meen wel dat die lesers *behoort* kennis te neem van MIV/vigs, maar dat die onderwerp nie in hul kele afgedruk word nie omdat die koerant nie graag sy lesers wil vervreem nie. Dit kan verduidelik waarom die koerant dikwels hou by net die onmiddellike feite van die storie. Die *Sunday Times*, daarenteen, beskou nie net die onderwerp as belangrik nie, maar beoog selfs 'n groter voorspraakrol, volgens 'n mededeling van Mondli Makhanya, redakteur (2005). Hieruit kan afgelei word dat eerder meer as minder inligting verskaf sal word.

In die ondersoekmateriaal is in die algemeen gevind dat beriggewing volledig *binne die konteks van die spesifieke item* is. In *Rapport* en veral die *Sunday Times* en is voorbeelde gevind van volledige en gebalanseerde stof, dikwels in 'n wyer konteks. Daar is egter ook talle voorbeelde waar dit lyk of min moeite gedoen is om kommentaar (en dus meer perspektiewe) in te win. In teenstelling met die ander koerante hou die *Sunday Sun* se oppervlakkige aard in dat min aandag aan hierdie kwessie gegee word, en dat joernaliste meestal net by die eng konteks van elke berig hou. Dit is betreurenswaardig, omdat talle items geleentheid bied vir meer kritiese en indiepteberiggewing – selfs binne die populistiese konteks.

In die *Sunday Times* van 9 Maart (ST9/3/3-4) is geen kommentaar ingesluit by die nuusberig oor die verslag Saving Mothers 1999-2001 oor die toename in moedersterftes nie. Net die verslag en die minister van gesondheid word aangehaal. In hierdie opsig is die item minder volledig. Die feit dat syfers vergelyk word met dié in ander wêrelddele, dra egter weer by tot volledigheid (sien paragraaf 8.1.7 *Hoe word syfers en statistiek hanteer?*).

Dit is moeilik om te bepaal in hoe 'n mate die nuusberig in die uitgawe van 2 Maart (ST23/2/4-4) volledig is, omdat geen vooraf of opvolgberiggewing in die *Sunday Times* gevind kon word nie. In hierdie item word net die reaksie weergegee van Steven Lewis, Kofi Annan se spesiale gesant vir MIV/vigs in Suider-Afrika, nadat hy skerp aangeval is deur drie Suid-Afrikaanse ministers oor sy uitlatings na aanleiding van die regering se huiwering om 'n MIV/vigsbehandelingsplan in te voer. Indien die berig 'n opvolg was op die spesifieke gebeure en daar vroeër met die betrokke regeringslui gepraat is, sou dit 'n volledige prentjie skep. Nou hang die kwessie egter in die lug.

In die nuusberig (ST18/5/1-1) oor die Nigeriese priester se beswaar teen kaalborsvroue op advertensieborde in Swaziland, sou die navorser meer inligting wou sien oor die kulturele kwessie om die saak in perspektief te plaas. Kommentaar wat die priester se kommer afmaak as ongegrond, of wat sê dat hy 'n punt beet het, sou die leser ook leiding gee oor hoe hy hierdie storie moet beoordeel. Weens ruimtebeperkings hou volledigheid dikwels in dat 'n berig in 'n volgende uitgawe opgevolg word deur byvoorbeeld 'n indiepte-item oor 'n spesifieke kwessie. Die kulturele aspek sou beslis só gehanteer kon word.

In 'n berig oor die regering wat die ondertekening van 'n ooreenkoms waarvolgens KwaZulu-Natal, loveLife en Soul City altesame R320 miljoen van die GF sal kry (ST13/4/1-4), is daar insgelyks nie reaksie van partye buiten die GF, die departement van gesondheid en die tesourie nie. Kommentaar plaas 'n item in perspektief en dra by tot die geheelbeeld wat die leser van die kwessie vorm. Watter kommentaar (dus perspektiewe) ingesluit word, hou verband met agendastelling waardeur 'n leser gelei word waaroor en hoe om te dink. Word kommentaar nie ingesluit nie, vervul 'n publikasie nie sy agendastellingsfunksie na behore nie. Dit is boonop bloot "vrot joernalistiek", sê Du Plessis.

Die *Sunday Times*-berig oor Lawrence Ndou, die man van Soweto wat die sanger Bono van die groep U2 se betrokkenheid by die stryd teen MIV/vigs geïnspireer het (ST22/6/3-6), het ook 'n paar leemtes. Die berig gee inligting oor hoe Ndou van 'n "Aids sufferer at deaths door" verander het in 'n "healthy and dynamic antiretroviral drugs campaigner". Die item begin met die inligting dat Ndou drie keuses gehad het toe hy op 'n behandelingsprogram geplaas is, maar sy vriendin nie. Dit sê egter nêrens watter besluit hy geneem het nie, net dat hy wel op die program is en "his friend is doing well". Die leser bly in die duister oor die besluit en waar die vriendin hulp kry, al dan nie. (Dit is wel positief dat daar op 'n produktiewe lewe met MIV/vigs gefokus word.) Hoewel 'n berig vol omslagtige verduidelikings weens ruimtebeperkings nie altyd haalbaar is nie, is leemtes in 'n storie wat die leser se begrip daarvan inperk, onvergeeflik. 'n Soortgelyke voorbeeld is die opvolgberig op die platejoggie Fana Khaba se bekendmaking dat hy MIV het in die *Sunday Sun* (SS15/6/2-4). In die berig word gesê hy het sy "medication" laat staan, "opting instead for African herbs and muti". Die leser kry egter geen inligting oor watter medikasie hy gebruik het nie. 'n Mens kan slegs aanneem dat dit ARM is. Daar word ook nie uitgebrei op waarom hy die medikasie nie meer gebruik nie. Uit lesersbriewe in die koerant is dit duidelik dat *Sunday Sun*-lesers verder dink en 'n mens sou daaruit kon aflei dat minstens sommige lesers ook hierdie vrae sal opper, hoewel daar nie pertinent op hierdie item gereageer is nie (vgl. paragraaf 5.2.3 *Openbare agenda* in hoofstuk 5).

In die item in die *Sunday Times* oor die spuitnaaldpoets in Humansdorp (ST1-6-3-8) veroorsaak die feit dat vaktaal nie oral uitgelê word nie, onvolledigheid (sien paragraaf 7.2.2 *Word vaktaal en terminologie omskryf, waar nodig?* in hoofstuk 7; vgl. ook R27/5/5-22). Die nuusberig oor die onderwerp in die *Sunday Sun*

(SS25/5/1-10) is weer onvolledig oor daar geen kommentaar by ouers gekry is nie (vgl. ook SS11/5/2-2).

'n Voorbeeld van 'n goed ontginde, volledige en gebalanseerde nuusitem is die berig in die *Sunday Times* van 19 Januarie (ST19/1/4-22) deur Claire Keeton, *Mines' Aids program saves money and lives*, oor AngloGold se behandelingsprotokol vir sy werkers (ST19/1/4-22). Dit is omvattend wat inligting en verduidelikings van terminologie betref, en bevat kommentaar sodat die leser aan verskillende perspektiewe blootgestel word.

'n Gebrek aan kommentaar is ook 'n oorsaak van onvolledige beriggewing in die *Sunday Sun*. In die nuusberig oor die inisiatief wat in Johannesburg van stapel gestuur is waardeur berading gebied word vir kinders met MIV/vigs en hul versorgers/families (SS18/5/5-16), is daar byvoorbeeld geen kommentaar nie, al is die projek volgens die item 'n eerste in die wêreld.

In 'n opvolgberig oor Kenny Swakamiza-Malebogo se "kruiekuur" (SS2/2/4-13, sien die oorspronklike berig: SS12/1/3-7) is gesê die *Sunday Sun* het ondersoek ingestel en gevind die middel is nié 'n kuur vir die siekte nie. Die joernalis skryf toets is gedoen op die MIV-positiewe ma wat 'n gesonde baba gehad het. Die toetse het getoon sy is steeds positief. Geen stawende inligting oor die instelling wat die toetse uitgevoer word, word egter verskaf nie. Die koerant het ook met geen kenner oor die kwessie gepraat nie (sien ook paragraaf 8.1.8 *Hoe word aansprake hanteer?*).

Die nuusberig oor die MIV-toets wat bestuurslede in die polisie ondergaan het, is tekenend van die beriggewing van die *Sunday Sun*: daar word eenvoudig nie wyer gekyk nie (SS2/2/1-9). Om die berig vollediger te maak, sou die joernalis moes verwys na ander instellings wat dieselfde doen. Dit sal die opvatting versterk dat mense nie moet bang wees vir toetse nie, en ook dat die inligting vertroulik is.

Redaksionele kommentaar en rubrieke kan ook onvolledig wees. Een só 'n voorbeeld is die rubriek van Abraham T. Sibiya in die *Sunday Sun* van 30 Maart (SS30/3/4-24) waarin hy 'n pleidooi lewer vir aanneming, en veral die aanneming van kinders met MIV/vigs. In sy rubriek lê hy klem op hoe belangrik die kwessie is in die konteks van die omvang van die epidemie, maar gebruik geen syfers nie. Dit sou die beeld vir die leser versterk en die inligting ook meer geloofwaardig maak, afhangend natuurlik van waar die syfers ontleen is. Daar kan ook van rubriekskrywers verwag word om hul

kommentaar op feite te grond. In die konteks van die *Sunday Sun*, wat veral deur sy rubrieke heelwat aandag aan MIV/vigs skenk, is dit des te belangriker (vgl. ook SS6/4/1-16, Sibiya se rubriek oor Pase en vigswesies).

In *Rapport*, waar plek-plek 'n gebrek aan kommentaar in berigte gevind is, kry die navorser die indruk dat van die joernaliste wat oor MIV/vigs berig, nie onderlê is in die onderwerp nie en daarom nie kan onderskei wanneer kommentaar of selfs opvolgberiggewing sinvol sou wees nie. Aan die ander kant kan 'n mens jou die vraag afvra of dit verband hou met die koerant se agenda en hy die kwessies bloot nie as belangrik genoeg beskou nie. Du Plessis (2005) sê die koerant het nie 'n agenda oor MIV/vigs nie, bloot 'n "uitkyk". Hy beskou 'n gebrek aan kommentaar in beriggewing as swak joernalistiek.

In die berig *Vigs kan krisis in onderwys bring* in die uitgawe van 13 April (R13/4/2-9) skryf Gerhard de Bruin dat navorsing van Health Economics and MIV Research (Heard) van die Universiteit van Natal toon MIV/vigs kan teen 2010 'n krisis in onderwys in KwaZulu-Natal veroorsaak. Net die navorsing word as bron gebruik. Dit is wel so dat 'n mens nie alle inligting oor 'n saak in een item kan plaas nie en ook nie alle berigte ewe volledig doen nie, enersyds weens 'n gebrek aan ruimte, en andersyds omdat 'n publikasie gewig aan 'n item behoort te gee in pas met hoe belangrik dit is. Wat wel in gedagte gehou behoort te word, is dat die inligting wat wel verskaf word, vir die leser betekenis moet hê en dat inligting wat weggelaat word, hom nie moet noop om 'n verkeerde besluit te neem nie. Dit sou dus sinvol wees om die situasie in KwaZulu-Natal (kortliks) te vergelyk met die situasie in ander provinsies, en selfs elders in Afrika. Op hierdie manier kan die leser 'n meer ingeligte oordeel vel oor hoe groot die "krisis" sal wees.

Nóg 'n voorbeeld van 'n onvolledige item is dié oor Johan Stoop van Bethal (13) wat besmet is tydens 'n bloedoortapping (R4/5/6-20). Sy gesin sukkel om ARM vir hom te bekostig. In die feature word geraak aan die beloftes van die Gautengse gesondheidsowerheid dat hy ARM aan Johan beskikbaar sal stel. Dit is 'n kwessie wat beslis in 'n meegaande berig hanteer kon word, of in 'n opvolgitem. Dit is verder ook nie duidelik hoe siek hy is nie (geen aanduiding word gegee nie, buiten dat hy ARM gebruik waaruit 'n mens kan aflei hy het reeds vigs). Tog word daar gedurig gesinspeel op die dood.

'n Soortgelyke voorbeeld is die berig oor Barnard en sy MIV/vigsbehandeling in *Rapport* van 29 Junie (R29/6/1-4). In die item word genoem dat Tshabalala-Msimang 'n gesprek met Barnard gehad het, maar daar is geen bevestiging van haar kantoor verkry nie. Die berig het ook heelwat ander leemtes wat sy volledigheid strem: syfers word nie aan 'n bron toegedig nie (vgl. paragraaf 8.1.7 *Hoe word syfers en statistiek hanteer?*), vaktaal word nie verduidelik nie (sien paragraaf 7.2.2 *Word vaktaal en terminologie verduidelik, waar nodig?* in hoofstuk 7), en die joernalis het nie by kenners aangeklop om hul mening in te win of iets bygewerk oor Barnard se agtergrond nie. Hierdie soort inligting hoef nie baie plek te beslaan nie en laasgenoemde aspek kon ook in 'n meegaande berig gehanteer gewees het. Hierdie leemtes ondermyn benewens die volledigheid ook die geloofwaardigheid van die berig en bied gevolglik nie vir die leser die geleentheid om ingelig standpunt in te neem nie.

Die nuusberig oor die TAC wat die regering kap oor hy nie die skenkingsooreenkoms van die GF onderteken nie in die uitgawe van 13 April (R13/4/1-8) is 'n goeie voorbeeld van kritiese joernalistiek. Daar word heelwat konteks verskaf wat betekenis aan die item gee. Dit is egter nie volledig nie, omdat die leser nie weet wat volgende gaan gebeur nie. Gegewe die feit dat die kwessie in daardie stadium al 'n jaar gesloer het en die omstredenheid rondom die saak, was dit 'n gulde geleentheid om uit te vind of die GF sy steun aan Suid-Afrika gaan onttrek.

8.1.6 Is die item feitelik korrek?[2]

Joernalistieke akkuraatheid in die breë hou in dat feite, name, aanhalings, datums, syfers en plekke korrek is (sien paragraaf 3.1.4.2 *Feitelike korrektheid* in hoofstuk 3). Onakkurate gebruik van MIV/vigstaal kan feitelike korrektheid verder ondermyn en selfs bydra tot stigma, volgens belangegroepe. In die ondersoekfase het die navorser drie kategorieë geïdentifiseer waarin feitelike korrektheid ter sprake kom: inhoud; foute wat inligting soos titels, name en plekke betref; en foute in die konteks van MIV/vigstaal. Onakkuraathede is meestal in laasgenoemde twee gevind.

Wat inhoud betref, is dit nie altyd moontlik om die feitelike korrektheid te bepaal nie. In die item in die *Sunday Sun* van 12 Januarie (SS12/1/3-7) oor die aanspraak dat 'n

[2] Die navorser kon wat die ontleding van items in hierdie afdeling betref, haar hoofsaaklik verlaat op haar ondervinding (van meer as 10 jaar) in die veld, inligting ingewin in die literatuurstudie en kennis oor die geloofwaardigheid (al dan nie) van die nuusbronne.

"miracle cure" vir MIV/vigs gevind is, is die "ontdekker" (Kenny Swakamiza-Malebogo) die enigste nuusbron. Daar is niks oor hom bekend nie en sy aansprake word nie deur ander, kundige bronne ontken of ondersteun nie. Die navorser kan ook nie uit die berig aflei of die joernalis Swakamiza-Malebogo korrek aangehaal het nie, aangesien daar geen ander perspektief gebied word nie. Die opvolgberig (SS2/2/4-13) wyk nie af van die feite in die oorspronklike nie, wat taamlike sekerheid bied dat hy wel reg aangehaal is. Belangegroepe waarsku dat joernaliste skepties moet staan teenoor aansprake van hierdie aard, omdat geeneen nog korrek bewys is nie en dit net daartoe lei dat vals hoop ontstaan by mense met MIV/vigs (sien die bespreking in paragraaf 8.1.8 *Hoe word aansprake hanteer?*).

In die opvolgberig oor die MIV-toetse wat senior bestuurslede in die polisie ondergaan het in die *Sunday Sun* van 4 Mei (SS4/5/3-11), word die indruk geskep dat die uitslae van die toetse geheim gehou word. Benewens die feit dat dit oneties is om hierdie indruk te skep, is dit ook onakkuraat om 'n valse persepsie by die leser te laat ontstaan. Dit is immers duidelik gemaak dat die uitslae vertroulik sal wees. In hierdie geval is die inhoud dus ook feitelik verkeerd.

Talle foute wat eenvoudige inligting soos die name van organisasies en titels van mense betref, is in al drie koerante gevind. Só is in die *Sunday Times* van 12 Januarie (ST12/1/1-1) in 'n nuusberig oor 'n MIV/regsorganisasie wat nie geld by die GF kry nie, na dié fonds verwys as die "United Nations' Global Aids Fund". Die korrekte naam van die fonds is The Global Fund to fight Aids, Tuberculosis and Malaria. Insgelyks word verwys na die South African National Aids Council (Sanac) as die "Aids national council". Hierdie foute, soos feitefoute, kan aan agtelosigheid toegeskryf word – aan die kant van die skrywer en die subredakteur. In die gefragmenteerde berig in *Rapport* van 20 April (R20/4/1-3) oor die vigspasiënt wat dood is weens die newe-effekte van ARM, en die GF-skenking aan KwaZulu-Natal, word eweneens verkeerdelik gepraat van die "Global Aids-fonds" (sien ook R27/4/5-22).

Of 'n anderstalige publikasie die naam van 'n instelling vertaal, is gewoonlik 'n kwessie van styl. Dit is egter te betwyfel of so 'n vermenging soos in hierdie voorbeeld in die voorafgaande paragraaf aanvaarbaar sou wees, omdat dit veral vir 'n oningeligte leser nie die regte inligting gee nie. Dit word aanbeveel dat 'n Afrikaanse koerant wat die naam van die fonds wil vertaal, die volle naam vertaal. Volledigheidshalwe kan

die erkende Engelse naam in hakies agteraan gebruik word wanneer die naam die eerste keer in 'n berig genoem word.

In 'n nuusberig in die *Sunday Sun* van 3 Februarie (SS3/2/2-13) oor die minister van korrektiewe dienste Ben Skosana se uitlatings in die parlement dat voorstanders van verpligte MIV-toetse in Suid-Afrikaanse gevangenisse voorspraak moet maak dat die wet verander, word dr. Kobus Gous van die NNP se van verkeerdelik "Gouws" gespel. In *Rapport* van 13 April (R13/4/1-8) verwys die joernalis Virginia Keppler in die berig *Rompslomp weerhou glo R320 miljoen. Regering 'te lam' om geld vir vigs te vat* na Richard Feacham, hoof van die GF, as "mnr." pleks van "prof.".

Verskeie foute wat MIV/vigstaal betref, is ook gevind (sien Tekskassie 3.1 in paragraaf 3.2.3.1 *Stigma en diskriminasie* in hoofstuk 3 vir 'n uiteensetting van probleemterminologie en aanbevelings van belangegroepe). In die berig met die opskrif *Love turns sour after paper says bride has HIV* (ST4/5/3-7) in die *Sunday Times* word gepraat van 'n "Aids test" pleks van 'n "HIV test". Dieselfde koerant skryf in die uitgawe van 18 Mei in die berig oor die platejoggie Fana Khaba se onthulling dat hy MIV het "safe sex" pleks van die aanbevole "safer sex". In die berig met die opskrif "Khabzela must marry us all, say ex-lovers" in die *Sunday Sun* van 22 Junie (SS22/6/2-5) word verwys na "full-blown Aids" pleks van "Aids" (in teenstelling met MIV), soos aanbeveel deur die belangegroepe. Gerhard de Bruin skryf in 'n nuusberig in *Rapport* van 13 April (R13/4/2-9) "MIV/vigs-positief". Die korrekte verwysing is MIV-positief.

In die opskrif *UK begin oor jaar vigsmiddel toets* in *Rapport* van 23 Maart (R23/3/1-16) lê die fout in die verwysing na 'n entstof as 'n "vigsmiddel". Die woord middel impliseer medisyne en die doel van 'n entstof is om besmetting te voorkom.

Die feitefout in die *Sunday Times* se berig oor die naaldprikpoets in Humansdorp in die uitgawe van 1 Junie (ST1/6/3-8) laat die volgende vraag ontstaan: Wat staan 'n joernalis/subredakteur te doen wanneer daar 'n feitefout voorkom in 'n direkte aanhaling? Joernaliste word immers gemaan om mense korrek aan te haal en hulle nie woorde in die mond te lê nie. In hierdie berig haal die joernalis Rowan Philp 'n ouer soos volg aan: "... so she might have spread Aids to the others..." Vigs kan die versprei nie, maar die MI-virus wel. 'n Publikasie het 'n etiese verantwoordelikheid om die korrekte inligting aan die leser deur te gee. Indien daar dus 'n feitefout in 'n aanhaling voorkom, behoort 'n mens dit reg te stel, hetsy deur dit heeltemal te

verander, of deur die regte inligting in hakies te plaas. Dit behoort egter met besondere oorleg te geskied.

8.1.7 Hoe word syfers en statistieke hanteer?

Syfers vorm 'n belangrike deel van nuusverslaggewing, ook in die MIV/vigsveld. Dit is dikwels in die statistieke waar die nuuspunt van 'n item lê. Min joernaliste is egter volgens belangegroepe werklik so onderlê in hierdie veld dat hulle navorsingsdata byvoorbeeld korrek kan interpreteer. Dit hou in dat joernaliste baie versigtig met syfers behoort om te gaan. Syfers behoort verder gedateer te word, en ook met ander vergelyk te word om daaraan betekenis te gee (vgl. paragraaf 3.2.4.8 *Syfers en aansprake* in hoofstuk 3).

Syfers het taamlik algemeen voorgekom in die ondersoekmateriaal, in 'n mindere mate in die *Sunday Sun*. Die gebruik daarvan is, met enkele uitsonderings, in pas met die aanbevelings van die belangegroepe.

Daar is goeie voorbeelde van die sinvolle gebruik van statistieke in die *Sunday Times* gevind. In die nuusberig met die opskrif *HIV/Aids is top killer of pregnant women* in die uitgawe van 9 Maart (ST9/3/3-4) oor die Saving Mothers 1999-2001 word die syfers in Suid-Afrika vergelyk met syfers in die res van Afrika en Europa om te wys waar die land staan vergeleke met ander plekke. Op dié manier bied dit aan die leser dieper insig in die stand van sake aan die tuisfront.

In Ilse Fredericks se berig met die opskrif *Bill Gates donates millions to Aids research project* (ST4/5/2-6) wat fokus op internasionale navorsing oor die rol van die diafragma-voorbehoedmetode in die voorkoming van MIV-besmetting, word syfers gegee oor hoeveel vroue besmet is. Dit maak nie net die berig meer volledig nie, maar ook meer geloofwaardig omdat dit die navorsing in konteks plaas. Die skrywer gee die koste van die navorsing in Suid-Afrika weer, wat 'n plaaslike hoek aan die item gee. Sodoende bring dit die nuus nader aan die leser en maak dit meer van toepassing (vgl. ook ST19/1/4-22).

In die berig oor die gebruik van vrywilligers in navorsing oor 'n MIV-entstof (ST29/6/5-10) word gesê "... the epidemic(, which) is killing an estimated 600 people a day in South African". Geen bron van oorsprong vir hierdie syfer word gegee nie, wat die

geloofwaardigheid daarvan in gedrang bring. Dit blyk egter die algemene geskatte syfer vir die getal sterftes per dag te wees en word elders ook in beriggewing aangehaal (sien byvoorbeeld ST25/5/3-6). Walker, Reid en Cornell (2004:15) verwys ook na hierdie syfer, wat die geloofwaardigheid daarvan versterk. Omdat daar in die veld van MIV/vigs eerder met skattings as konkrete syfers en statistieke gewerk word, behoort verslaggewers egter die bron aan te haal. Die syfers moet verkieslik ook gedateer word, omdat dit so vinnig verander.

Die berig van die joernalis Ranjeni Munusamy oor vergaderings tussen die regering en Cosatu oor die voorgenome vigsbehandelingsplan (ST2/3/2-4) sou kon baat by syfers oor hoeveel mense deur so 'n plan gehelp sou kon word. Dit verskaf ook konteks. Joernaliste behoort egter te waak teen die geykte gebruik van syfers om aan te toon hoeveel mense kan sterf terwyl daar oor 'n saak geredekawel word.

Die *Sunday Sun* maak nie dikwels van syfers en statistieke gebruik in sy beriggewing oor MIV/vigs nie. Dit doen in twee gevalle in rubrieke afbreuk aan die gehalte van die item. Die leser sou heelwat baat gevind het by die gebruik van syfers in Abraham T. Sibiya se rubriek oor aanneming in die uitgawe van 30 Maart (SS30/3/4-24). Syfers oor die aantal vigswesies in die land kon lesers se begrip oor die omvang van die probleem byvoorbeeld versterk het. Dieselfde geld die rubriek oor Pase en vigswesies in die uitgawe van 6 April (SS6/4/1-16). Rubriekskrywers is immers (meestal) ook joernaliste en dieselfde akkuraatheidsbeginsels, soos dié van volledigheid, geld hulle ook.

In *Rapport* is plek-plek gevind syfers is nie in konteks gebruik nie, en ook nie toegedig aan bronne nie, wat die geloofwaardigheid daarvan in gedrang bring. In die berig oor die afgetrede biochemiese patoloog en sy kruiemiddel in die uitgawe van 29 Junie (R29/6/1-4) moet die leser byvoorbeeld aflei dat die syfers deur Barnard self verskaf is. Die geloofwaardigheid daarvan kan dus nie bepaal word nie. In teenstelling hiermee verskaf Gerhard de Bruin in die berig oor die "krisis" wat MIV/vigs in KwaZulu-Natal teweeg kan bring, syfers ingevolge nuwe navorsing. Dié syfers word behoort aan die nuusbron (Heard) toegedig, dit word vertolk ("Dit beteken dat sterftes weens vigs onder onderwysers in 2010 sal styg met tot 5%."), vergelyk met syfers in ander jare en ook gedateer. Dit het tot gevolg dat die leser die item duideliker verstaan.

8.1.8 Hoe word aansprake hanteer?

Net enkele voorbeelde van nuusitems na aanleiding van aansprake oor kure, entstowwe, behandeling en toetse op mense is in die ondersoektydperk in die studiemateriaal gevind. Belangegroepe se kritiek in hierdie opsig hou verband daarmee dat hierdie tipe nuusdekking vals hoop skep en hulle moedig joernaliste aan om skepties te staan (vgl. paragraaf 3.2.4.8 *Syfers en aansprake* in hoofstuk 3).

Die duidelikste voorbeeld is gevind in die *Sunday Sun* van 12 Januarie. Steve Dlamini skryf onder die opskrif *My miracle herb cures Aids!* (SS12/1/3-7) dat ene Kenny Swakamiza-Malebogo van Soshanguve noord van Pretoria beweer sy kruiekonkoksie is 'n kuur vir MIV/vigs. Dit het glo gekeer dat 'n MIV-positiewe ma haar baba besmet en 'n ander vrou is glo merkbaar gesonder. Hoewel die kop uitbasuin dat dit 'n "cure" is – sonder aanhalingstekens wat sal dui daarop dat dit skepties bejeën word, is die berig tog versigtig aangepak. Dis onduidelik of die joernalis die storie glo. Hy gebruik woorde soos "alledged" en "claims to have discovered". In die uitgawe van 2 Februarie (SS2/2/4-13) volg Dlamini die oorspronklike berig op (*Kenny's herb not a cure for HIV/Aids,* SS2/2/4-13). Hierin sê hy die koerant het ondersoek ingestel en gevind Swakamiza-Malebogo se kruiekonkoksie is nie 'n kuur nie. Hoewel dit positief is dat die koerant die storie opgevolg het en ondersoek ingestel het (geen bewyse word egter verskaf hiervoor nie), moes die storie van meet af aan meer omsigtig gehanteer gewees het. Dit is bloot verantwoordelike joernalistiek om eers seker te maak van jou feite voordat jy 'n storie publiseer waarvoor jy dalk later self 'n regstelling moet plaas.

Nashira Davids se berig in die *Sunday Times* van 30 Maart (*Traditional cures hold seeds of hope*) (ST30/3/2-13) handel oor navorsing wat die Mediese Navorsingsraad doen oor vyf tradisionele middels. Die berig is baie duidelik dat die middels ondersoek word as aanvullend tot ARM, nie as alternatiewe nie. Die opskrif praat egter van "cures", wat onmiddellik die berig anders inkleur.

Voorbeelde in *Rapport* sluit in 'n berig oor Tshabalala-Msimang se "knoffelghoeroe", Tine van der Maas (R22/6/3-23) en die berig oor Barnard en sy terapie (R29/6/1-4). Die skrywer van eersgenoemde, Johanna van Eeden, is duidelik skepties. Maryna van Wyk, daarenteen, bevraagteken nie Barnard se aanspraak nie. Die

aanhalingstekens in die opskrif, *Goedkoop terapie 'stuit vigssterftes'*, dui wel daarop dat die subredakteur versigtig was in die aanbieding van die item.

8.2 Gevolgtrekking

Uit die ondersoek na akkuraatheid in MIV/vigsberiggewing is gevind joernaliste by die *Sunday Times*, die *Sunday Sun* en *Rapport* is meestal goed onderlê in die basiese joernalistieke beginsels. Die leemtes wat geïdentifiseer is, hou hoofsaaklik spesifiek verband met die veld waaroor berig word, naamlik MIV/vigs. Die gevolgtrekking is dat onkunde die grootste rol hierin speel. Dit is duidelik dat alle joernaliste daarby sal baat vind om die hulpmiddels wat oor die onderwerp beskikbaar is, van tyd tot tyd te raadpleeg. Duideliker leiding oor die onderwerp binne die nuuskantoor blyk ook nodig te wees. Dit kan kom in die vorm van belangegroepriglyne.

HOOFSTUK 9

Slotgevolgtrekkings en verantwoording

9.1 Inleiding

In hierdie laaste hoofstuk van die studie word die belangrikste bevindings aan die hand van die navorsingsdoelwitte, soos in hoofstuk 1 gestel, saamgevat. Eerstens word gekyk na gevolgtrekkings wat spruit uit die literatuurstudie, wat in hoofstuk 1, 2 en 3 aangebied is. Daarna word die bevindings in die empiriese deel van die studie saamgevat binne die konteks van die rigtinggewende teoretiese argumente. Ten slotte word enkele aanbevelings wat uit die studie spruit, bespreek.

9.2 Gevolgtrekkings

9.2.1 Literatuurstudie

In hoofstuk 1 en 2 is na aanleiding van die eerste navorsingsdoelwit ondersoek ingestel na die rol van die media en belangegroepe in die daarstelling van die openbare agenda wat betref MIV/vigs. Die doelwit lui soos volg:

- Om vas te stel watter rol die media en belangegroepe speel in die daarstelling van 'n openbare agenda rakende MIV/vigs (1.6.2.1)[1].

Hierdie doelwit is bereik aan die hand van die algemene teoretiese stelling, naamlik:

> ***Die rol wat die media en belangegroepe speel in die daarstelling van 'n openbare agenda rakende MIV/vigs kan verduidelik word aan die hand van agendastelling, en wel binne die konteks van die normatiewe raamwerk van die sosiale verantwoordelikheidsmodel en ander mediamodelle wat moontlik 'n invloed kan hê. Hiervolgens behoort die media:***

[1] Daar word ter wille van eenvormigheid gehou by die numering soos toegeken aan die doelstellings in hoofstuk 1.

- ***Openbare bewustheid oor MIV/vigs te verhoog; en***
- ***Stereotipering, diskriminering en stigmatisering te verminder deur eties aanvaarbare beriggewing oor die onderwerp.***
- ***Terselfdertyd behoort belangegroepe die nuusagenda te beïnvloed deur riglyne en eties aanvaarbare inligting te verskaf om sodoende die media te lei om eties aanvaarbaar te berig.***

In hoofstuk 3, na aanleiding van die tweede doelwit (vgl. 1.6.2.2), is die kriteria wat belangegroepe vir aanvaarbare mediadekking oor MIV/vigs stel, bespreek. Die kriteria is ook vergelyk met die algemene kriteria wat die Suid-Afrikaanse mediabedryf stel vir etiese nuusdekking met die doel om vas te stel wat die verskille is (sien paragraaf 3.3 *Belangegroepriglyne in perspektief* in hoofstuk 3). Doelwit 1.6.2.2 lui soos volg:

- Om te bepaal watter kriteria belangegroepe vir die aanvaarbare mediadekking van MIV/vigs stel en hoe dié kriteria verskil van die algemene kriteria wat die Suid-Afrikaanse mediabedryf stel vir etiese nuusdekking.

Die sentrale gevolgtrekking wat uit hierdie ondersoek spruit, is dat die media 'n nuttige kanaal is vir die verspreiding van inligting oor epidemiese siektes, omdat 'n massa mense tegelyk bereik kan word. Die media het dus 'n belangrike rol om (veral basiese) inligting oor die MIV/vigsepidemie te verskaf, deurlopend genoeg aandag aan die epidemie te bestee sodat die debat voortduur, en om nuusgebruikers se persepsies oor die onderwerp te vorm sodat hulle ingeligte en uitvoerbare besluite kan neem. Die rol van die media in die verandering van mense se gedrag binne die konteks van MIV/vigs is egter nog nie bevestig nie.

Die media vervul hierdie rol deurdat hy deur die prominensie wat hy aan MIV/vigs verleen, vir die leser aandui hoe belangrik hy die onderwerp ag. Dit is die kern van die media se agendastellingsfunksie, een van die rigtinggewende teoretiese argumente in hierdie studie. In die agendastellingsproses gee die media vir die publiek leiding, nie net *waaroor* om te dink en te praat nie, maar ook *hoe*.

Die wyse waarop die media hierdie funksie uitoefen, word beïnvloed deur die normatiewe mediamodel(le), wat die rol van die media in die samelewing definieer. Dit het ook 'n invloed op die etiese raamwerk waarbinne die media sy werk verrig. In Suid-Afrika funksioneer die hoofstroommedia hoofsaaklik binne die sosiale verantwoordelikheidsmodel. Dit is ook die raamwerk waarbinne MIV/vigsberiggewing die beste pas weens die klem op selfregulering, rekenpligtigheid, hoë professionele standaarde, en ook etiese verantwoordelikhede.

Binne 'n etiese konteks kan die gevolgtrekking gemaak word dat 'n benadering wat die deontologiese met sy klem op plig en die teleologiese, wat klem plaas op die gevolge, kombineer, eties aanvaarbare MIV/vigsberiggewing tot gevolg sal hê. Terselfdertyd behoort die beginsels van die liefdevolle persoonsbehartiging, wat klem plaas op wedersydse respek en behoud van menswaardigheid, deurlopend toegepas te word.

Om sy rol na behore te speel, moet die media eties aanvaarbaar oor die epidemie skryf. Weens leemtes in die nuusdekking het belangegroepe in Suid-Afrika riglyne geformuleer om leiding te gee oor *hoe* die media behoort berig te doen en op hierdie manier hul eie agenda gestel. Hierdie riglyne (daar is gekonsentreer op riglyne wat gepubliseer is) gee binne die konteks van MIV/vigs leiding aan die media oor etiese kwessies (soos die regte van mense met MIV/vigs, vertroulikheid en die reg op privaatheid), en aanvaarbare joernalistieke praktyk (soos vervat in die beginsel van akkuraatheid, ook deur die korrekte taalgebruik). Vir die doel van hierdie studie is die riglyne saamgevat, soos uiteengesit in paragraaf 2.5 *Belangegroepkriteria vir aanvaarbare MIV/vigsdekking* in hoofstuk 2.

Professionele en institusionele etiese kodes is hoofsaaklik 'n uitvloeisel van die sosiale verantwoordelikheidsmodel (die invloed van ander modelle word nie uitgesluit nie), en hou verband met die selfregulerende aspek van die kode. Daar is verskeie bestaande kodes wat die media rig wat professionele standaarde en algemene optrede betref. Op een na is daar egter geen bestaande kode wat MIV/vigs die hoof bied nie.

Dit is in hierdie opsig dat belangegroepe deur hul agendastellingsfunksie, wat gemanifesteer het in die riglyne soos in hoofstuk 2 gestel en in hoofstuk 3 bespreek is, potensieel 'n invloed op die media-agenda het, en dus ook 'n rol speel in die daarstelling van die openbare agenda. Die media kan hierdie kriteria òf in geheel

aanvaar as 'n afsonderlike (belangegroep-)kode, òf aspekte daarvan gebruik om bestaande kodes aan te vul.

Om in pas met doelstelling 1.6.2.2 te bepaal of 'n belangegroepkode enigsins wenslik is, is aan die einde van hoofstuk 3 ook gekyk in hoeverre die kriteria ooreenstem met die bepalings van bestaande kodes. Die gevolgtrekking wat uit die ondersoek gemaak kan word, is dat die riglyne en kodes wat betref algemene professionele standaarde en etiese aspekte wel ooreenstem. Die belangegroepkriteria is egter spesifiek toegespits op MIV/vigs en fokus dus op probleme binne hierdie gebied, soos sensasionalisering, stigmatisering en 'n oormatige fokus op die negatiewe. Dit is juis in hierdie spesifiek toegepaste konteks dat die waarde van die belangegroepkriteria lê.

Dié riglyne is vir die doel van hierdie studie as deel van die rigtinggewende argument aanvaar. Die riglyne wat gepubliseer is, is vir die doel van hierdie studie soos volg saamgevat (vgl. Beamish, 2002; Cullinan, 2001; Delate, 2003a; Gysae & Øverland, 2002; Shepperson, 2000; Health-e & Soul City: IHDC, 2001):

- Vermy sensasionalisering wat woordgebruik, inhoud en plasing betref;
- Vermy stereotipering en diskriminasie;
- Gebruik sensitiewe, niediskriminerende, verstaanbare en eenvoudige taal;
- Beriggewing moet akkuraat wees; dus regverdig, gebalanseerd, feitelik korrek, waar, binne konteks, gefokus en volledig;
- Gebruik minstens twee geloofwaardige bronne – waar van toepassing ook mense met MIV/vigs;
- Beoefen kritiese en indieptejoernalistiek;
- Gaan versigtig te werk met syfers en statistieke en dateer data;
- Soek nuwe nuushoeke en gee veral ook aandag aan maatskaplike kwessies en dit wat op grondvlak gebeur;
- Wees skepties oor aansprake, veral wat kure, toetse op mense en entstowwe betref; en
- Fokus ook op die positiewe en opbouende.

9.2.2 Empiriese studie

9.2.2.1 Inleiding

In die empiriese deel van die studie is die uitgawes van 1 Januarie 2003 tot 30 Junie 2003 van die *Sunday Times*, *Rapport* en die *Sunday Sun* ontleed aan die hand van die belangegroepriglyne met die oogmerk om doelstelling 1.6.2.3 te bereik, naamlik:

- Om vas te stel wat die aard en prominensie is van die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* se dekking van MIV/vigs

Die resultate van die empiriese studie is aangebied in 4 hoofstukke. Die samevattende gevolgtrekkings uit elk van die hoofstukke kom vervolgens aan die beurt.

As vertrekpunt word die frekwensie van nuusdekking egter eers in die teoretiese konteks geplaas. Die gemiddelde getal items met MIV/vigs as primêre en sekondêre onderwerp wat per uitgawe verskyn het, word in Tabel 9.1 weergegee:

	Sunday Times	**Rapport**	**Sunday Sun**
Getal items	130	64	84
Getal uitgawes	25	26	22
Gemiddelde getal items per uitgawe	5.2	2.46	3.81

Tabel 9.1

Items met MIV/vigs is as sekondêre tema[2] by die ondersoek ingesluit, omdat dit 'n rol speel in agendastelling. Deur in beriggewing oor ander onderwerpe ook na die epidemie te verwys, skep die indruk dat die publikasies dit as 'n werklikheid erken.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die *Sunday Times* MIV/vigs as belangriker beskou as die *Sunday Sun* en veral *Rapport*, omdat die koerant in die algemeen heelwat meer items oor die tema gepubliseer het. Deur net na die frekwensie te kyk, kan 'n afleiding dus reeds gemaak word oor waar MIV/vigs op die nuusagenda van hierdie koerante staan: dit is duidelik hoër op die *Sunday Times* se agenda as op dié van die ander publikasies. Hierdie bevinding is bevestig tydens die onderhoude met

[2] Nuusitems waar MIV/vigs nie die hooftema is nie, waarin bloot na MIV/vigs verwys word.

die onderskeie koerantredakteurs. Die *Sunday Times* beplan om meer betrokke te raak by die stryd teen MIV/vigs. Hoewel die *Sunday Sun* die kwessie as belangrik beskou, is dit te betwyfel of meer aandag in die afsienbare toekoms aan die onderwerp gegee gaan word. Wat *Rapport* betref, is dit duidelik dat MIV/vigs nie 'n prominente plek op die nuusagenda beklee nie. Hierdie stand van sake sal waarskynlik net verander indien meer wit mense (dus die lesers van die koerant) die MI-virus kry.

- ***Genres en temas***

Onder hierdie opskrif is die aanbieding van nuus oor MIV/vigs in die verskillende joernalistieke genres en die onderwerpe waaroor die drie koerante in die konteks van die epidemie skryf, beoordeel. Faktore wat in ag geneem is, is kritiese en indiepteberiggewing, 'n positiewe en opbouende benadering, die gebruik van toepaslike nuusbronne, en nuwe nuushoeke. (Die resultate van die inhoudsontleding in hierdie spesifieke verband is aangebied in hoofstuk 5.)

Spesifieke teoretiese stelling 1 is hier van toepassing, naamlik:

> ***Om aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs te verseker, moet die media krities oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe berig lewer, en ook aandag gee aan die positiewe en opbouende.***

Elk van die drie koerante het in 'n verskeidenheid van genres aandag gegee aan MIV/vigs, maar tog meestal in nuusberigte (sien paragraaf 5.2.1 *Genres* in hoofstuk 5). Dit is nie vreemd nie, omdat die meeste kwessies eie aan die verloop van nuus eers in nuusberigte as 't ware bekend gestel word voordat dit in genres soos redaksionele kommentaar of dieptenuusartikels ontgin word.

Wat wel opgeval het, is dat baie min dieptenuusitems en hoofartikels oor die onderwerp verskyn het, veral in die *Sunday Times* uit hoofde van die waarde wat hy aan die onderwerp heg. Hierdie genres gee 'n duidelike aanduiding van die nuusagenda, omdat onderwerpe in dieptenuus ontgin word, en net in hoofartikels aangeroer word indien die publikasie dit as belangrik genoeg beskou om regstreeks daaroor standpunt in te neem. Deur min dieptenuus oor MIV/vigs te publiseer en só aan die betrokke onderwerp dieper betekenis te gee, skep die publikasies die

persepsie dat hulle die etiese verantwoordelikheid om lesers sodanig toe te rus dat hulle ingeligte besluite kan neem, ignoreer.

Die min hoofartikels is in pas met *Rapport* se ingesteldheid teenoor die tema, maar kan die *Sunday Times* se standpunt dat hy die epidemie as uiters belangrik beskou, weerspreek. Wanneer laasgenoemde koerant se algehele hantering van die epidemie egter in oënskou geneem word, is dit duidelik nie die geval nie. Daar word in ander vorms van redaksionele kommentaar, soos meningsartikels en 'n spotprent (die enigste in die ondersoekmateriaal) wel op die siekte gefokus. Hierdie genres is ook belangrik in die konteks van agendastelling. Die *Sunday Times* skep ook geleentheid vir partye midde-in die politieke MIV/vigsstryd om hul standpunte te stel. Op dié manier gee die koerant vir sy lesers die nodige inligting om 'n eie mening te kan vorm.

Die *Sunday Sun* se prominente fokus op MIV/vigs in rubrieke en die byna voorskriftelik morele hoek wat rubriekskrywers inslaan, skep die indruk dat die koerant 'n sterk voorstander is van die openbare sedes, en dus dat hy 'n gevestigde sosiale verantwoordelikheidsin het. Hierdie beeld strook egter nie met die aard van populistiese koerante nie, wat gewoonlik binne die libertynse raamwerk funksioneer en alle beperkings verwerp (sien paragraaf 1.2 *Die rol van die media* in hoofstuk 1). Boonop is die hedonistiese benadering gewoonlik eerder van pas in die populistiese konteks (sien paragraaf 2.3.1.2 *Waar kry 'n joernalis leiding oor hoe hy eties behoort op te tree?* in hoofstuk 2).

Belangegroepe se klem op kritiese en indiepteberiggewing hang nou saam met die ontginning van 'n tema in die dieptenuusgenre. Dit blyk uit die analise van die *Sunday Sun* se nuusdekking dat temas in alle genres sonder uitsondering oppervlakkig aangebied is – selfs in rubrieke en die enkele artikel. Sonder agtergrondinligting en kontekstuele plasing, wat met dieptenuus saamhang, kan 'n leser potensieel interpreteringsfoute begaan. Boonop kan 'n leser onder 'n wanindruk kom oor hoe belangrik 'n kwessie werklik is indien dit nie (volgens meriete) ontgin word nie. Die *Sunday Sun* skep die indruk dat triviale inligting oor bekendes die kwessies is wat binne die MIV/vigsraamwerk aandag moet kry. Hierdeur ontduik hy sy sosiale verantwoordelikheid en mislei hy die leser.

Daarenteen is die items in die *Sunday Times* meestal goed ontgin en gebruik die koerant ook ander metodes, soos kundige gasskrywers, om aan lesers 'n nog meer

volledige prentjie te bring. Die ontginning van temas in *Rapport* wissel van uitstekend tot gebrekkig. Dit is tekenend van die koerant se ingesteldheid teenoor die onderwerp, en het tot gevolg dat nie alle items met dieselfde joernalistieke ywer en noukeurigheid aangepak word nie.

Wat temas betref, het al drie koerante 'n verskeidenheid van temas binne die breë MIV/vigsraamwerk gedek. Politieke konflik en beleidskwessies (as primêre tema) het egter die meeste aandag in die *Sunday Times* gekry, hoewel dié koerant in die breë gesien 'n baie gebalanseerde beeld van die epidemie en sy verwante kwessies aan die publiek bring.

Die meeste items in *Rapport* het die behandelingskwessie die hoof gebied, maar binne die konteks van regeringsbeleid, wat beteken dat dié publikasie voorkeur aan die politieke sy van MIV/vigs gegee het. Dit is bevestig deur die redakteur, Tim du Plessis (2005). Trouens, hy het te kenne gegee dat MIV/vigspolitiek die enigste saak verwant aan die epidemie is wat die publikasie werklik interesseer. Verder sal hy net aan ander kwessies aandag gee indien dit iets buitengewoons is, soos 'n deurbraak op navorsingsgebied. Die epidemie word dus vanuit die tradisionele nuusperspektief beskou. Die gevolgtrekking wat hieruit vloei, is dat, normatief gesien, *Rapport* nie sy verantwoordelikheid teenoor sy lesers nakom nie en aan hulle 'n hoofsaaklik eensydige beeld van die epidemie bied.

In die *Sunday Sun* het oordrag en risiko die meeste aandag geniet, maar dit kan nie aan die nakoming van etiese verantwoordelikheid toegeskryf word nie. Die rede is dat hierdie onderwerp meestal aangepak is binne die konteks van bekende persoonlikhede of opspraakwekkende gebeure. 'n Mens kon dus aflei dat dit nie die onderwerp self was wat die koerant geïnteresseer het nie, maar die sensasie wat daarmee gepaard gaan. Dit is wel in pas met die populistiese aard van die publikasie. Die koerant bestee verder wel aandag aan die mens-element (*human interest)*, maar dit is ook telkens beperk tot sleutelfigure se doen en late, pleks van in pas met belangegroepe se riglyn dat 'n "gesig" aan die epidemie gegee word deurdat daar oor "gewone mense" geskryf word. Nóg 'n kwessie wat aandag kry in die *Sunday Sun*, is aansprake en kure – weer eens opspraakwekkende temas. Dit is dus duidelik dat hierdie koerant hom wanneer dit kom by besluite oor wat nuus is, laat lei deur die sensasionele eerder as deur 'n etiese verantwoordelikheid. Die koerant se hantering van die epidemie strook nie met Mike Vink (2005), adjunkredakteur, se stelling dat hy MIV/vigs – "in watter vorm ookal" – as een van die belangrikste

nuustemas beskou nie. Dit is wel in pas met sy stelling dat gesondheid 'n onderwerp is wat "'n bietjie lukraak" gehanteer word.

Onderwerpe wat min aandag in al drie die koerante gekry het, is navorsing, impak, en berading en sorg. Dit het breedweg te doen met die maatskaplike sy van die epidemie. Die gebrek aan dekking strook met die kritiek van belangegroepe. Dit skep egter die persepsie dat die publikasies die maatskaplike sy van die epidemie nie raaksien nie. Dit kan wel toegeskryf word daaraan dat hierdie onderwerpe dikwels nie aan die tradisionele nuuskriteria voldoen nie en daarom nie as nuuswaardig gesien word nie (vgl. paragraaf 2.2.1 *Wat is nuus?* in hoofstuk 2).

Wat die verhouding tussen negatiewe, en positiewe en opbouende beriggewing oor die epidemie betref, handhaaf die publikasies in die algemeen 'n goeie balans. In *Rapport* is daar wel 'n neiging om effens meer op die negatiewe klem te lê. Dit kan toegeskryf word aan die klem op politiek, konflik en beleidsake, wat opsigself min positiewe elemente bevat het. Deur net die negatiewe te beklemtoon, kan lesers met 'n skewe beeld van die epidemie laat.

Die ondersoek het verder getoon dat die drie koerante wel toepaslike bronne gebruik. Wat opgeval het, is dat op hoofsaaklik die voor die hand liggende bronne gesteun is, en dat min alternatiewe perspektiewe gelug is. Dit is 'n leemte, wat kan veroorsaak dat lesers verveeld raak omdat hulle deurentyd aan dieselfde menings blootgestel word. Wat hiermee saam hang, is dat byna geen MIV/vigsorganisasies buiten die Treatment Action Campaign (TAC) ooit om kommentaar genader word nie, en dat die leser bitter selde blootgestel word aan "gewone Suid-Afrikaners" wat met die siekte leef. Hierdie stand van sake kan moontlik die oorsaak wees waarom min nuwe hoeke ingeslaan word in MIV/vigsnuusdekking. Al drie koerante het hier leemtes getoon, hoewel dit die ergste was in die *Sunday Sun* met sy oordadige fokus op bekendes. Hierdie soort beriggewing voldoen kwalik aan die vereiste van "boeiend aangebode nuus" wat Snyman (1990:66) binne eties aanvaarbare joernalistiek stel.

- ***Aanbieding***

Die manier waarop die *Sunday Times*, *Rapport* en die *Sunday Sun* nuusitems aangebied het, en hoe prominent dit gebruik is, is in hoofstuk 6 ondersoek. Om leiding in hierdie verband te gee, is teoretiese stelling 2 geformuleer:

Aanvaarbare nuusdekking oor MIV/vigs hou ook in dat die inligting sensitief, regverdig, gebalanseerd en in goeie smaak aangebied word.

In hul aanbieding van nuus oor MIV/vigs het die koerante hoofsaaklik twee nuusrame geskep: 'n negatiewe, "doom and gloom"-nuusraam, en 'n positiewe beeld van die siekte as 'n beheerbare toestand waarmee mense lank produktief kan leef. In die *Sunday Times* en *Sunday Sun* is 'n balans meestal tussen die twee uiterstes gehandhaaf. In *Rapport*, daarenteen, het die negatiewe nuusraam oorheers. Die epidemie is boonop oorwegend as 'n politieke knelpunt binne hierdie raam uitgebeeld. Hierdie soort aanbieding het etiese implikasies, omdat dit mense met die siekte kan isoleer en stigmatisering vererger, in teenstelling met die benadering van liefdevolle persoonsbehartiging wat in eties aanvaarbare nuusberiggewing behoort te geld.

Wat prominensie betref, het MIV/vigs in die ondersoektydperk min die voorblaaie gehaal. In die *Sunday Times* is items oor die siekte tog telkens op die eerste vier, belangrikste nuusblaaie gebruik, wat dit dus duidelik op die nuusagenda plaas. *Rapport*, daarenteen, het items oor die epidemie meestal verder agtertoe in die koerant geplaas, wat ook impliseer dat die epidemie nie so hoog op sy nuusagenda lê nie. Dit strook met Du Plessis (2005) se stelling dat lesers van die epidemie behoort kennis te neem en pas ook binne die raamwerk van sosiale verantwoordelikheid deurdat die lesers se belange voorop gestel word.

Die *Sunday Times* en *Rapport* het hul lesers nie mislei deur onvanpaste prominensie aan items te verleen nie, sensasie te skep of onvanpaste grafiese materiaal te gebruik nie. Trouens, min grafiese materiaal is by nuusdekking oor die epidemie in hierdie koerante gebruik. Dit pas binne die raamwerk van eties aanvaarbare beriggewing. Die *Sunday Sun*, daarenteen, het ernstiger items klein en agter in die koerant gebruik, terwyl nuus oor bekendes en meer triviale besonderhede baie prominent en baie grafies voor in die koerant aangebied is. Hoewel dit Vink (2005) se standpunt dat die koerant op bekendes fokus, onderstreep, skep dit die indruk dat die koerant wel sensasie skep. Dit is strydig met Vink se standpunt dat die koerant nie sensasie skep nie. Sy hantering van die onderwerp is weer eens getrou aan sy populistiese aard, wat min raakpunte vind met 'n etiese en sosiaal verantwoordelike raamwerk.

Wat stereotipering en sensasionalisering in aanbieding betref, is die gevolgtrekking dat die *Sunday Times* en *Rapport* 'n groot mate van etiese verantwoordelikheid aan die dag lê. Stereotipering deur taalgebruik kom egter voor (sien *Taal- en woordgebruik* hierna). Goeie smaak is algemeen aan die dag gelê, buiten in die spotprent in die *Sunday Times* (sien Bylae C), en in die enkele voorbeeld van eksplisiete taalgebruik in die *Sunday Sun*. Die Zapiro-spotprent het veral Christene teen die bors gestuit (sien paragraaf 5.2.3 *Openbare agenda* in hoofstuk 5). Dit is binne 'n Christelike raamwerk onvanpas en onsensitief, en sluit in 'n groot mate aan by die nuttigheidsbenadering deurdat die tekenaar die boodskap op 'n skokkende wyse wou tuisbring om steun vir die saak te werf.

- ***Taal- en woordgebruik***

Die drie publikasies se taal- en woordgebruik binne die MIV/vigskonteks is in hoofstuk 7 beoordeel aan die hand van die belangegroepriglyne. Hierdie riglyne het uitgeloop op teoretiese stelling 3, naamlik:

> ***Om eties aanvaarbaar oor MIV/vigs te berig, behels dat die media taal moet gebruik wat:***
>
> - ***nie stigmatiseer, diskrimineer of sensasionaliseer nie; en***
> - ***verstaanbaar, akkuraat en eenvoudig is.***

Die media stel 'n duidelike agenda wat taalgebruik betref. Deur sy taal- en woordgebruik oor 'n tema vestig hy 'n woordeskat by sy lesers. Die agendastellingshipotese is ook weer in hierdie konteks ter sprake: wanneer belangegroepe riglyne oor MIV/vigstaalgebruik stel, het hy 'n invloed op die media.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word uit die ontleding van die taal- en woordgebruik in die betrokke koerante, is dat al drie algemeen goeie, duidelik verstaanbare taal besig. Vaktaal en terminologie word meestal duidelik omskryf. (In hierdie verband kan die werk van Claire Keeton in die *Sunday Times* as 'n voorbeeld van goeie joernalistieke praktyk dien.) Die enkele uitsonderings kan toegeskryf word aan onoordeelkundige subredigeerwerk, en onkunde van die skrywer en redigeerder. Die afleiding is gemaak dat dit hoofsaaklik die gevolg van 'n gebrek aan duidelike taalriglyne is (vgl. paragraaf 7.2.1 *Is die item in duidelike en verstaanbare taal*

geskryf? in hoofstuk 7). Die publikasies is ook meestal sensitief wanneer hulle mense of groepe binne die betrokke konteks beskryf.

Die hulpelose slagofferbeeld wat egter in al drie publikasies duidelik blyk deur die gebruik van woorde soos "sufferer/lyer" en "victim/slagoffer", is 'n knelpunt, omdat dit bydra tot stigmatisering en selfs negering van die epidemie. Die beeld word egter volgehou deur die negatiewe nuusrame wat geskep word. Hierdie aspek moet aandag kry. Die navorser wil selfs sover gaan om in die konteks van liefdevolle persoonsbehartiging te sê die deontologiese perspektief behoort hier te geld, naamlik dat die publikasies 'n plig het om stigma en stereotipes te verminder. Hierdie benadering geld ook binne die sosiale verantwoordelikheidsmodel.

- ***Akkuraatheid***

In hoofstuk 8 is nuusdekking oor die epidemie ontleed en beoordeel aan die hand van die kernbepaling van eties aanvaarbare joernalistiek, naamlik akkuraatheid. Dit behels onder meer dat balans in beriggewing gehandhaaf word deur die perspektiewe wat voorgehou word, en die bronne wat gebruik word. Feitelike korrektheid in alle omstandighede en konteks is in hierdie verband uiters belangrik. Om in hierdie verband die doelstelling (1.6.2.3) te bereik, is spesifieke teoretiese stelling 4 geformuleer, naamlik:

> ***Om eties aanvaarbaar te wees, moet beriggewing oor MIV/vigs akkuraat wees. In hierdie verband moet die media:***
>
> - ***gebalanseerd skryf;***
> - ***'n verskeidenheid van toepaslike bronne gebruik;***
> - ***duidelik en helder formuleer;***
> - ***die storie in konteks plaas;***
> - ***volledig, gefokus en feitelik korrek berig lewer;***
> - ***statistiek en syfers versigtig gebruik; en***
> - ***skepties staan teenoor aansprake, veral wat kure betref.***

Die gevolgtrekking wat uit hierdie ondersoek spruit, is dat hoewel joernaliste in die algemeen baie duidelik formuleer, goed onderlê is in die algemene joernalistieke beginsels en 'n basiese agtergrondkennis oor MIV/vigs het, die grootste leemtes in

die konteks van die epidemie voorgekom het in beriggewing deur joernaliste wat nie gereeld daaroor berig doen nie. Die indruk is verder geskep dat daar min moeite gedoen is om wel die nodige agtergrond in te win om sodoende berigte van beter gehalte binne die konteks te lewer. Joernaliste met min agtergrond oor MIV/vigs maak die meeste foute, en het 'n groot probleem om behoorlik te kontekstualiseer. In hierdie opsig kom die koerante nie hul verantwoordelikheid teenoor die lesers na deur genoeg inligting te verskaf sodat ingeligte keuses gemaak kan word nie. Talle voorbeelde van deeglike kontekstualisering is egter ook gevind, veral in die *Sunday Times*.

Wat *genoeg* toepaslike bronne betref, is taamlike leemtes gevind en kan die gevolgtrekking gemaak word dat veral joernaliste van *Rapport* en die *Sunday Sun* in gebreke bly om nuwe nuusbronne te kweek. Die indruk word ook geskep dat joernaliste soek tot hulle twee of drie bronne het sodat die skyn van balans gehandhaaf kan word, en nie tot hulle antwoorde op vrae het nie. Joernaliste is ook nog geneig om te konsentreer op amptelike bronne, ten koste van die mening van die mense op voetsoolvlak. Die belange van die publiek word dus nie gedien nie. Dit geld ook kontak met MIV/vigsorganisasies. Die groepe wat meestal aangehaal word, is dié met 'n gevestigde mediaprofiel. Indien lesers egter deurgaans aan die mening van byvoorbeeld die TAC blootgestel word, kry hulle ook 'n eensydige (meestal politieke) beeld van die epidemie. Dit het 'n invloed op die agenda wat belangegroepe stel. Mediakundigheid binne MIV/vigsorganisasies behoort in hierdie konteks aandag te kry eerder as dat daar net kritiek gelewer word oor gebreke in hierdie verband.

Die MIV/nuusdekking in al drie publikasies is algemeen volledig *binne die enger konteks* van die spesifieke nuusitem. Die talle voorbeelde van geen of te min kommentaar wat gevind is, hou tred met bevinding van min indiepteberiggewing. Volledigheid moet egter binne die konteks van die spesifieke publikasie se agenda beskou word. *Rapport* lig lesers hoofsaaklik oor die onmiddellike feite van 'n saak in, omdat hy nie die onderwerp in lesers se kele wil afdruk nie (Du Plessis, 2005). Die *Sunday Times*, daarenteen, gee eerder te veel as te min inligting wat hul lesers toerus met genoeg kennis om ingeligte besluite te kan neem. Die *Sunday Sun* se beriggewing bly deurgaan uiters oppervlakkig. Dit is te betwyfel of hierdie soort beriggewing enigsins lesers se perspektiewe kan verbreed.

Wat feitelike korrektheid betref, kon die navorser haar net op agtergrondkennis en 'n oordeel aan die hand van die soort bronne wat gebruik is, verlaat. Die gevolgtrekking wat gemaak is, is dat daar heelparty agterlosige foute voorkom, byvoorbeeld wat die spelling van name en die gebruik van titels betref. Geen growwe feitefoute kon egter geïdentifiseer word nie. Die (versigtige) gevolgtrekking is dat joernaliste wel hier deeglik in die joernalistieke beginsels onderlê is. Foute wat die taal van MIV/vigs tref, is geïdentifiseer met die hulp van 'n lys wat saamgestel is uit voorstelle van belangegroepe. Feitefoute word dikwels in hierdie konteks gemaak, wat hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis.

9.2.3 Samevattende gevolgtrekking

Die voorlaaste doelstelling, 1.6.2.4, word in hierdie paragraaf bereik wanneer oorkoepelend beoordeel word of die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* aan die belangegroepkriteria voldoen. Hiervolgens is bepaal:

- In welke mate beriggewing oor MIV/vigs in die *Sunday Times*, *Rapport* en *Sunday Sun* aan die belangegroepkriteria voldoen.

Uit die bogenoemde uiteensetting kan die volgende samevattende gevolgtrekking gemaak word: hoewel uit die MIV/vigsdekking in die drie koerante die indruk geskep is dat die joernaliste basiese kennis oor vigs het, lei dit hoofsaaklik tot 'n vermoë om oppervlakkig oor die epidemie te skryf. Daar is min bewys van dieper insig en begrip vir die uitwerking wat die media op die publiek se persepsie van die epidemie kan hê. Hierdie insig manifesteer in eties aanvaarbare beriggewing gegrond op ingeligte en kritiese denke. Hoewel beriggewing in die *Sunday Times* algemeen uitstaan as eties aanvaarbaar en van 'n hoë gehalte, is daar wel leemtes, wat beteken dat hierdie instelling ook kan baat vind by leiding. Daar is 'n gewilligheid by die *Sunday Sun* bespeur (vgl. Vink, 2005) om in 'n groter mate betrokke te raak by MIV/vigsnuusdekking, maar dit is te betwyfel of die populistiese aard van hierdie koerant ruimte daarvoor sal laat. Daar word dus aanbeveel dat joernaliste binne die beperkte mate waarin hulle aandag aan die epidemie kan gee, sal sorg dat dit voldoen aan die riglyne van eties aanvaarbare beriggewing, byvoorbeeld deur die beskikbare hulpbronne van belangegroepe en opleidingsinstellings te gebruik.

Wat *Rapport* betref, is die persepsie geskep dat die koerant taamlik onverbiddelik is in sy standpunt dat MIV/vigs nie 'n onderwerp is wat sy lesers interesseer nie en dat hy daarom nie meer kan doen om sy nuusdekking in pas te kry met wat belanghebbendes sou wou sien nie – selfs al meen hy dat lesers daaroor behoort ingelig te wees en dat koerante 'n rol te speel het om stigmatisering te verminder. Du Plessis (2005) se stelling dat *Rapport* nie 'n agenda het van MIV/vigs betref nie, maar net 'n uitkyk, hou nie water nie. Deur sy ingesteldheid stel hy reeds die agenda en dit hou in dat hy sy lesers blootstel aan 'n hoofsaaklik eensydige, politiek- en beleidgerigte benadering tot die epidemie. Du Plessis is egter reg as hy aanvoer dat die media se primêre rol nie is om die epidemie te bekamp nie, maar die "verpakking en verkoop van beskikbare stelle inligting". Dit lyk daarom nie asof *Rapport* sy verantwoordelikheid teenoor sy lesers nakom deur hulle op so 'n manier in te lig dat hulle ingeligte besluite kan neem nie. *Rapport* skep die indruk dat MIV/vigs benede hom is. Hierdie soort apatie kan deursyfer na die lesers. Trouens, in die lig van die min aandag wat lesers in briewe aan die koerant aan die onderwerp gee, kan die afleiding gemaak word dat dit reeds die geval is. *Rapport* se ingesteldheid kan dus as onverantwoordelik gesien in die lig van die stand van die MIV/vigsepidemie in Suid-Afrika.

9.2.4 Moontlike aanpassing van bestaande kodes

Uit hierdie studie blyk dit duidelike dat riglyne oor MIV/vigsverslaggewing beslis *nodig* is, maar die vraag kan gestel word of dit prakties is om te implementeer. Hoewel die drie Sondagkoerante wat ondersoek is MIV/vigs volgens hul redakteurs bo-aan hul onderskeie media-agendas plaas (c.f. Du Plessis, 2005; Makhanya, 2005; Vink, 2005), is dit nie 'n maklike taak om te hou by riglyne wat belangegroepe voorstel nie. Daar is verskeie faktore, soos die ingesteldheid van personeel, die aard van populistiese of selfs middelmootkoerante, en kommersiële belange, wat ook 'n rol speel.

Ten slotte kom die vraag of 'n spesifieke stel riglyne vir MIV/vigsnuusdekking *wenslik* is, of bestaande kodes in hierdie konteks voldoende is en of hierdie kodes aangepas moet word om MIV/vigs te akkommodeer, dus weer aan die orde. Dit is soos volg vervat in doelstelling 1.6.2.5, wat bepaal:

1.6.2.5 Of 'n kode spesifiek met betrekking tot etiese MIV/vigsnuusdekking nodig en wenslik is.

Belangegroepe stem nie saam oor hierdie kwessie nie. Die African Women's Media Centre (AWMC) meen universele riglyne vir etiese beriggewing kan toegepas word op MIV/vigs, maar behoort aangevul te word met spesifieke (formele en informele) riglyne oor etiese beriggewing oor MIV/vigs (Beamish, 2002:ch-4692). Ander belangegroepe, soos Cadre, verkies 'n aparte stel riglyne (Delate, 2003[b]:4; vgl. ook Ekpo *et al.*, 2000). Nie een van die koerantredakteurs is ten gunste van 'n etiese kode spesifiek van toepassing om MIV/vigs nie, omdat dit die siekte as 't ware sal verhef (Makhanya, 2005). Boonop is bestaande riglyne voldoende (Du Plessis, 2005, Vink, 2005).

Dit is so dat kodes bloot riglyne is, maar dat dit binne die sogenaamde situasie-etiek by die omstandighede aangepas behoort te word. Sonder kodes kan die joernalistiek ook nie die etiese standaarde handhaaf wat die sosiale verantwoordelikheidsmodel van hom vereis nie. Binne die raamwerk van MIV/vigs behoort die doel van so 'n kode (in hierdie konteks 'n belangegroepkode) uiteindelik te wees om die regte van mense met MIV/vigs te handhaaf, en hul reg op vertroulikheid en om waardig en akkuraat uitgebeeld te word, te respekteer.

Wat maak MIV/vigs uniek? Dit word wyd beskryf as die grootste knelpunt op ontwikkelings-, gesondheids- en ook morele gebied (vgl. KFF, 2004; James, 2001). MIV/vigsgroepe sê tereg dat die epidemie 'n gesondheidskwessie is, en dat die morele aspek lê in hoe doeltreffend die epidemie die hoof gebied word (vgl. Anderson, 2004). Gesondheidsjoernalistiek is egter reeds 'n rigting met heelwat andersoortige knelpunte en uitdagings, volgens Schwitzer (2004) van die Association of Health Care Journalists, wat onlangs 'n etiese kode (sien Bylae K) geformuleer het uit hoofde van die eiesoortigheid van die veld. Die media sal gevolglik positief moet kan antwoord op die vraag of hy binne sy vermoë die verantwoordelikheid teenoor sy publieke nakom wat MIV/vigs betref. Uit die studie blyk dit dat die antwoord nie onteenseglik ja sal kan wees nie.

Dit is verstaanbaar en korrek dat etiese kodes nie te spesifiek moet wees nie sodat die joernalistiek in sy geheel omsluit word. Verder is dit waar dat té spesifieke kodes 'n slaafse navolging van reëls tot gevolg kan hê wat die noodsaaklike etiese gesprek binne die joernalistiek uitsluit (vgl. Hiebert *et al.*, 1991:530-535; kyk ook Froneman, 1994:123-128).

Uit die studie blyk dit egter dat joernaliste nie onderlê is in etiese knelpunte soos MIV/vigs nie, en gevolglik nie genoeg kennis het oor die probleme wat kan spruit uit onetiese beriggewing nie. In die lig hiervan sou 'n belangegroepkode nodig wees. Dit sou afhang van individuele nuusinstellings of hulle so 'n kode in geheel wil aanvaar, en of hulle net dele daarvan in bestaande kodes wil integreer.

Daar is geen kwessie oor die media se potensiaal om die publieke agenda te beïnvloed nie. Die ander sy van hierdie agendastellingsmunt is dat belangegroepe ook die potensiaal het om die media-agenda te beïnvloed. Indien hierdie agendas binne die konteks van MIV/vigs nader aan mekaar kan beweeg, kan dit 'n goeie invloed hê op die gehalte van beriggewing binne hierdie sfeer en uiteindelik op die publiek se opvatting en kennis oor die epidemie. Om dit te bewerkstellig, vra 'n paradigmaverskuiwing van beide die media en belangegroepe. Beter mediaverhoudinge sal ook gevestig moet word. (Malan [2004] skryf juis die gebrek aan MIV/vigsnuusdekking in Kenia toe aan swak verhoudings tussen die media en belangegroepe. Daarteenoor het die TAC in Suid-Afrika al bewys dat 'n sterk verhouding met die media vrugte afwerp [Finlay, 2004].)

Om goeie samewerking te verseker en die potensiële kloof tussen belangegroepe en die media te oorbrug, verg 'n konstruktiewe vennootskap en nie bloot oor-en-weer-kritiek nie. Dit hou in dat belangegroepe akkurate, bruikbare inligting aan die media verskaf, NRO's en mense met MIV/vigs moet ingelig word oor die invloed wat hulle op die media-agenda kan hê (vgl. Galloway, 2001). Joernaliste word dikwels ingelig hoe om met mense met die toestand te werk, maar die personeelomset is so groot dat hierdie vaardighede menigmaal nie binne die nuuskantoor behoue bly nie. Formele riglyne kan hier 'n besondere rol speel. Riglyne of selfs beleid oor MIV/vigsverslaggewing, in pas met wat belangegroepe voorstel, kan dien as rigsnoer vir jong, onervare joernaliste en subredakteurs. Dit kan die foute wat in die nuus en subkantoor opduik en wat redakteurs aan onkunde toeskryf, ondervang (vgl. Du Plessis, 2005; Vink, 2005).

Etiese kodes kan help om publikasies op die pad na verantwoordelike joernalistiek te lei. Hierdie kodes lei egter nie outomaties tot verantwoordelike joernalistiek nie, omdat dit bloot riglyne is. Daar is boonop tekens van ongeërgdheid teenoor verantwoordelike joernalistiek in Suid-Afrika (Retief, 2002:ix-x). Hierdie kodes help wanneer mediapraktisyns riglyne oor etiese kodes nodig het (Froneman & De Beer,

1998:310), maar bied nie 'n eenvoudige resep wat die besluitnemingsproses makliker maak nie.

Wat belangrik is, is dat talle kodes ruimte laat vir 'n breë interpretasie. Dit is onmoontlik om 'n kode te skryf wat elke situasie dek. Daarbenewens veroorsaak sulke omvattende en spesifieke kodes dat besluite nie versigtig geneem word nie, omdat besluitnemers bloot die reëls kan navolg. Etiese kodes bly egter belangrik. Dit bied ideale waarna die media en kommunikeerders moet strewe, en werp lig op potensieel problematiese situasies. In Suid-Afrika sal dit moeilik wees om gehaltejoernalistiek te bedryf sonder hierdie kodes.

Die oplossing is nie om beperking van bo-af in te stel nie, selfs nie in die vorm van vrywillige riglyne soos 'n etiese kode nie. Die kern van die oplossing lê in veranderde houdings, meer gefokusde voorgraadse opleiding, en meer kontak tussen media-instellings en belangegroepe. Dit lê in 'n proses van interaksie waar die agendas van die media en MIV/vigsbelangegroepe nader aan mekaar beweeg. Trouens, geen MIV/vigsprogram kan slaag indien daar nie samewerking is tussen die media, gesondheidsorgverskaffers, beleidmakers en ander rolspelers nie (vgl. Ekpo *et al.*, 2000).

Nog 'n faktor wat 'n rol speel, is dat nuusgebruikers binne die agendastellingskonteks blootgestel word aan hoofsaaklik twee perspektiewe: 'n onbewuste perspektief wat spruit uit die opvattings, ervaring (insluitend vooroordele), en kennis van die joernaliste; en 'n bewuste perspektief, gegrond op besluite van nuusbestuurders oor hoe 'n kwessie aangepak behoort te word. Faktore buite die etiese sfeer beïnvloed hierdie besluite. Dit sluit kommersiële oorwegings in, soos byvoorbeeld in *Rapport* se geval waar lesers duidelik aangetoon het dat hulle min belang het by MIV/vigs.

Die media gee nie net menings weer nie, maar vorm ook menings. Vanuit hierdie verskillende perspektiewe word 'n verskeidenheid van opvattings oor kwessies soos MIV/vigs in die samelewing gevorm. Die kruks van die saak is dat omdat die Suid-Afrikaanse media so divers is, is die opvattings binne die samelewing noodwendig ook uiteenlopend. Die argument sou dus kon wees dat daar nie net een stel riglyne kan wees om die boodskap vir so 'n uiteenlopende gehoor te rig nie.

Die argumente hierbo baan die weg vir die volgende gevolgtrekking: *Gegewe die gebreke binne die nuuskantore en in MIV/vigsberiggewing, en die sosiale verantwoordelikheid wat op die media rus (veral binne 'n ontwikkelende demokrasie), is dit wenslik dat individuele media-instellings MIV/vigsriglyne in hul institusionele etiese kodes insluit. Omdat die meeste media-instellings die algemene joernalistieke riglyne volg soos vervat in die Perskode en die kode van die Uitsaaiklagtekommissie, behoort hierdie kodes ook gewysig te word om riglyne oor die onderwerp in te sluit.*

9.2.5 Verdere navorsing

- Die gemeenskapsmedia speel 'n al hoe groter rol in Suid-Afrika. Die Newspaper Advertising Bureau (NAB) het in April 2004 'n veldtog van stapel gestuur om adverteerders en media-agentskappe aan te moedig om gemeenskapskoerante by hul mediaplanne in te sluit. Volgens John Bowles, mede- besturende direkteur van NAB, bereik gemeenskapskoerante baie meer stedelike lesers as die dagblaaie (NAB, 2004), maar is nie by die studie ingesluit nie. Volgens hom het die gemeenskapskoerant die sleutelkanaal geword om belangrike plaaslike nuus by die mense wat dit die graagste wil hê, uit te kry. Daarom is navorsing oor die dekking van MIV/vigs in gemeenskapskoerante nodig.

- Tentatiewe afleidings is in hierdie studie gemaak oor die vlak van MIV/vigskennis en bewustheid oor die gepaardgaande etiese kwessies onder joernaliste by die *Sunday Times*, die *Sunday Sun*, en *Rapport*. Geen bewese gevolgtrekkings kon egter hieroor gemaak word nie, maar regverdig verdere ondersoek.

- Lesers se ooglopende belangstelling in die rubriek *Up close and personal* in die *Sunday Sun* (sien paragraaf 5.2.3 Openbare agenda in hoofstuk 5) laat die vraag ontstaan hoeveel invloed 'n rubriekskrywer in die konteks van MIV/vigs kan hê. Dit is 'n onderwerp wat in verdere navorsing ontgin kan word.

Bronnelys

AGEE, W.K., AULT, P.H. & EMERY, E. 1991. Introduction to mass communications. 10th ed. New York : HarperCollins. 569 p.

AIDS.COM. 2004. AIDS/HIV Facts. [Web:] http://www.aids.com/ [Datum van gebruik: 3 Mrt. 2004].

AIDS FOUNDATION OF SOUTH AFRICA. 2003. The HIV/AIDS virus. [Web:] www.aids.org.za/about.htm [Datum van gebruik: 2 Feb. 2005].

AKOSILE, A. 2003. Coalition launches media handbook on HIV/Aids. *This Day*, 4 Jun. [Web:] http://allafrica.com/stories/printable/200306040016.html [Datum van gebruik: 27 Jun. 2003].

ALTENROXEL, L. 2001. Media under fire for AIDS coverage. *Star*:3, Jul. 24.

ANDERSON, T. 2004. On the results of the 2004 election. (3 p.) [Web:] Http://www.napwa.org/pdf/041112pvu.pdf Datum van gebruik: 5 Mei 2005].

ANON. 1999. From predators to guardians: how to work for media practitioners. [Web:] http://www.hdnet.org/KL1999_reports/37.htm [Datum van gebruik: 27 Jun. 2003].

ANON. 2001. Vigs-hoop. *Beeld*:10, Nov. 6. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2001/11/06/10/12.html [Datum van gebruik: 29 Jul. 2004].

ANON. 2003. Media handbook on HIV/AIDS reporting launched in Nigeria. [Web:] http://www.ijnet.org/FE_Article/newsarticle.asp?UILang=1&CId=37996&CIdLang=1 [Datum van gebruik: 27 Jun. 2003].

ANON. 2004. Sunday Times accuracy check. [Web:] http://www.sanef.org.za/ethics_codes/sunday_times/277060.htm [Datum van gebruik: 2 Aug. 2004].

ANSELL, G. 2001. Mededeling tydens die opleidingskursus Advanced Reporting of the Institute for the Advancement of Journalism. Johannesburg. (Notas in besit van outeur.)

ATIS (AIDS TREATMENT AND INFORMATION SERVICE). 1999. Glossary of HIV/AIDS-related terms. 3rd ed. Washington, D.C. : US Government Printing Office. 134 p.

AWMC. 2002. About the AWMC. [Web:] http://www.awmc.com/about/index/php [Datum van gebruik: 1 Des. 2003].

BEAMISH, J. 2002. Reporting on HIV/AIDS in Africa: a manual. Washington, D.C. : International Women's Media Foundation. [Web:] http://www.awmc.com.pub/p-4289/e-4290/ [Datum van gebruik: 27 Jun. 2003].

BEHARREL, P. 1993. AIDS and the British press. (*In* Eldreidge, J., *ed.* Getting the message: news, truth and power. London : Routledge. 358 p.)

BENEFO, K.D. & TAKYI, B.K. 2002. Mass media effects on AIDS knowledge and sexual behavior in Africa with special reference to Ghana. *International journal of sociology and social policy,* 22(4/5/6):77-92.

BERGER, G. 2002. Seeing past race - the politics of the HSRC's inquiry into racial representation. *Ecquid novi,* 23(1):# 9604. [Web:] http://www.journals.co.za/ej/ejour_novi.html [Datum van gebruik: 5 Mei 2005].

BERRY, R. 1994. The research project. 3rd ed. London : Routledge. 116 p.

BIZ-COMMUNITY.COM. 2004. Sunday Sun. [Web:] http://www.biz-community.com/PressOffice.aspx?i=310 [Datum van gebruik: 1 Apr. 2004].

BLOCK, H. 1977. Herblock's history. Political cartoons from the crash to the millenium. The cartoon. (5 p.) [Web:] http://www.loc.gov/rr/print/swann/herblock/cartoon.html [Datum van gebruik: 5 Mei 2005].

BOTES, A. 2003. Validity, reliability & trustworthiness: to sum up. (*In* Rossouw, D. 2003, *ed.* Intellectual Tools: Skills for the human sciences. Pretoria: Van Schaik. P. 176-184.)

BRÜMMER, W. 2004. TAC wil hof toe om Manto te dwing om vigsmiddels aan te skaf. *Beeld*: 2, Mrt. 9.

CADRE (CENTRE FOR AIDS DEVELOPMENT, RESEARCH AND EVALUATION). 2004a. About us. [Web:] http://www.cadre.org.za [Datum van gebruik: 9 Sept. 2004].

CADRE (CENTRE FOR AIDS DEVELOPMENT, RESEARCH AND EVALUATION). 2004b. Centre for Aids development, research and evaluation: home. [Web:] http://www.cadre.org.za [Datum van gebruik: 9 Sept. 2004].

CARSTENS, W.A.M. 2003. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 4de uitg. Pretoria : Van Schaik. 478 p.

CLAASSEN, G. 2004. SA media nié bo kritiek verhewe. *Burger*:19, Feb. 14. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2004/02/14/BS/19LDNk/04.html [Datum van gebruik: 2 Apr. 2004].

CLAASSEN, G. 2002. Etiese Kode en Riglyne vir Verslaggewers, Fotograwe en Grafiese Kunstenaars van Die Burger. Ongepubliseer.

COHEN, J. 1997. The media's love affair with AIDS research: hope vs. hype. *Science*, 275(5298):298-299.

CULLINAN, K. 2001. The media and HIV/Aids: a blessing and a curse. *Aids bulletin,* (10)2. [Web:] http://www.mrc.ac.za/aids/jul2001/contents.htm [Datum van gebruik: 3 Jul. 2003].

CULLINAN, K. 2003. Behaving better: the media, stigma and discrimination. (Voordrag gelewer as deel van die forumbespreking Committing Journalism: The role of the media in HIV and AIDS reporting of the Centre for the study of Aids, at the University of Pretoria on 28 Nov. 2003.) Pretoria. (Notas in besit van outeur.)

CURREN, J. 1991. Rethinking the public sphere. (*In* Dahlgren, P. & Sparks, C., *eds*. Communication and citizenship: journalism and the public sphere. London : Routledge. p. 27-57.)

DEARING, J.W. & ROGERS, E.M. 1992. AIDS and the media agenda. (*In* Edgar, T., Fitzpatrick, M.A. & Freimuth, V.S., *eds*. AIDS: a communication perspective. Hillsdale, N.J. : Erlbaum. p. 173-193.)

DEARING, J.W. & ROGERS, E.M. 1996. Communication concepts, 6: Agenda setting. Thousand Oaks, Calif. : Sage. 139 p.

DE BEER, A.S. 1998. Mass communication in society. Pervasive messages and images of our time. (*In* De Beer, A.S., *ed.* Mass media towards the millennium. The South African handbook of mass communication. Pretoria : Van Schaik. p. 5-31.)

DE BEER, A. 2002. Research methodology. (5 p.) [Web:] http://academic.sun.ac.za/journalism/modules/BPhilresearchmethod_e.html [Datum van gebruik: 5 Mei 2005].

DEFLEUR, M.L. & DENNIS, E.E. 1991. Understanding mass communication. 4th ed. Boston, Mass. : Houghton Mifflin. 637 p.

DELATE, R. 2003a. Ethical guidelines in reporting on HIV and AIDS for the South African media. [Web:] http://www.journ-aids.org/Guidelines%20Change.htm [Datum van gebruik: 24 Jan. 2004].

DELATE, R. 2003b. HIV/AIDS and the media: a discussion paper. Johannesburg : Centre for Aids Development, Research and Evaluation. 29 p.

DELATE, R. 2003c. Closing the gap: understanding media reporting on HIV/Aids. (Voordrag gelewer as deel van die forumbespreking Committing Journalism: The role of the media in HIV and AIDS reporting van die Centre for the study of Aids aan die Universiteit van Pretoria op 28 Nov. 2003.) Pretoria. (Notas in besit van outeur.)

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. 2000. Introduction: the discipline and practice of qualitative research. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds*. Handbook of qualitative research. 2nd ed. London : Sage. p. 1-28.)

DEPARTMENT VAN GESONDHEID. 2003. National HIV and Syphilis antenatal sero-prevalence survey in South Africa: 2002. Pretoria : Department of Health.

DIEDERICHS, P. & DE BEER, A.S. 1998. Newspapers. The Fourth estate: a cornerstone of democracy. (*In* De Beer, A.S., *ed.* Mass media towards the millennium. The South African handbook of mass communication. Pretoria : Van Schaik. p. 85-116.)

DONNELLY, R. 2003. Using problem-based learning to explore qualitative research. *European Educational Research Journal*, 2(2):309-321.

DU PLESSIS, T. 2005. Mondelinge mededeling aan outeur. Johannesburg. (Notas in besit van die outeur.)

DU PLOOY, G.M. 1991. 500 communication concepts: English/Afrikaans. (Communicamus 10. A series of communication science monographs.) Cape Town : Juta. 177 p.

DU PLOOY, G.M. 2001. Communication research. (Only study guide for COM306-D.) Pretoria : Unisa. 259 p.

DU PREEZ, M. 1994. Ethical dilemmas in journalism. *Ecquid novi*, 15(1):2-172.

EKPO, E., EMENOGU, A.A., OGUNDIPE, S.O. & SHOKUNBI, L. 2000. The role of the media in HIV/AIDS prevention. (Voordrag gelewer by die FDA Regional Conference on HIV/AIDS, Abuja FCT, Nigerië van 5-9 Jun.) [Web:] http://democracy-africa.org/hivd.htm [Datum van gebruik: 3 Jul. 2003].

EKSTEEN, L.C., *red.* 1997. Groot woordeboek / Major dictionary. 14de uitgeb. uitg. Kaapstad : Pharos. 1493 p.

ENTMAN, R. 1993. Framing: toward clarification of a fractured paradigm. *Journal of communication*, 43(4):51-58.

EUROCHAMBRES WOMEN NETWORK. 2004. Women in business and in decision making: frequently asked questions. Gender awareness. [Web:] http://www.eurochambres.be/women/faq.htm [Datum van gebruik: 28 Jan. 2005].

EVANS, B. 2004. Understanding epidemics. Section 5: Media epidemics. [Web:] http://www.liv.ac.uk/geography/research_projects/epidemics/MEDIA_pos.htm [Datum van gebruik: 23 Jan. 2004].

FALOBI, O. 2000. Abalaka: where the media went wrong. [Web:] http://www.nigeria-aids.org/reports.cfm?read=1 [Datum van gebruik: 27 Jun. 2003].

FAURE, C. 2001. Newspaper production. (*In* Fourie, P.J., *ed.* Media Studies. Volume Two. Content, Audiences and Production . Lansdowne: Juta. P. 341-383.)

FERREIRA, T. 2002. 'Waar is die mense se mediastem?' Sanef-hoof kap 'gierige, onervare' nuuskantore. *Beeld:*4, Mei 9.

FINLAY, A. 2003a. Shaping the conflict: factors affecting the representation of conflict around HIV/AIDS policy in the South African press. (Ongepubliseer.)

FINLAY, A. 2003b. Conflict and HIV/AIDS in the South African press: a comparative study, March - May 2002 and March - May 2003. (Ongepubliseer.)

FINLAY, A. 2004. Media helped win the drugs fight. But the end of conflict over antiretroviral shouldn't mean the end of Aids coverage. *Star,* 6 Jan. [Web:] http://thestar.co.za/index.php?fSectionId=225&fArticleId=318769 [Datum van gebruik: 22 Jan. 2005].

FOURIE, P.J. 2001a. Media studies, vol. 1: Institutions, theories and issues. Lansdowne : Juta. 638 p.

FOURIE, P.J. 2001b. Media studies, vol. 2: Content, audiences and production. Lansdowne : Juta. 588 p.

FREIMUTH, V.S. 1992. Theoretical Foundations of AIDS Media Campaigns. (*In* Edgar, T, Fitzpatrick, M.A. & Freimuth, V.S., *eds.* AIDS : a communication perspective. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum. P. 91-109.)

FRONEMAN, J.D. 1994. Redes vir die gebrek aan 'n ingeligte, lewendige debat oor media-etiek. *Ecquid novi,* 15(1):123-128.

FRONEMAN, J.D. 1997. Towards a Christian model for journalism. *Koers*, 62(1):1-17.

